

DESTABILISERING VAN HETERONORMATIWITEIT TEN OPSIGTE VAN HOMOSEKSUALITEIT, VIGS EN DOOD IN QUEER NARRATIEWE

Joanette van der Merwe

20303327

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Algemene Taal- en
Literatuurwetenskap aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof. H.J.G. du Plooy

Mei 2012

VOORWOORD

Ek spreek graag my dank en waardering uit teenoor almal wat hierdie studie vir my moontlik gemaak het en wat my daarin ondersteun het. Aan my studieleier, Prof. Heilna du Plooy, baie dankie vir die uiters bekwame leiding, waardevolle insette en voorstelle, stimulerende gesprekke en aansporing om telkens my denke en sienswyse te verruim. Baie dankie vir my gesin, my broers en skoonsusters, se deurlopende belangstelling en liefdevolle aanmoediging, veral vir my ouers: my ma, Belia, vir die lees en herlees, hulp met die taalversorging en geduldige luister na idees, en my pa, Sarel, vir die lang gesprekke oor akademiese benaderings en waardevolle raad en advies ten opsigte van tegniese aspekte. En aan Giselle, baie dankie vir die liefde, onvoorwaardelike ondersteuning, voortdurende bemoediging en volgehoue geloof in my waarsonder hierdie studie nie voltooi sou word nie.

ABSTRACT

In this dissertation the connection that is assumed between homosexuality and death in Western culture is investigated. The way in which this connection manifests in terms of a heteronormative aids discourse in literary works with homosexuality and aids as themes, is examined in view of queer theory. Three novels are identified as queer readings of a heteronormative aids discourse, namely *Ek stamel en sterwe* (1996) by Eben Venter, *In the city of shy hunters* (2001) by Tom Spanbauer and *Het derde huwelijk* (2006) by Tom Lanoye.

The extensive terrain of queer theory is investigated with specific focus on the underlying poststructuralist and deconstructive principles which are specifically concerned with the nature and function of language and sign systems. Consequently, queer theory is circumscribed in order to serve as theoretical instrument with which to determine the undermining operation of literary works. With regard to poststructuralist ideas in queer theory, the aids epidemic, together with social and cultural reaction to it, is read and analysed as discourse. Using principles of queer theory, the heteronormative aids discourse is analysed with regard to preconceived notions pertaining to homosexuality, aids and death. With the discussion of queer theory and a heteronormative aids discourse as basis, the three novels are discussed and analysed. The novels' representations of homosexuality and aids are discussed, together with the way in which the novels make use of queer strategies to undermine a heteronormative aids discourse. It is shown that the novels supply queer representations of aids and aids patients, which resist heteronormative assumptions about biological sex and sexual identity. The novels accentuate the role of language and the performative function and nature of language, and bring to light the process of heteronormative signification. The novels also expose the inherent instability, incoherency and artificiality of a heteronormative discourse by applying queer strategies like creative appropriation and resignification, teatralisation, revelation and demystification to the components of the discourse.

Key words: homosexuality; aids; queer theory; heteronormativity; aids discourse; *Ek stamel ek sterwe*; Eben Venter; *In the city of shy hunters*; Tom Spanbauer; *Het derde huwelijk*; Tom Lanoye

OPSOMMING

In hierdie verhandeling word ondersoek ingestel na die verband tussen homoseksualiteit en dood wat in die Westerse kultuur voorkom. Die wyse waarop hierdie verband in terme van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers neerslag vind in literêre werke met homoseksualiteit en vigs as temas word ontleed aan die hand van queer teorie. Drie romans is geïdentifiseer as queer lesings van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers, naamlik *Ek stamel ek sterwe* (1996) van Eben Venter, *In the city of shy hunters* (2001) van Tom Spanbauer en *Het derde huwelijk* (2006) van Tom Lanoye.

Die omvattende terrein van queer teorie word ondersoek met spesifieke fokus op onderliggende poststruktureltiese en dekonstruktiwiese beginsels, wat veral gerig is op die aard en funksie van taal en tekenstelsels. Sodoende word queer teorie begrens om te kan dien as teoretiese instrument om die ondermynende werking van literêre werke te bepaal. Na aanleiding van poststruktureltiese idees in queer teorie word die vigs-epidemie, sowel as sosiale en kulturele reaksies daarop, as diskoers gelees en ontleed. Die heteronormatiewe vigsdiskoers word aan die hand van queer teoretiese beginsels geanaliseer in terme van vooropgestelde idees omtrent homoseksualiteit, vigs en dood. Met die bespreking van queer teorie en 'n heteronormatiewe vigsdiskoers as grondslag, word die drie gekose romans bespreek en ontleed. Daar word gefokus op die representasies wat die romans van homoseksualiteit en vigs bied, sowel as op die wyse waarop die romans queer strategieë gebruik om 'n heteronormatiewe vigsdiskoers te ondermyn. Daar word aangetoon dat die betrokke romans queer representasies van vigs en vigslyers lewer wat weerstand bied teen heteronormatiewe voorveronderstellings omtrent geslags- en seksuele identiteit. Die romans beklemtoon die rol van taal en die performatiewe funksie en aard daarvan, en plaas die proses van heteronormatiewe signifikasie op die voorgrond. Verder wys die romans die inherente onstabielheid, onsamehangendheid en kunsmatigheid van 'n heteronormatiewe diskoers uit deur queer strategieë soos kreatiewe toeëiening en hersignifikasie, toeëiening en teatralisasie, onthulling en demistifikasie op die komponente van die diskoers toe te pas.

Sleuteltermes: homoseksualiteit; vigs; dood; queer teorie; heteronormatiewe; vigsdiskoers; *Ek stamel ek sterwe*; Eben Venter; *In the city of shy hunters*; Tom Spanbauer; *Het derde huwelijk*; Tom Lanoye

Hiermee word dank uitgespreek aan die
Nasionale Navorsingstigting (NNS) vir finansiële hulp

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD	i
ABSTRACT	ii
OPSOMMING	iii
HOOFSTUK 1	1
1.1 KONTEKSTUALISERING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	3
1.3 DOELSTELLING	5
1.4 SENTRALE TEORETIESE STELLING	6
1.5 METODE	7
HOOFSTUK 2	8
2.1 INLEIDING	8
2.2 SEKSUALITEIT IN DIE GEESTESWETENSKAPPE	10
2.3 ENKELE GRONDSLAE VAN QUEER TEORIE	15
2.3.1 POSTSTRUKTURALISME: SEKSUALITEIT AS DISKOERS	15
2.3.2 DEKONSTRUKSIE: DESTABILISERING VAN IDENTITEITSKATEGORIEË	24
2.3.2.1 Kritiek teen bestaande identiteitskategorieë	25
2.3.2.2 Dekonstruksie van binêre kategorieë van heteroseksualiteit/homoseksualiteit	27
2.3.2.3 Performatiwiteit: die herhaling van tekens	29
2.4 QUEER TEORIEË	30
2.4.1 STRUKTURELE POSISIE VAN QUEER	32
2.4.2 ONDEFINIEERBAARHEID VAN QUEER TEORIE	35
2.4.3 “QUEER”: ’n TENTATIEWE OMSKRYWING	37
2.5 SAMEVATTING	38

HOOFSTUK 3

39

3.1	INLEIDING	39
3.2	DIE VERLOOP VAN DIE VIGS-KRISIS	43
3.2.1	AANVANKLIKE DIAGNOSERING VAN VIGS	43
3.2.2	VIGS ONDER GESTIGMATISEERDE SOSIALE GROEPE	45
3.2.3	HERMEDIKALISERING VAN HOMOSEKSUALITEIT	47
3.3	RAAMWERKE/METAFORE/NARRATIEWE OM VIGS TE VERKLAAR	50
3.4	KETTINGS VAN BETEKENAARS	55
3.4.1	DIE GEBREK AAN 'N STABIELE REFERENT VAN VIGS	56
3.4.2	VIGS EN DIE LIGGAAM	58
3.4.3	GEDRAG = IDENTITEIT	61
3.4.4	HOMOSEKSUALITEIT = SIEKTE = DOOD	63
3.5	SAMEVATTING	68

HOOFSTUK 4

70

4.1	INLEIDING	70
4.2	KONTEKSTUALISERING VAN DIE ROMANS	73
4.2.1	<i>EK STAMEL EK STERWE</i>	73
4.2.1.1	Ontvangs van <i>Ek stamel ek sterwe</i>	74
4.2.2.	<i>IN THE CITY OF SHY HUNTERS</i>	77
4.2.2.1	Ontvangs van <i>In the city of shy hunters</i>	77
4.2.3	<i>HET DERDE HUWELIJK</i>	79
4.2.3.1	Ontvangs van <i>Het derde huwelijk</i>	79
4.3	DIE ROMANS AS QUEER TEKSTE	82
4.3.1	<i>EK STAMEL EK STERWE</i>	84
4.3.1.1	Destabilisering van identiteitskategorieë	84
4.3.1.2	Spanning tussen betekende en betekenaar as vertelstrategie	86
4.3.2	<i>IN THE CITY OF SHY HUNTERS</i>	89
4.3.2.1	Destabilisering van identiteitskategorieë	89
4.3.2.2	Spanning tussen betekende en betekenaar as vertelstrategie	94
4.3.3	<i>HET DERDE HUWELIJK</i>	97
4.3.3.1	Destabilisering van identiteitskategorieë	97

4.3.3.2	Spanning tussen betekende en betekenaar as vertelstrategie	100
4.4	QUEER STRATEGIEË WAARMEE HETERONORMATIEWE VOORVERONDERSTELLINGS ONDERMYN WORD	103
4.4.1	BETEKENISRAAMWERKE VIR VIGS	104
4.4.1.1	Onthulling en demistifikasie van bestaande raamwerke	105
4.4.1.2	Hersignifikasie om nuwe raamwerke te skep	110
4.4.2	DIE GEBREK AAN 'N STABIELE REFERENT VIR VIGS	114
4.4.3	STIGMATISERING EN DIE LIGGAAM	121
4.4.3.1	Littekens in die romans	122
4.4.3.2	Homografese in die romans	125
4.4.4	DIE GELYKSTELLING VAN HOMOSEKSUALITEIT, VIGS EN DOOD	132
4.5	SAMEVATTING	133

HOOFSTUK 5 **135**

5.1	SAMEVATTING	135
5.2	GEVOLGTREKKINGS	136
5.2.1	QUEER TEORIE EN 'n HETERONORMATIEWE VIGSDISKOERS	136
5.2.2	DIE ROMANS AS QUEER REPRESENTASIES VAN HOMOSEKSUALITEIT EN VIGS	138
5.3	SLOT	143

Bronnelys **145**

HOOFSTUK 1

1.1 Kontekstualisering

Die verband tussen dood en seksualiteit is 'n bekende en deurlopende tema in die Westerse kultuur. In *On ugliness* beweer Umberto Eco (2007:56) dat dood en erotiek selfs nog voor die Renaissance 'n bekende kombinasie was wat vergestalt is in uitbeeldings van Christelike martelaarstonele wat vir hulle trefkrag staatgemaak het op die spanning tussen lyflike skoonheid en dood. Die kontras tussen die martelaar se vroomheid en die boosheid van sy of haar vervolgers is dikwels so oordryf dat die skoonheid van die heiliges aan erotiek gegrens het. In die inleiding tot *Death, desire and loss in Western Culture* reken Jonathan Dollimore (2001:xi) gevolglik dat, in die Westerse paradigma, dood altyd reeds pervers en ekstasies in seksualiteit en begeerte aanwesig is. Die verband tussen dood en begeerte is “endemies tot die Westerse kultuur” (Dollimore, 2001:xi), en die dinamiek wat dood en begeerte met mekaar verbind is nie bloot die produk van 'n “marginal pathological imagination” nie, maar het 'n kardinale rol gespeel in die vorming van die Westerse kultuur (Dollimore, 2001:xii).

Hierdie onlosmaakbare verband tussen dood en seksualiteit vind veral neerslag in homofobiese en heteronormatiewe¹ Westerse beskouings van homoseksualiteit, wat gesien word as 'n “onmoontlike begeerte” wat 'n doodsgedrewe futiliteit of fatalisme vergestalt (Dollimore, 2001:295). Homoseksualiteit is die fokus van intense kulturele, psigiese en politiese angste vir die dood (Dollimore, 2001:xxxi). Die seksueel afwykende is terselfdertyd selfmoordend en moorddadig (Dollimore, 2001:294):

[H]omosexuality and death have been made to imply each other: homosexuality is seen as death-driven, death-desiring and thereby death-dealing. (Dollimore, 2001:xi)

¹ Heteronormatieweit word meestal gebruik om te verwys na die aanvaarde, onbevraagtekende en terselfdertyd verpligte aard van geïnstitusionele heteroseksualiteit, wat swyend aanvaar word as die natuurlike modus van seksualiteit en sodoende kulturele dominansie geniet (McCarl Nielson *et al.*, 2000:284). 'n Meer omvattende definisie van heteronormatieweit dui op die dikwels implisiete aannames dat die natuurlike modus van seksualiteit aan sekere norme voldoen, wat onder andere homoseksualiteit, biseksualiteit, transgender identiteite, interrasieë, poligame, buite-egtelike, terloopse en BDSM-gerigte praktyke uitsluit. Heteronormatieweit verwys dus na die aanvaarde aanname dat sekere seksuele praktyke of identiteite non-normatief, afwykend of pervers is (vgl. Rubin, 2007).

Homofobiese en heteronormatiewe voorveronderstellings omtrent homoseksualiteit en dood word bevestig in die reaksie op die uitbreek en grootskaalse verspreiding van die MIV/vigs-virus in die vroeë tagtigerjare. Simon Watney (1988:79) toon aan dat vigs 'n middeleeuse morele oorsaak-leer laat herleef: die siekte word gesien as 'n uitwendige en sigbare teken van 'n innerlike verdorwenheid van die siel. Ook Shepard (2009:41) beskryf die aanvanklike reaksie op die MIV/vigs-epidemie as 'n narratief van vergelding, waarin die epidemie gesien word as die natuur se wraak op die "onnatuurlike" praktyk van homoseksualiteit. In *A history of gay literature: the male tradition* beklemtoon Gregory Woods (1998:358) dat die verbintenis tussen homoseksualiteit en dood egter nie bloot 'n gevolg was van vigs nie:

Gay culture has been acquainted with death for a long time. More than any of the other so-called 'high-risk groups', gay men were well prepared, albeit unwittingly, to cope with the AIDS epidemic. It was not the first time we had died for no good reason.

In die letterkunde word die vigs-epidemie en gepaardgaande sosiale vooroordeel en paniek aangespreek in heelwat werke wat vigs as sentrale tema het: elegieë, romans wat probeer sin maak van die verskynsel, en sosiale protes teen die heteronormatiewe samelewing se apatie (Murphy, 1993:307). Murphy (1993:306) dui aan dat sogenaamde gay literatuur reeds voor die vigs-krisis wegbeweeg het van "literature of secrecy, guilt, and apology" waarin die karakters worstel om los te breek uit psigologiese en morele netwerke waar hul seksualiteit deur sosiale stigmas gebrandmerk is. In stede daarvan bied hulle weerstand teen die "verwringing van hul private waarhede deur publieke mitologie" en word 'n literatuur gelewer wat gekenmerk word deur uitdaging en verset (Murphy, 1993:306). Die vigs-epidemie verskerp die dringendheid van hierdie verset en Poirier (1993:3) merk op dat literêre werke met homoseksualiteit as tema wat ná die aanvang van vigs verskyn het, bykans onmiddellik terugkeer na 'n konfrontasie met 'n publieke mitologie wat steeds vasklou aan die veronderstelling dat "homoseksualiteit = siekte = dood."

Alhoewel die bloeitydperk van literatuur oor die verband tussen homoseksualiteit en vigs, sowel as literêre werke met homoseksualiteit en vigs as temas, waarskynlik die vroeë negentigerjare was, en daar intussen algemeen erken word dat die omvang en impak van vigs veel verder strek as gay mans, dui meer resente studies steeds op homofobiese voorveronderstellings en vrese onderliggend aan die heteronormatiewe samelewing se wanindrukke omtrent vigs. Ruel en Campbell (2006:2175) bevind byvoorbeeld dat daar steeds in 'n grootliks heteronormatiewe samelewing 'n sterk homofobie heers ten opsigte van homoseksuele mans – die voorveronderstelling dat dit byna uitsluitlik manlike homoseksuele seks is wat tot MIV/vigs lei, is steeds werksaam, ten spyte van inligting wat die teendeel

bewys. Ook Herek *et al.* (2005:30) se empiriese studie onder self-geïdentifiseerde heteroseksuele persone “displayed a tendency to equate male homosexual sex with AIDS, suggesting that symbolic stigma affects the public's perceptions of HIV risk.”

Dat hierdie kwessies steeds van beduidende belang is vir self-geïdentifiseerde gay skrywers, is duidelik daarin dat daar steeds romans verskyn wat vigs as tema aanraak, selfs dekades na die aanvang van vigs. As voorbeeld kan hier verwys word na Alan Hollinghurst se Man Booker-prys-bekroonde *The line of beauty* (2004), Michael Cunningham se *By nightfall* (2010) en Edmund White se *Jack Holmes & his friend* (2012).

1.2 Probleemstelling

In die Westerse kultuur word 'n sekere verband tussen homoseksualiteit en dood aanvaar. Hierdie verband gee aanleiding tot en word bevestig deur die heteronormatiewe Westerse samelewing se reaksie op die vigs-epidemie, en vind verder neerslag in literêre werke met homoseksualiteit en vigs as temas.

Aangesien sieninge omtrent seksualiteit – en spesifiek seksualiteit wat as “afwykend” beskou word – onderliggend aan hierdie kwessies is, is queer teorie 'n vanselfsprekende instrument van ondersoek. Queer teorie word in die veld van kritiese teorie beskou as 'n poststruktureltiese benadering tot die analise, dokumentering, geskiedenis en verstaan van menslike seksualiteit, veral seksualiteit wat buite die heteronormatiewe norm val, of wat in teenstelling met hierdie norm gedefinieer word (Buchanan, 2010). In literêre terme word dit selfs eenvoudiger beskryf as 'n poging om seksuele kategorieë na aanleiding van poststrukturelisme te herdefinieer en te destabiliseer (Baldick, 2008).

Queer teorie is 'n omvattende en moeilik definieerbare veld, met invloede uit en manifestasies in onder andere psigoanalise, seksologie, feminisme, lesbiese en gay studies, postmodernisme, poststrukturelisme, MIV/vigs-aktiwisme en die swart burgerregte-beweging. Die benaming “queer” word losweg gebruik om te verwys na 'n uiteenlopende en soms teenstrydige groep van interdisiplinêre benaderings tot begeerte, subjektiwiteit, identiteit, relasionaliteit en etiek (Giffney, 2009:2). As kritiese instrument reken Giffney (2009:7) dat queer teorie gemoeid is met

...close readings of literary, cultural, philosophical and political texts... Queer becomes... either a tool to decipher texts, a facilitative environment within which the reader's relationship with a text develops or an ontological property waiting to be uncovered within the text itself...

Theorists seek out the ways in which texts are constructed by interrogating and denaturalising the text's manifold assumptions, and exposing the text's internal contradictions and reliance upon excluded properties to evoke a sense of unity. What is not said – slips, silences and unfinished thoughts – garner as much interest as that which is verbalised; unpicking the latent content becomes as important a task as understanding that which is stated directly. A good deal of queer research has been dedicated to silences and secrets...

In hierdie opsig word queer teorie, as dit toegepas word op literêre tekste, meestal gebruik as 'n instrument wat ondermynend te werk gaan deur die literêre teks te onderwerp aan analise en ondervraging, denaturalisering en destabilisering. Volgens hierdie benadering word literêre tekste grootliks beskou as uitinge of produkte van wanopvattinge wat binne die samelewing bestaan. Die proses van “unpicking the latent content” (Giffney, 2009:7) van hierdie tekste hoop om sodoende sosiale en kulturele aannames, teenstrydighede en uitsluitings te herkonstrueer en te kritiseer.

Alhoewel hierdie benadering in die meeste gevalle waardevolle insigte oplewer, laat dit nie ruimte vir 'n beskouing van literêre tekste as reeds op sigself ondermynend nie – die weerstand, uitdaging, verzet, konfrontasie en sosiale protes waarna verwys is in terme van sommige literêre werke met vigs en homoseksualiteit as temas, word geïgnoreer. Sommige literêre werke maak dit duidelik dat kulturele tekste ook 'n uitdrukking kan wees van dit wat queer teorie probeer bewys: afgesien van die feit dat hierdie tekste 'n sekere “queerheid” as ontologiese eienskap het, kan hulle ook beskou word as epistemologiese instrumente wat 'n sosiale diskoers as teks ondersoek, denaturaliseer en die inherente teenstrydighede en afhanklikheid van uitgeslote eienskappe aan die lig bring. Eerder as om die literêre tekste queer (ondermynend) te lees, kan die integriteit van hul verzet en uitdaging behou word deur die wyse te ondersoek waarop die literêre tekste 'n queer lesing bied van 'n sosiale diskoers.

In hierdie verhandeling gaan ek dus van die standpunt uit dat sommige literêre werke queer lesings van 'n heteronormatiewe diskoers bied. Ten einde hierdie stelling te ondersoek, het ek drie romans geïdentifiseer wat queer eienskappe illustreer: *Ek stamel ek sterwe* (1996) van Eben Venter, *In the city of shy hunters* (2001) van Tom Spanbauer en *Het derde huwelijk* (2006) van Tom Lanoye. Alhoewel daar geen noodwendige verband tussen queer en homoseksualiteit of gay identiteit bestaan nie (sien hoofstuk 2), het ek hierdie romans eerstens gekies omdat hulle in gesprek tree met temas van homoseksualiteit of gay identiteit sowel as vigs, om te kan aantoon hoe 'n heteronormatiewe vigsdiskoers met aannames van 'n verband tussen homoseksualiteit en dood ondermyn word. Die tweede oorweging vir hierdie spesifieke keuse was die feit dat al drie romans fokus op 'n spanning tussen skyn en

werklikheid, of in terme van queer teorie en dekonstruksie: die gaping tussen betekenaar en betekende, die onmoontlikheid van 'n enkelduidige referent, die oneindige spel van betekenaars en die onderwerping van betekenis aan *différance*.

Met die oog daarop om uiteindelik te bepaal hoe die gekose romans queer representasies van homoseksualiteit en vigs sowel as 'n queer lesing van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers bied, is die volgende navorsingsvrae geïdentifiseer:

- Hoe kan queer teorie begrens word om as effektiewe teoretiese instrument te dien waarmee die ondermynende werking van kulturele representasies (literêre werke) beskou kan word?
- Watter voorveronderstellings omtrent homoseksualiteit, vigs en dood kan in 'n heteronormatiewe vigsdiskoers geïdentifiseer word?
- Op watter wyse kan die romans se representasies van homoseksualiteit en vigs as queer beskou word?
- Hoe wend die romans queer strategieë aan om 'n heteronormatiewe vigsdiskoers te ondermyn?

1.3 Doelstelling

Die doel van hierdie verhandeling is om

- queer teorie te begrens sodat dit kan dien as effektiewe teoretiese instrument om die ondermynende werking van kulturele representasies (literêre werke) te beskou;
- 'n heteronormatiewe vigsdiskoers in terme van voorveronderstellings omtrent homoseksualiteit, vigs en dood te ontleed;
- die romans se representasies van homoseksualiteit en vigs aan die hand van queer teorie te ondersoek;
- die wyse te ondersoek waarop die romans queer strategieë aanwend om 'n heteronormatiewe vigsdiskoers te ondermyn.

1.4 Sentrale teoretiese stelling

Alhoewel dit selde eksplisiet erken word, speel dekonstruksie 'n belangrike rol in queer teorie. 'n Ondersoek van die wyses waarop poststrukuralistiese en dekonstruktiewe beginsels in queer teorie werksaam is, maak dit moontlik om 'n werkbare definisie van queer teorie te gee wat kan dien as instrument om die ondermynende werking van literêre tekste te ondersoek. 'n Fokus op die poststrukuralistiese en dekonstruktiewe beginsels van queer teorie verklaar hoe menslike aktiwiteite gesien word as 'n tekenstelsel, of diskoers, waarmee kulturele representasies in gesprek kan tree: dit maak dit moontlik om verskynsels in die samelewing telkens as 'n diskoers te beskou, dit wil sê die teks waarvan die literêre teks 'n queer lesing maak en bied. Verder lewer die dekonstruktiewe fokus in queer teorie 'n instrument waarmee identiteitskategorieë en die binêre verhouding tussen heteroseksualiteit en homoseksualiteit in terme van tekens en betekendes gelees kan word. Hierdie beskouing skep die moontlikheid om queer representasies van identiteit en seksualiteit te ontleed ten opsigte van die wyse waarop die verband tussen betekende en betekenaar ontwig word.

'n Poststrukuralistiese beskouing van diskoerse maak dit moontlik om die vigs-epidemie en sosiale en kulturele reaksie daarop in terme van 'n diskoers te lees. Hierdie siening skep die geleentheid om die kennis wat deur die diskoers geproduseer word te bevraagteken, en die wyse waarop hierdie kennis heteronormatiewe magsverhoudinge bevestig en in stand hou, kan aan die lig gebring word. Die diskoers kan in terme van signifikasie gelees word en sekere kernaspekte kan geïdentifiseer word, naamlik hoe die aanname van 'n stabiele verbintenis tussen betekende en betekenaar en die gevolglike kettings van betekenaars wat ontstaan as gevolg van wederkerige oordrag van betekenis, bydra tot 'n heteronormatiewe verstaan van die verband tussen homoseksualiteit en vigs.

Die drie gekose romans bied queer lesings van hierdie heteronormatiewe vigs-diskoers. Die romans lewer queer representasies van vigs en vigslyers deur queer karakters in al drie romans wat weerstand bied teen heteronormatiewe aannames omtrent geslags- en seksuele identiteit deur die arbitrêre verband tussen geslag, gender en seksualiteit uit te wys. Identiteit word as sosiale konstruksie en performatiewe uiting aangebied. Ook op 'n tegniese vlak is die romans se queer eienskappe sigbaar, waar gefokus word op signifikasie, taal en die performatiewe funksie van taal. Heteronormatiewe aannames omtrent betekenisvorming en die implikasies daarvan vir identiteit word ondermyn. In die romans se queer lesing van 'n heteronormatiewe vigs-diskoers word die inherente onstabiliteit, onsamehangendheid en kunsmatigheid van hierdie diskoers aan die lig gebring. Die romans doen dit deur queer strategieë soos kreatiewe toeëiening en hersignifikasie, toeëiening en teatralisasie sowel as

onthulling en demistifikasie op die komponente van die diskoers toe te pas. Heteronormatiewe betekenisraamwerke word gedemistifiseer en gehersignifiseer; die gebrek aan 'n stabiele referent vir vigs word uitgewys; die verband tussen teken en betekende word opgehef deur die wyse waarop stigmatisering en die liggaam beskryf en beskou word; en uiteindelik word die gelykstelling van homoseksualiteit, vigs en dood ontwig.

1.5 Metode

In hoofstuk twee word die terrein van queer teorie ondersoek om aan die hand van poststrukturealisme en dekonstruksie queer teorie as 'n teoretiese instrument te begrens. Dekonstruksie se fokus op betekenis word in terme van queer teorie beskou om queer strategieë te identifiseer wat ondermynend te werk kan gaan.

In aansluiting by die poststrukturealistiese beskouing van die werking van 'n diskoers wat in hoofstuk twee beskryf word, bevat hoofstuk drie 'n ondersoek na 'n heteronormatiewe vigsdiskoers. Die totstandkoming en samestelling van hierdie diskoers word bespreek, en die diskoers word ontleed in terme van singewende raamwerke en kettings van betekenaars wat kennis binne die diskoers genereer.

In hoofstuk vier word geïllustreer hoe die romans *Ek stamel ek sterwe*, *In the city of shy hunters* en *Het derde huwelik* as kulturele representasies van homoseksualiteit en vigs queer strategieë aanwend om 'n heteronormatiewe en homofobiese diskoers te ondermyn en te destabiliseer. Die wyse waarop die romans queer representasies van homoseksualiteit en vigs sowel as 'n queer lesing van die vigsdiskoers bied, word aangetoon.

Hoofstuk vyf bevat 'n opsomming van die hoofargumente van die studie, 'n samevatting van die gevolgtrekkings wat gemaak is, en verwys na moontlikhede vir verdere studie.

HOOFSTUK 2

2.1 Inleiding

Seksualiteit as 'n aanvaarde studieterrein is 'n relatief onlangse toevoeging tot die geesteswetenskappe. Bertens (2001:217) beweer dat ras, gender en klas as “areas van verskil” vir lank beskou is as die mees sentrale faktore in die wyse waarop die Westerse kultuur sigself oor die eeue gestruktureer het. Alhoewel sienings en werke oor seksualiteit grootliks ontwikkel het uit en voortgebou het op beskouings van gender, is seksualiteit eers in die 1980's erken as 'n vierde faktor in sosiale en kulturele organisasie (Bertens, 2001:218), en dit is eers sedert die 1990's met die opkoms van queer teorie dat seksualiteit werklik as sosiale konstruk, diskoers en teks gereken word.

Queer teorie is 'n terrein wat moeilik gekategoriseer kan word.¹ Volgens Burston en Richardson (1995:1) word queer politiek sowel as kultureel bepaal, en Ellis Hanson (1999:4) beweer dat queer teorie filosofiese, politieke² en erotiese oogmerke het, en inderdaad ook probeer om die onderskeid tussen hierdie kategorieë te vervaag. Alhoewel queer teorie aanvanklik ontwikkel het uit 'n fokus op seksualiteit, spreek dit enige en alle sosiale velde aan,³ met 'n toenemende weiering om dié velde te hiërargiseer. Stein en Plummer (2003:135) beklemtoon egter dat queer teorie van seksualiteit 'n “primêre lens” maak om probleme te verstaan wat op die oog af skynbaar nie veel met seksualiteit te doen het nie: “for queer theorists the personal life is sexualized – and heterosexualized – and so are politics and economics, and just about everything else under the sun.”

Na aanleiding hiervan is dit nie verbasend dat daar min duidelikheid is oor wat queer teorie presies behels nie. Giffney (2009:2) merk op dat, aangesien daar steeds nie uitsluitel is of queer dui op 'n identiteitskategorie, 'n anti-identitariese⁴ posisie, 'n politiek, 'n metodologie of 'n akademiese dissipline nie, queer teorie eintlik nie in die enkelvoud beskou kan word nie.

¹ Queer teorie se self-refleksiewe weerstand teen 'n duidelike definisie van sigself word in 2.4.2 bespreek.

² Ek gebruik deurgaans die term “politiese” eerder as die eweneens korrekte vorm “politieke” (vgl. HAT, 2005:878) aangesien laasgenoemde myns insiens nuanses het wat dui op staatkunde, terwyl “politiese” eerder dui op die bewustheid van en betrokkenheid by magspatrone en magsverhoudinge in die algemeen, hetsy geïnstitusioneel of nie.

³ Vergelyk Jagose (2005:1984) en sien ook byvoorbeeld die verskeidenheid uiteenlopende temas wat deur enige versameling oor queer teorie aangeraak word, byvoorbeeld in *The Ashgate research companion of queer theory* (Giffney & O'Rourke (eds.), 2009).

⁴ Identitarianisme hou nou verband met tradisionele vorms van identiteitspolitiek en verwys na 'n beskouing van identiteit as essensialisties of biologies-gebaseerd. Dit kan beskryf word as 'n ontologie van identiteit, waar identiteit-spesifieke ervaring enige aanspraak op waarheid onderlê (Cossman, 2012).

Queer teorie is eerder 'n konglomeraat van verskillende sienings en standpunte, werkswyses en metodes. Volgens Giffney (2009:2) is “queer teorie” dus 'n verkeerde benaming, en sal dit meer akkuraat wees om te praat van “queer teorieë”⁵ – 'n term wat ook die klem weerspieël wat queer teorie op veelvuldighede eerder as 'n gelykvormige, homogene eenheid plaas.

Daar is egter sekere basiese idees wat die kern van al die verskillende vertakings van queer teorieë vorm. Hierdie sentrale temas is ontwikkel deur sleutelfigure soos Michel Foucault in die 1970's en later Eve Kosofsky Sedgwick, Judith Butler en die Britse kultureel-materialistiese denkers Jonathan Dollimore en Alan Sinfield in die 1990's. Dit is egter nie my doel om 'n oorsig te gee van die ontwikkeling of genealogie van queer teorie soos wat dit parallel uit teorie en politiek gegroei het nie. Vir die doeleindes van hierdie verhandeling gaan ek fokus op die idees van queer teorie⁶ wat moontlik gemaak is deur en gebruik maak van idees uit die poststrukuralisme en dekonstruksie. Alhoewel dekonstruksie selde eksplisiet erken word as 'n invloed van queer teorie (sien O'Rourke 2005 en 2011), is dit myns insiens 'n baie belangrike en waardevolle aspek daarvan. In hierdie verhandeling gaan ek dan ook veral die verband tussen dekonstruksie en queer teorie ondersoek.

As 'n voorlopige definisie van queer teorie is Stein en Plummer (2003:134) se uiteensetting van die kenmerke van queer teorie waardevol:

(1) a conceptualization of sexuality which sees sexual power embodied in different levels of social life, expressed discursively and enforced through boundaries and binary divides; (2) the problematization of sexual and gender categories, and of identities in general. Identities are always on uncertain ground, entailing displacements of identification and knowing; (3) a rejection of civil-rights strategies in favor of a politics of carnival, transgression, and parody which leads to deconstruction, decentering, revisionist readings, and an anti-assimilationist politics; (4) a willingness to interrogate areas which normally would not be seen as the terrain of sexuality, and to conduct queer “readings” of ostensibly heterosexual or non-sexualized texts.

Queer teorie, soos ek dit gaan gebruik, is dan 'n stel teorieë wat as grondslag beweer dat seksualiteit 'n sosiale diskoers is waardeur die subjek en sy/haar seksualiteit geproduseer word. Op grond van hierdie siening dekonstrueer queer teorie seksuele identiteitskategorieë soos heteroseksualiteit en homoseksualiteit wat as essensialisties beskou word. Queer

⁵ Vir die doel van hierdie verhandeling hou ek by die meer algemeen gebruikte term “queer teorie”.

⁶ Queer teorie word soms onderskei van queer politiek, maar dié twee het onlosmaaklik van mekaar ontwikkel, en gevolglik is teorie en politiek moeilik skeibaar. Alhoewel ek gaan fokus op queer teorie, gaan ek dus na die politiese aspekte daarvan verwys waar nodig.

teorie stel verder voor dat identiteit 'n performatiewe aksie is waar identiteit konstant herhaal, voorgedra en gesiteer word.

Aangesien queer teorie nog nie onomwonde aanvaar word as 'n instrument in literêre studies nie, gaan daar in hierdie hoofstuk eerstens gekyk word na die posisie wat seksualiteit en studies omtrent seksualiteit, begeerte en seksuele identiteit het in kulturele en literêre studies. Hierna sal verwys word na hoe die werk van Michel Foucault die idee gevestig het dat seksualiteit 'n diskoers is wat 'n belangrike rol speel in sosiale en kulturele organisasie. Vervolgens sal ondersoek ingestel word na hoe dekonstruksie-teorieë dit moontlik gemaak het om die seksualiteitsdiskoers as 'n dekonstrueerbare teks te lees, en die belang wat dit gehad het vir die dekonstruksie van seksuele kategorieë. Hierna sal die idee van performatiwiteit ondersoek word met spesifieke verwysing na die dekonstruktiewe aard van performatiwiteitsteorieë. Na aanleiding van hierdie beskouings sal daar dan 'n bespreking van queer teorie gegee word soos wat dit ontwikkel het uit en gebaseer is op poststrukturalisme, dekonstruksie en performatiwiteit, met die oog daarop om uiteindelik 'n werkbare definisie van queer teorie te gee.

2.2 Seksualiteit in die geesteswetenskappe

Begeerte en seksualiteit beklee steeds 'n twyfelagtige posisie in kulturele en literêre studies, deels omdat daar geen sekerheid blyk te wees oor waar 'n veld soos queer teorie inpas of behoort in te pas nie. Sosioloë bepleit 'n nuwe dialoog tussen sosiologie en queer teorie, wat hulle beskou as die produk van literêre teorieë (sien byvoorbeeld Seidman, 2003[1996]), terwyl sommige literêre kritici verdedigend is teenoor die invoer van wat hulle beskou as sosiale politiek in die teoretiese literêre velde (sien byvoorbeeld Patai & Corral, 2005 en Siegel, 2005).

Met wortels in uiteenlopende tradisies soos poststrukturalisme, dekonstruksie en taalfilosofie aan die een kant, en die politiese bewustheid van gay en lesbiese bevrydingsbewegings aan die ander kant, is dit nie verbasend dat dit debatteerbaar is waar queer teorie inpas nie. Op die oog af is kategorisering soos dié onnodig binne 'n postmoderne tydsgees, maar die kwessie onderliggend aan hierdie argumente is of seksualiteit as studie-onderwerp hoegenaamd in die geesteswetenskappe hoort – 'n vraag wat verdere en verreikende implikasies dra.

In *After theory* (2003) plaas Terry Eagleton byvoorbeeld die problematiek rondom seksualiteit as 'n studie-onderwerp binne die raamwerk van die opheffing van die onderskeid tussen hoë en lae kultuur. Alhoewel Eagleton (2003:3) die instelling van gender en seksualiteit as geldige studie-onderwerpe beskryf as “one of the towering achievements of cultural theory”, is hy ook skepties oor die sogenaamde “trivialization of sexuality” wat hy reken die skynbare gevolg is van die akademie se huidige fassinatie daarmee. Soos hy dit stel:

In an historic advance, sexuality is now firmly established within academic life as one of the keystones of human culture. We have come to acknowledge that human existence is at least as much about fantasy and desire as it is about truth and reason. It is just that cultural theory is at present behaving rather like a celibate middle-aged professor who has stumbled absent-mindedly upon sex and is frenetically making up for lost time. (Eagleton, 2003:4)

Eagleton (2003:6) se argument is uiteindelik 'n politiese een, wat te make het met die “Westerse narsissisme” waardeur kulturele hulpbronne spandeer word op die bestudering van wat hy as beuselagtighede sien terwyl die meerderheid van mense onder armoede ly. In teenstelling hiermee fokus die argument wat Patai en Corral in hulle inleiding tot die afdeling oor identiteit in *Theory's Empire: an anthology of dissent* (2005) teen seksualiteit in literêre teorie aanvoer nie soseer op die politiese gebreke hiervan nie, maar eerder op die kontaminasie van teorie deur 'n onderwerp wat hulle glo teorie vervlak. Hulle beskou enige vorm van identiteitspolitiek (en volgens hulle is anti-identitariese politiek deel hiervan) as 'n gevaarlike en minderwaardige plaasvervanger vir teorie:⁷

[P]erhaps no other theoretical development has been more pernicious to the study of literature than the empowerment of identity flowing from privileging the ever-present threesome of race, class, and gender... In the contemporary academic scene, identity politics has become a substitute for a careful examination of the validity of ideas, an indispensable tool that allows theorists to economize time and effort while claiming to occupy the moral high ground. (Patai & Corral, 2005:397)

Waar Eagleton skepties is oor die politiese nut van die studie van seksualiteit en Patai en Corral die infiltrasie van teorie deur identiteitspolitiek bekla, gaan Lee Siegel (2005[1998]) verder deur skynbaar die verbintenis tussen seksualiteit en werklikheid te bevraagteken. Volgens hom lei die akademiese geldigmaking van seksualiteit tot 'n ongeldige lesing van

⁷ Dit is onduidelik wat Patai en Corral in hierdie geval bedoel met “teorie”, maar dit word geïmpliseer dat dit literêre en taalteorie is.

enigiets as seksueel, wat uiteindelik seks self reduceer tot 'n koue, lewelose abstraksie: “[s]exualizing all of life takes all life out of sex” (Siegel, 2005:440). Hy impliseer dus dat die verbintenis van seksualiteit en akademie 'n ongesonde uitwerking op beide hierdie gebiede het.

Vir Siegel (2005:425) begin hierdie ongesonde interaksie by die akademie wat “alles”⁸ seksualiseer: “...nowhere has the sexualisation of reality proceeded so intensely and relentlessly as in the seminar room”. Hy reken verder dat hierdie “huidige akademiese obsessie met seksualiteit en ‘die liggaam’” voortspruit uit (literêre) akademici se projek om idees rakende taal en literatuur op seksualiteit toe te pas.

Uiteindelik beskryf Siegel (2005:440) in sy slotparagraaf wat hy sien as die onvermydelike uiteinde van hierdie seksualisering van die “werklikheid”:

Queer America, I am putting my straight shoulder to the wheel, but I don't like what this is all about. For this cannot be literary criticism, and this cannot be life, and this cannot be sex. When we reduce our lives to “bodies and pleasures”, we reduce bodies and pleasures to an ongoing debate about the meaning of our lives. And then we reduce love to work, and work, without the promise and reward of love, to a senseless finality. And the worst of it is that, as the effect of making a physical presence into a cold abstraction, we will start to become indifferent to – or perhaps connoisseurs of – physical pain in other people. Then we will have broken the sympathetic bond between the heart and the flesh. And then the taste of our own lips will be all that we can rely on to summon our erotic past out of distant memory. And then we will all be traveling away from ourselves and each other along a very dark road indeed. Sexualizing all of life takes all life out of sex. Poor life, poor sex. Good-bye penises, good-bye vaginas.

Hierdie laaste sin verwys terug na Siegel se openingsparagraaf, waar hy 'n anekdote vertel waar kinders skynbaar biologiese geslag (of selfs gender) reduceer tot genitalieë. Dit lei Siegel om retories te stel dat “ons almal” weet dat die plesier van genitalieë essensieel, betekenisvol en misterieus is, maar dat “ons almal” ook weet dat ons meer is as bloot genitalieë, en dat plesier meer is as die somtotaal van ons genitalieë, en ons lewens meer as die somtotaal van ons plesier (2005:424). Siegel se hele argument word dan voortgebou op sy bewering dat die voorafgaande miskien nie iets is wat “ons almal” weet nie, aangesien veral queer teorie “alles” geseksualiseer het.

⁸ Na aanleiding van sy titel, “Queer theory, literature, and the sexualisation of everything: the gay science”.

Onderliggend aan Siegel se argument kan 'n wantroue in die verhouding tussen seksualiteit en die sogenaamde “werklikheid” geïdentifiseer word.⁹ Volgens hom is seks en seksualiteit onderskeibaar van die somtotaal van die werklikheid of die “lewe” – dit is dalk 'n onderafdeling daarvan, maar die “werklikheid” is meer as dit. Die oomblik as teorieë wat te doen het met 'n ander aspek van die “werklikheid” (soos taal en literatuur) toegepas word op seksualiteit, lei dit tot 'n gevaarlike vermenging van hierdie kategorieë wat onderskei behoort te word, en hierdie vermenging lei tot 'n onvermydelike reduksie van beide. Alhoewel Siegel nie 'n alternatief voorstel nie, is daar tog 'n suggestie dat, vir hom, dit dalk beter sou wees om die terrein van seksualiteit so ver as moontlik te isoleer van die res van die werklikheid of die lewe.

'n Moontlike verklaring vir 'n siening soos dié is dat seksualiteit vir lank gesien is as 'n suiwer biologiese aspek van die mens, en dat aanvaar is dat seksualiteit as 'n studieveld gevolglik beperk behoort te word tot die mediese wetenskappe of sielkunde. Steven Seidman (1996:1) reken dat seksualiteit een van die weinige aspekte van die menslike bestaan is wat tot relatief onlangs die algemene postmodernistiese neiging na ontgogeling weerstaan het. Terwyl ander aspekte van die mens se sosiale en kulturele lewe gedenaturaliseer is tydens die modernisasie en postmodernisasie van die Westerse samelewing – Seidman (1996:1) noem byvoorbeeld godsdiens, ekonomiese gedrag, ras, gender, sosiale klas, arbeidsverdeling en burokrasie – is seksualiteit vir baie lank gesien as 'n deel van die menslike natuur (in teenstelling met kultuur), iets wat biologies saamgestel is en natuurlike wette gehoorsaam. Verder is seksualiteit ook meestal benader as 'n baie persoonlike, individuele saak (Seidman, 1996:2). Sodoende kon dit vir baie lank beskou word as iets wat nie sosiaal geproduseer, histories varieerbaar en dus polities is nie.

Hierdie beperking van seksualiteit tot biologie en die weerstand daarteen om dit te erken as deel van die groter menslike werklikheid, kan gesien word as 'n instrument van onderdrukking. Michael Warner (2000) suggereer byvoorbeeld dat die beperking van seksualiteit tot 'n private ruimte en die gebrek aan 'n publieke seksuele diskoers maniere is om heteronormatiwiteit te bevestig en te versterk.

In “Zones of privacy” (2000) bespreek Warner die sonering van publieke ruimtes wat tradisioneel met 'n seksuele kultuur geassosieer is, soos kuierplekke wat spesifiek op 'n gay en lesbiese mark gerig is; kuierplekke wat ontklee-vertonings aanbied; videowinkels wat

⁹ Siegel se geïmpliseerde onderskeid tussen liefde en werk; fisiese teenwoordigheid en koue abstraksie; hart en vlees; verlede en geheue in die hede sou ook bevraagteken kon word, maar vir die doeleinde van hierdie argument fokus ek op sy onderskeid tussen seks en die “werklikheid”.

pornografie uithuur; seksspeelgoedwinkels; en ruimtes wat tradisioneel met gay cruising geassosieer word.¹⁰ Vir Warner (2000:88) is hierdie sonering 'n teken van 'n toenemende privatisering van seks.

Hierdie privatisering sluit aan by sienings soos Siegel s'n dat seks geskei moet word van die res van 'n kultuur. Warner haal Torie Osborn, voormalige hoof van die National Gay and Lesbian Task Force, aan waar sy dit betreur dat seks die jonger gay en lesbiese kultuur domineer. Volgens haar hou seks geen belofte van werklike verandering in nie: "it is consumeristic and ultimately hollow"¹¹ (Warner, 2000:88). Onderliggend hieraan is die idee dat seks nie 'n plek in politiek – of in openbare kultuur – het nie.

Vir Warner is hierdie siening, komende vanuit 'n gay en lesbiese standpunt, simptome van 'n assimilerende identiteitspolitiek wat ten doel het om non-heteronormatiewe persone en hul seksuele identiteite, begeertes en praktyke as't ware onsigbaar te stel.¹² Dit is dus konformisties: "predicated on identitarian thought, [it] sees all sexual politics as requiring... a form of life more fully conforming to the institutions of privacy" (Warner, 2000:89). Hy gaan so ver as om te beweer dat die neiging na privatisering 'n teken is dat gay en lesbiese politiek bereid is om hul seksuele kultuur "and its worldmaking venues" te verwerp of te verloën.

Die suggestie wat Warner (2000:101,103) in sy argument maak is dat die privatisering van seks en seksualiteit 'n vorm van onderdrukking is. Deur dit uit die publieke oog te verban word 'n stelsel geskep waarin seksuele verskille nooit erken kan word nie. Dit is immers slegs in 'n publieke kultuur waar verskille tussen mense sigbaar word, waar identiteit deur 'n publieke diskoers geproduseer word. Warner (2000:101) beweer dat 'n privatisering van seks gebaseer is op die "fantasie" dat mense in hul publieke kapasiteit as burgers en historiese akteurs non-seksueel is. Hiervolgens behoort mense in hul seksuele kapasiteit in 'n sone van privaatheid te bly, waar heteroseksualiteit wettig gevolmagtig is. Die gevolg is dat, solank as wat seks geprivatiseer is, heteroseksualiteit by verstek die ongesproke, onbevraagtekenbare norm sal bly.

¹⁰ Dis is interessant om op te merk dat die spesifieke uitdrukkings van seksualiteit wat hier genoem word tradisioneel as "pervers" gesien is, wat reeds suggereer dat enige vorm van seksualiteit – hetsy van 'n heteroseksuele of homoseksuele aard – wat openbaar sigbaar is, as afwykend beskou word.

¹¹ Sien Eagleton (2003:6) se argument dat plesier nie op sigself subversief is of 'n instrument van politiese verandering kan wees nie, en die implikasie dat, aangesien potensiële politiese verandering meer gewig dra as plesier, seks en seksualiteit daarom nie ekstensief in openbare forums bespreek hoef te word nie.

¹² Dit is belangrik om ag te slaan daarop dat non-heteronormatief nie bloot verwys na homoseksueel nie, maar na alle vorme van seksuele identiteit, begeerte en praktyk wat as abnormaal en afwykend beskou word (vgl. Gayle Rubin (2007) se bekende "'Charmed circle' of sexuality" in haar 1984 essay "Thinking sex").

Verder beperk die privatisering van seks ook blootstelling aan 'n publieke diskoers waar kennis omtrent non-heteronormatiewe seksualiteite kan sirkuleer.

A public sexual culture changes the nature of sex, much as a public intellectual culture changes the nature of thought. Sexual knowledges can be made cumulative. They circulate... The dominant culture of privacy wants you to lie about this corporeal publicness. It wants you to pretend that your sexuality sprang from your nature alone and found expression solely with your mate, that sexual knowledges neither circulate among others nor accumulate over time in a way that is transmissible. (Warner, 2000:97-98)

Warner reken dus dat seksualiteit binne 'n publieke diskoers erken moet word, dat dit publiek gemaak behoort te word, ten einde weerstand te bied teen die onderdrukking van non-heteronormatiewe seksualiteite. Hierdie onderdrukking is tweeledig: eerstens is private seksualiteit heteronormatief by verstek; en tweedens beperk dit kennis van non-heteronormatiewe seksualiteite – dit probeer as't ware non-heteronormatiewe seksualiteite verhoed om te versprei en om as geldig gesien te word. Sodoende word 'n (private) monolitiese heteronormatieweiteit voorgehou opgehou as die enigste moontlike vorm van seksualiteit.

Die idee dat seksualiteit binne 'n publieke diskoers gevorm word en daardeur geproduseer word, maak 'n siening van seksualiteit as kulturele en historiese konstruk moontlik. Gevolglik kan daar ook geargumenteer word dat seksualiteit deel vorm van 'n magsnetwerk wat die hele menslike samelewing organiseer. Hierdie siening is noodsaaklik vir 'n kritiek van die strukture en instellings wat heteroseksualiteit bevoordeel en homoseksualiteit opstel as die afwyking daarvan.

2.3 Enkele grondslae van queer teorie

2.3.1 Poststrukturealisme: seksualiteit as diskoers

Die idee dat seksualiteit nie geïsoleer kan word van ander aspekte van die menslike kultuur nie is 'n basiese aanname van queer teorie. Alhoewel queer teorie nie die biologiese aspekte van seksualiteit ontken nie, word seksualiteit hoofsaaklik beskou as 'n sosiale konstruk wat deur 'n diskoers geproduseer en beheer word – dit is nie bloot 'n uitdrukking van 'n essensiële eienskap van 'n menslike subjek nie, maar eerder een van die vele maniere waarop 'n menslike subjek geproduseer word binne 'n sosiale diskoers.

Queer teorie se lesing van seksualiteit as 'n sosiale diskoers of teks word moontlik gemaak deur die siening wat in die strukturalisme posgevat het dat kultuur as 'n tekenstelsel gesien kan word. Strukturalisme beskou menslike aktiwiteite as “so many languages” (Culler, 2007:103). Menslike aktiwiteite en die produkte daarvan word gereken as produkte van betekenisstelsels en dus as tekste. 'n Sentrale doel van strukturalisme is om die tekenstelsels waardeur kultuur plaasvind te herkonstrueer om die funksionering van hierdie stelsels te verklaar, en te verduidelik hoe dit kom dat die produkte van die stelsels die betekenis dra wat daaraan toegeken word (Culler, 2007:103).

Culler (2007:104) reken verder dat hierdie idee in strukturalisme, en die voortsetting daarvan in poststrukturalisme, 'n belangrike implikasie vir studie in non-literêre velde soos kultuurstudies het. Dit bepaal dat die aspek van die samelewing wat onder beskouing geneem word (byvoorbeeld ras, gender, klas of seksualiteit) nie as 'n gegewe aanvaar moet word nie, maar dat die prosesse wat dit tot stand gebring het, ondersoek moet word. Enige aspek van die menslike samelewing of kultuur kan dus ontleed word as 'n teks, 'n diskoers, 'n betekenisstelsel wat kennis en betekenis produseer.

Eenvoudig beskou is 'n diskoers 'n stelsel van taal en terme wat deur 'n sekere instelling (byvoorbeeld die wet, mediese praktyk of godsdiens) gebruik word. Foucault se werk kompliseer egter die verhouding tussen die diskoers, die instelling wat dit produseer en die subjek wat deur die diskoers tot stand kom.¹³ Probyn (1997:138) stel dit eenvoudig: “what concerns Foucault are the limits and forms of what is, at any given time, sayable.” Die frase “dit wat, op enige gegewe tydstip, sêbaar is” bevat implikasies oor mag (aan wie die reg om iets te sê toegeken is, deur wie, en op grond waarvan) sowel as 'n aanname van historiese vloeibaarheid (die kriteria vir dit wat sêbaar is en wat gesê mag word, sowel as die kriteria vir wie dit mag sê, is onderhewig aan die historiese tydstip).

Anders gestel sien Foucault diskoers nie as bloot die identifikasie van 'n taalpraktyk wat voortvloei uit 'n sekere instelling binne 'n samelewing nie, maar analyseer hy eerder die sosiale konstruksie van diskoerse as onderhewig aan die historiese tydstip, sowel as die verband tussen diskoerse en magsverhoudinge. Hy ondersoek dus die wyses waarop diskoerse aandadig is aan die produsering, replikasie en disseminasie van die mag wat inherent is aan instellings (Wolfreys, 2004:66).

¹³ Alhoewel Foucault oor sy hele oeuvre die problematiek van hierdie verhoudings aangespreek het, gaan ek grootliks fokus op sy werk oor seksualiteit, veral *The will to knowledge (The history of sexuality: 1)* (1998).

Hieruit is dit reeds duidelik dat mag vir Foucault, nie bloot dui op instellings of meganismes wat die onderdanigheid van burgers verseker of 'n stelsel van dominansie wat een groep oor 'n ander uitoefen nie (Foucault, 1998:92). Mag is eerder, in die eerste plek, die “multiplicity of force relations immanent in the sphere in which they operate and which constitute their own organization” (Foucault, 1998:92). Dit word nie vanuit 'n vaste, stabiele punt uitgeoefen nie, maar is eerder “alomteenwoordig” omdat dit konstant van een oomblik tot die volgende en in elke verhouding tussen een punt en 'n ander geproduseer word. Dit is herhalend en self-reproducerend: “[p]ower is everywhere; not because it embraces everything, but because it comes from everywhere” (Foucault, 1998:93).

Hierdie siening van mag nie as 'n eenduidige, vaste, stabiele verhouding nie, maar as 'n verspreide, deurdringende netwerk wat konstant gereproduseer word in die verhouding tussen punte, maak dit moontlik vir Foucault om die interaksie tussen mag, diskoers en kennis as volg te omskryf:

[I]t is in discourse that power and knowledge are joined together... Discourses are not once and for all subservient to power or raised up against it, any more than silences are. We must make allowance for the complex and unstable process whereby discourse can be both an instrument and an effect of power... Discourse transmits and produces power; it reinforces it, but also undermines and exposes it... (Foucault, 1998:100-101)

Anders gestel: magsverhoudinge maak diskoerse moontlik, en hierdie diskoerse word dan gebruik om magsverhoudinge te ondersteun. In verband met seksualiteit beweer Foucault (1998:32): “discourses on sex did not multiply apart from or against power, but in the very space and as the means of its exercise.” Hierdie diskoerse produseer kennis – of meer spesifiek: die aanspraak op kennis, soos Bertens (2001:155) aandui – en uiteindelik is dit hierdie kennis wat mag aan die diskoers gee, en daarom noodsaaklik is om die magsverhoudinge onderliggend aan die diskoers waarin dit geproduseer is, in plek te hou.

In sy *Archeology of knowledge* (1972) definieer Foucault (1972:182) kennis as volg: “Knowledge is that of which one can speak in a discursive practice, and which is specified by that fact”. Kennis word binne 'n diskoers gegenereer, en word slegs as kennis gevalideer omdat dit binne 'n spesifieke diskoers tot stand gekom het. Daar is geen kennis sonder 'n spesifieke diskursiewe gebruik nie, en omgekeerd kan 'n diskoers gedefinieer word deur die kennis wat dit tot stand bring (Foucault, 1972:183). Die kennis wat oor 'n onderwerp gegenereer word is dus nie bloot die “oppervlak van die projeksie” van magsmeganismes

nie (Foucault, 1998:100), maar vorm eerder deel van die wyses waarop 'n diskoers mag verkry en behou.

Deur seksualiteit grootliks as 'n diskoers te beskou, sien Foucault dus die kennis wat daarvoor gesirkuleer word as 'n produk van 'n diskoers, wat sowel 'n effek as 'n instrument van sekere magsverhoudinge is. Hierdie siening maak dit vir hom moontlik om seksualiteit as 'n historiese konstruk te sien wat deur meganismes van kennis en mag gevorm is:

Sexuality must not be thought of as a kind of natural given which power tries to hold in check, or as an obscure domain which knowledge tries gradually to uncover. It is the name that can be given to a historical construct: not a furtive reality that is difficult to grasp, but a great surface network in which the stimulation of bodies, the intensification of pleasures, the incitement to discourse, the formation of special knowledges, the strengthening of controls and resistances, are linked to one another, in accordance with a few major strategies of knowledge and power. (Foucault, 1998:105-106)

David Halperin (1995:40) reken dat dié siening van Foucault seksualiteit gedenaturaliseer sowel as gepolitiseer het. Seksualiteit word nie meer beskou as 'n onbevraagtekenbare natuurlike dryfkrag nie, maar eerder as deel van 'n netwerk van mag, of soos Halperin (1995:41) dit stel: Foucault transformeer seksualiteit van 'n onderwerp van kennis tot 'n kumulatiewe effek van mag. Sodoende kan Foucault, met wat Halperin (1995:41) 'n "discursive counterpractice" noem, die gesag van 'n wetenskaplike (mediese of sielkundige) diskoers oor seksualiteit, wat dit as bloot 'n biologiese, natuurlike gegewe sien, bevraagteken en ondermyn, en daardeur hierdie diskoers van sy mag ontnem.

Foucault se werk baan dus die weg vir queer teorie om die kennis wat deur dominante diskoerse omtrent seksualiteit geproduseer is in twyfel te trek, en om die magsverhoudinge onderliggend aan normatiewe idees van seksualiteit te bevraagteken. Dit maak dit ook moontlik vir queer teorie om seksualiteit nié as bloot 'n biologiese, natuurlike gegewe te sien nie, maar om eerder, synde dat die diskoers daarvoor 'n gevolg sowel as instrument van magsverhoudinge is, dit as een van die organiserende magte van die menslike samelewing en kultuur te ondersoek.

Laasgenoemde standpunt maak een van die basisbeginsels van queer teorie moontlik, naamlik dat seksualiteit, of seksuele identiteit, 'n sosiale konstruk is. Hierdie siening steun op Foucault se idee dat die subjek en sy/haar seksualiteit deur diskoerse gevorm word, en is in teenstelling met wat Richardson (2009:17) "sloppy folk constructionism" noem wat gebaseer is op 'n mislees en waninterpretasie van Foucault. "Sloppy folk constructionism" stel dat

mense “leer” om tot dieselfde of teenoorgestelde geslag aangetrokke te wees as gevolg van kulturele en samelewingsdruk.¹⁴ Onderliggend hieraan is ’n veronderstelde onderskeid tussen ’n individuele agentskap,¹⁵ wat outonoom is, en ’n eksterne magstruktuur. Queer teorie, na aanleiding van Foucault, beweer egter dat die idee van agentskap steeds essensialisties is, en beskou agentskap en subjektiwiteit op sigself alreeds as ’n sosiale konstruksie wat deur ’n diskoers geproduseer word.

Queer teorie erken dus dat die kategorieë van geslag, gender en seksualiteit¹⁶ gebaseer is op en werkzaam is binne ’n diskursiewe verstaan van mag (Valocchi, 2005:751). Die sosiaal-gekonstrueerde identiteite van geslag, gender en seksualiteit word gevorm en gestabiliseer deur die institusionalisering daarvan in die diskursiewe strukture van die samelewing en kultuur. Daarom word ook die aanleer en uitlewing van hierdie identiteite beperk deur sosiale strukture. Die aanhang van kulturele tekens produseer met ander woorde die subjek en beperk terselfdertyd die subjek se uitvoering van identiteit. Soos Valocchi (2005:756) dit stel: “[the] subject is constituted in and through meaning systems, normative structures, and culturally prescribed taxonomies that circulate in society.” Halperin (1995:45) wys tereg daarop dat seksualiteit as ’n “discursive... construction that has come to be misrecognized as an object under the epistemological regime known as *realism*” nie beteken dat seksualiteit, of hetero- en homoseksualiteit, nie bestaan nie. Hy verseker: “constructions are very real”. Dit is egter ’n gekonstrueerde en sosiale werklikheid en nie bloot ’n natuurlike gegewe nie.

Queer teorie beskou die sosiale werklikheid van die kategorieë van geslag, gender en seksualiteit, soos wat dit binne diskoerse geproduseer word, as kategorieë van kennis. Eerder as natuurlike, onbevraagtekenbare gegewens, is hierdie kategorieë en die kruispunte tussen hulle gebaseer op kennis wat deur ’n diskoers geproduseer word, wat ’n effek sowel as ’n produk van sekere magsverhoudinge is. Roof (1997:177) stel dit in Lyotardiaanse terme deur te verwys na ’n “metanarratief van reproduksie” wat gebou is rondom die patriargale gesin. Die metanarratief definieer, organiseer en beperk kennis tot komponente van sigself. Anders gestel: kennis omtrent seksualiteit is vir baie lank geproduseer binne die diskoers, of metanarratief, van reproduksie, en enige kennis is in terme hiervan

¹⁴ Dit sluit aan by die mislees van haar *Gender trouble* (2006[1990]) wat Judith Butler in *Bodies that matter* (2011[1993]) aanspreek, naamlik die verkeerde aanname dat gender soos ’n uitrusting aan- of uitgetrek kan word.

¹⁵ “Agentskap” of “agency” verwys na die mate waarin ’n subjek in staat is om sy of haar eie handelwyse te bepaal, en veronderstel dat ’n subjek algehele vrye wil in sy of haar keuses het (Buchanan, 2010).

¹⁶ Queer teorie bevraagteken ook die samesmelting van kategorieë van geslag, gender en seksualiteit, soos in 2.3.2.1 bespreek word.

geklassifiseer as goed en noodsaaklik (dit wat lei tot binne-egtelike voortplanting) en abnormaal of afwykend (dit wat nie direk kan lei tot binne-egtelike voortplanting nie).

Omdat die kategorieë normatief gekonstrueer is en sodoende politiese en sosiale hiërargieë vorm,¹⁷ is een van die projekte van queer teorie om die oorsprong te bevraagteken van die kennis wat hierdie hiërargieë in stand hou. Eerder as om die waarheid van kennis omtrent seksualiteit te bestry, fokus queer teorie op vrae soos “Wie produseer hierdie kennis, en met watter doel?” Soos Calvin Thomas (2009:23) dit stel: “Who knows? And what are the social, cultural and political imperatives that attempt to implant within us, to impose upon us, this anxious desire to know and be able to say exactly who and what (we think) we are?”

Thomas (2009:23) reken dus dat, alhoewel queer teorie ontologiese aspekte aanraak, dit uiteindelik hoofsaaklik 'n epistemologiese doel het: epistemologies poog queer teorie om die gronde van kennis te verskuif. Queer teorie is dus op die volgende gerig:

...to appreciate the fluid ambiguities of the object as well as the subject of possible knowledge in the open question ‘who *knows*?’ But queer theory also works, or plays, at the indefinitely various sites of eroticism, allowing us to open further the question, and ourselves, and perhaps even some of our orifices, and wonder ‘Who *the f**** knows?’ Queer theory ultimately asks: who the f*** knows who or what one *is* in relation to the question of whom or how or what or when or even if one f***s? Who (besides some version of a fundamentalist) knows a stable, definitive answer to the question of how ontological questions (of being, of identity) and epistemological questions (of how one knows) circulate intricately in the territory of erotic questions (of bodies and pleasures, of power and the drives, of language and desire) – questions that are all as inexorably *political* as they are preeminently *textual*?¹⁸

Die vrae wat queer teorie vra is dus hoofsaaklik gebaseer op die epistemologiese “Wie weet?” Deur te erken dat al hierdie vrae tekstueel is – dit wil sê dat dit vrae is omtrent die diskoers wat sekere kennis aanbied asof dit vanselfsprekend en natuurlik is – plaas queer teorie die diskursiewe en normatiewe struktuur op die voorgrond. Hierdie struktuur produseer kennis omtrent seksualiteit en gebruik hierdie kennis om politiese hiërargieë te skep, en queer teorie se uiteindelijke doel is om hierdie struktuur te vervreem.

¹⁷ 'n Voorbeeld van hierdie hiërargieë is dat die enigste twee algemeen erkende kategorieë vir geslag “manlik” of “vroulik” is, met “manlikheid” as die bevoordeelde term met histories meer politiese mag; en dat seksualiteit tradisioneel slegs heteroseksueel of homoseksueel kan wees, met “homoseksualiteit” as die minderwaardige term wat in sommige samelewings steeds krimineel strafbaar is.

¹⁸ Tensy anders aangedui, is kursiverings in aanhalings uit die oorspronklike bron.

Afgesien daarvan om die oorsprong en besit van kennis te bevraagteken, het queer teorie ook ten doel om uit te wys hoe gebrekkig hierdie kennis is, deur aan te toon hoe die dominante diskoers faal om 'n getroue representasie te wees van die lewens en ervarings van subjekte (Valocchi, 2005:753). Die gaping tussen die ideologiese konstruksie van 'n dominante diskoers en die deurleefde ervaring van seksualiteit word aangetoon, en die diskoers omtrent seksualiteit word uitgewys as presies dit: 'n diskoers. Dit is 'n betekenisstelsel wat sy eie kennis genereer en, na aanleiding van Foucault (1972:182), 'n ruimte bied vir subjekte om 'n posisie te kan inneem vanwaar hulle kan praat (kennis kan uitspreek) oor die objekte van die diskoers. Die vraag is dus nie net "Wie weet?" nie, maar ook "Wat (dink hulle) weet hulle?"

Soos Thomas (2009:23) se vrae omtrent die toepassing van ontologiese en epistemologiese vrae op die domein van die liggaam, begeerte en seksualiteit reeds impliseer, maak die deurdringende magsnetwerke van diskursiewe praktyke dit moontlik vir verskillende, op die oog af disparate, kategorieë vanuit verskillende diskoerse om saamgesmelt te word asof die een die ander impliseer. Daar bestaan nie 'n enkelvoudige diskoers oor seksualiteit nie, maar eerder 'n veelvuldigheid van diskoerse wat geproduseer word deur 'n wye reeks meganismes wat in verskillende instellings werksaam is (Foucault, 1998:33).

So vind die diskoers omtrent seksualiteit korrelasies in alle sosiale diskoerse: in die wetlike diskoers kan seksualiteit wettig of krimineel wees; in die mediese diskoers kan dit normaal of afwykend, selfs siek, wees; en in die godsdienstige diskoers kan dit heilig of sondig wees (Benshoff & Griffin, 2006:7). Bertens (2001:224) verklaar hierdie verskynsel deur te sê dat die vasstelling en stabilisering van identiteit in enige diskoers lei tot die kodifisering daarvan in ander diskoerse.

Dit is as gevolg van hierdie netwerk van diskursiewe praktyke dat queer teorie dikwels meer as net seksualiteit aanspreek. Volgens Jagose (2005:1984) doen queer teorie toenemend ondersoek na die wyses waarop onderskeie kategorieë van verskil (byvoorbeeld gender, seksualiteit, ras, klas, etnisiteit, nasionaliteit) mekaar moduleer en transformeer. Omgekeerd herken queer teorie dan ook dat heteronormatiwiteit meer as net seksualiteit reguleer: "[h]eterosexuality as a compulsory orientation reproduces more than 'itself': it is a mechanism for the reproduction of culture" (Ahmed, 2006:161). Daarom word heteronormatiwiteit, waarteen queer teorie probeer weerstand bied, ook gesien as meer as bloot die instelling van verpligte heteroseksualiteit. Dit is 'n "institution that shapes more than just the sexual: it is socially pervasive, underlying myriad taken-for-granted norms that shape what can be seen, said and valued" (Hennessy, 1995:146).

Die basiese voorveronderstelling van queer teorie is dus dat alle aspekte van die menslike samelewing teks is wat deur 'n diskoers geproduseer word. Gevolglik kan dit aangespreek word op grond van die bevraagtekening van die kennis wat hierdie diskoers voorhou as waar; op grond van vrae oor wie die mag het om kennis te produseer; en op grond van die bevraagtekening van die doel waarmee hierdie kennis geproduseer word, of watter ideologie onderliggend is daaraan. As gevolg hiervan, beskou Giffney (2009:7) queer teorie eerstens as 'n vorm van diskoersanalise:

It takes very seriously the significance of words and the power of language... There is careful attention to detail, not just to what is being said, but also to the context in which narratives unfold... Theorists seek out the ways in which texts are constructed by interrogating and denaturalising the text's manifold assumptions, and exposing the text's internal contradictions and reliance upon excluded properties to evoke a sense of unity.

Enige teorie wat sigself opstel in teenstelling met die dominante diskoers loop egter die gevaar om bestaande kategorieë te versterk. Veral die vroeë gay en lesbiese bevrydingsbewegings word algaande hiervoor gekritiseer. Die sogenaamde “omgekeerde diskoers” (“reverse discourse”) wat hulle geproduseer het in 'n poging om die seksuele terme, kategorieë en konsepte van die dominante diskoers in 'n positiewe lig te stel, het dikwels die effek gehad om bloot die regime van mag en kennis wat verantwoordelik is vir die heteroseksuele/homoseksuele binêre opposisie uit te brei, te verleng en te versterk (Halperin, 1995:58).

In 'n poging om hierdie scenario te verhoed, stel Roof (1997:183) voor dat poststruktureelste beginsels van kardinale belang vir die toekoms van queer teorie is. Sy reken dat poststruktureelste die moontlikheid bied vir 'n intellektuele projek wat 'n onderdrukkende stelsel – wat geslag, gender en seksualiteit aan mekaar gelykstel – effektief kan uitdaag, wat die kategorieë daarvan kan ontbind en 'n effektiewe queer politiek sal moontlik maak. 'n Poststruktureelste verstaan van hoe hierdie kategorieë tot stand kom, is in hierdie opsig noodsaaklik vir 'n politieke praktyk wat nie sal terugval in modernistiese identiteitskategorieë nie – anders as die huidige verstaan van queer politiek, wat nog grootliks staatmaak op 'n modernistiese verstaan van identiteit (Roof, 1997:183).

Daarom stel Giffney (2009) ook voor dat queer teorie deurentyd bewus moet wees daarvan dat dit self steeds deel vorm van 'n diskoers. Sy reken dat, ideaal gesproke, queer teorie 'n wyse van bevraagtekening behoort te wees waar die strukturele formaat van die vrae self ondersoek word, waar dit self-refleksief is oor die struktuur van ondervraging van die

dominante diskoers (Giffney, 2009:1). Valocchi (2005:767) sluit hierby aan deur te sê dat queer teorie nie moet voorgee om slegs 'n "beter" waarheid in die plek van die oue te stel nie – iets wat vermy word deur wat Valocchi beskryf as queer teorie se inherente agnostiese en ambivalente houding teenoor sy eie kapasiteit om objektiewe waarheid te onderskei. Queer teorie erken dat selfs dit wat gesien word as die sosiale realiteit 'n representasie is, omdat dit staatmaak op 'n diskoers (Valocchi, 2005:767), en sodoende poog queer teorie "to resist being made a slave of the discourses one is operating within at any one moment by peeling back the multitudinous layers of meaning contained within each and every pronouncement" (Giffney, 2009:1).

Die lesing van seksualiteit as teks – meer spesifiek as 'n stelsel van betekenaars sonder 'n betekende – maak die dekonstruksie van seksuele kategorieë moontlik. Veral die fokus op hoe betekenisstelsels subjekte produseer is belangrik vir queer teorie. Dit is duidelik in Namaste (2003:204) se bepleiting van 'n studie van *heteroseksualiteit*: 'n uitsluitlike fokus op homoseksualiteit as 'n subkultuur, 'n gemarginaliseerde identiteit, beteken dat seksualiteitsteorieë vasgevang bly in 'n teoretiese raamwerk wat weier om sy eie aandadigheid aan die konstruksie van sy studie-onderwerpe te erken. Die enigste manier om hierdie doodloopstraat te vermy is om die fokus te verskuif na 'n studie van heteroseksualiteit. Namaste (2003:204) reken dat só 'n ondersoek die vervaardiging van 'n heteroseksistiese ideologie (dit kan ook gelees word as "heteronormatiewiteit") aan die lig sal bring, asook 'n verstaan van hoe hierdie ideologie alle subjekte – hetero- sowel as non-heteronormatiewe subjekte – affekteer. So 'n kritiese poging sal ondersoek instel na die "rhetorical, institutional, and discursive mechanisms needed to ensure that heterosexuality maintains its taken-for-granted status" (Namaste, 2003:204), in 'n poging om hierdie aanvaarde status te ondermyn.

Uiteindelik bring die indringende, kritiese ondersoek na die heteronormatiewiteit van die samelewing die onstabiliteit van heteroseksualiteit en homoseksualiteit as seksuele kategorieë aan die lig. Dit lei tot 'n bevraagtekening van die samesmelting van die kategorieë geslag, gender en seksualiteit; lewer kritiek op die gelykstelling van gedrag en identiteit; en maak uiteindelik 'n dekonstruksie van die binêre kategorieë heteroseksualiteit/homoseksualiteit moontlik.

2.3.2 Dekonstruksie: destabilisering van identiteitskategorieë

Die lesing van seksualiteit as diskoers, en die beskouing van diskoers as teks wat bestaan uit betekenaars wat onderworpe is aan *différance*, maak die dekonstruksie van seksuele kategorieë wat deur queer teorie voorgestel word moontlik. Die idee dat alle sosiale kategorieë berus op signifikasie, en dat signifikasie op sigself reeds onstabiel is vanweë die gebrek aan 'n vaste verhouding tussen teken en betekenis, veroorsaak dat seksuele kategorieë – heteroseksueel/homoseksueel, normaal/abnormaal, afwykend/pervers – onbestendig en dus aanvegbaar is:

[H]as theory not performed this miraculous excess of meaning by virally spreading the good news that no one's sexuality or gender can be made to signify monolithically because *signification itself* cannot be monolithically made, because signification itself is never exactly itself – thanks to what Jacques Derrida calls the 'non-self-identity' of the sign, the irreducible difference between the sign and the referent, the word and the thing – and because of the radical unavailability of any such 'thing' as sexuality or gender or selfhood outside of signification, the constitutive failure of any such supports as centre, nature or essence at all? (Thomas, 2009:18)

Inderdaad is dekonstruktiewe idees omtrent signifikasie, die verhouding tussen betekende en betekenaar, en *différance* onderliggend te bespeur in die meeste queer teorieë, alhoewel dit nie altyd eksplisiet erken word nie. O'Rourke (2005) reken dat, van al die poststrukturelistiese denkers wat queer teorie beïnvloed het, Derrida een van die belangrikstes is:

Like a ghostly figure Derrida haunts Queer Theory, always just beyond and outside it, his work being the condition of possibility for it. That is to say, queer theory is *always already* Derridean (and that Derrida is *always already* queer). His writings shape and structure queer theorizing and his theories of deconstruction echo throughout some of the key concepts of Queer Studies: iterability, mimicry, speech act theory, supplement, performativity, liminality/limitrophy, dissemination, difference/*différance*, inside/outside dichotomies, the *pharmakon* and health/sickness binaries, fragmentation, *arrivance*, *l'avenir*, to name but a few which have left their trace and continually return (*revenir*) like revenants.

Na aanleiding hiervan kan O'Rourke (2011:107) verwys na dekonstruksie as queer teorie se "pervert twin". Dit is veral te sien in queer teorie se beklemtoning dat identiteitskategorieë nie gebaseer is op 'n natuurlike, definieerbare essensie nie, maar dat dit eerder die produk is van tekens sonder 'n betekende; asook in queer teorie se dekonstruksie van die verhouding

tussen heteroseksualiteit en homoseksualiteit; en in die idee van identiteit as performatiwiteit wat berus op die herhaling van tekens.

2.3.2.1 Kritiek teen bestaande identiteitskategorieë

Tradisioneel word daar aanvaar dat elke mens as deel van sy/haar biologiese samestelling een geslag (man of vrou), een gender (manlik of vroulik) en een seksualiteit het (heteroseksueel of homoseksueel). Een van die redes waarom queer teorie noodsaaklik geword het, is as gevolg van gay en lesbiese tradisies wat hierdie kategorieë bevestig het en sodoende nie inklusief was van, onder andere, transgender persone en biseksualiteit nie. Hierdie tradisies het ook nie die wyses in ag geneem waarop gender, ras en klas kruis met seksualiteit en die ervaring van seksuele identiteit beïnvloed nie; en ook nie ruimte gelaat vir seksuele praktyke en begeertes wat nie noodwendig homoseksueel is nie, maar steeds gestigmatiseer word as non-normatief, byvoorbeeld BDSM-praktyke¹⁹ en leefstyle.

Queer teorie, in teenstelling, erken dat geslag, gender en seksualiteit dui op afsonderlike (alhoewel soms kruisende) begrippe. Elke term dui eerstens op 'n sekere sosiale dinamika wat houding, gedrag en sosiale moontlikhede beïnvloed, en verwys terselfdertyd na identiteite, klusters van norme, rolle en belangstellings wat die sosiale self aandui. Terme soos geslag, gender en seksualiteit is dus sosiale konstrakte met gevolge (Valocchi, 2005:752). Hierdie terme is in binêre kategorieë gerangskik, en staan in 'n normatiewe verhouding tot mekaar wat uiteindelik heteroseksualiteit naturaliseer as die “korrekte” resultaat van 'n normatiewe verhouding tussen geslag, gender en seksualiteit (Jagose, 2005:1983): vir iemand van die manlike geslag is die norm om 'n manlike gender uit te druk, 'n manlike sosiale rol aan te neem en seksueel aangetrokke te wees tot iemand van die vroulike geslag wat 'n vroulike gender uitdruk en 'n vroulike sosiale rol aanneem. Daar is dus 'n gelykstelling van geslag, gender en seksualiteit, soos duidelik is in 'n stelling van Lorber (1996) wat deur Valocchi (2005:752) aangehaal word: “A woman is assumed to be a feminine female; a man a masculine male.”

Die algemene samesmelting en gelykstelling van hierdie kategorieë is duidelik sigbaar in die Afrikaanse vertaling van bogenoemde aanhaling. Aan die hand van Pharos (2005:979;980; 1139;1145) sal dit só klink: “'n vrou word veronderstel om 'n vroulike vrou te wees; 'n man 'n manlike man.” Daar word dus in Afrikaans geen onderskeid getref tussen die biologiese

¹⁹ “Bondage/discipline; dominance/submission; sadism/masochism” - meer algemeen en minder akkuraat beskryf as “sadomasochisme”.

geslag (“female”, “male”); gendereienskappe (“feminine”, “masculine”) en sosiale kategorie (“woman”, “man”) nie – die een impliseer die ander.

Die enigste semantiese onderskeid wat tussen geslag en gender gemaak word, is dat gendereienskappe in Afrikaans ook onderskeidelik as “verwyfd”; “meisieagtig”; “meisierig” (“feminine”) en “mannetjiesagtig” of “managtig” (“masculine”) vertaal kan word. Hierdie terme dra egter nuanses van verwording en transgressie: dit is net ’n man wat as verwyfd beskou kan word, en slegs ’n vrou wat as mannetjiesagtig beskryf kan word. Alhoewel dié terme dus met die eerste oogopslag iets van performatiwiteit inhou, bevestig dit eintlik die samesmelting (wat Valocchi (2005:752) ’n “normative alignment across binaries” noem) van kategorieë: die kulturele implikasie is dat ’n verwyfde man en mannetjiesagtige vrou albei homoseksueel sal wees. Sodoende word gendereienskappe, as dit verskil van biologiese geslag, onmiddellik met seksuele identiteit saamgesmelt. Hierdie aanname wys natuurlik terug op die tradisionele siening dat homoseksualiteit noodwendig gepaardgaan met gender-inversie (Bosman, Hiemstra en Van der Merwe (1998:953) vertaal trouens steeds “invert” met “homoseksueel”).

Deur die sosiaal-gekonstrueerde aard van geslag, gender en seksualiteit op die voorgrond te plaas, bied queer teorie weerstand teen só ’n samesmelting van sosiale kategorieë tot sosiale identiteite. Queer teorie erken eerstens dat die meeste (miskien selfs alle) identiteite soos wat dit deur mense beleef word, nié netjies binne die normatiewe binêre kategorieë inpas nie, en dat dit sodoende die “normative alignment of sex, gender, and sexuality [violate]” (Valocchi, 2005:752). Hiermee saam sien queer teorie enige gegewe identiteit as ’n samestelling met ’n oneindige aantal wyses waarop identiteitskomponente kan kombineer of kruis (Seidman, 2003:11). Enige spesifieke of gespesifiseerde identiteitskonstruksie is dus noodwendig arbitrêr, onstabiel en uitsluitend, sowel as normatief en voorskriftelik, en behoort met kritiese agterdog beskou te word.

Behalwe vir hierdie samesmelting of gelykstelling van verskillende identiteitskategorieë, bestaan daar ook ’n tradisionele opvatting – Foucault (1998:100) beweer dit het in die negentiende eeu posgevat – dat gedrag en identiteit een en dieselfde is, met ander woorde dat gedrag bloot ’n uitwendige teken van ’n innerlike eienskap is. Foucault se historisering van homoseksualiteit in sy *The will to knowledge* (1998[1978]) dui aan dat, vir die “moderne homoseksueel”, homoseksuele daade nie meer gesien word as insidenteel nie. Homoseksuele praktyke is nie meer ’n bloot toevallige “misdaad” soos byvoorbeeld diefstal wat deur enigeen gepleeg kan word gegewe sy of haar persoonlike omstandighede nie, maar word gekonsolideer tot ’n identiteit. Hierdie denkskuif het dit moontlik gemaak vir

mense om as “homoseksueel” geklassifiseer te word op grond van sekere aannames oor hul identiteit, selfs al het hulle geen romantiese of seksuele verbintenis met iemand van dieselfde geslag nie.

As hierdie skuif gelees word in terme van tekens – gedrag as tekens of betekenaars van ’n inherente toestand of identiteit as betekenaar – kan gesê word dat die aanname gemaak word dat die tekens ’n oorsprong het, en gevolglik het die betekende, ’n homoseksuele identiteit, tot stand gekom om die tekens te verklaar. Die aanwesigheid van hierdie betekende is as so vanselfsprekend beskou dat dit later feitlik nie meer afhanklik was van betekenaars nie, en die aanwesigheid van die betekende kon aanvaar word selfs sonder die tekens wat daarna sou verwys.

Hennesy (1995:151) som dit as volg op: heteronormatiewiteit besit ’n “insistence of the signified in the symbolic order”, en organiseer gevolglik die sosiale lewe op so ’n wyse dat daar aanvaar kan word dat betekenis geanker is in referente of betekendes. ’n Bevraagtekening van die verband tussen betekenaar en betekende, en ’n deurdringende ondersoek na die betekendes wat deur ’n heteronormatiewe diskoers voorgehou word as betekenisdraend, speel dus ’n belangrike rol in queer teorie.

2.3.2.2 Dekonstruksie van binêre kategorieë van heteroseksualiteit/homoseksualiteit

Queer teorie ondersoek ook die binêre verhouding wat heteronormatiewiteit tussen heteroseksualiteit en homoseksualiteit veronderstel. David Halperin (1995:32) – wat duidelik beïnvloed is deur Foucault se siening van mag as ’n verspreide, deurdringende netwerk wat herhaaldelik in die verhouding tussen punte gereproduseer word – dui aan dat die verhouding tussen heteroseksualiteit en homoseksualiteit belangrik is aangesien homofobiese onderdrukking nie van enige spesifieke oord of instelling af kom nie, en ook nie gebaseer is op enige rasonale aansprake op empiries-verifieerbare feite wat as vals aangedui kan word nie. Dit kan eerder beskou word as

...pervasive and multiform strategies of homophobia that shape public and private discourses, saturate the entire field of cultural representation, and, like power in Foucault's formula, are everywhere. The discourses of homophobia, moreover, cannot be refuted by means of rational argument (although many of the individual propositions that constitute them are easily falsifiable); they can only be resisted. That is because homophobic discourses are not reducible to a set of statements with a specifiable truth-content that can be rationally tested. Rather, homophobic discourses function as a part of a more general and systematic

strategies of deligitimation. If they are to be resisted, then, they will have to be resisted strategically – that is, by fighting strategy with strategy. (Halperin, 1995:32-33)

Na aanleiding hiervan stel Halperin (1995:39) voor dat homoseksualiteit nie as 'n “objek” of “ding” beskou moet word nie, maar as 'n verhouding – naamlik, die verhouding tussen twee terme, die ongemerkte term “heteroseksualiteit” wat afhanklik is van die gemerkte term “homoseksualiteit” vir sy eie definisie. “Homoseksualiteit” beskryf dus nie 'n enkele, stabiele “ding” nie, maar funksioneer as 'n plekhouer vir 'n reeks onversoembare, teenstrydige eienskappe – en die onmoontlike samestelling van die term se eienskappe verwys nie noodwendig na 'n eweneens paradoksale verskynsel in die werklikheid as referent nie (Halperin, 1995:44).

Die paradoksale samestelling van die eienskappe wat onder “homoseksualiteit” verstaan word, dui eerder die perke van die teenoorstaande term “heteroseksualiteit” aan. Hierdie verskynsel is moontlik omdat “homoseksualiteit” en “heteroseksualiteit” nie 'n ware paar – “two mutually referential contraries” (Halperin, 1995:45) – is nie, maar 'n hiërargiese teenstelling waarbinne heteroseksualiteit sigself definieer deur sigself op te stel as die ontkenning van homoseksualiteit. Sodoende kan heteroseksualiteit gedefinieer word sonder om geproblematiseer te word – deur homoseksualiteit te problematiseer en abjek te maak, word heteroseksualiteit opgehef as bevoordeelde en ongemerkte term.

Hiervolgens is heteroseksualiteit afhanklik van homoseksualiteit om daaraan substansie te verleen: “to enable [heterosexuality] to acquire *by default* its status as default, as a *lack of difference* or an *absence of abnormality*” (Halperin, 1995:45). Of anders gestel: die ongemerkte term benodig die gemerkte term ten einde sigself te genereer as ongemerk. Alhoewel normatiewe heteroseksualiteit sigself konstant reproduseer, kan dit dus slegs gedoen word deur 'n “parentetiese status” aan homoseksualiteit toe te ken (Namaste, 2003:201): in enige representasie of reproduksie van heteroseksualiteit is homoseksualiteit alreeds aanwesig.

Na aanleiding hiervan is dit duidelik dat die gemerkte term “homoseksualiteit” nie verwys na 'n konkrete essensie, “objek” of “ding” in die werklikheid nie, maar dat dit slegs funksioneer om die ongemerkte term (“heteroseksualiteit”) deur middel van ontkenning en teenstelling te begrens en te definieer (Halperin, 1995:44). Hierdie siening sluit aan by Derrida se beskouing van *différance*, waar die een term slegs in terme van die ander betekenis het, waar betekenis dus net uit die verskille tussen hulle bestaan, en waar 'n essensiële betekenis altyd uitgestel word en nooit as teenwoordig bewys kan word nie.

Namaste (2003:196) gebruik ook die idee van Derrida se supplemente om aan te toon hoe heteroseksualiteit homoseksualiteit benodig om sigself te definieer. Met verwysing na Derrida se complementariteit kan die konstruksie en regulering van grense tussen seksuele identiteite ondersoek en bevraagteken word en kan aangetoon word dat homoseksualiteit nie uitgesluit is van heteroseksualiteit nie, maar eerder integraal is tot die handhawing van heteroseksualiteit (Namaste, 2003:201). Vir Namaste is die belangrikste oogmerk van queer teorie dat dit erken dat dit onmoontlik is om buite die huidige sienings van seksualiteit te beweeg – as 'n teoretiese standpunt is queer teorie bewus daarvan dat dit nie geheel buite heteroseksualiteit kan funksioneer nie, maar ook nie sigself geheel binne homoseksualiteit kan plaas nie. Eerder as om die dominante homofobiese diskoers te beveg vanuit die illusie van 'n “buite” posisie, plaas queer teorie die fokus op die produksie en bestuur van die grense tussen heteroseksualiteit en homoseksualiteit wat reeds as problematies aangetoon is omdat die terme wedersyds afhanklik is (Namaste, 2003:201). Sodoende kan queer teorie ondersoek hoe hierdie grense geskep, gereguleer en beveg word.

2.3.2.3 Performatiwiteit: die herhaling van tekens

Queer teorie se fokus op tekens en die verhouding tussen referent en betekende is ook duidelik in die belangrike rol wat die idee van performatiewe²⁰ identiteit daarin speel. Performatiwiteit word dikwels in die postmoderne era in die plek van meesternarratiewe gestel (Culler, 2007:139). Alhoewel daar verskillende aspekte van performatiwiteit bestaan – bo en behalwe die queer beskouing daarvan, onderskei Culler (2007:138-139) ook die teatrale, of die teatralisering van die lewe en die moderne kapitalistiese idee dat beloning volg op “performance” – word “performatiwiteit” binne queer teorie gebruik om te verwys na die sosiaal-wetenskaplike idee van die konstruksie van betekenis as 'n sosiale proses, waar die rame, skripte en grense wat die spel van betekenis moontlik maak, ondersoek moet word. Hierdie sienswyse het John Austin se beskrywing van performatiewe stellings as basis, maar dit inkorporeer ook Derrida se stelling dat herhaalbaarheid een van die wette van taal is – vir iets om 'n teken te wees moet dit moontlik wees om dit aan te haal en te herhaal, en dit vorm dan die basis van realiteit soos die mens dit sien: “by reiterated naming, we articulate the world” (Culler, 2007:150-151).

²⁰ Performatiwiteit, veral soos Judith Butler dit in haar *Gender trouble: feminism and the subversion of identity* (2006[1990]) en *Bodies that matter: on the discursive limits of 'sex'* (2011[1993]) omskryf en ontwikkel, is 'n omvattende term, maar ek gaan hier slegs fokus op die aspek van performatiwiteit wat die herhaling van tekens behels.

Binne die raamwerk van queer teorie word performatiwiteit dus nie gesien as 'n enkelvoudige of doelbewuste aksie nie. Dit is eerder 'n herhalende en aanhalende praktyk waardeur diskoers die effekte produseer wat dit benoem. O'Rourke (2005) reken Butler se siening van performatiwiteit as herhalend en aanhalend is direk afhanklik van Derrida se "Signature, Event, Context" waar hy stel dat enige teken aangehaal kan word en kan breek met enige konteks, en sodoende oneindige nuwe kontekste kan voortbring op 'n absoluut onversadigbare wyse. Queer teorie bevestig dus dat identiteit – enige identiteit, gender- of seksuele identiteit – slegs bestaan uit die herhaalde uitvoering van tekens wat geassosieer word met die gegewe identiteit. Soos Hennessy (1995:146) dit stel: "[queer theory] recast identity as a version of performance, as drag, masquerade, or signifying play".

Bertens (2001:227) reken verder dat hierdie siening van identiteit in wese 'n omkering is van die historiese proses wat Foucault beskryf: volgens Foucault het dit gekom dat dade gesien word as 'n uitdrukking van 'n essensiële identiteit, terwyl queer teorie aantoon dat identiteit 'n reeks onverwante aksies en dade is wat slegs die skyn van kontinuïteit en samehang produseer. Identiteit is dus 'n effek van herhaling, 'n herhaalde uitvoering van sekere dade en gedrag wat beskou word as kenmerkend van 'n sekere kategorie, 'n string van identiese of ten minste soortgelyke uitvoerings wat die plek van 'n vaste identiteit inneem. Hierdie uitvoering is egter nie 'n uitdrukking van 'n innerlike "oorspronklike" identiteit nie – dit is herhaling wat slegs die effek van 'n veronderstelde oorspronklike kan produseer, 'n kopie waarvan daar geen oorspronklike is nie.

Die erkenning hiervan maak dit dan moontlik om weerstand te bied teen heteronormatiewe sieninge van identiteit deur die doelbewuste uitvoering van die fiksie van samehangende identiteit as fiksie (Hennessy, 1995:146-147) – die kunsmatigheid van samehangende identiteit en die feit dat samehangende identiteit berus op die uitvoering van tekens, word op die voorgrond geplaas. 'n Queer poging teiken heteronormatiwiteit byvoorbeeld deur dit na te boots "with a campy inflection", 'n performatiwiteit wat identiteit nie soseer met 'n inwendige betekende assosieer nie, maar eerder met 'n publieke spektakel (Hennessy, 1995:159-160).

2.4 Queer teorieë

Queer teorie gaan van die veronderstelling uit dat die samelewing georganiseer word deur verskillende magsverhoudinge wat deur diskoerse geproduseer en in stand gehou word. Een van die belangrikste doelwitte van queer teorie is om hierdie diskoerse te analiseer in

terme van hulle struktuur en werking, eerder as in terme van die instellings waardeur hulle gebruik word.

Hanson (1999:4) vat dit eenvoudig saam (alhoewel hy onmiddellik erken dat queer teorie nie bekend is vir eenvoud nie):

...queer theory submits the various social codes and rhetorics of sexuality to a close reading and rigorous analysis that reveal their incoherence, instability, and artificiality, such that sexual pleasure or desire, popularly conceived as a force of nature that transcends any cultural framework, becomes instead a performative effect of language, politics, and the endless perversity and paradox of symbolic (which is also to say historical and cultural) meaning.

In hierdie beskrywing word verwys na sommige van queer teorie se sentrale fokusareas: taal en taal se performatiewe funksie; en die simboliese, waar betekenis en tekens betekenis vorm. Ook Halperin (1995:48) se voorgestelde strategieë wat kan weerstand bied teen 'n "heteroseksistiese/homofobiese diskoers" het almal primêr te doen met betekenisstelsels: kreatiewe toeëiening en hersignifikasie; toeëiening en teatralisasie; onthulling en demistifikasie. Die proses van hersignifikasie kan immers net moontlik gemaak word as erken word dat die verband tussen betekende en betekenaar arbitrêr is, sodat die betekenaars aan nuwe betekenis toegeken kan word. Die teatralisering van betekenaars kan gebruik word om die fiksie van identiteit as *fiksie* te beklemtoon, en bevestig sodoende dat die betekenaar "identiteit" geen essensiële betekende het nie, maar dat identiteit slegs 'n herhaalde uitvoering van tekens is – 'n spel van betekenaars sonder betekende. Ook die komponent van onthulling en demistifikasie van dit wat as natuurlik en onbevraagtekenbaar voorgelê word, het ten doel om aanvaarde kennis aan die lig te bring as konstruksies, as tekens wat geen noodwendige verband met 'n spesifieke referent het nie.

Hierdie strategieë van weerstand is reeds werksaam in die term "queer", wat op sigself 'n vorm van toeëiening en hersignifikasie is. Epstein (2003:153) verwys na die ingebruikneming van die woord "queer" deur politiese en teoretiese aktiviste as "an act of linguistic reclamation": die pejoratiewe term is deur die gestigmatiseerde groep toegeëien in 'n poging om die woord se mag om te verwond, ongedaan te maak.²¹

²¹ Epstein (2003:153) merk ook op dat hierdie gebruik van "queer" soms die verdeling tussen binnestander en buitestander kan versterk, aangesien self-geïdentifiseerde queers die woord gemaklik kan gebruik, terwyl "sympathetic straights often do so only nervously." Dit kom dus weer neer op: wie het die reg om wat te sê?

Die toeëiening van die woord “queer” het egter nie maklik geskied nie. Gamson (2003) bespreek die interne polemieë oor die benaming en politiek van “queer” soos dit in die vroeë negentigerjare in briefkolomme van gay en lesbiese tydskrifte voorgekom het. Dele van gay of lesbiese subkulture en gemeenskappe het gevoel dat die aanvaarding van “queer” as benaming die verlies van ’n politiese basis van verset en bevryding beteken. Gamson (2003:403) merk egter op dat beide kante van die debat saamgestem het oor een belangrike punt, naamlik die prominensie van ’n woord. Dit maak saak wat ’n minderheidsgroep genoem word en wat hulle hulself noem:

[A]t their most basic, queer controversies are battles over identity and naming (who I am, who we are). Which words capture us and when do words fail us? Words, and the “us” they name, seem to be in critical flux.

In hierdie stelling word ’n belangrike beginsel van queer teorie gesuggereer: die “ons” waarna woorde verwys is nie ’n stabiele, samehangende entiteit nie. Identiteit as betekende, sowel as woorde (betekenaars) wat veronderstellend na identiteit verwys, is in konstante vloei. Alhoewel queer teorie erken dat woorde en benamings as betekenaars nie na ’n essensiële identiteit verwys nie, is dit egter ook deeglik bewus van die feit dat taaluitinge performatief ’n identiteit konstrueer. Soos Warner (1993:xiii) opmerk: ’n persoon moet hom/haarself queer noem om queer te wees. Die benaming “queer” funksioneer net op ’n queer wyse as ’n persoon dit vir hom/haarself toeëien en deel van ’n performatiewe identiteit maak – in teenstelling met “queer” soos dit homofobies op ’n neerhalende wyse gebruik word as skeldnaam.

2.4.1 Strukturele posisie van queer

In aansluiting by queer teorie se dekonstruktiewe basis, is dit baie (self)bewus van die gevaar om net ’n nuwe teenstelling op te stel teen heteronormatiewe wat bloot die onderdrukkende binariteit van heteronormatiewe sal versterk.²² As gevolg hiervan is die klem op weerstand as ’n proses, eerder as op die aanbieding en aanvaarding van ’n alternatiewe posisie. Hierdie volgehoue, voortdurende uitdaging en rebellie is duidelik in een van die eerste geformuleerde definisies van “queer”, soos wat Michael Warner (1993:xiii) dit in sy bekende inleiding tot *Fear of a queer planet* gee:

²² Heelwat queer teoretici wys juis uit hoe tradisionele queer teorie in hierdie opsig misluk, maar dit val buite die bestek van hierdie bespreking.

Every person who comes to a queer self-understanding knows in one way or another that her stigmatization is connected with gender, the family, notions of individual freedom, the state, public speech, consumption and desire, nature and culture, maturation, reproductive politics, racial and national fantasy, class identity, truth and trust, censorship, intimate life and social display, terror and violence, health care, and deep cultural norms about the bearing of the body. Being queer means fighting about these issues all the time, locally and piecemeal but always with consequences. It means being able, more or less articulately, to challenge the common understanding of what gender difference means, or what the state is for, or what “health” entails, or what would define fairness, or what a good relation to the planet’s environment would be. Queers do a kind of practical social reflection just in finding ways of being queer.

Ten spyte van hierdie formidabele lys van dinge, instellings, houdings en waardes wat uitgedaag word, gee Warner nie ’n definitiewe identiteit wat “queer” omskryf nie. Dit is omdat, soos Engel (2002:395) in sy bespreking van Queer Nation opmerk, queer in die meeste opsigte nie soseer ’n positiewe identifikasie is as wat dit ’n identifisering is van wat iemand of iets *nie* is nie. Dit is dus ’n negatiewe en refleksiwew identifikasie, en uiteindelik is die enigste eenheid wat hier moontlik gemaak word een wat uit verskille voortkom.

Verder weier queer teorie ook om ’n alternatiewe posisie te skep wat in teenstelling met die “common understanding” (heteroseksisme, heteronormatiewiteit, algemene seksuele diskoerse, homofobie) is. In Lee Edelman (2004:17) se woorde: “queerness can never define an identity; it can only ever disturb one.” Die belangrikheid van identiteit as ’n punt van organisasie in sosiale stelsels word nie ontken nie, ten spyte van neigings van anti-identitariese politiek in sommige queer teorieë: die oogmerk van queer teorie is nie om identiteit as ’n kategorie van kennis en politiek te verwyder nie, maar eerder om identiteit oop en betwisbaar te maak in terme van betekenis en politiese rol (Seidman, 2003:12).

Queer teorie se weiering om gekoppel te word aan ’n vasstelbare identiteit is ’n gevolg van die feit dat, volgens Edelman (2004:24), die politiese pogings van identitariese minderhede dikwels ’n vorm aanneem van ’n opposisie, wat die dominante orde ’n “gerusstellend simmetriese, ofskoon omgekeerde, uitbeelding gee van sy eie skynbaar samehangende identiteit”. Deur ’n teenstelling op te rig word die dominante orde se kategorieë en onderskeidings bloot bevestig. In stede hiervan reken Edelman (2004:24):

...queer theory’s opposition is precisely to any such logic of opposition, its proper task the ceaseless disappropriation of every property. Thus, queerness could never constitute an

authentic or substantive identity, but only a structural position determined by the imperative of figuration.

In *No future: queer theory and the death drive*²³ opper Edelman (2004) 'n belangrike idee, naamlik dat queer dikwels 'n skynbaar onmoontlike posisie inneem waar daar eintlik geen ruimte gelaat is vir 'n posisie nie. Sommige heteronormatiewe diskoerse is sodanig gestruktureer dat enige teenstelling ondenkbaar is (Edelman gebruik die idee van “ter wille van die beswil van ons toekomstige kinders” wat deur pro-lewe en anti-gay propaganda gebruik word as voorbeeld). In 'n binêre denkwysie is die enigste teenstelling wat skynbaar moontlik is, die omgekeerde en direk opponerende posisie wat reeds deur die oorspronklike posisie geïmpliseer word. Hierdie posisie is onbruikbaar (“ten nadele van die beswil van ons toekomstige kinders” is 'n politieke ondenkbare stelling), maar deur 'n binêre teenstelling te weier en te vermy, kan queer teorie effektief weerstand bied deur 'n posisie in te neem wat nie die omgekeerde en direk teenoorstaande is van die punt van verset nie – 'n posisie waarvoor geen ruimte gelaat is in 'n binêre bestel nie.

Michael O'Rourke (2005) bevestig hierdie poging van queer teorie, sowel as queer teorie se verbintenis met dekonstruksie, waar hy aanhaal uit 'n ongepubliseerde artikel van Mark Mason:

...deconstruction is a passion and prayer for the impossible; and the desire to explore the impossible by running up against the limits of what can never be present is the overarching aspiration that sets deconstruction (and I would add Queer Theory) in motion.

O'Rourke (2005) gaan verder deur te sê dat Mason se beklemtoning van die “passie om te gaan waar jy nie kan gaan nie” verteenwoordigend is van dekonstruksie sowel as queer teorie – daar is geen aankoms, geen bestemming en geen horison nie. Dit eggo Seidman (2003:11) wat beweer queer teorie is 'n “theoretical sensibility that pivots on transgression or permanent rebellion”. Dit is nie rebellie om iets te bereik, of rebellie met die oog op 'n einddoel nie – intendeel, daar is geen bestemming nie en geen aankoms is moontlik nie. Dit is eerder die rebellie op sigself wat belangrik is, die proses, die voortdurende en konstante weerstand, ontwinging en destabilisering van heteronormatiewiteit in al sy vorme.

In die lig hiervan dui queer dus nie hoofsaaklik op 'n identiteit nie, maar op 'n posisie van weerstand. Dit is 'n identiteit sonder essensie, soos Halperin (1995:62) dit stel: “[a] horizon of possibility whose precise extent and heterogenous scope cannot in principle be delimited in

²³ Vir kritiek op Edelman se sentrale argument in *No future*, sien O'Rourke (2011) en Hall (2009).

advance". Soos Halperin (1995:112) dit sien, is hierdie weiering van 'n duidelike, vaste, essensiële identiteit die belangrikste grondslag van 'n effektiewe queer politiek:

...to preserve the function of queer identity as an empty placeholder for an identity that is still in progress and has as yet to be fully realized, to conceptualize queer identity as an identity in a state of becoming rather than as the referent for an actually existing form of life. Queer politics, if it is to remain queer, needs to be able to perform the function of emptying queerness of its referentiality or positivity, guarding against its tendency to concrete embodiment, and thereby preserving queerness as a resistant relation rather than as an oppositional substance.

In terme van identiteit veronderstel queer teorie dat identiteit voortdurend in wording is, 'n vorm van identiteit wat weerstand bied teen 'n betekenisstelsel wat 'n betekende veronderstel. 'n Queer identiteit is uiteindelik gesetel in 'n verhouding, eerder as in 'n substansie.

2.4.2 Ondefinieerbaarheid van queer teorie

Die weiering om 'n duidelik omlynde opponerende posisie in te neem of identiteit te beskryf, word weerspieël in die weerstand wat queer teorie teen 'n definitiewe definisie van sigself bied – en in die wyse waarop hierdie gebrek aan begrensing en omlyning gevier word.

O'Rourke (2011:103) sien hierdie kenmerk van queer teorie as tekenend van 'n "vreemde temporaliteit", en verbind dit met Derrida se konsep van *arrivant*:

Perhaps the appeal and the lasting power of queer theory then (and now) is that it is non-delimitable as a field and non-locatable in terms of a chrononormative temporal schema. Part of, perhaps all of, the attraction of queer theory is its very undefinability, its provisionality, its openness, and its not-yet-here-ness. Queer occupies a strange temporality, it is always, like Derrida's monstrous *arrivant*, to-come, whether from the past or from the future. And it has a ghostly formlessness too.

Queer teorie kan dus nie afgebaken word nie, dit kan nie geplaas word nie, dit is ondefinieerbaar, onvoorsienbaar, oop en vormloos. Dit is die uiterste in *différance*. Net soos *différance*, dui die vaagheid en onakkuraatheid van queer teorie se definisie ook op oormaat, dit wat buite grense is en nie in netjiese kategorieë ingedeel kan word nie. Soos Giffney (2009:8) dit stel:

I like the term 'queer theory'. It is precisely its inaccuracy that attracts me. Queer is all about excess, pushing the boundaries of the possible, showing up language and discursive categories more specifically for their inadequacies. Queer theory exposes in its very configuration the way in which discourse flattens out phenomena in an attempt to make them into palatable, digestible sound bites.

Hierdie vaagheid en onakkuraatheid van queer teorie maak 'n konstante herskrywing daarvan moontlik, en dit is gevolglik "a theory permanently open to its own recitation, resignification and revision" (O'Rourke, 2011:107). Annamarie Jagose (2005:1981) sluit hierby aan deur te beweer dat queer teorie weerstand bied daarteen om sigself te definieer ten opsigte van enige spesifieke, vaspenbare inhoud. Dit bied nie 'n sistematiese stelsel van beginsels nie en dit is ook nie gebaseer op enige bestendige logika nie. Aangesien queer teorie se enigste konstante eienskap die weerstand teen die normatiewe is, het queer teorie die potensiaal om sigself voortdurend en oneindiglik weer te ontdek, oor uit te vind en te herskep. Sodoende sal queer teorie altyd besig wees om die kennis te herformuleer wat op 'n gegewe tydstip die voorgeskrewe verstaan van seksualiteit saamstel. Daarom reken Jagose (2005:1981) dat "queer theory's refusal to specify itself has been widely recognized as one of its tactical strengths".

Queer teorie se weerstand teen definisie is dan ook een van die redes waarom dit, aan die een kant, beskou word as uitgedien; en aan die ander kant, paradoksaal om presies dieselfde redes, gereken word as steeds lewenskragtig – 'n paradoks wat op sigself as queer beskou kan word. O'Rourke (2011:104) wys daarop dat onlangse kritici reken dat queer teorie verby, stagnerend of "dood" is, dat die vermoë van queer teorie om raamwerke te ontwig verby is, maar reken dat hierdie bewerings juis die "hauntological survival of queer theory and its weird temporalities" bevestig. Queer teorie is "stubbornly vital as specter, revenant, ghost" (2011:105). Hierin eggo O'Rourke weereens vir Derrida met sy idee van "hauntology": die spook wat nie is nie en terselfdertyd ook nie nie-is nie – buite of selfs tussen grense, onmoontlik om vas te pen of te omskryf, onbepaalbaar.

Ook Jagose (2005:1984-1985) reken dat die gerugte van queer teorie se dood juis 'n bewys is van die lewensvatbaarheid daarvan:

In organizing itself around the resurrected vitality of queer, queer theory has staked its paradoxical claim on something that is at once all future and no future. For every scholar who represents the critical impulse of queer as future-directed and open-ended, there is another who represents it as washed up and already exhausted... This sense of queer theory's built-in obsolescence might be read as evidence less of queer theory's inevitable decline than its

transitory and always transformational potential. Indeed suspicion about the ongoing usefulness of queer theory is a better measure of its viability than widespread institutionalization and normalization. The most valuable capacity of queer theory, after all, is not to prove that it has been right all along but to hold open non-referentiality as a political strategy for thinking about a future that will be nonterritorial, demotic, and provisional but that remains for the present unimaginable.

Om dus 'n definisie vir queer teorie te probeer vasstel, is 'n onbegonne taak – nie net omdat dit onvaspenbaar is nie, maar omdat die inherente onbegrensbaarheid daarvan sal beteken dat die definiëring van queer teorie sigself sal weerspreek. Tog kan daar, na aanleiding van die bogenoemde eienskappe, 'n definisie gegee word van die woord “queer” soos wat dit in queer teorie gebruik word.

2.4.3 “Queer”: 'n tentatiewe omskrywing

Etimologies is die oorsprong van die woord “queer”, volgens die OED (2011):

oblique, crosswise, at right angles, obstructive, (of things) going wrong (now rare), (of a person) peculiar (now obsolete in this sense), (of a glance) directed sideways, especially in a surreptitious or hostile manner (now rare), (of opinion and behaviour) at odds with others (see thwart adv.)

Thomas (2009:17) reken die woord “queer” het “torque” and “twist” as etimologiese agtergrond, en baseer sy definisie van “queer” as werkwoord daarop gevolglik as “transitive, transformative”. Ook Ahmed (2006:161) beskou “verdraaiing” as 'n belangrike aspek van “queer”. Sy sien die Griekse wortel van “queer” as “cross, oblique, adverse” en maak na aanleiding daarvan die stelling:

[W]e can see that the word itself ‘twists’, with a twist that allows us to move between sexual and social registers, without flattening them or reducing them to a single line... To make things queer is certainly to disturb the order of things.

Die toepassing van hierdie begrippe word saamgevat deur Roof (1997:180) wat queer as selfstandige naamwoord en werkwoord soos volg onderskei: die benaming “queer” verhoed 'n maklike plasing van subjekte binne tradisionele grense van geslag en seksualiteit; terwyl die werkwoord “queering” voorstel dat hierdie grense in die eerste plek nooit stabiel, gesentreerd of uitsluitend was nie (Roof, 1997:180).

Na aanleiding hiervan kan twee aspekte van “queer” beskou word: dit is ’n representasie of uitvoering wat indruis teen dit wat as normatief beskou word, en wat ’n maklike plasing van identiteit problematiseer; en dit is ’n manier van lees teen die grein, ’n beskouing van representasies en uitvoerings wat die normatiewe orde ontwig, ondermyn en transformeer deur die onstabiliteit van heteronormatiewe beskouings uit te wys.

2.5 Samevatting

As seksualiteit as ’n diskoers gesien word, hou die idee van geslag, gender en seksuele begeerte as natuurlike, essensiële en vasgestelde kategorieë nie stand nie. Hierdie begrippe word aan die lig gebring as sosiale konstrukte, wat die produk van diskoerse is en deur magsverhoudinge geproduseer en in stand gehou word. Aanvaarde kennis rakende hierdie begrippe word dus met agterdog bejeën en noukeurig ondersoek. Die normatiewe verhouding tussen geslag, gender en seksualiteit word ook uitgewys as bloot ’n produk van ’n diskoers. Sodoende kan hierdie begrippe, sowel as die normatiewe verhouding tussen hulle, aangespreek en bevraagteken word.

Queer teorie wys uit dat heteronormatiewe iteitus berus op die opstelling van homoseksualiteit as ’n afwyking, terwyl heteronormatiewe iteitus in werklikheid afhanklik is van homoseksualiteit vir sy eie definisie. Heteronormatiewe iteitus is dus inherent onstabiel. Queer teorie fokus op hierdie onstabiliteit van die skynbaar natuurlike en onbevraagtekenbare gegewe van heteroseksualiteit, en poog om hierdie stelsel te ontwig. Dit neem ’n strukturele posisie van weerstand in teen heteronormatiewe formulerings van identiteit en seksualiteit.

Enige diskoers kan dus queer beskou word om die konstruksie daarvan te bevraagteken – hoe dit tot stand kom, in diens van watter magsverhoudinge dit is, en hoe dit in stand gehou word. ’n Ooglopend natuurlike, medies-biologiese kwessie soos vigs kan byvoorbeeld queer gelees word as ’n sosiale en talige konstruksie, ’n diskoers wat sy eie subjekte tot stand bring en sy eie kennis genereer, en wat geproduseer word deur en ’n effek is van sekere magsverhoudinge. Sodoende kan vigs, sowel as die kennis wat dit produseer rakende seksualiteit en identiteit, liggame en begeerte, bevraagteken word en uiteindelik gedestabiliseer en ondermyn word.

HOOFSTUK 3

3.1 Inleiding

Meer as met enige ander siekte in die onlangse Westerse geskiedenis, het die eerste diagnose en beskrywing van MIV/vigs in die vroeë tagtigerjare gepaardgegaan met hewige politiese struwelinge, veral aangesien die groepe wat aanvanklik die ergste deur vigs¹ geraak is – homoseksuele mans, binnearse dwelmgebruikers, prostitute, en mense van kleur – reeds gestigmatiseer was binne 'n heteronormatiewe, patriargale kultuur. As gevolg hiervan het 'n magdom non-mediese narratiewe ontstaan in terme waarvan vigs verstaan is. Hierdie narratiewe het 'n impak gehad op die ontvangs van die epidemie² en die reaksie daarop, sowel in die media en deur die publiek as deur regerings en die mediese wetenskap.

Na aanleiding hiervan het Altman reeds in 1986 na vigs verwys as “the most political of diseases” (Altman, 1986:11; sien ook Epstein, 1996:3-4). In haar essay *AIDS, homophobia, and biomedical discourse: an epidemic of signification* het Paula Treichler verder gegaan en hierdie politiese aspekte van vigs gesien as 'n simptoom van die problematiek van signifikasie: “the AIDS epidemic... is an epidemic of meanings or signification” (Treichler, 1989:32). Kulturele diskoerse is duidelik belangrik in die sosiale persepsie en definisie van vigs – Epstein (1996:20) wys uit dat die sosiale definisie van vigs as epidemie geleë is op die kruispunt van kulturele diskoerse rakende seksualiteit, die liggaam en identiteit.

Die politiese en sosiale landskap het heelwat verander in die meer as dertig jaar ná die eerste diagnosering van MIV/vigs, maar werk soos dié van David Halperin (2007) en Tim Dean (2009) bevestig dat kulturele (en heteronormatiewe) aannames omtrent vigs steeds die kern vorm van die huidige vigsdiskoers, en dat die beskouings van kritici soos Altman, Epstein en Treichler steeds geldig is. Soos Dean (2009:69) dit stel: “Although it has become commonplace to observe that the narratives through which we understand disease

¹ Alhoewel dit meer volledig en gebruiklik is om te verwys na “MIV/vigs”, is die samesmelting van dié twee begrippe problematies (vgl. 3.4.1). Verder is “vigs”, menende die sigbare uiteinde van die onsigbare serostatus waarna MIV verwys, die meer polities- en betekenis-gelade term. Vir die doeleindes van hierdie bespreking gebruik ek dus die term “vigs”, tensy die stelling eksplisiet na MIV ook verwys. Verder gebruik ek “vigs” in plaas van die eweneens korrekte “VIGS”, aangesien die gebruik van die akroniem in die hoofletter-formaat myns insiens vervreemdend te werk gaan en sodoende die stigma en politiese “andersheid” van vigs in vergelyking met ander terminale siektes versterk.

² Vigs word deesdae algemeen beskou as 'n pandemie. Ek verwys egter oor die algemeen na die tydperk waarin die eerste publieke kennis omtrent vigs gesirkuleer het, en in hierdie eerste inligting en reaksie is vigs verstaan as 'n “epidemie”.

profoundly affect the experience of disease, with no modern illness is this more the case than with HIV/AIDS”.

Die siening dat die ontvangs, beskouing en representasie van die vigs-epidemie gelade is weens sekere aannames, assosiasies en opvattinge uit tradisionele kulturele raamwerke – en dat vigs gevolglik gepolitiseer is en word – vind neerslag in die besprekings van vigs in die geesteswetenskappe (in teenstelling met medies-biologiese diskoerse, wat dikwels hierdie aspekte ontken of ignoreer). Vigs is egter nie dadelik as ’n besprekingspunt in die geesteswetenskappe erken nie: nadat dit in die vroeë tagtigerjare vir die eerste keer geïdentifiseer is as ’n siekte met ’n isoleerbare oorsaak, naamlik die HI-virus, het heelwat sogenaamde medies-wetenskaplike studies en navorsing daarvoor gevolg, sowel as die politiek-geïnspireerde aktivistiese diskoerse wat meestal op die praktiese aspekte van toetsing, diagnoseer en gesondheidsorg gefokus het. Dit is egter eers tydens die laat 1980’s en vroeë 1990’s wat vigs werklik ’n besprekingspunt in die geesteswetenskappe geword het. In hierdie studies is dit duidelik dat poststruktureelsteoriese idees – waardeur queer teorie (wat in dieselfde tyd ontwikkel het) ook beïnvloed is – sterk neerslag vind in die wyses waarop vigs beskou is.

In *Impure science: Aids, activism, and the politics of knowledge* eggo Steven Epstein (1996:3-4) byvoorbeeld Foucault se idee van mag as ’n deurdringende, verspreide netwerk. Hy reken dat, aangesien vigs ’n “gepolitiseerde epidemie” is, die sogenaamde wetenskaplike diskoerse omtrent vigs nie geanaliseer kan word “van die bopunt af na onder” asof dit lineêr gestruktureerd is nie. In stede hiervan behoort daar gekyk te word na die

...dispersal of fluxes of power throughout all the cracks and crevices of the social system; the omnipresence of resistance at every site; and the propagation of knowledge, practices, meanings, and identities out of the deployment of power. (Epstein, 1996:3-4)

Epstein fokus in sy boek op die kennis wat rondom en deur die vigsdiskoerse geproduseer is, en ondersoek veral die proses waardeur aansprake op kennis tot stand kom en waardeur kennis as “geloofwaardig” verklaar word. Dit sluit aan by Cindy Patton se seminale werk *Inventing AIDS* (1990) waarin sy argumenteer dat die representasies van vigs in die media en die wetenskap, sowel as die kulturele manifestasies daarvan soos gesien kan word in die effekte van kulturele instellings, tekens is van onderliggende magsverhoudinge: “By referring to meanings in different systems, the terms of AIDS discourse also relate to already-inscribed relations of power” (Patton, 1990:1). Hierdie uitgangspunt vorm die basis van haar hele projek, naamlik om die historiese verwysings en aannames (oftewel die narratiewe) te

ondersoek wat die sosiale reaksies op die vigs-epidemie verbind met sosiale instellings en hul magsverhoudinge.

In Patton se beskrywing van hoe sosiale kategorieë en identiteite deur aansprake op kennis geskep en gereguleer word, is 'n Foucauldiaanse siening van diskoerse, kennis en mag duidelik waarneembaar. Patton (1990:51) reken dat die instellings wat tot stand gekom het om inligting omtrent vigs te produseer en te kontroleer almal gegrond is op implisiete teorieë omtrent die rol wat kennis in die alledaagse lewe en in die werk van kenners soos wetenskaplikes speel. Die wyse waarop vigs binne mediese en sosiale diskoerse bespreek is na dit die eerste keer gediagnoseer is, het sekere sosiale rolle tot stand gebring: die subjekte van die diskoers, soos mediese wetenskaplikes, en die objekte van die diskoers, naamlik vigs pasiënte. Hierdie sosiale kategorieë dien om magsverhoudinge in stand te hou:

AIDS knowledge formations tended to silence people speaking out of character. These silencing effects are grounded in the political commitments which cordon off the knowledge of science into an unbreachable, unquestionable domain. (Patton,1990:51)

Gevolgtrek is dit die struktuur en dinamiek van hierdie “vigs-kennisformasies” wat meebring dat die vigsdiskoers vir baie lank 'n inherent veroordelende diskoers was – homofobies, seksisties, rassisties, en klas-diskriminerend – en in sommige gevalle steeds is. Jones (1993:227) som dit soos volg op:

The ‘fact’ of HIV infection, or of certain ‘opportunistic’ diseases, is given meaning through an interpretation that is in many cases itself *fictive*... the homophobia of scientists determined what questions they asked about the ‘facts’ of the epidemic, and how this made them see what they wanted to find: a ‘lifestyle’ and not a virus.

Alhoewel die vroeë studies, waarin Patton se *Inventing AIDS* saam met Susan Sontag se *AIDS and its metaphors* (1991[1989]) sleutelrolle gespeel het, nie doelbewus van 'n queer standpunt uitgaan nie, en sigself selde as “queer” bestempel, is die aansluiting by die uitgangspunte van queer teorie duidelik.³ Volgens sommige kritici is dit juis vigsaktivisme wat dit duidelik gemaak het dat die uitgangspunte en oogmerke van kontemporêre gay- en lesbiese politiek onvoldoende was om die krisis wat MIV/vigs binne gay gemeenskappe veroorsaak het, asook die hernude homofobie wat vigs meegebring het, te hanteer (Jagose, 2005:1981). Queer teorie het dus deels ontwikkel uit die behoefte aan 'n aktiewe reaksie op

³ Daar moet hier in ag geneem word dat selfs teorieë uit hierdie era wat by nabetraging as queer bestempel word, selde sigself as queer beskou het.

die negatiewe politiese impak van die dominante vigsdiskoerse op gay gemeenskappe, en by wyse van assosiasie ook lesbiese en ander gemeenskappe wat as seksueel afwykend beskou is.

Vroeë vigs-kritici het veral gefokus op die reaksie van die regerings in ontwikkelde lande soos Engeland, Noord-Amerika en Europese lande op vigs. Die wyse waarop daar op die epidemie gereageer is, al dan nie – in terme van gesondheidsorg, voorligting, toetsing, navorsing, befondsing vir navorsing en voorligting – is aanvanklik ondersoek in terme van kulturele magsverhoudinge. Later is hierdie studies selfs meer verfyn, en is die vigsdiskoers van nader bestudeer in terme van die produksie van kennis en die onderliggende magsverhoudinge wat kennisproduksie beheers. 'n Poststrukuralistiese opvatting van diskoerse is verder sigbaar in die feit dat heelwat akademiese besprekings van vigs gemik is op die raamwerke wat metafore voorsien waardeur vigs voorgestel word; asook op die ontleding van die taalkonstruksies wat binne die vigsdiskoers voorkom en kritiese ondersoek van die “kettings van betekenaars” wat onderliggend is aan populêre opvattinge rakende vigs, seksualiteit en identiteit.

As grondbeginsel erken vigs-kritici dus dat vigs nie 'n natuurlike, onveranderlike medies-wetenskaplike feit is nie, maar 'n diskoers, en dat die wyse waarop daar oor vigs en vigslyers gepraat word gevolglik sosiale konstrakte is wat in verhouding is en in verhouding tree met ander sosiale konstrakte rakende identiteit, seksualiteit, gender en geslag.⁴ Verder word veronderstel dat die kennis omtrent hierdie konstrakte deur magsverhoudinge geproduseer word met die doel om sekere magsverhoudinge in stand te hou. In hierdie kritiek word die struktuur en werking van die diskoers omtrent vigs bevraagteken, en terselfdertyd ook die normatiewe verhoudings wat deur hierdie diskoers geproduseer en in stand gehou word, byvoorbeeld gesond/siek; heteroseksueel/homoseksueel; monogaam/promisku; normaal/afwykend en lewe/dood.

In hierdie hoofstuk gaan daar eerstens kortliks verwys word na die aanvang van die vigs-krisis (dit wil sê die wyse waarop die eerste diagnosering en publiekmaking van inligting omtrent vigs sosiaal ontvang en beskou is) en ook hoe die sosiale persepsie van vigs in terme van algemene opvattinge en beskouings⁵ tans daar uitsien, dertig jaar nadat vigs die eerste keer gediagnoseer is. As deel hiervan sal verwys word na die aanvanklike mediese

⁴ Die sosiale konstrakte van ras, klas en selfs kriminaliteit is ook baie belangrik vir die vigsdiskoers, maar behalwe vir enkele gevalle waar dit die groter prentjie belig, gaan ek fokus op seksuele identiteit.

⁵ Ek fokus op die wyses waarop MIV/vigs in die groter kulturele milieus en diskoerse beskou word, op die ideologiese aspekte daarvan, en nie op die statistieke van infeksie nie.

beskouing van vigs; die wyse waarop die siening van gestigmatiseerde groepe wat eerste deur vigs geraak is, bygedra het tot die beskouing van vigs; asook die hermedikalisering van homoseksualiteit as gevolg van vigs. Hierna gaan ondersoek ingestel word na die raamwerke en narratiewe wat gebruik is om die oorsaak van MIV/vigs te verklaar, tesame met die taalgebruik wat algemeen binne die vigsdiskoers voorkom. Laastens sal gefokus word op die kettings van betekenaars wat met MIV/vigs geassosieer word, veral in terme van seksualiteit en homoseksualiteit.

3.2 Die verloop van die vigs-krisis

3.2.1 Aanvanklike diagnosering van vigs

Vigs word algemeen beskou as 'n relatief onlangse verskynsel, aangesien dit eers in die vroeë tagtigerjare as 'n siekte met 'n isoleerbare oorsaak gedefinieer is. Daar is egter verskillende faktore wat daartoe bygedra het dat vigs op daardie tydstip gediagnoseer en beskryf kon word, selfs al het dit moontlik reeds vroeër bestaan (sien Patton, 1990). Die mees voor die hand liggende rede hiervoor is die feit dat niemand van vigs as sodanig sterf nie, maar van infeksies wat die gevolg is van 'n verswakte immuunstelsel (Dean, 2009:70). Susan Sontag (1991:106) reken dat vigs as gevolg hiervan nooit werklik “vasgestel” kan word nie, maar slegs afgelei kan word:⁶

AIDS is a clinical construction, an inference. It takes its identity from the presence of some among a long, and lengthening, roster of symptoms (no one has everything that AIDS could be), symptoms which “mean” that what the patient has is this illness.

Aangesien daar geen direkte verband is tussen vigs en die siektes wat as simptome daarvoor beskou word nie, berus die diagnosering van vigs as die onderliggende oorsaak van skynbaar onverwante siektes op gevorderde mediese toetse om die aanwesigheid van teenliggaampies wat op MIV dui, aan te toon. Hierdie diagnoseringstegnieke is egter eers in die laat 1970's ontwikkel (Dean, 2009:70), en gevolglik kan vigs beskou word as 'n “nosological entity invented by postmodern medical technology”.

Afgesien van die tegnologie wat hierdie diagnosering moontlik gemaak het, moes daar eers vir wetenskaplikes rede gewees het om te vermoed dat daar 'n isoleerbare, onderliggende oorsaak was vir die verskeidenheid siektes wat hulle in die eerste vigslyers gesien het.

⁶ Dit dra by tot die gebrek aan 'n stabiele referent wat vigs kenmerk (sien 3.4.1).

Patton (1990:27) reken dat dit die sosio-politiese omstandighede van die vroeë tagtigerjare was wat die identifisering van vigs moontlik gemaak het (sien ook Altman, 1986:12). Om 'n moontlike epidemie te herken in die skynbaar onverwante sterftes van die eerste vigslyers, moes dokters eers beseef dat die mans 'n demografiese eienskap gemeen het – naamlik homoseksualiteit. Aangesien gay mans⁷ teen die laat 1970's, ná die relatiewe sukses van die sewentigerjare se bevrydingsbewegings, 'n sigbare gemeenskap was, was dit moontlik vir mediese wetenskaplikes om op grond hiervan die verwantskap aan te toon tussen andersins onverwante simptome.

Verder was dit ook belangrik dat homoseksualiteit op daardie tydstip grootliks gedemedikaliseer is van die sielkundige en mediese diskoerse wat dit vir baie lank as 'n siekte of patologie beskou het. Gay mans was dus 'n sosiale groep wat op die punt was om 'n status van “sosiale gesondheid” te verkry (Patton, 1990:128), en sodoende kon vigs as 'n isoleerbare siekte sigbaar word: dit het gemanifesteer in pasiënte wat andersins skynbaar gesond was. As voorbeeld van die rol wat kulturele aannames soos hierdie gespeel het in die diagnosering van vigs, verwys Patton (1990:128) na die sogenaamde “junkie pneumonia”-epidemie in New York in die laat 1970's. Alhoewel die dwelmverslaafdes wat in hierdie epidemie gesterf het simptome getoon het wat by nabetragting ooreenstem met dié van vigs, het dit relatief ongemerk verbygegaan aangesien, soos Patton dit stel: “no one was surprised that junkies were dying” (Patton, 1990:128).

Die verskyning van vigs onder jong gay mans wat oënskynlik fisies gesond was – en wat ook psigologies as gesond beskou is – het dokters egter genoop om 'n dieperliggende verklaring vir die sterftes te soek. Na aanleiding hiervan is 'n tentatiewe beskrywing geformuleer: GRID (Gay-Related Immune Deficiency) – 'n term wat Reiheld (2010:84) beskryf as “[a] diagnostic category mapped onto an existing stigmatized group”. Dié naam is eers na 'n jaar amptelik verander na die minder spesifieke “AIDS” of “vigs” (Hekma, 2006:342).

⁷ Daar word oor die algemeen onderskei tussen “homoseksueel” en “gay”. Die term “homoseksualiteit” dra nuanses van die medikalisering van begeerte tussen dieselfde geslag, terwyl “gay” meestal gebruik word om na identiteit en gemeenskap eerder as gedrag te verwys (Aldrich, 2006:11-12). Die (homofobiese) vigsdiskoers stel egter dikwels gedrag en identiteit gelyk aan mekaar. Dit steun ook op sowel die patologiserende diskoers van die medikalisering van homoseksualiteit as op die identitariese diskoers van gay bevryding. As gevolg hiervan is dit moeilik om in 'n bespreking van hierdie diskoers konsekwent te onderskei tussen “homoseksueel” en “gay”, en alhoewel ek gepoog het om hierdie onderskeid te handhaaf, word dié twee terme soms as sinonieme voorgehou.

3.2.2 Vigs onder gestigmatiseerde sosiale groepe

Alhoewel vigs in die ontwikkelde lande grootliks met gay mans geassosieer is, het nuwe gevalle onder ander sosiale groepe bloot stigmatisering van die toestand versterk. Die feit dat die eerste gevalle van vigs voorgekom het – of raakgesien is – onder groepe wat reeds sosiaal gestigmatiseerd en gemarginaliseerd was (soos homoseksuele mans, binnearse dwelmgebruikers, prostitute en mense van 'n gemarginaliseerde sosio-ekonomiese groep, naamlik Haïtiane, en later ook Afro-Amerikaners) het 'n wye politiese impak gehad. Die persepsie was dat vigs 'n siekte van die “ander” was: “a disease of, or contracted from, dangerous others, AIDS is perceived as afflicting... the already stigmatized” (Sontag, 1991:113).

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie gestigmatiseerde groepe nie tot stand gekom het as gevolg van vigs nie, maar dat hulle reeds voor die verspreiding van die vigsepidemie gestigmatiseerd was binne 'n heteronormatiewe, rassistiese, klasverdeelde samelewing. Vigs het bloot diepliggende kulturele magte gemobiliseer (Watney, 2000:3), en terselfdertyd het hierdie magte 'n invloed gehad op die persepsie van vigs. Die sosiale betekenis van vigs het tot stand gekom deur die verhouding tussen vigs en vooroordele omtrent ras, klas, seksualiteit en verslawing (Patton, 1990:25). Na aanleiding hiervan beweer Epstein (1996:10-11) dat die kulturele betekenis van vigs nou verbind is aan die kulturele opvattings rakende die sosiale groepe wat die meeste deur vigs geraak word:

Unlike many other diseases, which affect the population in a relatively random fashion, AIDS has had a strikingly uneven impact, being disproportionately prevalent within specific groups, subcultures, and communities... From the start – and up to the present day – AIDS has been understood both in epidemiological and lay parlance as a disease of certain already-constituted social groups distinguished by their 'lifestyle', their social location, or both. The result is that the very meaning of AIDS has been bound up with the cultural understanding of what such groups are like, while the very identity of the groups has been shaped by the perception of them as 'the sort of people who get this illness.'

Soos Epstein hier suggereer, het die aanvanklike demografiese verspreiding van vigs komplekse kulturele gevolge gehad. Vigs het reeds-bestaande sosiale stigmas bevestig en versterk,⁸ soos Halperin (2007:23) dit stel: “epidemiological evidence provides a convenient

⁸ Sien ook Patton (1990) se afdeling getiteld *The invention of African AIDS* vir 'n bespreking van hoe kulturele vooroordele omtrent die “Ander” en Afrika as “the heart of darkness” die diskoers rondom “Afrika-vigs” gevorm het.

vehicle for ratifying moral and psychological judgments against those who are already devalued on the grounds of sexuality or race (or both)” (sien ook Reiheld, 2010:84).

Terselfdertyd het die sosiale stigmas wat verbind word met groepe wat as hoë-risiko beskou is daartoe gelei dat vigs, per assosiasie, gestigmatiseer word.⁹ Die betekenis en waardes wat reeds aan hierdie gestigmatiseerde groepe toegeken is op grond van hulle gedrag en leefstyl, het die publieke siening van vigs gevorm. Epstein (1996:31) reken dat ’n verskeidenheid van “apparently tangential beliefs and values” – soos houdings jeens homoseksualiteit, promiskuiteit en dwelmgebruik – oorgedra is na die etiologiese debatte rondom vigs. Herek *et al.* (2005:16) verwys na hierdie verskynsel as “simboliese stigma”, waar daar ’n samesmelting is van die stigma wat met vigs as ’n siekte geassosieer word, en die stigma wat geassosieer word met die groepe wat in populêre opvattinge met vigs verbind is. Vigs word dus ’n “vehicle for expressing hostility toward sexual minorities and injecting drug users”¹⁰ (Herek *et al.*, 2005:16); of soos Edelman (1993:9-10) dit stel: vigs as betekenaar “both connotes and denominates a dense and contradictory array of medical diagnoses, social experiences, projective fantasies, and ‘political’ needs”.

Die minderheidsgroepe wat die ergste onder die vigs-verwante stigma gelei het – soos gay mans, binne-aarse dwelmgebruikers, en prostitute – word grootliks gedefinieer in terme van sosiaal-onaanvaarbare gedrag. Aangesien hulle ook gedefinieer word in terme van vigs, word vigs en sosiaal-onaanvaarbare gedrag aan mekaar verbind, soos duidelik is in Cole (2003:280) se siening dat veral die hoofstroom-media vigs karakteriseer as die bewys van immorele gedrag en leefstyle wat identiteitskategorieë aandui,¹¹ asook Sontag se stelling dat vigs beskou word as ’n straf op sekere gedrag wat deur die samelewing afgekeur word (1991:112).

Van al die groepe wat deur hierdie vooroordeel geraak is, is dit egter veral gay mans wat gestigmatiseer is. Alhoewel die voorkoms en verspreiding van MIV/vigs soveel verskil van een land tot ’n ander, en so sterk afhanklik is van sosiale en politiese faktore dat dit nie sin

⁹ Hier kan verwys word na Watney (1996:3) se stelling dat vigs, in ontwikkelde lande, wesenlik ’n private epidemie is – wat aansluit by die onderdrukkende dualisme tussen publieke heteronormatiewe en private queerheid wat reeds in die tweede hoofstuk aangeraak is (vgl. 2.2).

¹⁰ In hierdie stelling, sowel as die aanhaling van Halperin (2007:23) voor dit, is die suggestie dat vigs ’n “vehicle” is van ’n metafoor waar vyandigheid teenoor vigslyers oorgedra word op seksuele minderhede. Vigs as ’n metafoor, ’n proses waar tekens vervang en betekenis uitgestel word, is ’n belangrike beskouing vir die poging om die vigsdiskoers te queer. Dit sal in meer detail bespreek word in 3.4, ’n afdeling oor die kettings van betekenaars wat binne die vigsdiskoers operatief is.

¹¹ Hierdie siening hou implikasies in vir die samesmelting van gedrag en identiteit, wat in 3.4.3 bespreek sal word.

maak om die oorsaak daarvan by gay mans te soek nie, is die stigmatisering van gay mans byvoorbeeld in Noord-Amerika, volgens Halperin (2007:34), nog steeds baie sterk. Ook Herek *et al.* (2005:30) wys uit dat, in die persepsie van self-geïdentifiseerde heteroseksuele persone, homoseksualiteit steeds gelykgestel word aan MIV-positiwiteit en vigs. Hierdie stigmatisering het ook 'n hernude intensiteit in homofobie meegebring, soos blyk uit Ruel en Campbell (2006) se studie wat aantoon hoe die opkoms van MIV/vigs in Noord-Amerika 'n direkte korrespondensie getoon het met vlakke van onverdraagsaamheid jeens homoseksuele persone en gedrag.

Die stigmatisering van vigs en gay identiteit is egter nie bloot 'n gevolg van eksterne homofobie nie, maar het ook 'n invloed op gay mans se siening van hul eie identiteit. Van al die groepe wat met vigs geassosieer word, is gay mans die groep wie se identiteit die meeste gevorm is deur die konfrontasie en assosiasie met die epidemie (Epstein, 1996:11). Hierdie tendens is selfs in 2009, drie dekades na die eerste diagnosering van vigs, duidelik. Dean (2009:7) toon aan dat alhoewel die “kas” rondom homoseksualiteit toenemend irrelevant geword het, dit grootliks vervang is met die “closet around serostatus”, oftewel die stigma van MIV-positief wees en die gevolglike stilswye oor serostatus. Hy gaan verder deur aan te toon dat die gesondheidskwessies van gay mans tans gesentreer is rondom MIV/vigs, in so 'n mate dat seks tussen twee mans feitlik gereduseer word tot kwessies rakende die moontlike oordrag van die MIV-virus (Dean, 2009:11-13).

Te oordeel na onlangse studies oor manlike gay identiteit, riskante seks en MIV/vigs, soos dié van Halperin (2007), Adam (2009) en Dean (2009), is kwessies omtrent MIV/vigs steeds van uiterste belang vir gay mans. Verder dui die probleme wat deur hierdie studies – veral dié van Halperin en Dean – aangespreek word daarop dat die hermedikalisering van homoseksualiteit wat deur vigs meegebring is, 'n onontkenbare aspek van kontemporêre beskouings van gay identiteit uitmaak.

3.2.3 Hermedikalisering van homoseksualiteit

David Halperin (2007:1) begin sy studie getiteld *What do gay men want?: an essay on sex, risk, and subjectivity* met 'n beskrywing van wat hy die “patologisering van homoseksualiteit” noem:

For more than a century, any deviation from very strict standards of normative gender presentation and heterosexual behavior had been considered, and treated, as the sign of psychological illness – as a symptom of a diseased state, variously described as “moral

insanity”, “sexual perversion”, “personality disorder”, “mental illness”, or “maladjustment”, but characterized in any case as a kind of abnormal psychology. Even as late as the 1970s and 1980s, many reputable psychiatrists and psychoanalysts continued to maintain in all seriousness that homosexuals were sick. And as recently as 1999, a prominent psychologist could speculate, in the pages of a scientific publication, that “homosexuality represents a deviation from normal development and is associated with other such deviations that may lead to mental illness.”¹²

Halperin stel dit nie as sodanig nie, maar hierdie siening van homoseksualiteit as ’n sielkundige afwyking, persoonlikheidsversteuring, geestesafwyking of perversie, hang saam met die historiese proses wat Foucault beskryf in sy *The will to knowledge*, naamlik dat homoseksualiteit as ’n identiteit ’n negentiende-eeuse konstruksie is, ’n konstruksie wat korrespondeer met die samesmelting van gedrag en identiteit. Die demedikalisering van homoseksualiteit – met ander woorde die pogings om bogenoemde omskrywings ongeldig te verklaar – was ’n belangrike politiese doelwit van die gay bevrydingsbewegings sedert die 1950’s. Teen die einde van die 1970’s is dié doel grootliks bereik en is homoseksualiteit in ’n groot mate losgemaak van mediese en sielkundige diskoerse daaroor (Loughery, 1998:422).

Indien die demedikalisering van homoseksualiteit dit moontlik gemaak het om vigs as ’n siekte te identifiseer, soos wat Patton (1990:128) aanvoer, het die assosiasie van vigs met gay mans die situasie egter weer omgekeer. Volgens Epstein (1996:5) is die feit dat vigs eerste in gay mans gediagnoseer is en dat self-geïdentifiseerde gay mans in die tagtigerjare oor die algemeen aan ’n hoër inkomste-groep behoort het wat toegang gehad het tot mediese dienste wat in staat was om vigs te diagnoseer, nie voldoende om te verklaar hoekom vigs in so ’n mate met gay mans geassosieer is dat dit aanvanklik “GRID” (Gay-Related Immune Deficiency) genoem is nie.

Epstein (1996:50) reken eerder dat gay mans gesien is as waarskynlike slagoffers van ’n mediese sindroom omdat hulle seksualiteit in ’n sekere mate steeds binne mediese diskoerse beskou is as afwykend. Ongeag die verandering in die politiese klimaat, het die bestaande korpus van mediese kennis wat homoseksualiteit met siekte verbind, epidemioloë en dokters in staat gestel om hul hipotese te bevestig dat homoseksualiteit en vigs aan mekaar verwant is. Hiervolgens was vigs as ’n terminale mediese toestand “te verwagte” in iemand wat, volgens die medies-sielkundige diskoers rondom homoseksualiteit, reeds aan ’n “mediese toestand” gely het.

¹² Die “prominente sielkundige” waarna Halperin hier verwys is J. M. Bailey, 1999, “Homosexuality and mental illness”, *Archives of General Psychiatry*, 56(10):883-884.

Na aanleiding van hierdie sienswyse het die mediese diskoers die fokus verskuif van MIV-positiwiteit as 'n gevolg van 'n infeksie deur 'n virus, na MIV-positiwiteit as 'n noodwendige gevolg van die sogenaamde homoseksuele weiering om heteronormatiewe voorskrifte rakende seks, seksuele verhoudinge en seksuele praktyke te aanvaar (Loughery, 1998:422). Sodoende is teruggegryp na 'n vroeëre verstaan van homoseksualiteit in terme van siekte: “[t]he diseased child molesters of the 1940s became the disease-spreading debauchees of the 1980s” (Loughery, 1998:422). Hier vind daar dus ook 'n wederkerige gelykstelling plaas: omdat homoseksuele mans vir lank as siek beskou is, kon vigs geïdentifiseer word as 'n “gay siekte”; en terselfdertyd het vigs as 'n bewys gedien dat daar wel fisies “iets fout is” met homoseksuele mense.

Hierdie tendens is steeds te sien in die huidige besprekings rondom homoseksualiteit en vigs wat grootliks gefokus is op die medikalisering van homoseksualiteit en 'n stigmatisering van vigs. Halperin (2007:11) identifiseer byvoorbeeld die sentrale vraag van kontemporêre diskoerse rondom vigs en homoseksualiteit as: “Hoekom het sommige gay mans steeds riskante of onveilige seks?” Spekulasies soos dié weerspieël duidelik 'n gemedikaliseerde siening van homoseksualiteit, “a style of reasoning that distinguishes ‘healthy’ from ‘unhealthy’ behavior, and thereby tends to smuggle into an ostensibly scientific analysis many stealth assumptions about good and bad sex, functional and dysfunctional subjectivity, proper and improper human subjects” – iets wat uiteindelik 'n psigopatologiese raamwerk vir denke omtrent gay manlike subjektiwiteit laat herleef (Halperin, 2007:30).

Om hierdie tendens binne konteks te plaas, kan verwys word na Halperin se voorbeeld van die aantal mense wat nie konsekwent hul veiligheidsgordels dra nie en sodoende op 'n gereelde basis die risiko neem om in 'n motorongeluk te sterf – gedrag wat egter nie kommer wek oor hul geestesgesondheid nie (Halperin, 2007:23). In teenstelling hiermee word die veronderstelde risiko van MIV-infeksie wat homoseksuele mans neem, beskou as 'n teken van 'n patologiese doodsdrang (sien ook Dean, 2009). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat enige diskoers aangaande vigs en homoseksualiteit steeds sterk steun op kulturele aannames rakende die medikalisering van homoseksualiteit en die stigma van vigs, sowel as ander kulturele raamwerke of narratiewe wat sosiale betekenis aan vigs verleen.

3.3 Raamwerke/metafore/narratiewe om vigs te verklaar

Die taalgebruik van die vigsdiskoers word op verskillende manier gekarakteriseer. Altman (1986:9) identifiseer sekere verklarende raamwerke waarbinne 'n siekte soos vigs geplaas word, terwyl Lee Edelman verwys na mitologieë en narratiewe – “vile mythology” (1993:12) en “apocalyptic narratives” (1993:19). Dean (2009:7) verkies ook die benaming “narratiewe” as hy verwys na “argaïese narratiewe” wat gebruik word om 'n postmoderne siektetoestand te verstaan, soos 'n homofobiese narratief van besmetting, besoedeling, sonde en straf (of, veel minder algemeen, 'n positiewe narratief, soos die “barebacking” subkultuur se idee van inisiasie, die uitruil van geskenke en verwantskap). Halperin (2007:33) gebruik op sy beurt die metafoor van “ikone” om aan te toon hoe gay mans gekonstrueer word as fantasmagoriese figure soos demone en monsters.

Behalwe vir die verwysing na “ikone” – wat in die semiotiek gesien kan word as 'n teken wat lyk soos die voorwerp waarna dit verwys, of 'n teken wat ooreenkom met die betekenis daarvan (Van der Merwe & Viljoen, 1998:113) – verwys “mitologie”, “raamwerk” en “narratief” almal na singewende strukture. Na aanleiding van die OED (2011) kan 'n “mitologie” gesien word as 'n storie wat 'n verduideliking bied vir 'n andersins onverklaarbare verskynsel, of soos Steenberg (1992:312) dit beskryf: “'n verhaal wat in eenvoudige taal gestalte gee aan 'n standhoudende waarheid oor die wesensaard van die werklikheid” en wat as singewende struktuur “in noue verband met lewensbeskouing en verwagtingshorison” staan (Steenberg, 1992:314). “Raamwerke” en “narratiewe” kan in hierdie konteks gesien word in aansluiting by die kognitiewe narratologie se gebruik van die terme “rame” en “skripte”, wat verwys na voorafbestaande verwagtinge (Herman, 1997:1047) wat as't ware in 'n samelewing se kollektiewe geheue gestoor is.¹³

In hierdie terminologie wat skrywers gebruik om die taalgebruik van die vigsdiskoers te karakteriseer in terme van mites, raamwerke en narratiewe kan twee eienskappe geïdentifiseer word: die mites, raamwerke of narratiewe maak aanspraak daarop om 'n universele of standhoudende waarheid voor te stel, en skep terselfdertyd sekere verwagtings. Die menslike gebruik om verskynsels wat as nuut beskou word binne bestaande en bekende raamwerke te plaas in 'n poging om sin te maak en te verklaar, word algemeen aanvaar. Die raamwerke wat gebruik word verleen egter nuanses en assosiasies aan die verskynsel, onder andere deur verwagtinge te skep – vergelyk Sontag (1991) vir 'n

¹³ 'n Raam verwys na 'n verstaansraamwerk wat gebaseer is op 'n statiese situasie, of 'n spesifieke punt in tyd, terwyl 'n skript verwys na 'n opeenvolgende reeks van gebeure wat binne 'n tydsekwens plaasvind (Herman, 1997:1047).

bespreking van hoe die metafoor van oorlog in die sin van “war against AIDS” die verwagting skep dat daar onskuldige slagoffers in teenstelling met brutale vyande is – en sodoende word die kennis wat rondom die nuwe verskynsel gegenereer word, beïnvloed. Anders gestel: narratiewe uit bestaande diskoerse word gebruik as raamwerke waarbinne ’n nuwe diskoers tot stand kom en gevolglik word die eienskappe en kenmerke van die oorspronklike diskoers oorgedra op die nuwe een.

Epstein (1996:21) se beskouing van raamwerke sluit hierby aan: hy gebruik “framing” as ’n metafoor om die konstruktiewe dimensie van diskoerse in verskillende areas van sosiale praktyke te beskryf. Vir Epstein (1996:50) is die mag van ’n raamwerk as ’n organiserende beginsel van ervaring daarin geleë dat dit te werk gaan om alternatiewe interpretasies uit te sluit. Dit sluit aan by Foucault se idee dat diskoerse voortspruit uit magsverhoudinge en dan te werk gaan om daardie magsverhouding te ondersteun: die dominante magsverhouding onderliggend aan die diskoers wat die raamwerk aktiveer (of kennis genereer na aanleiding van die gegewe raamwerk) skryf die interpretasie van ervaring voor en verhinder sodoende ’n uitdaging van die onderliggende magsverhouding.

Soos Epstein (1996:21) dit stel:

Different actors will seek to frame AIDS, or construct knowledge, or assert their claims to expertise in quite different ways depending in part on their interests, their social locations, and the organizations to which they belong. By means of these framings, credible knowledge is both assembled and taken apart.

In terme van vigs is die raamwerke wat aanvanklik gebruik is om sin daaraan te gee meestal ontleen aan ’n Christelik-godsdienstige diskoers – sonde en straf; demonisering; boetedoening – asook, in ’n mindere mate, ’n wetlike diskoers van kriminaliteit en straf. Selfs in latere narratiewe is die oorwegende raamwerke steeds gebaseer op verantwoordelikheid en straf. Hierdie oorvleueling van diskoerse is eerstens ’n gevolg van die praktyk waar narratiewe uit ander diskoerse gebruik word om ’n singewende raamwerk vir ’n “nuwe” diskoers te bied. Terselfdertyd is dit ook ’n gevolg van die deurdringende magsnetwerke van diskursiewe praktyke waar die vasstelling en stabilisering van iets in een diskoers die kodifisering daarvan in ander diskoerse meebring. Binne die vigsdiskoers word die patologie wat binne ’n psigopatologiese diskoers aan homoseksuele gedrag toegeken word, saamgesmelt met die sonde wat in ’n Christelik-Bybelse diskoers deur God met die dood gestraf word, en verder ook verbind met die kriminele oortreding wat deur die gereg gestraf moet word binne ’n wetlike diskoers.

Die Christelik-godsdienstige diskoers waarbinne vigs geles word as straf op sondige begeerte bied verskillende narratiewe as verklaring van hierdie siening. Edelman (1993:15) identifiseer Genesis en die sondeval-verhaal, 'n teks wat volgens hom die algemene kulturele samestelling van die Weste gevorm het: "In this version of a now familiar quasi-Miltonic speculation on the origins of "AIDS", the gay male anus as the site of pleasure gives birth to "AIDS" as a figuration of death" (Edelman, 1993:16). Vir Sedgwick (2008:127) is dit die verhaal van Sodom en Gomorra wat die vernaamste Bybelse narratief onderliggend aan die geskiedenis van homofobie is. Sy reken dat, ten minste sedert die gebeure by Sodom en Gomorra

...scenarios of same-sex desire would seem to have had a privileged, though by no means an exclusive, relation in Western culture to scenarios of both genocide and omnicide... [Sodomy is] inscribed with the name of a site of mass extermination... a fantasy trajectory, utopian in its own terms, toward gay genocide has been endemic in Western culture from its origins. (Sedgwick, 2008:128)

Ook Woods (1998:369-370) verwys na Bybelse narratiewe om die reaksie op vigs binne 'n groter historiese raamwerk te plaas. Volgens hom het die vigsepidemie nie die wyses waarop homoseksualiteit deur 'n heteronormatiewe samelewing beskou is radikaal verander nie, maar het dit eerder bestaande persepsies verder gevestig in twee tendense wat reeds voor die aanvang van vigs sigbaar was, naamlik:

...the self-destructive pervert whose sexual acts are so extremely and obviously "against Nature" as to call down the righteous wrath of God more or less exactly in the manner of the eradication of Sodom; and, on the other hand, the diseased victim whose condition demands not blame but compassion, not punishment but prayers. (Woods, 1998:369)

Alhoewel hierdie twee tendense skynbaar onderskei kan word as 'n morele model van homoseksualiteit (naamlik gedrag wat die regverdige toorn van God verdien) en daarteenoor 'n mediese beskouing daarvan (naamlik die sieklike slagoffer), reken Woods dat hierdie twee sienings 'n basiese voorveronderstelling in gemeen het. Beide beskouings bevat nuanses van sonde, en beide is duidelik gegrond in godsdienstige geskiedenis en korrespondeer met ideologieë wat steeds binne die Christelike kerke, en selfs Judaïsme en Islam, gepropageer word (Woods, 1998:370).

Robinson (2008:57) verwys bloot na 'n "Ou Testamentiese interpretasie vir die epidemie" waar vigs die straf is op afwyking, en Altman (1986:12) is selfs minder spesifiek, alhoewel sy beskrywings steeds na 'n Christelik-godsdienstige narratief verwys: "AIDS provided a

godsend to [right-wing moralists], quite literally, in the eyes of the religious right.” Hierdie “godgegewe” was naamlik dat vigs as herbevestiging voorgehou kon word van tradisionele veroordelings van homoseksualiteit wat tydens die bevrydingsbewegings van die 1970’s gewildheid verloor het; maar impliseer ook dat vigs beskou is as ’n Goddelike en welverdiende straf op sonde (Altman, 1986:25) en as die toorn van God (1986:11). In terme van ’n Christelik-godsdienstige diskoers word vigs dus beskou as “punishment for promiscuity – the wages of sin” – oftewel die straf op die sonde van afwykende seksuele begeerte wat as homoseksualiteit geïnterpreteer word (Dollimore, 2001:xi).

Die idee dat siekte ’n straf op sonde of sosiale verval is, sluit meer spesifiek aan by ’n Middeleeuse godsbeskouing en morele oorsaakleer, waarvolgens die plaag gesien word as die Goddelike straf op sosiale verval en agteruitgang (Altman, 1986:10; Sontag, 1991:131). Die plaag – “metaphorically... the highest standard of collective calamity, evil, scourge” (Sontag, 1991:130) – is een van die mees algemene raamwerke waarbinne die vigsepidemie gesien word (Sontag, 1991:130). Hierdeur herleef ’n Middeleeuse morele oorsaakleer: die siekte word gesien as ’n uitwendige en sigbare teken van ’n innerlike verdorwenheid van die siel (Watney, 1988:79).

Dit is egter nie net binne ’n Christelik-godsdienstige diskoers dat homoseksualiteit gesien word as strafbaar nie. Loughery (1998:432) merk op dat vigs beskou word as “chastisement, by nature if not by God.” Ook Shepard (2009:41) beskryf die reaksie op die MIV/vigsepidemie as ’n narratief van vergelding, waarin die epidemie gesien word as die natuur se wraak op die “onnatuurlike” praktyk van homoseksualiteit. Hierdie “wraak” kan ook gelees word as ’n heteronormatiewe fantasie deurdat MIV/vigs, siekte en dood beskou word as “the fatal price... that our society would prefer to exact from [gay men]” (Halperin, 2007:91). Selfs al word hierdie straf of prys nie direk geïnterpreteer as komende vanaf ’n eksterne bron nie, is die narratief van straf steeds duidelik, selfs in geïnternaliseerde narratiewe. Robinson (2008:57) merk byvoorbeeld op: “[I]t was difficult for gay men not to think that they were being punished because their sexual and affective relations deviated from the conventional model of monogamous heterosexuality.” Selfs so laat as 2002 het Robinson (2008:58) die effekte van vigs-verwante homofobie opgemerk in onderhoude wat hy in daardie jaar met gay mans gevoer het wat ná 1990 volwassenheid bereik het.

’n Ander kenmerkende narratief wat gebruik word om betekenis aan vigs te verleen, is die een van kriminaliteit. Dit stem ooreen met die narratiewe van sonde en straf, deurdat siekte gesien word as straf op afwykende gedrag (Dean, 2009:69) maar sluit aan by die feit dat homoseksuele gedrag vir baie lank in die Westerse samelewing gekriminaliseer is. Verder

reken Altman (1986:25) dat dit die fundamentalistiese idee dat vigs 'n Goddelike en welverdiende straf is wat aanleiding daartoe gegee het dat gay mans geblameer is vir die ontstaan van vigs, en gevolglik dat heteroseksuele mense wat geïnfecteer is “onskuldige slagoffers” is. In hierdie narratief is gay mans dus “kriminele” of “moordenaars” wat op 'n manier “onskuldige” heteroseksuele mense infekteer.

Die kriminele narratief het ook 'n ander sy. Halperin (2007:41-42) reken byvoorbeeld dat die dominante siening dat risiko nie bloot verminder moet word nie, maar geëlimineer behoort te word, veroorsaak dat gay mans – en volgens hierdie diskoers geld hierdie siening slegs vir gay mans – wat hulself aan onveilige seks skuldig maak, as “criminals or traitors” gebrandmerk word. Die strafbare kriminele daad is hier nie om MIV-positief te wees nie, maar vir die gay man om enigsins homself toe te laat om die virus op te doen. Na aanleiding hiervan bring die vigs-epidemie grootliks 'n hermoralisering van siekte teweeg, soos Dean (2009:61) dit stel: “Once again you can be held morally accountable for the state of your physical well-being.”

Die gevolgtrekking van hierdie beskouing is dat die infeksie deur MIV beskou word as 'n aanduiding van “willful degradation” (Patton, 1990:128), “a calamity one brings over oneself” (Sontag, 1991:111). Hierdie logika is ook terugwerkend, soos Patton (1990:128) dit stel: “anyone who ‘gets AIDS’ relinquishes any claim to prior healthiness, prior normality.” Aangesien vigs die pasiënt se eie skuld is, beteken dit hy/sy moes iets gedoen het om dit te kry, wat beteken dat hy/sy toe reeds nie normaal of gesond was nie, en dus verdien het om dit te kry.

Die verskeie narratiewe en raamwerke wat gebruik word om vigs te verklaar, word weerspieël in die taalgebruik van die vigsdiskoers:

AIDS words – the linguistic constructs used to talk about AIDS – are never simply “facts” or “truths” but take on particular meanings at particular times, and are understood differently by different people. (Patton, 1990:45)

Een van die mees algemene verskynsels in die taalgebruik van vigs is die verwysing na vigslyers as “slagoffers”, wat onmiddellik 'n nuanse aan vigs verleen as nie 'n ondenkende virus wat bloot lukraak toeslaan nie, maar 'n doelbewuste moordenaar. Loughery (1998:422) som dit as volg op:

A rise in breast cancer cases signaled an “epidemic”, but AIDS announced a “plague,” even something as scientifically anomalous as a “gay plague.” People with cancer were cancer

“patients”: people with AIDS were AIDS “victims.” There were “innocent” contractors of the virus (children, hemophiliacs, the spouses of IV drug users and bisexual men) and, by extension, those who were guilty of courting the disease (IV drug users who shared needles and men who were sexually active with other men) for whom too much sympathy would be displaced.

3.4 Kettings van betekenaars

Soos reeds genoem, is die aannames en stigmas rondom MIV/vigs grootliks die resultaat van verskeie gelykstellings tussen disparate kategorieë en kettings van betekenaars wat kruis en op mekaar inwerk. Na aanleiding van Foucault se beskouing van diskoerse kan gesê word dat die vigsdiskoers sowel 'n resultaat is van sekere kulturele aannames (wat voortkom uit heteronormatiewe magsverhoudinge) as die instrument wat hierdie aannames versterk en daaraan die status van “kennis” verleen.

Hierdie “kennis” is grootliks gebaseer op aannames wat berus op ongeldige samesmeltings en kettings van betekenaars, soos Treichler (1989:32) se benaming van vigs as 'n “epidemic of signification” aandui. Die onderliggende probleem, wat die ongeldige samesmeltings en kettings van betekenaars moontlik maak, is die aanname van 'n kern-referent, 'n absolute betekenis wat sin gee aan al die betekenaars wat daarna verwys. Hierdie aanname manifesteer in die magdom gelykstellings binne die vigsdiskoers, waar aanvaar word dat een van die terme binne 'n gelykstelling noodwendig as 'n teken dien terwyl die ander term dan as referent voorgelê word. In 'n wederkerende – heen en weer, oor en weer – oordrag van betekenis word 'n stelling soos “homoseksualiteit = siekte” dan 'n dubbele proses waardeur homoseksualiteit as 'n teken verwys na siekte as 'n betekende, terwyl siekte as teken verwys na homoseksualiteit as betekende. Sodoende word aannames omtrent die een term oorgedra op die ander.

Volgens hierdie proses dien vigs – 'n toestand wat op sigself geen referent het nie – as 'n betekende vir 'n verskeidenheid van ander “afwykings”; en terselfdertyd word aannames oor hierdie “afwykings” betekenaars vir vigs as siektetoestand. As 'n kritiese ondersoek na die wyse waarop hierdie wederkerende oordrag van betekenis te werk gaan, sowel as die effek wat dit het op die siening van vigs en homoseksuele begeerte en identiteit, gaan ek eerstens verwys na die problematiek rondom die signifikasie van MIV/vigs en, verwant hieraan, hoe die liggaam instaan as betekenaar van 'n verbeelde betekende. Daarna gaan verwys word na die samesmelting van en oordrag van betekenis tussen gedrag en identiteit; seks en dood; homoseksualiteit en siekte; en homoseksualiteit, siekte, vigs en dood.

3.4.1 Die gebrek aan 'n stabiele referent van vigs

Die signifikaasie van vigs word geïmplementeer deur die feit dat vigs op sigself “onsigbaar” is. Wat wél sigbaar is, is die opportunistiese infeksies wat gebruik maak van die liggaam se verswakte immuunstelsel as gevolg van MIV-positiwiteit – ’n status wat op sigself “onsigbaar” is, aangesien die aanwesigheid van MIV slegs bepaal word deur die aanwesigheid van teenliggaampies daarvoor. Vigs het dus geen referent nie, maar slegs die tekens van simptome van opportunistiese infeksies soos byvoorbeeld Karposi’s sarcoma, wat skynbaar ’n gevolg is van MIV, wat óók geen referent het nie en afhanklik is van die tekens van teenliggaampies (wat eintlik ook in ’n mate “onsigbaar” is, aangesien daar op hierdie stadium van die siekte geen simptome is nie, en die MIV-toets nodig is om sero-positiwiteit te bepaal).

Susan Sontag (1991:113) beskryf vigs gevolglik as “more a product of definition or construction than even a very complex, multiform illness as cancer” en beskryf verder hierdie problematiek as volg:

The first major illness known by an acronym, the condition called AIDS does not have, as it were, natural borders. It is an illness whose identity is designed for purposes of investigation and with tabulation and surveillance by medical and other bureaucracies in view. Hence, the unselfconscious equating in the medical textbook of what is empirical with what pertains to surveillance... (Sontag, 1991:114)

Hierdie stelling suggereer dat die projeksie van ’n kernreferent ’n gevolg is van die behoefte aan iets “waarneembaars”, met ander woorde, die behoefte daaraan om ’n sigbare teken te hê gaan gepaard met die aanname dat die teken ’n referent het, en dat dit dui op ’n vaste “identiteit”. In aansluiting hierby word MIV en vigs dikwels saamgesmelt tot “MIV/vigs”. Hierdie twee terme word gelyk gestel asof hulle een referent deel en bloot twee betekendes het ter wille van volledigheid. Dit veronderstel dat MIV en vigs in ’n lineêre, kousale verband met mekaar staan, ’n “linear narrative progressing ineluctably from a determinate beginning to a pre-determined end” (Edelman, 1993:10) – ’n lineêre narratief van “seksuele misdryf = MIV = vigs = dood”, wat ’n impak het op die aanname van “homoseksualiteit = dood” via die vergelyking van “homoseksualiteit = vigs = dood”.

Verder is die samesmelting van MIV as die veronderstelde aanduier van vigs met vigs as die effek of teken daarvan ook problematies. Edelman (1993:10) verwys na hierdie praktyk as “referential violence” wat hy omskryf as

a conflation that rhetorically identifies the effect with the medical indicator of the putative cause as if such referential violence could, paradoxically, reinforce the coherence of “AIDS” by achieving its totalization and its ideological compaction.

Dit is dan die kernprobleem van die signifkasië van vigs: dit is nie ’n samehangende entiteit met ’n eenvoudige betekenaar/betekende-tweeluik nie; nie as ’n mediese toestand nie, en ook nie as ’n kulturele verskynsel nie. Edelman (1993:9-10) dui die onsamehangendheid en ondefinieerbaarheid van vigs as ’n mediese toestand aan deur te verwys na die voorgename aanpassing van die definisie van vigs in 1991. Die voorgestelde definisie sou die amptelike klassifikasies van vigs sodanig verander het dat dit die aantal Amerikaners wat op daardie tydstip amptelik aan vigs gely het, sou verdubbel het. Teen die tyd van hierdie projek was daar reeds ’n veertien-bladsy lange klassifikasie van vigs deur die regering, maar selfs “a ‘14-page definition’ cannot secure the referential adequacy of “AIDS”” (Edelman, 1993:10).

Die gebrek aan selfs ’n stabiele mediese betekenaar bring mee, volgens Edelman (1993:9), dat vigs nooit as ’n onderwerp van enige skrywes kan dien nie. ’n Onderwerp of subjekposisie “engages an economy of reference” – iets wat vigs nie het nie:

“AIDS,” in the first place, and on the most literal level, lacks a coherent medical referent, remaining a signifier in search of the determinate condition or conditions it would signify. A diagnostic term describing the state in which the immune system – compromised through HIV infection – can no longer ward off certain officially designated opportunistic diseases, “AIDS” constitutes [an] unstable signifier even in the arena of medical discourse.

Enige skynbaar samehangende diskoërs omtrent vigs is dus ’n illusie wat noodwendig berus op “referential violence”, wat ’n magdom ideologiese aannames insluit. Deur “AIDS” in aanhalingstekens te plaas, beklemtoon Edelman die feit dat wat ook al onder “vigs” verstaan word bloot ’n diskoërs is wat bestaan uit aanvegbare aansprake op kennis. Hy beklemtoon ook dat die woord, “AIDS”, ’n naam is wat, as akroniem (“the first major illness known by an acronym” (Sontag, 1991:114)), voorgee om ’n baie akkurate talige weergawe te wees van ’n verskynsel in die werklikheid, terwyl daar eintlik geen vaste referent is wat korrespondeer met die skynbaar stabiele betekenaar nie.

Dit sluit aan by Epstein (1996:78) se bewering dat die benaming “MIV” (of dan “vigs”) die virus (of om meer akkuraat te wees: die effekte van die virus) gestabiliseer het tot ’n enkelduidige objek van mediese kennis. Voor dit egter kon gebeur, moes die virus eers tot ’n relatief stabiele kulturele entiteit gekonsolideer word – ’n proses wat plaasgevind het deur dit

binne die konteks en raamwerke van reeds-bestaande kulturele diskoerse te plaas (Epstein, 1996:79). Hieruit kan afgelei word dat, voordat 'n skynbaar stabiele betekenaar geskep kon word, daar eers die illusie moes wees van 'n skynbaar stabiele betekende. 'n Stabiele betekende is nodig om "betekenis" te verskaf wat 'n stabiele betekenaar moontlik maak; en die stabiele betekenaar verseker dat die betekende as stabiel beskou word.

Patton (1990:119) beskryf hierdie illusie van stabiliteit in terme van 'n medies-wetenskaplike diskoers wat voorgee om objektiewe kennis te genereer:

We argue that homosexuality is fluid, socially constructed, historically contingent, but we say that AIDS and HIV antibody positivity are fixed, essential, objective. Because science can isolate a virus, AIDS and HIV are "real" states, not identities or roles to be negotiated.

Hierdie siening het verdere implikasies in die wyse waarop die identiteite wat met MIV/vigs geassosieer word, gekonstrueer word: alhoewel daar geargumenteer word dat homoseksualiteit 'n sosiale en historiese konstruksie is, word die eienskappe van die konsep waarmee dit saamgesmelt word (MIV/vigs) daarop oorgedra. As "homoseksualiteit = vigs", en "vigs = vasgestel, essensieel en objektief", dan is die implisiete aanname dat "homoseksualiteit = vasgestel, essensieel en objektief". Hierdie aanname vind direk neerslag in die wederkerende oordrag van betekenis wat in die hermedikalisering van homoseksualiteit bespreek is, 'n medikalisering wat slegs deur aannames van essensialisme en stabiliteit van identiteit moontlik gemaak word.

Hierdie aannames van stabiliteit van identiteit, sowel as die illusie van stabiliteit van 'n referent van vigs, is veral duidelik in die wyse waarop die liggaam aan vigs gelyk gestel word binne die vigsdiskoers.

3.4.2 Vigs en die liggaam

Patton (1990:161) merk in 'n voetnota op dat, aangesien niemand vigs "het" nie, maar slegs 'n vigs-diagnose en enige van 'n verskeidenheid van opportunistiese infeksies wat simptomaties is van die immunologiese gebrek wat, per definisie, vigs is, die "voor-en-na" foto van 'n vigslyer eintlik 'n "multiple army of misleading metaphors" is. Hierdie metafore (of gelykstellings) is onder andere die liggaam as die self; die simptome as die siekte; die siekte as 'n persoon; en die representasie van die siekte op die liggaam as die besit van die siekte – die persoon "het" vigs. Die liggaam binne die vigsdiskoers is dus 'n versamelpunt vir samesmeltings soos die bogenoemde. Aan die een kant dien die liggaam met vigs as 'n

konkrete, skynbaar stabiele, samehangende verliggaamliging van die ontwykende en onstabiele verskynsel van vigs, en voldoen die liggaam sodoende aan die noodsaak van 'n referent. Terselfdertyd word die “tekens van vigs” (wat eintlik die tekens is van die infeksies wat vigs aandui) wat sigbaar is op die liggaam egter ook beskou as 'n aanduiding dat daar “iets” in die liggaam is wat as referent dien vir die uitwendige tekens.

Ter illustrasie van laasgenoemde stelling kan na Patton (1990:55) verwys word: binne die vigsdiskoers word die liggaam gesien as 'n skerm of Petri-bakkie waarop die siekte sigbaar word. Sodoende word 'n illusie van 'n verenigde omskrywing van die toestand geskep, wat neerslag vind in die idee van 'n enkele oorsaak daarvan:

Diagnostic medicine abstracts the symptoms from the body to produce a totalizing explanation with a single or primary cause, a pathology. Because the immune system, understood metaphorically, transcends the place of the body, the abstraction “AIDS” fold back to correspond exactly to the *space* of the body. The virus is lost and, metaphorically speaking, the homosexual/prostitute/African/injecting-drug-user/hemophiliac body *becomes* AIDS. The paradigmatic representation/embodiment of the “AIDS virus” is the gay man. (Patton, 1990:55)

Vir Cole (2003) is hierdie proses deel van 'n “logika van beperking”, waar die risiko op vigs beperk word tot liggame omdat liggame gemerk kan word as “Anders”. Deur die proses waar transgressie op die liggame van die “Ander” gemerk word deur middel van die tekens van vigs – “making visible and containable that which is neither” (Cole, 2003:285) – kan die sogenaamde “algemene publiek” (oftewel die fiktiewe deel van die samelewing wat volgens heteronormatiewe waardes optree) gedefinieer word, en kan hulle hulself verseker dat die risiko van vigs hulle nie raak nie.

Patton se bewering dat die liggaam van die homoseksuele man, prostituut, Afrikaan, binnearse dwelmgebruiker of hemofilie-lyer as't ware “as vigs” beskou word, en Cole se voorstel dat die heteronormatiewe samelewing nodig het om liggame van vigslyers te merk as “Ander”, dui reeds op die gepaardgaande kwessie wat voorkom as die liggaam beskou word as 'n konkretisering van vigs. Omdat die betrokke liggame, veral dié van die homoseksuele man, prostituut, Afrikaan en dwelmgebruiker reeds deur sosiale stigma gemerk is, word vigs dan die uitwendige teken van daardie sosiale stigma – of, anders gestel: vigs word die uitwendige teken van 'n innerlike verdorwenheid (’n denkproses wat natuurlik moontlik gemaak word deur diskoerse van goddelike straf op sonde). Die gelykstelling van die vigslyer (maar net dié vigslyers wat reeds onder ander vorme van sosiale stigma ly) se liggaam met vigs is 'n kenmerk van “[t]he strong belief in superficial

markers for deeply hidden traits which characterizes contemporary Western notions of personhood” (Patton, 1990:113).

Vigs word 'n tipe panoptiese tekenstelsel wat 'n innerlike verdorwenheid aan die lig bring. Soos Yingling (1991:294) dit stel: “AIDS has provided a site for surveillance of the most private bodily practices.” Ook Patton (1990:128) beweer: “Our bodies will give us away.” en Sontag (1991:110) reken “The illness flushes out an identity that might have remained hidden from neighbors, jobmates, family, friends.” Die idee dat vigs die uiterlike teken van innerlike verdorwenheid is, sluit aan by die hermedikalisering van homoseksualiteit (waar homoseksualiteit as 'n verskuilde “siekte-toestand” gesien word), maar dien ook om sosiale stigmas te versterk, selfs terwyl hierdie beskouing juis moontlik gemaak word deur die feit dat stigmatisering veronderstel dat vigs 'n gevolg is van een of ander afwyking wat manifesteer in sosiaal-onaanvaarbare gedrag.

In terme van homoseksualiteit beskryf Edelman (1993:38) in 'n voetnota hierdie proses as “homographesis”: die heteronormatiewe en homofobiese fantasie dat homoseksualiteit sigbaar is en sigself op die gay liggaam sal inskryf. Volgens Edelman se siening bied vigs dan die uiterste vorm van “homographesis” aangesien dit die “onsigbare homoseksualiteit” – wat heteronormatief veronderstel word as aanwesig, vasgesteld, stabiel en essensieel – op die gay man se liggaam inskryf (sien ook Patton, 1990:113 vir die verband tussen die MIV-toets en die samelewing se onbewuste wens vir 'n fisiese merk of toets vir homoseksualiteit).

Reeds in Edelman se stelling is dit duidelik dat die beskouing van vigs as die uitwendige teken van innerlike verdorwenheid ook ideologiese en stigmatiserende ondertone het. Dit sluit boonop aan by aannames rondom gedrag en identiteit: as vigs 'n gevolg is van sekere wangedrag, en die teken is van 'n innerlike verdorwenheid, is daardie innerlike verdorwenheid ook die rede vir die wangedrag. Cole (2003:283-284) beskryf die samesmelting van teken en betekenaar, gedrag en identiteit as volg:

HIV and AIDS were taken up in the popular imaginary as “visible” evidence of secret and inner depravity, pathologized bodily acts, and corresponding identities. Although the identity categories seem descriptive, self-evident, and self-contained, *what* and *who* we see as well as *how* we see them are the effects of these received categories. That is, the identity categories function as optics (*how, what, who* we see), that enable and constrain our sense of morality, conduct, our selves, and others; and by extension shape the cultural common sense of AIDS.

Die identiteitskategorieë wat tot stand kom as gevolg van die idee dat vigs die uiterlike teken is van innerlike afwyking beïnvloed dus die produksie van kennis (hoe, wat en wie waargeneem word), en hierdie kennis vorm die diskoers omtrent vigs. Volgens Cole (2003:286) is die vigsdiskoers 'n magstrategie en 'n normaliserende praktyk wat ten doel het om 'n sigbare aard en vorm toe te ken aan enige gedrag wat as transgressief beskou word. Hierdie "sigbare vorm" word gekonsolideer in identiteite: "AIDS narratives function to assign identities to... acts of transgression." Dit is egter ook so dat hierdie proses waar 'n sigbare vorm deur middel van vigs toegeskryf word aan dit wat nie werklik beperkbaar of sigbaar is nie, konstant deur die onsigbare werking van MIV en die gebrek aan 'n referent ondermyn word (Cole, 2003: 299).

Met die oog daarop om die normaliserende mag van die vigsdiskoers in stand te hou, moet die fiksie van vigs as 'n samehangende entiteit met 'n stabiele referent dus gehandhaaf word.¹⁴ 'n Belangrike wyse waarop dit gehandhaaf word, is die samesmelting van gedrag en identiteit.

3.4.3 Gedrag = identiteit

Die idee dat gedrag en identiteit een en dieselfde is, is nie nuut of uniek aan die vigsdiskoers nie. Soos in die vorige hoofstuk reeds bespreek is, het Foucault in sy historisering van homoseksualiteit in *The will to knowledge* aangetoon dat hierdie veronderstelling reeds 'n kenmerk is van heteronormatiewe sieninge van homoseksualiteit sedert die laat negentiende eeu. Binne die "landscape of displacements" (Edelman, 1993:10) wat die vigsdiskoers karakteriseer, word die gelykstelling van "gedrag = identiteit" egter gekompliseer. In samehang met die narratief dat vigs te doen het met persoonlike verantwoordelikheid, of dat vigs die straf is op wangedrag en afwyking, vorm die idee dat vigs 'n teenwoordige teken is van seksuele transgressies in die verlede (Clum, 1993:200; sien ook Sontag, 1991:158), en gevolglik kom die gelykstelling "vigs = seksuele wangedrag = identiteit" tot stand.

Waarskynlik meer as enige ander siekte in die geskiedenis, word diskoerse rondom vigs gedomineer deur verwysings na gedrag en identiteit. Cole (2003:284) som dit as volg op:

Although multiple dyads (central/not-central; body/anti-body; deviant/normalized; contained/leaky) structure AIDS narratives... the dyad of act/identity dominates the others.

¹⁴ Narratiewe se queer pogings om die magsverhouding onderliggend aan die vigsdiskoers te ondermyn, sal dus onder meer behels dat hulle die onstabiliteit van vigs as entiteit en die gebrek van 'n referent op die voorgrond plaas, soos in die volgende hoofstuk bespreek sal word.

Corporeal identities... have become central to the organization of the discursive formation around AIDS.

Die samesmelting van gedrag en identiteit bring mee dat daar in terme van vigsvoorkoming gefokus word op “hoë risiko groepe” eerder as “hoë risiko gedrag” (Patton, 1990:40). Sontag (1991:132) verbind hierdie fokus op “hoë risiko groepe” met die narratief van vergelding:

AIDS is understood in a premodern way, as a disease incurred by people both as individuals and as members of a “risk group” – that neutral-sounding, bureaucratic category which also revives the archaic idea of a tainted community that illness has judged.

’n “Hoë risiko groep” word gedefinieer in terme van identiteit, nie in terme van gedrag nie. So word ’n homoseksuele man per assosiasie gesien as deel van ’n hoë risiko groep, ongeag daarvan of hy wel seksueel aktief is, en of sy seksuele praktyke werklik anale omgang of die uitruil van semen insluit (Loughery, 1998:423). Volgens hierdie logika is dit nie sy gedrag wat hom in gevaar stel om MIV op te doen nie, maar sy identiteit.¹⁵

Soos die ander samesmeltings wat werkzaam is binne die vigsdiskoers, geld hierdie samesmelting van gedrag en identiteit slegs vir groepe wat reeds gestigmatiseer is, aangesien dit sowel ’n resultaat as ’n versterking van reeds-bestaande vooroordeel is. Waar die MIV-positiwiteit van ’n individuele gay man beskou word as bewys van ’n afwyking in die identiteit van alle gay mans as ’n geheel, word die MIV-positiwiteit van ’n heteroseksuele persoon (wat Westers en blank is, en ook nie ’n dwelmgebruiker of prostituut nie) beskou as bloot ’n gevolg van ’n individuele en persoonlike gebrek (Halperin, 2007:23). In sy bespreking van wat beskou word as die mislukking van vigs-voorbehoeding en -opvoeding, beweer Halperin (2007:24) die volgende:

The alleged failure of safe sex campaigns and the defective psychology of gay men that has been posited to explain it are quickly laid at the door of all gay men without qualification... epidemiological evidence provides a convenient vehicle for ratifying moral and psychological judgments against those who are already devalued on the grounds of sexuality or race (or

¹⁵ Sien ook Epprecht (2008) en Solomon (2009) vir besprekings oor hoe (Westerse) aannames omtrent seksuele identiteit en kultuur steeds die verspreiding van vigs-voorligting beïnvloed. Volgens hulle fokus vigs-voorligting wat gerig is op sogenaamde Afrika-kulture (Epprecht) of Suid-Amerikaanse en Indiese kulture (Solomon) op identiteite. Aangesien dit algemeen aangeneem word dat non-Westerse kulture nie beskik oor ’n Westers-gedefinieerde “gay identiteit” nie, word daar ook aangeneem dat man-tot-man oordrag van die MI-virus nie in non-Westerse samelewings bestaan nie, en sodoende word daar geen vigsvoorligting gebied vir MSM (“men who have sex with men”) nie.

both); members of socially privileged groups, by contrast, suffer only individual, not collective, discreditation.

Die veronderstelling is dus dat slegs sekere tipe mense met MIV geïnfekteer word. MIV-positiwiteit of vigs word beskou as 'n bevestiging van identiteit (Sontag, 1991:110), maar slegs as hierdie identiteit reeds as afwykend beskou word. Soos Jones (1993:226) dit stel: "According to a pervasive and powerful interpretation, AIDS is acquired because one is a certain kind of person, namely one who refuses to obey social, legal, religious, or moral restrictions on behavior."

Terselfdertyd bepaal die omgekeerde logika dat, indien iemand MIV-positief is, hy of sy 'n sekere tipe persoon is. Voorafbestaande stigmas maak dit egter moontlik vir die algemene siening dat vigslyers in twee groepe verdeel kan word: onskuldige slagoffers wat geen sosiale, wetlike, godsdienstige of morele voorskrifte oortree het nie; en, per implikasie, dié wat die siekte verdien. Yingling (1991:303) reken dat hierdie raamwerk van "skuldige" en "onskuldige" slagoffers die onderskeie groepe etiketteer deur kategorieë van identiteit. 'n Vigslyer se aandadigheid aan sy/haar toestand word bepaal deur sy/haar identiteit, aangesien sekere identiteite "skuld" veronderstel. "Skuldig" en "onskuldig" word dan basisse vir verdere identiteite, wat inspeel op die binêres wat reeds die diskoers struktureer, soos normaal/afwykend; homoseksueel/heteroseksueel; geestesgesond/patologies ens.

Uiteindelik kom al hierdie veronderstellings saam in die heteronormatiewe ketting van betekenaars wat veronderstel dat "homoseksualiteit = promiskuiteit = siekte = vigs = dood".

3.4.4 Homoseksualiteit = siekte = dood

Die idee dat homoseksualiteit nou verbind is aan siekte en dood is nie nuut nie. Soos reeds aangetoon is in die bespreking oor die hermedikalisering van homoseksualiteit, het hierdie verbintenis die voorkoms van vigs verklaar en het die verskynsel van vigs hierdie bekende gelykstellings bloot verder bevestig en versterk.

Die verbintenis tussen homoseksualiteit en dood is veral duidelik in die kunste. Na aanleiding van gay of homoërotiese literatuur deur die geskiedenis van die Westerse samelewing, kan Jonathan Dollimore (2001:xi) voorstel dat die verbintenis tussen homoseksualiteit en dood "endemies" is tot die Westerse kultuur. Ook Gregory Woods (1998:359) verwys na die geskiedenis van manlike gay literatuur en maak die afleiding dat:

Gay culture has been acquainted with death for a long time. More than any of the other so-called “high-risk groups”, gay men were well prepared, albeit unwittingly, to cope with the AIDS epidemic. It was not the first time we had died for no good reason.

Vir Woods (1998:370) is vigsliteratuur dan ook bloot ’n bevestiging van dit wat gay literatuur deur die eeue gekenmerk het, naamlik die dood. Hy stel dit onomwonde: “In the literature of AIDS we return, as it were, to our roots.”

Selfs voor die medikalisering en patologisering van homoseksualiteit tydens die laat negentiende eeu, is homoseksualiteit en afwykende begeerte in die algemeen verbind met die dood. Dollimore (2001:xix) reken dat hierdie beskouing ’n simptoom is van die feit dat die Westerse kultuur oor die eeue ’n verband tussen énige begeerte en lyding of dood gesien het, ’n siening wat reeds met die Christelike sondeval-mite begin het: “man, through transgressive desire, brought death into the world, with the consequence that henceforth it would haunt desire as the source of all suffering (e.g. Romans 5:12, 6:23).” Dit is egter veral transgressiewe begeerte, verbode begeerte wat tekenend is van afwyking, wat met die dood geassosieer word. Ook Woods (1998:369-370) verwys na ’n antieke Bybelse narratief, naamlik die uitwissing van Sodom, om die bewering te staaf dat homoseksualiteit en dood deur die eeue as verwant gesien is binne die Westerse kultuur (sien ook Sedgwick, 2008:127).

Dollimore (2001:xi) kompliseer die gelykstelling van homoseksualiteit met sonde en dood deur die verband tussen dood en seksualiteit as ’n ketting van signifkasie voor te stel, naamlik “homosexuality = pathology = death”. Hiermee verwys hy na die siening dat homoseksualiteit nie net met die dood verbind word as gevolg van die veronderstelde sondige aard daarvan nie, maar ook omdat die tradisionele assosiasie van homoseksualiteit met steriliteit verbintnisse met die dood moontlik maak. Binne hierdie raamwerk beskryf Dollimore (2001:295) die promiskuiteit wat selfs voor die aanvang van vigs met homoseksualiteit geassosieer is as die uitdrukking van ’n onmoontlike begeerte, omdat die homoseksuele gesien is as onvolwasse, oneg en gebrekkig (soos Freud se teorieë duidelik maak). Binne die raamwerk van vigs word hierdie onmoontlike begeerte geïntensiveer tot “death-driven futility” (Dollimore, 2001:303). Dollimore brei verder op hierdie stelling uit deur te verwys na Rupert Haselden se bewering dat om gay te wees inherent fatalisties is,

aangesien gays nie in staat is om voort te plant nie, en dus geen kontinuïteit of toekomsgerigtheid het nie (2001:303).¹⁶

Die sogenaamde steriliteit van homoseksualiteit tesame met die veronderstelde verband tussen homoseksualiteit en dood lei daartoe dat, veral sedert die verhoor van Oscar Wilde (’n gebeurtenis wat Foucault ook verbind met die opkoms van die “moderne homoseksueel”), homoseksuele mans as inherent tragiese figure gesien is (Woods, 1998:359). Woods verwys ook na die feit dat uitbeeldings van homoseksuele mans in romans en films van die afgelope eeu byna sonder uitsondering in moord of selfmoord geëindig het, ’n verskynsel wat Aaron in haar artikel, “Til death us do part: cinema’s queer couples who kill” (1999) ook aanspreek. Sy verwys na die voorspelbare verloop van narratiewe wat onvermydelik geëindig het met die non-heteronormatiewe karakter(s) se dood deur middel van selfmoord, moord, of selfs deur middel van *deus ex machina* ongelukke (Aaron, 1999:72;¹⁷ sien ook Benschhoff en Griffin, 2006). Hierdie verbintenis tussen homoseksualiteit en die dood is egter nie beperk tot die kunste nie:

For decades we have battled stereotypes of queers as homicidal or suicidal... We have argued that homosexuals are not doomed, not unproductive, not sick, not serial killers, and no more violent than heterosexuals. (Dean, 2009:19)

Hierdie opvatting verklaar Dollimore (2001:xi) se uitspraak dat homoseksualiteit beskou word as “death-driven, death-desiring and thereby death-dealing” (sien ook Halperin (2007) vir ’n bespreking van die veronderstelde doodsdwang by gay mans). Selfs voor die aanvang van vigs is homoseksualiteit dus beskou as ’n inherent tragiese toestand, ’n verdoemde identiteit, ’n toestand van proto-siekte wat onvermydelik na ellende en uiteindelik dood sal lei (Dean, 2009:68). Met die verskyning van vigs was dit daarom nie veel van ’n denksprong om gay mans te sien as die slagoffers van die noodlottige straf op hulle sonde; as doodsgedrewe geestesiekes met ’n onversadigbare drang na hul eie vernietiging; of as meedoënlose moordenaars nie.

¹⁶ Hierdie idee vind ook neerslag in Lee Edelman (2004) se betoog vir ’n queer verzet teen die beklemtoning van vooruitgang soos wat dit deur die kerngesin en die simboliese figuur van die Kind voorgestel word; asook Tim Dean (2009) se argument dat *bugchasing* en *gift giving* ’n alternatief bied tot “voortplanting” en familiebande.

¹⁷ Ook hier is daar sprake van ’n wederkerende oordrag van betekenis: Aaron (1999:67) verwys na “the homoeroticisation of murderous intent”, wat impliseer dat daar beweeg is van homoseksualiteit = dood na dood = homoseksueel.

Die dood is sentraal aan al hierdie beskouings: “death holds down the centre around which the sliding signifiers of AIDS discourse swirl” (Patton, 1990:127). Yingling (1991:306) gaan selfs verder as om dood die sentrum te maak van die onstabiele betekenaars rondom vigs en stel dood as die uiteindelijke referent van vigs aan: “there is only one signified in AIDS: all signifiers point to ‘death’.”

Hierdie beskouing kan ook gesien word in Dean (2009) se bespreking van die sogenaamde *bareback subculture* en *bugchasing of gift giving* waar MIV doelbewus tussen gay mans oorgedra word. Aangesien die infeksie hier doelbewus en gewillig geskied, kan daar nie sprake wees van ’n narratief van vergelding of straf op sonde nie. Die doodsmotief is egter steeds onvermydelik teenwoordig in die wyse waarop hierdie subkultuur beskou word. Dit word gesien as “a case of pathological self-destruction” (Dean, 2009:2; sien ook Halperin (2007) in verband met die sogenaamde inherente doodsdwang van gay mans).

Die basisbeginsel van “homoseksualiteit = dood” vorm dan die kern van heelwat aannames rakende vigs en homoseksualiteit. Weereens is hierdie gelykstelling na beide kante toe werksaam: aan die een kant word meer komplekse, genuanseerde beskouings van vigs vinnig gereduseer tot “homoseksualiteit = dood”; en aan die ander kant gee die gelykstelling van “homoseksualiteit = dood” aanleiding tot heelwat verwante gelykstellings.

As ’n voorbeeld van die eerste instansie, verwys Clum (1993:205) na narratiewe waar die vigslyer nie noodwendig homoseksueel is nie (maar byvoorbeeld biseksueel, of selfs ’n binnearse dwelmgebruiker). Die klem word egter onmiddellik geplaas op sy homoseksualiteit as die uitsluitlike fokus van sy identiteit, omdat dit sodoende sy siekte kan plaas binne “the proper equation of AIDS = homosexuality = disfiguration and death.”

Edelman (1993:10) reken dat hierdie gelykstelling deels ’n poging is om vigs as ’n beheerbare en verstaanbare onderwerp te beperk. As gevolg van die gebrek aan ’n stabiele referent, bied vigs weerstand teen pogings om dit as ’n beheerbare onderwerp van skrywes in te skryf: dit oorskry en ontwyk die mediese, sosiologiese, politiese en literêre diskoerse wat poog om dit te konfronteer of in gesprek daarmee te tree. Hierdie weerstand veroorsaak dan dat, as ’n historiese verskynsel, vigs op sigself vorm aanneem en vorm gegee word as “a subject whose content is suggested but not exhausted by reference to ‘male homosexuality’ ” (Edelman, 1993:10). Die gelykstelling van vigs met homoseksualiteit is dus ’n poging om vigs te beperk tot ’n verskynsel wat reeds verstaan en verklaar is – en belangrik, wat reeds verstaan word in terme van siekte en dood.

Terselfdertyd word heelwat metafore aangaande homoseksualiteit en siekte binne die vigsdiskoers oorgedra na ander gelykstellings. Soos Clum (1993:206) dit stel:

Gay men are sick because of sex, an unnatural causality that empowers all sorts of metaphors of disease already associated with homosexuality... It is the linkings of sex = disease, homosexuality = disease, promiscuity = disease, and, finally, homosexuality = promiscuity = disease that enchain people with AIDS and, by association, all gay men.

Die feit dat die verbintenis tussen vigs en homoseksualiteit geensins gegrond is op mediese feite of statistieke van infeksie nie, maar eerder tekenend is van 'n groter kulturele stigma van non-normatiewe seksualiteite, maak dit moontlik dat die stigma van homoseksualiteit op alle MIV-positiewe mense geprojekteer kan word. Patton (1990:117) wys byvoorbeeld daarop dat die idee dat vigs 'n teken van perversie is veral in die aanvang van die vigs krisis daartoe gelei het dat alle MIV-positiewe mense as “queer” beskou is, ongeag hoe hulle geïnfekteer is (Patton, 1990:117).

Die omgekeerde effek, dat alle non-heteroseksuele mense beskou word as waarskynlike vigslyers, word deur Halperin (2007:31) beskryf. Volgens hom word die “morele en psigologiese afwykings” wat met manlike homoseksuele persone geassosieer word ge-universaliseer en kategorieë oorgedra na lesbiërs, biseksuele en ander mense wat as queer beskou word – “public discourses about ‘the return of unsafe sex’ have contributed to the repathologizing of homosexuality. And so they affect queer people as a whole” (Halperin, 2007:31).

Na aanleiding hiervan is dit duidelik hoe enersyds, aannames en gelykstellings soos “homoseksualiteit = siekte” en “homoseksualiteit = dood” die beskouing van vigs beïnvloed; en andersyds hoe vigs hierdie gelykstellings bevestig en versterk. Hieruit kan 'n hele string gelykstellings afgelei word, naamlik “homoseksualiteit = siekte = vigs = dood” – 'n gelykstelling wat na beide kante toe gelees kan word, sodat ook “vigs = homoseksualiteit” uiteindelik afgelei kan word. Hierdie gelykstelling kruis met en berus op vele ander gelykstellings, soos “gedrag = identiteit” en “siekte = liggaam”.

Die verskynsel dat die vigsdiskoers op soveel ideologiese gelykstellings berus is 'n simptoom van die feit dat vigs, selfs as mediese toestand, maar veral as sosiale konstruksie en diskoers, geen stabiele referent het nie. Dit is eerder net 'n spel van betekenaars – vigs is, meer as enige ander siektetoestand, onderworpe aan *différance*. 'n Represantasie van vigs wat daarop gemik is om die stigmatisering en ander ideologiese werksaamhede daarvan te

ondermyn, sal fokus daarop om hierdie gelykstellings te ondermyn, en die kettings van betekenaars te ontwig en te destabiliseer. Soos Sontag (1991:179) tereg waarsku:

With this illness, one that elicits so much guilt and shame, the effort to detach it from these meanings, these metaphors, seems particularly liberating, even consoling. But the metaphors cannot be distanced, just by abstaining from them. They have to be exposed, criticized, belabored, used up.

3.5 Samevatting

'n Kritiese beskouing van die vigsepidemie, die reaksie daarop en die persepsies daar rondom erken dat, in stede van 'n medies-wetenskaplike feit, die verskynsel van MIV/vigs ingebed is in 'n diskoers. 'n Ontleding van hierdie diskoers kyk krities na die kennis wat daardeur geproduseer word om dit in stand te hou, en plaas sodoende die magsverhoudinge onderliggend aan die kennis-produiserende diskoers op die voorgrond. Daar word dus van die standpunt uitgegaan dat die terme van die diskoers sosiale konstrakte is wat aansluit by sosiale en kulturele vooroordele, en die narratiewe wat ontleen is uit ander diskoerse om die vigsdiskoers binne bestaande raamwerke te plaas, word op die voorgrond geplaas.

Hierdie raamwerke is gebaseer op 'n aantal gelykstellings, soos “gedrag = identiteit”, “homoseksualiteit = siekte”, “homoseksualiteit = dood”, asook “homoseksualiteit = vigs”. Die wederkerende oordrag van betekenis tussen hierdie terme veroorsaak dat die veronderstelde betekenis van homoseksualiteit oorgedra word op siekte, dood en vigs, en terselfdertyd word die veronderstelde betekenis van siekte, dood en vigs oorgedra op homoseksualiteit. As gevolg van die aanname dat enige teken noodwendig 'n referent het, dien homoseksualiteit binne die vigsdiskoers dus as 'n teken waarvan siekte, dood en vigs die referent is, terwyl die omgekeerde ook werkzaam is: siekte, dood en vigs word die tekens wat verwys na homoseksualiteit.

Queer teorie se siening van signifikasie bied instrumente om uit die skynbaar eindelose weerspieëling van betekenis los te breek. Queer teorie erken eerstens dat tekens in konstante vloei is, en onderworpe is aan *différance* – die oneindige verplasing en uitstel van betekenis. Daar word uitgewys dat die verband tussen betekende en betekenaar *arbitrêr* is en sodoende word die verbintenis tussen betekenaar en referent gekompliseer en ondermyn. Die vloeibare aard van betekenis word op die voorgrond geplaas deur betekenaars toe te eien vir nuwe betekenispare, asook deur betekenaars te teatraliseer om

die fiksie daarvan te beklemtoon. Ook die konstruksie van die gelykstelling van betekende en betekenaar of die wederkerende oordrag van betekenis word gedestabiliseer deur aan die lig te bring dat die tekens geen stabiele referent het nie.

Hierdie prosesse is duidelik te sien in sekere representasies van vigs in die letterkunde, waar ondersoek aantoon dat queer strategieë gebruik word om heteronormatiewe narratiewe te ondermyn. Deur 'n queer representasie van vigs te bied wat die heteronormatiewe raamwerke destabiliseer waarbinne die vigsdiskoers geleë is, kan hierdie representasies ook gesien word as 'n queer-ing van die heteronormatiewe vigsdiskoers: die diskoers word teen die grein in gelees, en die onstabiliteit van die aannames waarop dit berus, word beklemtoon.

HOOFSTUK 4

4.1 Inleiding

Die kulturele aannames waarvan die vigsdiskoers sowel 'n resultaat as 'n instrument van instandhouding is, word weerspieël in kulturele representasies van vigs en homoseksualiteit – met ander woorde in kulturele produkte soos die letterkunde. Heteronormatiewe aannames is reeds duidelik in die feit dat literêre uitbeeldings van gay karakters – hetsy deur self-geïdentifiseerde gay skrywers of nie – dikwels beskou word as “gay literatuur”. Eerder as 'n bloot beskrywende term, gaan hierdie benaming onderdrukkend te werk deur werke met 'n non-heteronormatiewe fokus tot die marge te beperk, met die gevolg dat dit as negeerbaar voorgestel word.¹ Verder het die heteronormatiewe gelykstelling van homoseksualiteit met vigs 'n impak op die wyse waarop literêre werke met gay karakters² beskou word in terme van vigs.

Poirier (1993:3) merk in haar inleiding tot *Writing AIDS: gay literature, language, and analysis* op dat die outeurs wat in dié versamelwerk opgeneem is, dit bykans almal eens is dat die vigs-epidemie die wyse waarop literêre werke met gay karakters geskryf en gelees word, onomkeerbaar verander het. Die feit dat gay mans as skrywers of karakters vir lank vigs-literatuur³ gedomineer het (Murphy, 1993:307), dra natuurlik by tot hierdie aanname, maar die onderliggende veronderstelling is dat alle gay mans sedert die eerste diagnosering van MIV/vigs noodwendig betrokke is by die epidemie.

Jones (1993:229) verwoord hierdie veronderstelling as hy beweer dat dit onmoontlik is om fiksie oor gay mans wat in die hede afspeel, te lees en nie te aanvaar dat vigs op een of ander wyse 'n rol sal speel nie. Volgens hom moet enigiemand wat oor gay mans skryf, aanvaar dat die lesers die kultureel-gedetermineerde gelykstelling van homoseksualiteit met vigs in gedagte sal hou. Vigs hoef nie 'n sentrale tema in die werk te wees of selfs genoem te word om hierdie gelykstelling op te roep nie, omdat selfs narratiewe wat vigs nie direk aanspreek nie steeds binne die diskoers van die epidemie geplaas word indien dit handel oor gay karakters (Woods, 1998:368). Hierdie gelykstelling is so sterk dat Jones (1993:229)

¹ Sien byvoorbeeld Cornwell (2005:8) se bespreking van die media se “histeriese reaksies” op die toekenning van die 2004 Man Booker-prys aan Alan Hollinghurst vir *The line of beauty* (2004) om 'n aanduiding te kry van hoe die etikettering van romans as “gay” beperkend te werk kan gaan deur die inherente literêre waarde daarvan te ignoreer.

² “Gay” verwys hier na karakters met 'n gay identiteit sowel as karakters wie se homoseksuele gedrag deur lesers as tekenend van 'n gay identiteit gekonstrueer word.

³ Vir die doeleinde van hierdie bespreking gebruik ek die term “vigs-literatuur” om te verwys na literêre werke wat vigs as belangrike of sentrale tema het.

reken dat selfs sonder 'n eksplisiete verwysing na vigs, daar van die leser verwag kan word om die tekens van vigs binne 'n teks oor gay karakters te dekodeer. Ná die aanvang van die vigs-epidemie word die lees en skryf van literêre werke met gay karakters dus bepaal deur die gelykstelling van vigs aan homoseksualiteit (Jones, 1993:235).

Hierdie gelykstelling vind neerslag in die vorm en struktuur wat vigsliteratuur aangeneem het. In die eerste tien jaar van die epidemie het vigsliteratuur meestal as getuienisliteratuur of elegieë verskyn (vgl. Murphy, 1993). In die nawoord tot *Wisselstroom: homoërotiek in die Afrikaanse verhaalkuns* (1990) verwys Hennie Aucamp na die relatiewe afwesigheid van vigs in die prosakuns op daardie stadium en stel gevolglik voor:

Die vermoede ontstaan gaandeweg dat VIGS nog te na aan ons is, te verskriklik, om volledig begryp te word, veral in prosa wat 'n sekere oppervlakte-realisme nie kan omseil nie (Aucamp, 1990:211).

Wanneer daar dan in latere vigsliteratuur klaarblyklik voldoende “afstand verkry is” om wel die epidemie artistiek te verwerk tot fiksie, kom 'n bepaalde struktuur tot stand waardeur die meeste vigsromans gekenmerk word. Gregory Woods (1998:368) identifiseer hierdie struktuur en beskryf dit as 'n narratief in twee dele: in die eerste deel ontdek die sentrale karakter sy homoseksualiteit, kom uit as gay, en geniet die “sexual carnival of gay liberation”. In die tweede deel tree die vigs-epidemie op die voorgrond as eers verlangse kennis se sterf, en dan 'n minnaar, nabye vriend, of die sentrale karakter self. Woods verwys hierna as “before-and-after fiction” – iets wat aansluit by die idee wat in die vorige hoofstuk geïdentifiseer is, naamlik dat vigs die teenwoordige teken is van seksuele transgressies in die verlede, 'n veronderstelling wat natuurlik binne die breër raamwerk van “non-heteronormatiewe gedrag = vigs” gesetel is.⁴

Hierdie voorveronderstellings kan egter ondermyn word. Op die vraag of dit moontlik is om die gelykstelling van “vigs = homoseksualiteit = algemene morele verval = dood” te verbreek, antwoord Jones (1993:228): “Literature presents one way to do it.” Romans wat 'n queer representasie van vigs bied kan in terme van tematiek die kunsmatigheid van heteronormatiewe gelykstellings op die voorgrond plaas om sodoende hierdie gelykstellings as fiksie te onthul. Die heteronormatiewe gelykstellings kan ook geteatraliseer word om die

⁴ Dit moet hier weereens in gedagte gehou word dat “gay” nie noodwendig “queer” is nie, en dat gay sienings, standpunte en literatuur nie noodwendig non-heteronormatief is nie. Sien 3.3 oor gay mans se internalisering van heteronormatiewe narratiewe oor vigs, asook Robinson (2008:58) vir voorbeelde daarvan. Alle romans wat oor gay karakters handel, of deur self-geïdentifiseerde gay skrywers geskryf is, is dus nie vanselfsprekend non-heteronormatief of queer nie.

performatiwiteit van identiteit te beklemtoon; of dit kan aan hersignifikasie onderwerp word om die onstabiliteit daarvan te bevestig. Hierdie strategieë het almal as oogmerk die dekonstruksie van heteronormatiewe identiteitskategorieë en voorveronderstellings. Na aanleiding van Woods (1998:368) kan narratiewe ook struktureel die stereotipiese verloop van 'n vigsroman ontwig, wat die siening dat vigs slegs 'n teenwoordige teken van seksuele transgressies is, ondermyn en daarmee ook die gelykstelling van non-heteronormatiewe gedrag met vigs verwerp.⁵

In hierdie hoofstuk bestudeer ek drie romans wat as vigsnarratiewe geles kan word. Die doel is om ondersoek in te stel na die wyses waarop queer teorie (soos omskryf in hoofstuk 2) toegepas kan word op die vigsdiskoers wat in hoofstuk 3 beskryf is. Anders gestel: die romans word ontleed as kulturele vergestaltungs van queer teoretiese beginsels soos toegepas op die vigsdiskoers.

Die drie romans wat vir hierdie studie gekies is – Eben Venter se *Ek stamel ek sterwe* (1996); *In the city of shy hunters* (2001) van Tom Spanbauer; en Tom Lanoye se *Het derde huwelik* (2006)⁶ – tree op verskillende wyses in gesprek met bogenoemde uitgangspunte. Hierdie romans is gekies op grond daarvan dat hulle almal fokus op die spanning tussen skyn en werklikheid, of in terme van dekonstruksie en queer teorie gesien: al drie romans beklemtoon die gaping tussen betekenaar en betekende, die afwesigheid van 'n stabiele, enkelduidige referent, sowel as die oneindige spel van betekenaars en die feit dat betekenis uiteindelik onderworpe is aan *différance* en dus oneindig uitgestel is. Deur hierdie gaping tussen betekenaars en betekendes op die voorgrond te plaas, destabiliseer en ontwig hierdie romans die gelykstellings en kettings van betekenaars waarop die heteronormatiewe en homofobiese vigsdiskoers gebaseer is. Anders gestel: hierdie romans gebruik queer strategieë om die heteronormatiewe voorveronderstellings omtrent vigs te ondermyn – die romans queer die heteronormatiewe vigsdiskoers.

⁵ 'n Voorbeeld van 'n roman wat struktureel ondermynend te werk gaan is Alan Hollinghurst se *The line of beauty* (2004). Die roman volg die tradisionele verloop van 'n tipiese vigsroman en is selfs in drie afdelings gedeel om die drie fases van seksuele ontdekking, seksuele viering en vigs te weerspieël. Die tydspronge en oningevulde gapings in die narratief konfronteer egter die leser gedurig met wat nie gesê word nie, om sodoende heteronormatiewe verwagtinge op die voorgrond te plaas en te ondermyn.

⁶ Vanselfsprekend is die drie romans respektiewelik gesetel binne die literêre tradisies waarbinne hulle geskryf is, onderskeidelik die Afrikaanse, Engels-Amerikaanse en Nederlandse literêre kulture. Alhoewel 'n vergelyking van wêreldbeskouings soos vergestalt in die onderskeie romans interessant sou wees, is dit nie die doel van hierdie studie nie. So ook kan die feit dat hierdie romans met vyf jaar tussenposes verskyn het 'n waardevolle studie oplewer oor hoe die beskouings van vigs oor 'n tienjaar tydperk verander het, maar ook dit val buite die parameters van hierdie ondersoek.

Met die oog daarop om hierdie romans te bespreek met verwysing na die queer representasies wat hulle van vigs bied, gaan die betrokke romans eers kortliks gekontekstualiseer word. Hierdie kontekstualisering sal gedoen word na aanleiding van resensies wat oor die romans verskyn het, met spesifieke verwysing na hoe die romans se gay- en vigs temas ontvang is. Hierna sal daarop gewys word hoe die verband tussen betekende en betekenaar in die romans op die voorgrond geplaas en gekompliseer word, en hoe hierdie beklemtoning dit relevant maak om die betrokke romans binne 'n raamwerk van queer teorie te lees.

Uiteindelik sal die wyse ondersoek word waarop die romans queer strategieë aanwend om die heteronormatiewe en homofobiese veronderstellings en gelykstellings wat in die vorige hoofstukke geïdentifiseer is, te ondermyn. Hierdie ondersoek sal verwys na die beklemtoning en ondermyning van bestaande homofobiese raamwerke vir vigs, sowel as die hersignifikasie van hierdie raamwerke; die bevestiging van vigs as sosiale konstruksie sonder enige stabiele referent; die wyse waarop stigmatisering van vigs pasiënte en die veronderstelde verbande tussen homoseksualiteit, vigs en die liggaam hanteer word; die destabilisering van die veronderstelde gelykstelling van gedrag aan identiteit; en uiteindelik die wyse waarop daar met die gelykstelling “homoseksualiteit = vigs = dood” in gesprek getree word.

4.2 Kontekstualisering van die romans

4.2.1 *Ek stamel ek sterwe*

Ek stamel ek sterwe verskyn die eerste keer in 1996 en is Eben Venter se tweede roman. Dit word met die W.A. Hofmeyr-prys bekroon en word in 2005 heruitgegee in NB-uitgewers se Klassiek-reeks. *Ek stamel ek sterwe*⁷ word in 2006 deur Luke Stubbs vertaal as *My beautiful death*.

Ek stamel volg die verhaal van Konstant Wasserman, 'n jong man uit 'n tipiese kleindorpse Afrikaanse gemeenskap. Hy laat die lewe op die plaas agter – sonder sy ouers se seën, en teen hulle verwagting dat hy 'n boer sal word soos sy pa – om hom vir 'n kort tydjie in Johannesburg te vestig voordat hy Australië toe emigreer. In Johannesburg ontmoet hy die enigmatiese en androgene Jude met wie hy 'n stormagtige verhouding begin wat hulle in Sydney voortsit. In Sydney werk Konstant aanvanklik as 'n skottelgoedwasser en later as 'n

⁷ Voortaan sal hierna verwys word as *Ek stamel*.

kok by 'n vegetariese restaurant wat aan Shane, een van Jude se vriende, behoort. Tydens 'n vakansie saam met Jude en Shane ontdek Konstant blou kolle op sy bene en vrees die ergste. Hy word dan ook gediagnoseer met 'n ongenoemde virus met simptome wat kenmerkend is van vigs. Die laaste honderd bladsye van die roman karteer eers Konstant se fisiese agteruitgang, sy liggaamlike aftakeling en uiteindelik sy dood.

4.2.1.1 Ontvangs van *Ek stamel ek sterwe*

Alhoewel dit nêrens in die roman genoem word nie, bespiegel feitlik alle resensente oor die moontlikheid van 'n onderliggende homoseksuele tema. Dit is deels te wyte daaraan dat die karakter Jude se biologiese geslag aanvanklik versweë bly, maar daar moet ook in ag geneem word dat *Ek stamel* die eerste Afrikaanse “vigsroman” is. Op die tydstip wat *Ek stamel* verskyn het, was die beduidendste verwysings na vigs binne die Afrikaanse prosakuns waarskynlik Koos Prinsloo se kortverhale, veral die bundel *Weifeling* (1993). Dit is dus moontlik dat die aandag wat die meeste resensies skenk aan die moontlikheid van homoseksualiteit, daaraan toegeskryf kan word dat op daardie tydstip in die Afrikaanse letterkunde die enigste voorbeeld van vigs as tema binne 'n homoseksuele raamwerk geplaas is.

Uit onderhoude met Eben Venter oor *Ek stamel* is dit duidelik dat die skrywer doelbewus sy lesersmark se beskouing van sowel homoseksualiteit as vigs in gedagte gehou het. Volgens Herman Wasserman (1996:4) bly die roman vaag oor die geslag van Jude aangesien Venter dit wou vermy “dat lesers hulle teen 'n bepaalde geslagsverhouding blindstaar.” Dit is dan blykbaar ook hoekom “vigs” nie eksplisiet genoem word nie, soos Venter self verduidelik:

Afrikaanse mense sit met baie voorbehoude (oor vigs)... Ek wou nie hê lesers moes daarteen vaskyk nie, en die verhaal eerder sien as een van 'n menslike wese wat worstel met die doodstyding.

In 'n onderhoud met Kobus Burger (1996:10) antwoord Venter ook soos volg op die vraag waarom hy slegs na “die pes” verwys terwyl dit tog duidelik is dat Konstant aan vigs sterf:

Eerder as om dit kanker, vigs of Ebola te noem, wou ek graag net praat van 'n terminale siekte. Ek wou dit meer universeel oordra omdat ek wou gehad het mense moet hierdie menslike wese sien wat worstel met sy dood, eerder as om vooroordele te vel oor die soort siekte waaraan hy sterwe. Ek wou die fokus rig op sy lyding, op al die emosies waardeur hy gegaan het: woede, aggressie, magteloosheid... Ek wou nie hê dat lesers daarby (vigs) vashaak en daarop hamer nie. Mense het baie vooroordele oor vigs.

Behalwe vir vooroordele oor vigs, word daar ook dikwels in resensies verwys na vooroordele oor homoseksualiteit. Volgens resensente is die vaagheid omtrent Jude se biologiese geslag byvoorbeeld 'n manier om die opvatting dat vigs slegs beperk is tot manlike homoseksuele gedrag te ondermyn. Soos Hambidge (1996:2) dit stel: "Venter vermy maklike slaggate deur nie sy karakter gay te maak nie, maar eerder te beklemtoon dat dit 'n siekte is wat alle mense kan tref." Ook Wasserman (1997:5) reken dat ten spyte van die feit dat die simptome van vigs "skreiend getrou" uitgebeeld word, die verswyging van die benaming "vigs" "opsigself kritiek is teen die stigma wat nog daaraan kleef." Die vaagheid omtrent Konstant se seksuele oriëntasie sluit hierby aan: ofskoon daar "wel suggesties van homoseksualiteit" is, word die "wanpersepsie af [gebreek] dat vigs net onder gays voorkom" (Wasserman, 1997:5).

Vir ander resensente is die dubbelsinnigheid omtrent Konstant se seksuele voorkeur⁸ en Jude se geslag eerder 'n manier om die roman toeganklik te maak vir 'n breër, heteronormatiewe lesersmark. Van der Merwe (2007) reken byvoorbeeld dat die ambivalensie omtrent Jude se geslag die karakters van Konstant en Jude binne 'n liefdesverhouding plaas waarmee heteroseksuele lesers kan identifiseer, en waardeur die verhaal 'n "breër toepaslikheid" kry. Alhoewel Van Coller (2005:6) Konstant se verhouding met sy pa lees in terme van Konstant se homoseksualiteit, sien hy die feit dat Jude se geslag onbeslis bly as een van die wyses waarop *Ek stamel* "die potensiaal om na effekbejag te neig" vermy:

Op die oog af is dit 'n werk met die potensiaal om na effekbejag te neig, omdat dit 'n sterk politieke aanklag bevat, beskryf hoe aangekyk word teen alternatiewe seksualiteit in weermaggeledere en boonop die sterwensproses in groot besonderhede beskrywe. Maar Venter stuur hiervan weg deur die siekte nooit naam te gee nie, die duidelik manlike Jude eerder androgeen voor te stel en veel eerder te konsentreer op die binnelewe as op die handeling van 'n karakter.

In teenstelling met Van der Merwe se implisiete aanname dat heteroseksuele lesers nie kan identifiseer met homoseksuele liefde nie, en dat slegs die potensiaal van heteroseksualiteit aan 'n verhaal 'n "breër toepaslikheid" kan gee; en die onderliggende heteronormatiewe implikasie van Van Coller se stelling dat die verswyging van 'n karakter se moontlike gay seksualiteit die boek weerhou van effekbejag, verdedig Toerien (1997:3) die roman se

⁸ Die vrae omtrent "seksuele voorkeur" is natuurlik gesetel binne die heteronormatiewe veronderstelling dat 'n persoon óf heteroseksueel óf homoseksueel is. Konstant en Jude kan beide waarskynlik veel eerder as "queer" beskryf word, soos in 4.3.1.1 bespreek sal word.

ambivalensie. Hy vra of hierdie kwessies enigsins ter sake is: “Dit kan hier moontlik om versluerde homoseksuele liefde en seks gaan, as ’n mens dan wil rondkrap in die teks, maar is dit ter sake?” Hy erken dat Jude moontlik manlik kan wees, maar vra dan tereg: “Maar verskyn Vigs dan net onder manlike homo’s? Soos die Jude-karakter daar staan, is ‘sy’ ’n heel geloofbare en fassinerende vrou.”

Ten spyte van hierdie vaagheid omtrent Jude se geslag en Konstant se seksualiteit, is *Ek stamel* skynbaar gekanoniseer as “gay literatuur” in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis *Perspektief & Profiel*. Henriette Roos (2006:62) verwys na *Ek stamel* in haar afdeling getiteld “Die gay-wêreld” en beskryf dit as “waarskynlik die beste teks onder die nuwe homo-erotiese publikasies”. Roos omskryf egter nooit presies wat sy met “homo-eroties” of dan selfs “gay” bedoel nie, tensy haar beskrywing met verwysing na Koos Prinsloo se werke as sodanig beskou kan word: “seksuele voorkeur [wat] die tradisionele kulturele aannames ondermyn” – ’n stelling wat eerder dui op ’n queer bewustheid as bloot “homo-erotiese” tematiek.

Waar dit in *Ek stamel* bloot by lesers se bespiegelings bly, is Konstant in *My beautiful death*, die Engelse vertaling van *Ek stamel* wat in 2006 verskyn het, eksplisiet homoseksueel, alhoewel hy nie ’n selfgeïdentifiseerde gay identiteit aanneem nie. In die vertaling is Jude onomwonde ’n man – iets wat Heyns (2006:18) lees in terme van ’n groter eerlikheid eerder as ’n verdraaiing van die oorspronklike teks:

In the Afrikaans original, Jude is at first, ingeniously but awkwardly, never referred to by personal pronoun, and later as ‘she’, but his/her sexual behaviour is pretty clearly that of a gay male rather than a woman. In the English, there is no such coyness: Jude is unabashedly male, for all that he does favour dresses and plaits.

Heyns se suggestie dat Jude se geslag in die oorspronklike Afrikaans verswyg is vanweë “bedeesdheid” word ook geëggo deur Johann de Lange (1996:16, in Greeff *et al.*) se siening van *Ek stamel*:

Vir die ingeligte leser is daar uiters subtiele aanduidings dat dit eintlik ’n verhole gay roman is en mens vra jouself af waarom die outeur nie dapper genoeg was om dit voluit so te skryf nie. Die sentrale tema, dié van ’n man met ’n eenvoudige boere-agtergrond wat in die vreemde vigs opdoen en met sy dood moet vrede maak, sou nie daaronder gelyk het nie. Dink mens in die eerste plek aan *Death in Venice* as ’n gay roman, of as ’n gróót roman?

Die enigste ander resensent wat die vaagheid omtrent Konstant se seksualiteit kritiseer, is Willem Burger (1997:2), aangesien dit volgens hom die “eerlikheid van die oënskyklik

openhartige ek-verteller” in gedrang bring. Hy reken dat Konstant se aangetrokkenheid tot Jude voordat hy van haar geslag bewus was, sowel as sy weersin in die verwagtings van sy pa, dui op “suggesties” van “die moontlikheid van Konstant se homoseksuele gedrag wat nooit beskryf word nie.” Onderliggend aan veral Heyns en Burger se kritiek is die veronderstelling dat identiteit en gedrag dieselfde is. Volgens Heyns tree Jude op volgens ’n tipiese model van gay manlike gedrag, en moet daarom ’n gay man wees. Burger se stelling maak die omgekeerde aanname: Konstant se identiteit lyk op dié van ’n gay man – wat stereotipies ’n problematiese verhouding met sy pa het – en hierdie identiteit impliseer gedrag, ofskoon hierdie gedrag nooit beskryf word nie.

4.2.2. *In the city of shy hunters*

Tom Spanbauer se derde roman, *In the city of shy hunters*, verskyn in 2001. Die verhaal word vertel vanuit die oogpunt van die protagonis, wat bekend staan as Will of Heaven, wat na New York (Wolf Swamp, soos die karakters daarna verwys) gekom het op soek na die verlore jeugvriend en liefde van sy lewe, Charlie 2Moons. In Manhattan, waar Will homself vestig, ontmoet hy ’n verskeidenheid kleurrike karakters, soos Ruby Prestigiacomo, ’n dwelmverslaafde; Fiona, ’n “performance artist” met vele identiteite; asook die pragtige en enigmatiese Rose, ook bekend as Argwings Khodek, ’n “drag queen” en ook “performance artist”. Dit is 1984, en in teenstelling met die lewendige toneel van kuns en “performance” waarin Will homself bevind met mense wat hy liefkry, is vigs ook ’n verwoestende realiteit, en teen die einde van die roman het die meeste karakters aan vigsverwante oorsake gesterf.

4.2.2.1 Ontvangs van *In the city of shy hunters*

*In the city of shy hunters*⁹ word duidelik binne die raamwerk van sogenaamde “gay literatuur” geplaas. Dit kan gesien word in resensies en besprekings wat verskyn het in publikasies soos *International gay & lesbian review* (Jonas, 2002); *Lambda book report* (Furtado, 2001); en *White Crane: gay wisdom & culture* (Young, 2007). Scott (2001:1814) plaas eweneens die roman onder “New gay and lesbian books”. Ten spyte van – of dalk as gevolg van – hierdie plasings verwys die meeste resensente na die problematiese klassifikasie van die roman eerstens as “gay literatuur” en tweedens as “vigsliteratuur”.

⁹ Voortaan sal hierna verwys word as *Shy hunters*.

Eagan (2001) waarsku byvoorbeeld “this is not a period piece or a work of queer fiction”, selfs al stem sy opsomming van die roman direk ooreen met Woods (1998:368) se beskrywing van die stereotipiese vigsroman in twee dele met sy voor-en-na-verdeling:

[Shy hunters] chronicles the coming-of-age story of a young man in the ‘80s as he comes to terms with himself, his sexuality, and gradually, the loss of most of his friends to the raging AIDS epidemic.

Ten spyte hiervan reken Eagan (2001) dat die roman bo enige klassifikasies van “gay roman” of “vigsroman” uitstyg: “Ultimately, this novel transcends classifications of being a queer novel or novel about AIDS. It is not about sex and gender. It is about the universal condition: the human condition.” In sy resensie wat deur die *National Book Critics Circle* gepubliseer word, sluit Kurth (2001) aan by Eagan deur die stelling te maak dat Spanbauer geen “gewone gay skrywer” is nie, alhoewel sy romans ruim gebruik maak van die “conventional coming-of-age, coming-to-terms, coming-out plots.”

Alhoewel die meeste karakters wat aan vigs sterf in *Shy hunters* gay of queer is, meld geen van die resensies dit nie. Oor die algemeen blyk die karakters se eksentrieke, enigmatiese persoonlikhede belangriker te wees as hul homoseksualiteit. Bergman (2001) verwys trouens glad nie eens na “gay” nie. Slegs Zaleski (2001) suggereer iets van die gelykstelling tussen homoseksualiteit en vigs, maar dan ook net met ironie en binne die tradisies van “gay literatuur”, as hy na aanleiding van die plot opmerk: “AIDS, gay fiction’s great leveler, has already begun claiming victims”.

In vergelyking met *Ek stamel*, word daar in resensies van *Shy hunters* veel minder aandag aan die temas van homoseksualiteit geskenk. Die karakter van Will of Heaven is nie seksueel minder ambivalent as dié van Konstant Wasserman in *Ek stamel* nie, maar sy seksualiteit blyk nie ’n belangrike besprekingspunt vir resensente te wees nie. Dit kan toegedig word aan die feit dat die geslag van Will se minnaars altyd duidelik is, maar dit is waarskynlik eerder ’n gevolg van ’n kombinasie van verskeie faktore: die verskille tussen die Afrikaanse en Amerikaanse lesersmark (daar is byvoorbeeld ’n baie sterker tradisie van gay temas en vigsliteratuur in die Amerikaanse letterkunde); die vyf jaar wat verloop het tussen die verskynings van hierdie twee romans; en die feit dat die meerderheid resensies verskyn het in publikasies wat spesifiek op ’n sogenaamde gay mark gerig is en dus reeds sekere verwagtinge en veronderstellings rakende klassifikasie dra.

4.2.3 *Het derde huwelijk*

Het derde huwelijk verskyn in 2006 en is Tom Lanoye se sesde roman. Die verhaal word vertel uit die oogpunt van Maarten Seebregs, 'n selfgeïdentifiseerde “nicht” (’n gay man). Maarten is sieklik, alhoewel die oorsaak van sy siektetoestand nooit genoem word nie. Sy minnaar, Gaëtan, is jare vantevore oorlede aan ’n ernstige, ongenoemde siekte. Maarten kry ’n aanbod van ene Vandessel om teen vergoeding ’n onwettige huwelik met Vandessel se verloofde, Tamara, aan te gaan sodat sy burgerskap kan verkry. Maarten stem in en die gebeure in die hede handel oor sy huwelik met Tamara, konflik tussen hom en Vandessel, asook Tamara se geheime liefde. Die vertelling van sy lewe saam met Tamara word afgewissel met herinneringe aan Gaëtan en hulle lewe saam. Maarten se toestand versleg en hy pleeg uiteindelik selfmoord deur met sy verswakte liggaam die see in te stap.

4.2.3.1 Ontvangs van *Het derde huwelijk*

Maarten is ’n selfgeïdentifiseerde gay man, of soos hy na homself verwys, ’n “nicht”, maar anders as *Ek stamel* en *Shy hunters*, sien *Het derde huwelijk*¹⁰ geheel en al af van die struktuur en plot van ’n stereotipiese vigsroman (die “conventional coming-of-age, coming-to-terms, coming-out plots” waarna Kurth (2001) verwys; en die “before-and-after-fiction” wat Woods (1998:368) geïdentifiseer het).

Oor die algemeen is die temas van homoseksualiteit en vigs skynbaar ook nie van veel belang vir resensente nie. In ’n resensie wat in *De Groene Amsterdammer* verskyn het, is Hart (2006) trouens die enigste resensient wat verwys na die moontlike geyktheid van temas soos vigs en homoseksualiteit, maar dan ook net binne die groter konteks van maatskaplike en politiese probleme:

[Bij Lanoye klinken] ook in dit boek in alle scènes maatschappelijke en politieke kwesties door. Aids, asielzoekers, consumentisme, emancipatie van homoseksuelen. Het speelt allemaal een rol en bij een slechte schrijver zou het allemaal om te gapen zo vervelend kunnen zijn. God, alweer een homo die het moeilijk heeft en negers worden onderdrukt. Maar juist door het spel van stem en tegenstem dat Lanoye vernuftig opvoert slaagt hij erin van zijn personages geen vertegenwoordigers te maken van moreel correcte meningen die het gelijk allemaal al van te voren aan hun kant hebben.

¹⁰ Voortaan sal hierna verwys word as *Huwelijk*.

Die potensiaal vir geyktheid in *Huwelijk* gaan vir Hart dus nie oor die hantering van 'n gay karakter of die vigsstema nie – homoseksualiteit en vigs is maar net nóg polities-sosiale probleme soos soveel ander. Anders as met die ontvangs van *Ek stamel* en *Shy hunters*, word homoseksualiteit en vigs in *Huwelijk* dus nie uitgelig as die vernaamste temas wat die roman karakteriseer nie.

Die feit dat die roman nie self na vigs verwys nie, dra sekerlik by hiertoe. In 'n onderhoud met Vankersschaever (2010) in *De standaard* oor die luisterdrama wat Tom Lanoye saam met Tom van Dyck vervaardig het as 'n "audioverwerking" van *Huwelijk*, som Lanoye self die boek soos volg op: "In *Huwelijk* heb je Maarten Seebregs, een homoseksueel met aids die zijn laatste maanden ingaat." Ten spyte hiervan is vigs nêrens in die roman ter sprake nie. Die siekte waaraan Maarten ly, word nie genoem nie, en anders as in *Ek stamel* word die simptome van vigs nie eens by hom beskryf sodat die ingeligte leser self die afleiding kan maak nie. Ten spyte hiervan is dit opvallend dat die aanname steeds onder resensente voorkom dat Maarten aan vigs ly en dat Gaëtan aan vigs oorlede is. Selfs al vermeld die roman self nie vigs nie, word dit steeds in 'n mindere of meerdere mate binne die raamwerke van die vigsdiskoers gelees.

Die meeste resensente skenk egter nie veel aandag aan Maarten se siektetoestand of Gaëtan se sterfte nie – hulle onderskeie bydraes tot die verhaallyn en groter tematiek word eerder beklemtoon. Van de Voorde (2007) merk byvoorbeeld net op dat Gaëtan aan 'n terminale siekte gesterf het; en Wybenga (2007) verwys slegs na Maarten as "[e]en bijna zestigjarige, doodzieke homofiel". In die lig hiervan is dit des te meer opvallend dat sommige resensente wél die aanname maak dat Maarten aan vigs ly of dat Gaëtan daaraan gesterf het. Opmerkings hieroor word terloops gemaak as uitbreiding op 'n karakterbeskrywing, of dien as illustrasie van 'n onverwante standpunt.

In haar resensie in die oggendkoerant in die *nrc.next*, beskryf Etty (2006) Maarten gevolglik as 'n "homoseksuele aids- of kankerpatiënt". Sy bied geen motivering of verduideliking vir waarom sy hom as 'n vigslyer beskou nie. Hierdie gebrek aan 'n verduideliking is ook te sien in Hart (2006) se resensie waar hy verwys na Gaëtan se sterfte om sy opmerking oor Lanoye se skryfstyl te illustreer:

Lanoye is een meester van de schijnbeweging. Hij beschrijft allerlei verdrietige, pijnlijke en soms rechtstreeks moorddadige situaties zonder dat je het gevoel krijgt dat het allemaal heel erg is. Seebregs vriend is bijvoorbeeld kortgeleden aan de gevolgen van aids overleden. Lanoye geeft van de laatste verschrikkelijke dagen een nauwkeurig verslag, zo is hij wel,

maar hij zorgt er steeds voor dat ons de tranen niet in de ogen springen, het mag van deze zeer precies opererende schrijver nooit sentimenteel worden.

Bogenoemde voorbeelde dui daarop dat die gelykstelling tussen homoseksualiteit en vigs hier subtiel aanwesig is. Hierdie gelykstelling en aannames hoef nie eers gemotiveer te word nie, só skynbaar algemeen aanvaarbaar is die aanname dat 'n gay man wat siek is, noodwendig siek is aan vigs.

Hierdie idee word bevestig in 'n onderhoud wat Vervoort (2006) in die Belgiese *Nieuwsblad* met Lanoye gevoer het. Vervoort stel die volgende vraag: “Gaëtan, de levenspartner van Maarten, is gestorven aan een ziekte. Ook Maarten is ernstig ziek. Is het erg dat ik spontaan aan aids dacht?” Hierop antwoord Lanoye:

Helemaal niet, maar die term valt in het boek niet één keer. Het is ook niet echt belangrijk aan welke ziekte Gaëtan overleden is of Maarten lijdt. In *Kartonnen dozen* wordt de term homo, jannet, homoseksualiteit of, god beware me, homofilie nergens genoemd. Dat is ook geen thema of materiaal op zich. De gevolgen zijn belangrijk. De manier waarop mensen met hun seksualiteit in relatie met de andere omgaan.

Waar Venter doelbewus poog om vooroordeel teen homoseksualiteit en vigs te systap deur eksplisiete verwysings hierna in *Ek stamel* te vermy, dui Lanoye se beskouing eerder op 'n poging tot 'n naturalisering van hierdie temas. Volgens hom is homoseksualiteit of vigs, in teenstelling met heteronormatiewe beskouings hiervan, nie “vreemd” of “anders” genoeg om waardige literêre temas op sigself te wees nie. Venter erken dus die potensiaal van omstredenheid wat verwysings na homoseksualiteit en vigs besit, terwyl dit volgens Lanoye bloot nie belangrik is nie.

Alhoewel die resensente van *Huwelijk* dit ook nie as belangrik genoeg ag om veel bespreking daaraan te wy nie, is dit duidelik uit hulle aannames dat die roman steeds binne die vigsdiskoers geplaas word: die feit dat die siek protagonis gay is en sy gay minnaar ook na 'n siekbed oorlede is, roep onmiddellik “vigs” op by 'n leserspubliek wat in die gelykstelling “homoseksualiteit = vigs” glo.¹¹ Ten spyte van die feit dat vigs nie by name genoem word of selfs eksplisiet aangedui word nie, en ongeag die skrywer se uitsprake omtrent die roman, word die roman dus binne die raamwerk van die vigsdiskoers geplaas en gelees.

¹¹ Vgl. Jones (1993:229) se bewering dat lesers se kultureel-gedetermineerde veronderstelling dat “homoseksualiteit = vigs” hul beskouing van gay karakters bepaal.

Die drie romans, *Ek stamel*, *Shy hunters* en *Huwelijk* tree op verskillende wyses in gesprek met die heersende vigsdiskoers. *Ek stamel* noem nooit vigs by die naam nie, alhoewel die beskrywing van Konstant se simptome duidelik dui op dié van vigs. In *Shy hunters* speel vigs 'n onomwonde, onverbloemde en onapologetiese rol; en in *Huwelijk*, waar vigs glad nie eens direk geïmpliseer word nie, word dit ingelees na aanleiding van die merkers van homoseksualiteit.

4.3 Die romans as queer tekste

'n Heersende tendens in queer teorie is om gekanoniseerde kulturele tekste ondermynend te lees om die inherente onstabiliteit en onsamehangendheid van heteronormatiewe aannames soos in die teks vervat, aan te dui.¹² Hierdie benadering is egter geneig om die feit te ignoreer dat heelwat tekste reeds opsigself kritiek lewer teen sekere verskynsels in die samelewing, en dus reeds ondermynend te werk gaan. Die romans wat gekies is vir hierdie studie val in hierdie kategorie en maak van verskillende queer strategieë gebruik om heteronormatiewe voorveronderstellings rakende homoseksualiteit, vigs en dood te destabiliseer. Die romans kan met ander woorde as queer representasies van vigs beskou word: in die eerste plek lewer dit 'n blik op vigs en vigslyers wat indruis teen en onversoenbaar is met dit wat as normatief beskou word; en in die tweede plek bied die romans 'n queer lesing van die heteronormatiewe vigsdiskoers, dit wil sê 'n ontwrigting, ondermyning en transformasie van die terme van die dominante vigsdiskoers.

In hierdie afdeling gaan die eerste van hierdie aspekte bespreek word, naamlik die queer representasie van vigs en vigslyers wat hierdie romans bied. Hierdie queerheid vind neerslag in die tematiek, met ander woorde hoe die karakters en protagoniste daar uitsien, hoe hulle hulself en ander beskou in terme van identiteit. Tweedens is die queer aard van die romans op 'n tegniese vlak geleë waar gefokus word op taal en veral die performatiewe funksie van taal, sowel op die simboliese, waar signifikasie betekenis vorm. Die romans plaas 'n heteronormatiewe proses van betekenisvorming op die voorgrond, en ontwig dit deur die verhouding tussen betekende en betekenaar te kompliseer en sodoende 'n heteronormatiewe aandrang op die betekenaar af te wys.

Tematies gesproke kompliseer die uitbeeldings van die karakters in die romans heteronormatiewe identiteitskategorieë soos gender en seksualiteit deur dit nie as 'n vaste

¹² Eve Kosofsky Sedgwick se *Epistemology of the closet* (2008[1990]) is 'n seminale voorbeeld hiervan. Vir kritiek op hierdie benadering in die algemeen en Sedgwick in die besonder, sien Siegel (2005).

gegewe of essensie te sien nie, maar as 'n sosiale konstruksie en performatiewe uiting. In *Ek stamel* bied Jude se optrede en voorkoms weerstand teen 'n maklike samesmelting van geslag en gender, en Konstant se gedrag kompliseer aannames rakende sy seksualiteit. Geen van die sentrale karakters in *Shy hunters* kan maklik gekategoriseer word in terme van heteronormatiewe identiteitskategorieë nie, met Rose die duidelikste voorbeeld hiervan in terme van gender; en Will in terme van seksualiteit. In teenstelling hiermee voldoen Maarten en Gaëtan in *Huwelijk* oënskynlik aan die voor die hand liggende heteronormatiewe identiteitskategorie van homoseksualiteit, maar veral Maarten se gedrag en optrede kompliseer 'n maklike plasing. Uiteindelik kan al hierdie karakters as queer beskou word deurdat hulle uitdrukkings van identiteit die idee van identiteit oopstel en betwisbaar maak in terme van betekenis en selfs politiese rol. Hierdie afwysing van 'n vasgestelde, essensiële identiteit en ontwrigting van 'n heteronormatiewe samesmelting van geslag, gender en seksualiteit het implikasies vir 'n vigsdiskoers wat identiteit en gedrag gelykstel en sodoende 'n gelykstelling soos “homoseksualiteit = vigs” kan voorhou.

Verder word die spanning tussen skyn en werklikheid, of betekende en betekenaar, ook as algemene vertelstrategie gebruik – in *Ek stamel* en *Shy hunters* – of as tema, in *Huwelijk*. Al drie romans beklemtoon die onbetroubaarheid van dit wat gesê word, byvoorbeeld deur die herhaling van 'n frases soos “But it's not the truth” in *Shy hunters* en 'n woord soos “Correctie” in *Huwelijk*. Behalwe om die onbetroubaarheid van die vertellers uit te druk, plaas dit ook die onvermoë van taal om akkuraat te benoem op die voorgrond, en ontwig sodoende die heteronormatiewe proses van signifikasie, waar 'n verband tussen betekende en betekenaar aangeneem word. In *Ek stamel* toon die gebruik van geykte vaste uitdrukkings en idiome die metaforiese aard van taal aan en in *Shy hunters* veroorsaak die herhalende gebruik van sekere frases dat die roman byna geheel self-referensieel word, waardeur die betekende op die voorgrond geplaas word.

Hierdie kenmerke is nie uniek aan literêre werke met gay temas of aan vigsliteratuur nie. Fragmente, gapings, herhalings en aanhalings, sowel as onbepaaldheid, die performatiewe, die onvoorstelbare en verset teen die mimetiese is immers algemene kenmerke van die postmodernistiese tradisie waarin hierdie romans verskyn (Van der Merwe & Viljoen, 1998:44-48). In hierdie spesifieke romans dra hierdie verskynsels egter by tot die wyse waarop 'n heteronormatiewe vigsdiskoers deur queer strategieë ondermyn word.

4.3.1 *Ek stamel ek sterwe*

4.3.1.1 Destabilisering van identiteitskategorieë

Die uitbeelding van Jude in *Ek stamel* is die duidelikste voorbeeld van die wyse waarop die roman heteronormatiewe identiteitskategorieë ontwig. Die wyse waarop Jude uitgebeeld word bied weerstand teen 'n gemaklike gelykstelling van geslag en gender. Dis reeds duidelik wanneer Konstant haar¹³ die eerste keer ontmoet en die klem geplaas word op haar as mens sonder enige vooropgestelde verwagting van haar geslag of selfs gender:

'n Entjie voor my merk ek 'n *persoon* alleen op 'n groot wit sofa sit. Langs die sofa is 'n glasniertjie op 'n sandsteen met 'n glas witwyn daarop. Ek bly *die mens* dophou. Die wyn op die tafeltjie bly onaangeraak asof *die persoon* wil bewys dat selfs 'n slukkie wyn onnodig is as kruk vir sulke isolasie te midde van al die gefuif en gebabbel.

Hoe lank kan jy 'n *mens* dophou sonder om gesien te word? Dis net 'n kwessie van tyd. Maar ten aansien van so 'n teenwoordigheid! (Venter, 2005:46) (my kursivering)

In die eerste drie gevalle is die beskrywings van “'n persoon” of “'n mens” 'n opvallende manier om 'n beskrywing soos “'n man” of “'n vrou” sowel as persoonlike voornaamwoorde wat geslag aandui, te vermy. In die sin “Hoe lank kan jy 'n mens dophou” sou die eweneens neutrale “iemand” egter taalkundig meer algemeen gewees het, maar deur die opvallende neutrale verwysing na “'n mens” te herhaal, word die vorige vermyding van persoonlike voornaamwoorde beklemtoon.

In skynbare teenstelling hiermee skep Konstant se latere vraag “En wat, as ek mag vra, is jy van geslag?” (Venter, 2005:47) die indruk dat die gender-neutrale verwysings na Jude nie bloot 'n vertelstrategie is nie, maar eerder omdat Jude se geslag regtig vir Konstant onduidelik is. Dat haar geslag wel nie belangrik is nie, is egter ook duidelik. Konstant wonder nie verder hieroor nie, maar antwoord dadelik sy eie vraag: “Dis onmoontlik om vas te stel: dubbelslagter, hartesmelter, djy's Djude, nè?” waar die klem weereens op Jude as mens geplaas word, en uitsluitel oor haar geslag bly irrelevant. Eers 'n bladsy later is daar 'n verwysing wat moontlik uitsluitel oor Jude se geslag kan gee:

Wat doen jy om jousef aan die lewe te hou, waar kom jy vandaan, waar woon jy, waar het jy skool gegaan, was jy op universiteit, het jy in die army afgetjop – ons hou die landswydbekende uitkenparade. (Venter, 2005:48)

¹³ Ten spyte van die polemieë oor Jude se biologiese geslag, verwys ek na Jude as “sy” om die roman se integriteit te behou. Ek wil egter nie daarmee beweer dat ek die finale antwoord het oor haar geslag nie, of selfs dat uitsluitel hieroor belangrik is nie.

Die verwysing na die weermag – wat Jude as biologies manlik sou geëien het – word terloops genoem en afgemaak as bloot deel van ’n “landswydbekende uitkenparade”, ’n sosiale strategie om op ’n oppervlakkige wyse mense te leer ken. As gevolg van die bewussynstroomtegniek waarin Konstant gebeurte beskryf, is dit ook nie duidelik of hy hierdie vraag aan Jude stel, of sy dit aan hom stel, en of hulle dit aan mekaar stel nie.

Konstant verwys eers agt bladsye ná hulle aanvanklike ontmoeting terloops na Jude as “sy” (Venter, 2005:54). Dit word sonder enige aankondiging of verduideliking gedoen en is geensins ’n eksplisiete verklaring van haar biologiese geslag nie. Die wyse waarop Konstant na Jude verwys en haar beskryf, is dus ’n aanduiding dat eerder as ’n onmiddellike betekenisraamwerk, geslag toevallig is. Hierdeur word die mees algemene heteronormatiewe gelykstelling, naamlik dat geslag en gender ooreenkom, ook ontwig. Die eerste keer wat Konstant vir Jude sien, dra sy ’n “monnikekleed” (wat dui op ’n manlike kledingstuk), maar beskryf dit ook as ’n “rok”, wat met die vroulike gender geassosieer word (Venter, 2005:46). Later beskryf hy die inhoud van haar klerekas, met onder andere langbroeke, Skotse rompies, gebleikte onderklere, sakdoeke, serpe en doeke, sokkies en sykouse, sandale en stewels (Venter, 2005:59) – ’n versameling kledingstukke wat as verteenwoordigend van beide genders beskou kan word. Die wyse waarop Jude uitgebeeld word bevestig dat gender, soos geslag, nie ’n vasgestelde, stabiele essensie is nie: dit is ’n effek van tekens wat herhaaldelik uitgevoer word, en bowendien kan die tekens wat Jude deur middel van haar kleredrag uitvoer, nie aan ’n eenduidige genderkategorie gekoppel word nie. Die onmoontlikheid om Jude onomwonde as óf manlik óf vroulik, óf heteroseksueel óf homoseksueel te plaas, bevestig die idee dat queerheid nooit ’n identiteit kan definieer nie, maar enige identiteit kan ontwig. Jude se queer identiteit is ’n strukturele posisie van teenstelling eerder as ’n vasgestelde essensie.

Aangesien heteronormatiewe beskouings van identiteit ’n normatiewe verhouding tussen geslag, gender en seksualiteit veronderstel – naamlik dat ’n biologiese vrou ’n vroulike sosiale identiteit uitdruk en aangetrokke is tot ’n biologiese man wat ’n manlike sosiale identiteit uitdruk – het die wyse waarop Jude geslag en gender kompliseer implikasies vir die beskouing van haar sowel as Konstant se seksualiteit. As Jude as biologies manlik gelees word, is sy homoseksueel; en as biologiese vrou ondermyn sy deur middel van haar seksualiteit die passiewe, monogame seksualiteit en lae seksdrang wat heteronormatief ’n vroulike gender sou kenmerk (vgl. Sinfield, 1997:204,207). Verder berus spekulasies oor Konstant se seksualiteit grootliks op Jude se biologiese geslag. Die verband wat hier getrek word tussen Konstant se seksualiteit en sy verhouding met Jude, beklemtoon die wyse waarop gedrag (seksuele verhoudings met ’n sekere geslag/gender) gelykgestel word aan

identiteit, wat saamhang met die heteronormatiewe veronderstelling dat iemand óf heteroseksueel óf homoseksueel is. Konstant se minnaar is egter nie kategoriseerbaar in terme van geslag of gender nie, en gevolglik is Konstant se seksualiteit ook nie kategoriseerbaar nie. Sodoende word die heteronormatiewe betekenisraamwerk waarbinne seksualiteit gekoppel word aan die geslag en gender van iemand se keuse in minnaars gedestabiliseer.

Om *Ek stamel* se destabilisering van heteronormatiewe identiteitskategorieë en die veronderstelde normatiewe verhouding tussen hierdie kategorieë te illustreer, kan verwys word na Heyns (2006:18) se stelling in terme van Jude se geslag en seksualiteit: “his/her sexual behaviour is pretty clearly that of a gay male rather than a woman”. Jude se “seksuele gedrag” sluit terloopse, promiskue en soms selfs publieke seksuele ontmoetings in, wat tekenend is van gedrag wat tradisioneel as non-heteronormatief beskou word (Rubin, 2007:160).

Indien Jude ’n gay man is, sal Konstant volgens heteronormatiewe logika noodwendig ook homoseksueel wees, selfs al neem hy nie ’n gay identiteit aan nie. Konstant se optrede is egter teenstrydig met die optrede wat Jude sogenaamd kenmerk as ’n “gay male”: anders as die veronderstelde gay manlike optrede van Jude, heg Konstant waarde aan getrouheid en monogamie, tradisioneel beskou as kenmerke van normatiewe heteroseksuele gedrag (vgl, Rubin, 2007:160). Indien optrede gelykstaan aan identiteit, soos Heyns redeneer, is Konstant volgens hierdie argument ’n verholle heteroseksuele vrou. Die ontwrigting van identiteitskategorieë in *Ek stamel* destabiliseer dus nie net die kategorieë op sigself nie, maar ondermyn ook die heteronormatiewe logika wat veronderstel dat hierdie kategorieë in ’n sekere verhouding tot mekaar staan, en aangesien heteronormatiewe identiteitskategorieë berus op signifikasie, word die hele proses van heteronormatiewe betekenisvorming ondergrawe.

4.3.1.2 Spanning tussen betekende en betekenaar as vertelstrategie

In *Ek stamel* word Konstant as eerste persoonverteller veral gekarakteriseer deur die wyse waarop hy Afrikaanse idioome en vaste uitdrukkings gebruik en verdraai. Dit beklemtoon die spanning wat Konstant ervaar tussen sy tradisionele Afrikaner-afkoms en sy “alternatiewe” of “rebelse” leefstyl in terme van, onder andere, emigrasie, vegetarisme en die aard van sy verhouding met Jude. As hierdie gebruik van idioome egter nie bloot net as karakteriseringsstegniek beskou word nie, maar as integrale eienskap van die roman self, is

dit 'n representasie van 'n sienswyse van taal wat sekere implikasies vir die beskouing van betekenis en signifikasie inhou.

In sy gedagtestroom gebruik Konstant heelwat Afrikaanse idiome en vaste uitdrukkings in hul tradisionele vorme, byvoorbeeld: “nuwe blaadjie omblaai” (Venter, 2005:82); “oor my dooie liggaam” (2005:85); “oor 'n mik gewerk” (2005:96); “[s]kuldige gewete ry haar” (2005:126); “begin maak en breek” (2005:127); “ek’s nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie” (2005:177); “hy [sit] nie om dieselfde vuur as [iemand nie]” (2005:179); “julle ore tuit” (2005:200). Hierdie uitdrukkings is baie bekend in Afrikaans, in so 'n mate dat dit nie soseer meer as metafore herken word nie. Dit het geyk geword, en is nou as’t ware “dooie metafore”. Deur herhaaldelik uitdrukkings en idiome soos hierdie in oormaat te gebruik, word hierdie tipe taalgebruik op die voorgrond geplaas. Sodoende werk dit vervreemdend en die arbitrêre verband tussen die betekende en die betekenaar word beklemtoon, byvoorbeeld as 'n uitdrukking soos “ek’s nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie” as betekenaar verwys na 'n skynbaar arbitrêre betekende soos “ek’s nie dom nie.”

Dat die oormatige gebruik van idiomatiese taalgebruik dui op 'n oorbeklemtoning van betekenaars en die moontlike verdoeseling van betekendes word deur Jude uitgewys in 'n gesprek met Konstant:

Het jy al ooit daaraan gedink dat jóú wonderlike idiomatiese manier van praat, hoe geswind dit ook al mag wees, en glo my, iets wat ek jou nie kan nadoen nie, jou een stap weghou van jouself, van die werklikheid?... Jy is nie meer in staat om jouself uit te sê nie. (Venter, 2005:123)

Hierin is dit duidelik dat Konstant se gebruik van idiome nie net 'n manier is om sy Afrikanerafkoms aan te toon nie, maar dat dit iets wesenliks oor die beskouing van taal aandui. Die gaping tussen woorde en die werklikheid wat die woorde kwansuis representeer, is besonder opsigtelik by idiome. Die beklemtoning van die idee dat idiome “jou een stap weghou van jouself, van die werklikheid” suggereer ook iets van die idee dat alle taal in 'n sekere opsig metafories is – 'n arbitrêre verbintenis tussen betekende en betekenaar.

Verder word bekende uitdrukkings en idiome ook subtiel in Konstant se bewussynstroom omvorm, byvoorbeeld “alles is nie net maanskyn en dose nie” (Venter, 2005:41); “op sy tweede dag vee die besem skoner” (2005:97); “laat my een hand nie weet wat die ander een was nie” (2005:124); “ek en Jude is van bed en tafel geskei, ons eet nog saam mieliepap, maar die boud, aai, die boud, ek bedoel bed, Shane” (2005:128); “Og, en is ek in die huis

nie daarvan bewus dat ydelheid die duiwel se oorkussing is nie” (2005:129); “Jou talent is enig: om mense na hulle eie drinkbak te lei om daar gekom te skep van hulle eie water” (2005:151) en “Ek wil nie sommer met die been in die huis val nie” (2005:200).

As die uitdrukking in geheel gesien word as ’n betekenaar, beklemtoon hierdie omvorming van geykte uitdrukings en idiome die onstabiliteit van die betekenaar/betekenis-paar, aangesien die betekenaar verander kan word en tog steeds herkenbaar bly – die woorde “op sy tweede dag vee die besem skoner” roep dadelik die idioom “’n nuwe besem vee skoon” op, alhoewel dit nie is wat daar staan nie. Dit is egter nie bloot ’n geval van vervanging waar die nuwe uitdrukking as sinoniem dien vir die oorspronklike idioom nie – die nuwe uitdrukking dra ’n ander betekenis. Die nuwe uitdrukking is afhanklik van die oorspronklike idioom vir betekenis, maar dit is betekenis wat net kan bestaan vanweë die verskil tussen die nuwe uitdrukking en die oorspronklike idioom. Dit kan dus gesien word in terme van *différance*: die nuwe uitdrukking het slegs betekenis in terme van die oorspronklike, en so word ’n vaste betekenis uitgestel – dit is nie teenwoordig in die nuwe uitdrukking nie, maar ook nie in die oorspronklike nie. Terselfdertyd klink die oorspronklike betekenis steeds in die nuwe uitdrukking, en sodoende kom ’n meervoudigheid in betekenis tot stand.

Hierdie verskynsel is nog duideliker in nuwe uitdrukings wat bestaan uit twee bestaande idiome, soos “laat my een hand nie weet wat die ander een was nie” (Venter, 2005:124) wat steeds herkenbaar is as ’n samesmelting van “laat die een hand die ander was” sowel as “laat my een hand nie weet wat die ander doen nie”. Die betekenis van “laat my een hand nie weet wat die ander een was nie” is egter meer as net die verwysing na die twee oorspronklike idiome en hulle betekenis – die betekenis wat tot stand gebring word, is geleë in die verskil tussen die nuwe saamgestelde uitdrukking en die oorspronklike idiome waaruit dit saamgestel is.

Dit is veral duidelik in ’n uitdrukking soos “ek wil nie sommer met die been in die huis val nie” (Venter, 2005:200). Hier is slegs die idioom “met die deur in die huis val” herkenbaar, en die afleiding kan gemaak word dat die “been” in hierdie geval verwys na ’n letterlike been: Konstant skryf aan sy ouers omtrent sy siekte, so dit is moontlik dat hy verwys na die bloukolle op sy been, en sodoende bedoel dat hy nie sy siekte sonder inleiding wil noem nie. Omdat die raamwerk van ’n idioom egter reeds daar is, roep die samesmelting “met die been in die huis val” onmiddellik idiome te doen met “been” op, bloot as gevolg van die vorm van die betekenaar “met die been in die huis val”. Idiome wat by die leser opkom, is byvoorbeeld “op die been wees” of “op die been gebring”, wat albei ironies maar gepas aansluit by die konteks. Geen van hierdie idiome is in die uitdrukking “met die been in die huis val”

aanwesig nie, maar die verskil tussen hierdie frase en die oorspronklike idioom open die moontlikhede van nog assosiasies en betekenisse, en uiteindelik is die betekenis van “met die been in die huis val” nie aanwesig in sigself nie, en kan dit ook nie enkelduidig bepaal word nie.

In terme van styl is *Ek stamel* dus gemoeid met die idiomatiese aard van taal en die gaping tussen betekende en betekenaar, waar taal representatief gebruik word eerder as referensieel – wat dus weerstand bied teen die aanname van ’n verband tussen betekenaar en betekende.

4.3.2 In the city of shy hunters

4.3.2.1 Destabilisering van identiteitskategorieë

Shy hunters representeer in ’n sekere mate ’n gay of queer subkultuur. Heelwat karakters word ook beskryf in terme van hul seksualiteit, soos byvoorbeeld een van Will se medekelners, Mack, wat deur Fiona beskryf word as “*Thee... perfect... gay... man*” (Spanbauer, 2001:72) as sy Will aan hom voorstel; Fiona se broers wat as die “Hyannisport Homos” of die “YUFAs” (Young Urban Faggot Attorneys) bekend staan; en Harry wat gereeld beskryf word as “New York’s only Roman Catholic homosexual”. In vergelyking hiermee is dit opvallend dat die meeste karakters, ongeag die feit dat daar na dieselfde-geslag seksuele verhoudings verwys word, nooit as “gay” of selfs “homoseksueel” benoem word nie, byvoorbeeld True Shot, Ruby Prestigiacomo, Charlie 2Moons/Fred, Rose en Fiona.

Hierdie diskrepansie tussen die wyse waarop sommige karakters as gay bestempel word en ander nie, ten spyte van hul gedrag, suggereer dat identiteit geheel los staan van gedrag. Daar word na geen van die benoemde gay mans – Mack, Fiona se broers en Harry – se romantiese of seksuele verhoudinge verwys nie, terwyl die ander karakters uitgebeeld word in terme van romantiese en/of seksuele aangetrokkenheid tot dieselfde geslag, maar nogtans nie gay genoem word nie. Hiermee toon die roman aan dat sommige persone ’n gay identiteit het, ongeag hul gedrag, terwyl ander aangetrokke is tot of verhoudings het met persone van dieselfde geslag, dit wil sê homoseksuele gedrag toon, maar nie ’n gay identiteit aanneem nie. Sodoende word heteronormatiewe identiteitskategorieë wat berus op die gelykstelling van identiteit en gedrag gedestabiliseer. Die kunsmatigheid van kategorieë soos “gay” en “homoseksueel” word aangetoon, aangesien die betekenaar, of die term, nie noodwendig dui op ’n vasgestelde, stabiele identiteit nie.

Die onmoontlikheid van 'n vasgestelde, stabiele identiteit word veral deur Will aangedui. Sy seksuele identiteit is kompleks, veranderend, en is nie gebaseer op seksuele gedrag nie. Aanvanklik vermy hy enige kategorisering as Fiona en Harry hom uitvra (Spanbauer, 2001:83). Op Fiona se vraag "So you like boys?" antwoord Will ontwykend "No, I said, too quickly, then: Well, I mean..." Hierop reageer Harry met "Hell, you ain't one of them bi-sekshuls, are you?" Op die ou end verduidelik Will dat hy wel seks het met mans en vrouens, maar tog ook nie in die relatief vaste identiteitskategorie van "biseksueel" pas nie. Dis duidelik as Fiona hom vra of hy aan mans of vrouens of beide dink as hy op 'n "Green Date" is (masturbeer), en Will antwoord: "Charlie, I said. I think about Charlie 2Moons." (Spanbauer, 2001:196).

Later in die roman identifiseer Will homself wel as gay. Hy het 'n "gay pride parade" bygewoon, en na die tyd konfronteer Rose hom daaroor:

I saw you at the parade, Rose said.

In my forearms.

How could you? I said. I was hiding.

You can't hide from me, Rose said.

The prizefighter bump on Rose's nose, his eight-ball cheeks, the inside color of Rose's lips, not sunset but purple red.

Then: Gay, Rose said. You can say it.

My lips were rubber bands around the word. The word that hurts.

Gay, I said.

And proud, I said.

I smiled.

Sweat all over on Rose's face, his head, rolling down his neck.

Rose smiled too.

We're queer, Rose said, And we're here.

The lucid compulsion, I said.

Cop an attitude, Rose said. A fuck-you-motherfucker kind of joy. (Spanbauer, 2001:312)

Die feit dat dit 'n parade is, met al die assosiasies van vertoon en spel en "performance", wat lei tot Will se identifikasie, verleen 'n nuanse van performatiwiteit aan hierdie bekentenis van hom. Dit word geëggo in Will se woorde voordat hy die parade bywoon: "Let gay, let pride, happen to me" (Spanbauer, 2001:305). Eerder as 'n uitdrukking van 'n ware, essensiële identiteit, dui Will se assosiasie met 'n gay identiteitskategorie daarop dat identiteit performatief is: dit bestaan uit die uitvoering van tekens, soos Will wat 'n gay parade bywoon en homself gay noem. Die woorde wat weggelaat is uit die verwysing "[t]he lucid

compulsion”, naamlik “to act polemically” bevestig die idee dat dit hier gaan om ’n uitvoering van identiteit. Die verwysing na gay as “[t]he word that hurts” – soos vigs ook later genoem word – plaas ook op die voorgrond dat dit ’n woord is, ’n benaming, en nie ’n vaste, stabiele entiteit nie.

Will noem homself ook gay wanneer Rose inmeekaarsak en deur ’n ambulans opgelaaai word. Dit is ook die enigste keer dat daar na Rose as gay verwys word, by monde van die ambulansman: “Gay, he said. He’s gay. We’d better take him in.” (Spanbauer, 2001:318). Die ambulansman reageer hier op sy kollega se bewering dat Rose maar net griep het, en voorstel dat hy aspirien moet neem, baie vloeistowwe inneem en rus. Oënskynlik word hier dus ’n kousale verband getrek tussen gay-wees en vigs: wat simptome van griep in enigiemand anders sou wees, is ’n aanduiding van vigs in ’n gay man. In antwoord hierop sê Will:

I’m gay too, I said.

The brown ambulance guy looked up at me. His face was round, and he had a diamond in his queer ear.

Me too, he said. (Spanbauer, 2001:318)

Will en die ambulansman se stellings is hier ’n subtile wyse waarop die skynbare verband tussen siekte en gay-wees verbreek word: alhoewel Rose se vermeende gay identiteit hier in direkte verband is met sy siekte, beweeg Will en die ambulansman buite die gelykstelling “gay = siekte = gay” en is hulle identiteit onafhanklik daarvan. Hiermee word die performatiwiteit van identiteit bevestig: ’n queer identiteit word aangeneem deur jouself queer te noem. Will en die ambulansman approprieer vir hulself ’n identiteit bloot deur dit te sê, en daarmee word die heteronormatiewe idee dat identiteit essensieel is en noodwendig sigbaar is in voorkoms en gedrag ondermyn.

Alhoewel Will homself gay noem, het hy later seks met Fiona. Die identiteitskategorie gay word dus opgeroep en weer weerspreek – ’n aanduiding dat die kategorie self onstabiel en kunsmatig is, en daarom nie ooreenstem met ’n deurleefde ervaring van seksualiteit nie. Anders gesien, identifiseer Will as gay nie op grond van seksualiteit nie, maar op grond van lewensingesteldheid – “the lucid compulsion to act polemically” – of solidariteit met Rose en meegevoel met die feit dat vigs as ’n gay siekte beskou word. Deur identiteit en identifisering te baseer op iets soos ’n lewensingesteldheid (veral ’n lewensingesteldheid soos “die bewuste drang om op ’n polemiese wyse op te tree”) of assosiasie met ’n vriend is dit ook ’n

ondermyning van heteronormatiewe identiteitskategorieë wat identiteit beperk tot biologiese geslag en seksuele voorkeur.

Die wyse waarop daar hier met heteronormatiewe identiteitskategorieë van seksualiteit omgegaan word, lewer implisiete kritiek op die heteronormatiewe veronderstelling dat seksuele identiteit óf heteroseksueel óf homoseksueel is. Deur aan te toon dat die benaming “gay” nie na ’n vaste of bepaalbare referent verwys nie, word gesuggereer dat dit eintlik net ’n plekhouer vir ’n reeks onversoembare en paradoksale eienskappe is. In hierdie representasie is seksualiteit, soos queer teorie dit stel, ’n performatiewe effek van taal, politiek, historiese en kulturele betekenis. Identifikasie met die benaming “gay” is gebaseer op die “the lucid compulsion to act polemically”, dit is ’n doelbewus uitdagende aksie, en deur bewus te wees van die polemiese aard daarvan, is dit ook bewus dat hierdie benaming slegs funksioneer in teenstelling met die ongemerkte term “heteroseksualiteit”. ’n Bewuste toeëiening van die term “gay”, selfs terwyl dit ondermyn word, is ’n vorm van weerstand teen die dialektiese wyse waarop heteronormatiewe die binêre kategorieë heteroseksualiteit en homoseksualiteit beskou.

Performatiwiteit word ook in *Shy hunters* beklemtoon, veral deur die karakters van Rose en Fiona, beide “performance artists”. Vir albei is identiteit ’n performatiewe uiting, soos sigbaar is in die verskillende identiteite wat hulle aanneem. Rose is terselfdertyd ook Argwings Kodek, en Fiona is Muffy MacIlvane, Susan Strong en Umbrella Red Shower Curtain, wat op sigself ’n wandelende “performance piece” is. Will verwys soms na Fiona as “Fiona Yet”, ’n verkorte weergawe van “Not Fiona Yet”, aangesien hy haar leer ken het as Susan Strong, en Ruby eers later vir haar die naam Fiona gegee het. Die beskrywing “Not Fiona Yet” beklemtoon dat identiteit altyd in wording is en nooit beperkbaar vasgestel kan word nie.

Heelwat van die herhalende frases wat deur die roman voorkom het te doen met uitvoerings: “Everything is a performance piece”; “Life is an art and art is a game”; “It’s all drag”; “Make it aware and make art out of it”; “Life vérité”; “the hope of theater to lay bare the human heart”; en “playing at” byvoorbeeld “playing at being nervous”; “playing at being a great dancer” en selfs “Playing at being a great Susan Strong... playing at being a great Will Parker”.

Die magiese en sprokieselemente van *Shy hunters* sluit ook aan by performatiwiteit. Deur die narratief as ’n sprokie aan te bied, word die bewustheid dat dit als net ’n opvoering, ’n drama of “performance” is op die voorgrond geplaas. Will gee ’n kort inleiding en oorsig oor die verhaal:

There's a couple suicides, a couple sacrifices, a betrayal. An ethical act. A famous movie star. An ancient Indian legend. A journey into the underworld to find a lost lover. There's a greedy king and his evil queen. Vicious Totalitarian Assholes. A virus – an epidemic – thousands of dead.

A hero on a white stallion.

It's a tale lip-synced by a drag queen.

So the ending is happy, sort of.

Torch songs forever.

It's all drag.

... My tasks were simple: Kill the monster, save the maiden. ... All at once, there I was, the hero on the white stallion, rescuing the maiden.

But it's not the truth.

My tasks were not to kill the monster and save the maiden. The truth is, my task was to wake up, to notice.

It's like Rose told me: The life I am trying to grasp is the me who is trying to grasp it. My task was to not abandon myself, to not confuse the confusion with myself, to not turn into salt, into dust, into charcoal, into purple bumps of Kaposi's sarcoma like the rest...

In the twilight of what I remember of that day, I am lying, cheating, stealing, but not to mislead you.

I am lip-syncing here, so sometimes the words don't go with my mouth.

Language is my second language.

I'm just making it up where I don't know. (Spanbauer, 2001:1-2)

Volgens queer teorie verwys “performatiwiteit” onder andere na die idee dat die konstruksie van betekenis 'n sosiale proses is, en gevolglik moet die rame, skripte en grense wat die spel van betekenis moontlik maak, ondersoek word. Aan die een kant is die sprokieselemente wat Will hier identifiseer 'n poging om 'n singewende raamwerk op te rig vir die gebeure in die roman, die verskrikking van die vigs-epidemie. Die “monster” verwys hier na Sergeant White Supremacy, die simbool van patriargie, homofobie, geweld en onderdrukking, en die “maiden” is Fiona, in haar swangerskap 'n simbool van hoop en 'n nuwe begin. Die sprokiesnarratief “kill the monster, save the maiden” dui ook daarop dat Will die verskrikking van vigs moes oorleef en hoop en versoening red. As singewende raamwerk is die beskouing van die narratief as 'n sprokie vir Will bemagtigend, aangesien 'n rol verander kan word, soos Rose beweer: “The Shy Hunter... [h]as emerged into his life as a character in a play. The only way out of his pain is polemical. He has to change to role he is playing” (Spanbauer, 2001:290). Implisiet in hierdie beskouing is egter die besef van performatiwiteit, naamlik dat betekenis 'n sosiale proses is wat aan die hand van voorafbepaalde

betekenisgewende raamwerke geskied – en daarom is dit nie vasgestel nie, en kan dit verander word.

4.3.2.2 Spanning tussen betekende en betekenaar as vertelstrategie

Die onbetroubaarheid van woorde of tekens is duidelik in *Shy hunters* deur die herhaalde gebruik van die frase “But it’s not the truth.” As gevolg van die bewussynstroomtegniek waarin die eerste persoonsverteller, Will, se gedagtes en waarnemings weergegee word sonder aanhalingstekens om dialoog aan te toon of kursief om gedagtegang of wensdenkery aan te dui, is daar geen indikasie dat dit wat weergegee word, nie die waarheid is nie – totdat Will sy kenmerkende “But it’s not the truth” uiter.

In die meeste gevalle kan afgelei word waarna die woorde “But it’s not the truth” verwys, byvoorbeeld wanneer Will vertel dat daar skielik uit die stof in New York ’n perd en ruiter verskyn. Volgens hom is dit Charlie 2Moons en Will klim dan saam met hom op die perd en galop deur Fifth Avenue. In hierdie geval is “But it’s not the truth. No Charlie. Nowhere.” (Spanbauer, 2001:308) nie binne die konteks nodig om die leser te laat verstaan dat hierdie beskrywing bloot wensdenkery van Will is nie.

Dit is egter nie altyd so eenvoudig nie. Soms word daar ook nie alternatiewe gegee nie, soos in die volgende paragraaf:

The janitor at Show World looked like Grandfather Alessandro. The guy had a mop in his hand, a mop bucket next to him on the floor. I went to step around the guy. I looked down at my feet. I was standing in his mopped-up pool. The pool looked like sticky New York melting gray snow.

But it’s not the truth. (Spanbauer, 2001:333)

Daar is ’n paragraafbreek ná “But it’s not the truth” en die stelling word dus nie opgevolg deur ’n alternatief wat as die “ware” gebeure gelees kan word nie. In hierdie geval is daar ook geen manier om uit die gegewens af te lei wat die leuen sou wees nie – dat die skoonmaker soos Grandfather Alessandro gelyk het, dat Will in die poeletjie getrap het, dat die poeletjie soos gesmelte sneeu gelyk het, of selfs dat hierdie hele episode (waar Will ’n volwasse videowinkel besoek en in ’n hokkie na ander mans gekyk het wat besig was om na seksvideos te kyk) hoegenaamd plaasgevind het.

Omdat daar geen tipografiese onderskeid tussen die valse weergawe van gebeure en die “waarheid” is nie, speel die gebeure vir die leser af soos wat Will dit vertel, totdat hy dit uitkanselleer met “But it’s not the truth.” Hierdeur word die diskrepansie tussen betekende en betekenaar op die voorgrond geplaas en die onmoontlikheid om te bepaal wat die “ware” of “regte” betekenis is, beklemtoon. In aansluiting hiermee kan dit ook geles word in terme van Culler (2007:144-145) se beskrywing van “literary performativity”, die “world-making use of language”. Die teks bring ’n wêreld of werklikheid tot stand wat in hierdie geval nie die “ware” fiktiewe een is nie, maar noodwendig as sodanig aanvaar word totdat die teks dit anders aandui. Die idee dat dit wat as die “werklikheid” beskou word net bestaan uit tekens – woorde – sluit aan by die beskouing van queer teorie dat enige gegewe “waarheid” gedekonstrueer kan word, dat niks vasgestel en essensieel is nie.

’n Ander kenmerk van *Shy hunters* is dat sekere frases en sinne herhaaldelik voorkom. Sommige is aanduidings van belangrike plotmomente, of van die effek wat sekere gebeure op karakters het, soos “you’re going this way and then shit happens and then you’re going that way” en “the moment that after you’re different”. Heelwat van die herhalende frases dui op die karakters se ingesteldheid op kuns en hulle benadering tot die lewe, soos: “Life vérité”; “it’s all drag”; “make it aware and make art out of it”; “a talent for reality”; en “language is my second language”. Ander is aanhalings van bekendes, soos Theodore Roosevelt se “All daring and courage, all iron endurance of misfortune, make for a finer, nobler type of man” wat Will in die sogenaamde “Museum of Unnatural History” lees; en “a talent for reality” wat deur Ingrid Bergman se karakter in die film *Autumn Sonata* gesê word. Sommige is skynbaar net stopwoorde, soos “It is this way” of “Perfect. Just perfect”. Nog ander is op die oog af bloot beskrywings, soos “new-shoe stiff”; “unrelenting fluorescence from above”; “another New Yorker gone to hell”; “in my forearms, up to my shoulders, down through my heart, splash down into stomach, cattle prod to cock”; “quiet as only New York can get that fast” en “all Dodges sound the same way when you start them up.”

Will versamel hierdie frases op verskeie plekke. Sommige is sy eie, soos “new-shoe stiff” en “language is my second language”, wat aanvanklik verwys na sy gestotter. Sommige hoor hy die eerste keer by ander karakters, soos “It’s all drag” wat Rose graag gebruik (Spanbauer, 2001:132) en “Hell of a fix. Up Shit Creek. In a world of hurt”, wat voorkom in ’n dialoog met Ruby en True Shot (2001:33). Ingrid Bergman se “talent for reality” word aanvanklik deur Ruby gebruik, en in ’n oënskynlik totaal onverwante gesprek verwys Fiona later ook daarna.

Al hierdie frases word egter soos die roman vorder volledig deur Will geapproprieer en geïntegreer. Dit word so ingebed in die bewussynstroomstyl dat dit later nie seker is wat die

oorsprong of selfs oorspronklike betekenis van die frases was nie. So word die Franse skilder Magritte se oorspronklike *Ceci n'est pas une pipe* deur Rose gebruik om te verwys na 'n pyp in die vorm van 'n penis, waarna dit *Ceci n'est pas un penis, c'est une pipe* (Spanbauer, 2001:132-133) word, net om later deur Will vervorm te word tot *Ceci n'est pas un tipi* (2001:150) en selfs *C'est un penis* (2001:153). In hierdie geval is die betekenis van die omvormde weergawe – in sover as wat dit nog betekenis dra – afhanklik van die oorspronklike, maar 'n frase soos “All daring and courage, all iron resistance of misfortune, make for a finer, nobler type of manhood” wat teen bladsy 502 al tientalle kere herhaal is, is hoogstens nog ironies.

Heelwat van hierdie frases, veral dié wat nie op die oog af besondere betekenis dra nie, soos “it's this way” of “unrelenting fluorescence from above”, word belangrik bloot as gevolg van die herhaling daarvan – die aanname is dat iets wat herhaal word, noodwendig herhaal word met 'n rede, en daarom belangrik is. Elke gebruik van so 'n frase is as't ware 'n aanhaling, 'n terugverwysing na die eerste keer wat dit gebruik is, sowel as die konteks en betekenis van die eerste gebruik. Aanvanklik word die betekenis van die eerste gebruik daarvan oorgedra op die herhaling van die frase, maar na herhaalde gebruik is die verwysings al so opgestapel dat die frase self feitlik betekenisloos word: dit word 'n leë raamwerk, 'n plekhouer vir al die verwysings na vorige kontekste – of dalk selfs herhaling net ter wille van herhaling, waar die betekenis nie meer saak maak nie en die teken meer gewig dra as die referent. Verder akkumuleer die herhaling van hierdie uiteenlopende frases ook soos wat die roman vorder, en uiteindelik bestaan die laaste hoofstuk, veral die laaste afdeling van vyf bladsye, feitlik net uit frases wat al tientalle kere herhaal is. Sodoende word die roman 'n pastiche van sigself – 'n pastiche wat nie na iets buite die teks verwys nie, maar 'n reeks woorde wat net oneindig na hulleself verwys, waar betekenis dus oneindig uitgestel is.

Die herhaling van frases kan ook gesien word in terme van Derrida se idee dat 'n noodsaaklike eienskap van 'n teken die vermoë is om aan te haal en herhaal te word (Culler, 2007:150-151). 'n Teken kan van enige konteks losgemaak word en aangehaal word, en daarmee onbeperk eindelose nuwe kontekste voortbring. Die voortdurende aanhaling en herhaling van frases beklemtoon dus die frases as tekens, sowel as die eindelose werking van *différance*, en benadruk terselfdertyd performatiwiteit as 'n eienskap van enige teks, selfs 'n sosiale teks soos 'n diskoers.

4.3.3 *Het derde huwelik*

4.3.3.1 Destabilisering van identiteitskategorieë

Maarten in *Huwelik* is die enigste van die protagoniste in die drie romans wat konsekwent 'n self-geproklameerde gay identiteit voorhou. Hy opper dit trouens as 'n beswaar teen Vandessel se voorstel dat hy 'n skynhuwelik met Tamara aangaan, omdat so 'n huwelik ongeloofwaardig sal voorkom: “‘Ik ben een nicht,’ zeg ik. ‘Is dat jullie niet opgevallen bij het vlooien van mijn levensloop?’” (Lanoye, 2006:15). Maarten beskou homself as deel van 'n duidelike, herkenbare subkultuur of gemeenskap, soos 'n groot familie, met 'n self-spottende verwysing dat hulle almal die “slap handjie” in gemeen het: “Ons kent ons, hippe nichten ondereen, de grootste familie zonder bloedband. Leeftijdsverschillen? Die gelden niet tussen die volgelingen van het slappe handje.” (2006:80)

Tydens sy gesprek met Vandessel, beweer Maarten in terme van sy identiteit:

Ik heb eigenhandig de roze beweging uit de klei helpen trekken. Toen ik jong genoeg was om te geloven in bewegingen. Dat staat gedocumenteerd. Ik figureer in overzichten en in standaardwerken. Het is van mijn gezicht af te lezen. En niet alleen van mijn gezicht. Waarom – tenzij bij wijze van schijnhuwelik – zou uitgerekend ik mij in de echt verbinden met een uitheems meisje dat amper meerderjarig is? (Lanoye, 2006:16-17)

Maarten se spottende stelling dat sy gay identiteit duidelik is aan sy gesig – en nie slegs sy gesig nie – dui daarop dat hy bewus is van die wyse waarop 'n sekere identiteit aan 'n sekere voorkoms gekoppel word, in hierdie geval in 'n vorm van homografese: 'n gay identiteit is op die gay liggaam ingeskryf. Hierdie argument van Maarten troef Vandessel: nie eens Vandessel se bewering dat sekere “fundamenteelste burgerrechten” die owerheid sal verhoed om nadere ondersoek in te stel na die slaapkamersake van 'n gay man met 'n jong uitlandse vrou nie (Lanoye, 2006:16), is bestand teen die algemene sosiale en openbare praktyk om 'n sekere identiteit van 'n sekere voorkoms af te lei, en boonop te aanvaar dat hierdie (gay) identiteit eenduidig is en 'n romantiese verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag uitsluit. Vandessel se enigste antwoord hierop is 'n geykte, ooreenvoudige narratief wat op stereotipes en clichés staatmaak:

“Dat soort verhalen hoor je meer,” houdt Vandessel vol. “Een homoseksueel vormt dertig jaar een koppel met zijn jeugdvriendje, dat vriendje sterft op tragische wijze en wat doet de langlevende? Hij gooit zijn kap over de haag. Daar bestaat onderzoek over. Hij begeert geen mannen meer uit eerbied voor zijn gestorven vriend. Hij verdraagt alleen nog vrouwen in zijn

buurt, hoe jonger hoe liever. Zo'n ommekeer is begripelijk en selfs normaal wanneer je grote liefde sterft." (Lanoye, 2006:17)

Dit sluit aan by 'n argument wat Vandessel vroeër aangevoer het, dat hy Maarten juis as 'n geskikte kandidaat vir die skynhuwelik beskou omdat "hulle soort" in vergelyking met die kriminele wat gewoonlik bereid is om onwettige skynhuwelike aan te gaan, die minste van die kwade is: "Jullie soort smokkelt geen wapens en geen mense. En statisties is die kans groot dat jy van haar lijf kunt blijven" (Lanoye, 2006:15). Oënskynlik beskou Vandessel Maarten se gay identiteit as vloeibaar genoeg om te reken dat dit nie 'n heteroseksuele verbinding ongeloofwaardig sal maak nie. Die redes wat hy aanvoer waarom Maarten 'n geskikte kandidaat vir hierdie skynhuwelik is, is egter gebaseer op sekere aannames omtrent 'n veronderstelde vasgestelde gay identiteit. Hiervolgens behoort gay mans tot 'n "soort" wat, alhoewel steeds gereken as "uitvaagsels" ("crapuul"), sekere dinge doen en nie doen nie (nie wapens of mense smokkel nie); en wie se lewens 'n sekere verloop volg, byvoorbeeld wanneer hulle lewensmaat sterf.

Maarten en Gaëtan se gay vriende het eweneens 'n essensialistiese beskouing van gay identiteit. Die "beweging" (n gay aktivisme-groep) waaraan Maarten behoort het, het 'n baie duidelike onderskeid gemaak tussen sogenaamde "heteroseksuele en homoseksuele gedragspatrone", soos te sien is in 'n gesprek wat Maarten en Gaëtan met een van hulle "nichtenvriende uit die beweging" (Lanoye, 2006:152) voer tydens die partytjie om die restourasie van hulle huis te vier. Hierdie vriend, wat beskryf word as "onze ayatollah", beskuldig vir Gaëtan en Maarten van 'n "imitasie van het burgerlijk huwelik" (Lanoye, 2006:154). Gaëtan antwoord hierop:

"Indien het heteroseksuele gedragspatroon erin bestaan om te vier dat je af en toe seks hebt met die ene vent die je het beste kent? En dat je voor de rest rondseks met zo veel mogelijk mansvolk dat je niet kent? Ik wist niet eens dat de heteroseksueel zo leefde, maar dan imiteer ik hem met veel plezier. Lang leve de heterofiel!" Hij klonk met de volle fles tegen het legen glas van onze ayatollah.

Die gaf zich niet gewonnen. Die keerde zich naar mij toe. "En wat denkt Maarten hiervan?" vroeg hij. Smalend, niet minder zegezeke.

"Wat Maarten hiervan denkt?" vroeg ik. Mijzelf vervloekend.

"Jij, ja. De vent die Gaëtan het beste kent," grijnsde onze ayatollah, zijn lege glas bekijkend. "Wat denkt jij van al dat rondseks? Met al dat ander mansvolk?"

"Van al dat rondseks?" vroeg ik.

"Met al dat ander mansvolk?" knikte de trol.

"Met al dat ander mansvolk?" vroeg ik.

“Is dat ook jouw ideaal?” grijnsde de trol. “Of is zo’n compromis die enige manier om nog af en toe een fluit te zien van jouw Gaëtan?” (Lanoye, 2006:154)

Die karakters hou hier ’n heteronormatiewe siening van identiteit voor: daar bestaan ’n vasgestelde heteroseksuele identiteit en ’n vasgestelde homoseksuele identiteit. Vir gay mans om ’n heteroseksuele identiteit te imiteer, word deur Maarten-hulle se vriend as onvergeeflik beskou, aangesien dit nie ooreenstem met hulle “ware” identiteit nie. Gaëtan se reaksie suggereer egter dat die imitasie van ’n identiteit – die performatiewe uitdrukking van ’n identiteit wat as vasgesteld beskou word – ondermynend is van die geïmiteerde identiteit: in stede van ’n normatiewe heteroseksuele verhouding, is sy en Maarten se verhouding beslis “afwykend”. Hulle verhouding is nóg normatief heteroseksueel, nóg normatief homoseksueel, en dit is nie versoenbaar met die heteronormatiewe beskouing van stabiele, uitsluitende identiteitskategorieë nie.

Maarten se reaksie op hierdie geredekawel impliseer dieselfde problematiek wat Konstant se seksualiteit in *Ek stamel* op die voorgrond plaas: Maarten deel blykbaar nie Gaëtan se “homoseksuele ideaal” nie. Indien gedrag en identiteit mekaar impliseer, sou Maarten dan na regte as ’n heteroseksuele vrou beskou behoort te word. Sodoende word weereens aangetoon dat seksuele identiteit betwisbaar is in terme van betekenis en politiek. Ongeag die feit dat hy homself onomwonde gay noem, strook Maarten se belewing van ’n gay identiteit nie met die algemeen aanvaarde norm daarvan nie. Sy identiteit word gevolglik in ’n onmoontlike posisie geplaas.

Die kunsmatigheid van heteronormatiewe identiteitskategorieë word veral beklemtoon in die tweedelaaste afdeling van die roman. Maarten het uitgevind dat Tamara en Philip eintlik minnaars is, nie broer en suster nie, en dat Tamara dus geen intensie gehad het om uiteindelik met Vandessel, haar verloofde, te trou nie. Sy het Vandessel slegs gebruik om via Maarten burgerskap te verkry, indirek ook burgerskap vir Philip. Maarten voel verraaï en dreig om die polisie te bel en die hele saak aan die lig te bring. Hy dring daarop aan dat Philip sy huis verlaat:

“I want you to get out of my house,” houd ik vol.

Hij grijnst. Niet breeduit. Niet beledigend, niet smalend, niet uitdagend. Hij nodigt my gewoon uit om nog eens na te denken over mijn woorden, en zelf in te zien dat ze niet kloppen.

“Ik weet wat u wilt,” herhaalt hij. En hij zegt me wat ik wil. Hij benoemt het. Gebrekkig en met zijn afschrikwekkend accent.

Het is niet wat ik wil.

Maar het komt in de buurt.

Het is al meer dan dicht genoeg. (Lanoye, 2006:308)

Philip se presiese voorstel word nie genoem nie, maar dit loop uit op 'n sekstoneel tussen Maarten, Tamara en Philip. Die veronderstelling is dat Maarten Philip begeer het, maar dat die enigste wyse waarop Philip daartoe ingestem het, via Tamara was. Dit loop dan daarop uit dat Maarten heteroseksuele geslagsgemeenskap het ten einde homoseksuele kontak te verkry. Hierdie gedrag strook nie met enige heteronormatiewe identiteitskategorie nie, en beklemtoon die kunsmatigheid en inherente onstabiliteit van hierdie kategorieë.

Uiteindelik is dit ironies dat *Huwelijk* die enigste roman is waar die protagonis 'n self-geïdentifiseerde gay man is, en boonop een met 'n baie essentialistiese beskouing van gay-wees – aangesien vigs hier geheel verswyg word. Die kombinasie van 'n siening wat duidelike identiteitskategorieë onderhou met 'n narratief waarin vigs skaars geïmpliseer word, dien om die verband tussen identiteit en gedrag te destabiliseer: in hierdie geval lei 'n gay identiteit nie noodwendig tot vigs nie.

4.3.3.2 Spanning tussen betekende en betekenaar as vertelstrategie

In *Huwelijk* word die aard van die verhaal as taaluiting op die voorgrond geplaas. As eerstepersoonsverteller is Maarten baie bewus daarvan dat hy sy verhaal in woorde uitdruk – hy toon self die gaping aan tussen die verskynsels in die fiktiewe wêreld en die taal waarin dit beskryf word.¹⁴ Hierdie siening kan as die omgekeerde gesien word van die performatiwiteit wat in *Shy hunters* aangedui word: in stede daarvan dat 'n “onakkurate” fiktiewe wêreld tot stand kom in die verteller se woorde, maak die verteller dit hier baie duidelik dat sy vertelling net 'n beskrywing is van 'n fiktiewe wêreld. Die talige aard van die vertelling word op die voorgrond geplaas ten koste van die geloofwaardige oprigting van die fiktiewe wêreld waarna die vertelling verwys.

Hierdie beklemtoning van die talige aard van die vertelling is daarin te sien dat Maarten byvoorbeeld na aanleiding van 'n beskrywing sal vra: “Of heb ik dat al gezegd? Dat herhalen altijd.” (Lanoye, 2006:40) en later in dieselfde woorde “Of heb ik dat al gezegd?” (2006:82) na aanleiding van 'n beskrywing van Gaëtan. Hy dui ook aan dat 'n sekere situasie 'n cliché is, byvoorbeeld die pastoor se diens (2006:147) en die burokratiese optrede van Karel en Jenny (2006:87). 'n Herkenning van 'n gebeurtenis as 'n cliché is 'n aanduiding dat hierdie gebeurtenis as't ware 'n geykte aanhaling of uitdrukking is (vgl, HAT, 2005:137), 'n teks wat

¹⁴ Dit gaan nie hier om metafiksie nie: as karakter is Maarten onbewus daarvan dat hy 'n karakter in 'n roman is.

al in verskeie ander situasies gebruik is. Die gebeure wat as clichés aangedui word, word nie beskou as “werklike” gebeure nie, maar die ooreenkomste met ’n sekere bekende vorm dui daarop dat dit as teks gelees word.

Maarten korrigeer homself gedurig, met die aanduiding “correctie”. Waar dit in *Shy hunters* om grootskaalse “onwaarhede” gaan, dui Maarten se self-korreksie meestal net beter frasiering of bewoording aan, of bloot ’n meer akkurate stelling, byvoorbeeld: “Je hebt van de dagen. Correctie. Ik heb nooit eens één zo’n dag gehad” (Lanoye, 2006:55); “de heidense aura van onoverwinnelijkheid op een slagveld. Correctie. De zekerheid niet geraakt zullen worden” (2006:253); “Er is onverschilligheid voor in de plaats gekomen. Correctie. Fatalisme” (2006:287); of “Ik val uit mijn rol. Correctie. Ik moet de rol lossen” (2006:314). Maarten is ook duidelik bewus van woorde en woordkeuse: as hy en Tamara onderweg is na sy pa, beskryf hy die kleur van die hemel as “de long van een kettingroker” (2006:112).

Het volgende moment hoestte de rokerslong alsnog, ratelend van jewelste, net toen we haar binne reden, over haar provinciale slokdarm heen – of moet ik luchtpijp zeggen, om de beeldspraak niet te verknallen? (Lanoye, 2006:113)

Hierdie voortdurende korrigering en soeke na die juiste woorde en beskrywings wat by die beeldspraak sal pas, ongeag die akkuraatheid of gepastheid daarvan, plaas die onnoukeurigheid van taal op die voorgrond. Dieselfde situasie of verskynsel word in verskillende woorde beskryf, en sodoende word die gaping tussen betekende en betekenaar weereens op die voorgrond geplaas. Maarten gee voor dat een van die weergawes meer “korrek” is as die ander, maar aangesien hierdie korrigering telkemale herhaal word, skep dit uiteindelik eerder die indruk dat dit maar net ’n spel met woorde is wat die onvermoë om ’n gegewe korrek in taal uit te druk, benadruk.

Dit sluit aan by die spanning wat in *Huwelijk* tussen werklikheid en representasie beklemtoon word. Volgens Maarten toon die werklikheid soms so ’n mate van ooreenkoms met die representasies daarvan, dat die werklikheid self ’n minderwaardige kopie van die representasie word. Soos hy opmerk na aanleiding van Vandessel se hantering van die ooreenkoms tussen hulle:

Misschien heeft hij het geplagieerd uit een Spaanse film. Iets met een hitsige plot, bizarre overlijdens, droge humor, snelle seks. Harde kleuren, katholieke symboliek. (Lanoye, 2006:11)

Net so vertoon die werklikheid dikwels tekens van “swak redigering” wat dit ongeloofwaardig maak. Maarten keur byvoorbeeld die plek af waar sy en Vandessel se onderhandeling plaasvind, en reken dat dit meer gepas sou wees langs ’n abattoir (Lanoye, 2006:12). Elemente in die werklikheid lyk dikwels nie soos wat dit “behoort” nie. Maarten besluit Vandessel kan ’n gangster wees, “Een echte [gangster] dan. Die sien er niet uit als gangsters. Toneelspelers, dié zien eruit als gangsters.” Net so is die beamptes van immigrasie-beheer teleurstellend in hul rolle. Maarten reken hul rolle – die man wat vrae vra en die vrou wat aantekeninge maak – is onrealisties gestereotipeer: “Het had minstens andersom moeten gaan om dramaturgisch interessant te zijn. Ook hun koppen deugen niet. Geen van beiden ziet eruit als een geboren controleur. Ze hadden net zo goed tupperware kunnen verkopen, of een geloof.” (2006:65)

Hierdie beskouing van sy lewe as film lei tot ’n spannende wisselwerking tussen werklikheid en simulاسie, waar die werklikheid uiteindelik simulاسie volg, eerder as om die oorspronklike weergawe van ’n kopie te wees. Wanneer Maarten byvoorbeeld die eerste keer vir Gaëtan ontmoet, huiwer hy aanvanklik om hom te nader omdat die omstandighede nie dramaturgies perfek is nie:

Misschien wilde ik alleen maar aan de liefde beginnen als de encenering klopte.... Wat schort hier toch, stond ik koorsachtig te denken. Wat kan er dramaturgisch verbeteren?... Welke setting zou de beste zijn, voor deze scène? (Lanoye, 2006:55)

In ander gevalle vervaag die grense tussen werklikheid en simulاسie geheel en al. Die liefdestoneel tussen Maarten en Gaëtan vind byvoorbeeld met so ’n snelheid en verbeterheid plaas “dat je denkt: het is toch weer cinema”. Dit kom met ander woorde té perfek en afgerond voor om ongeredigeerd of werklik te wees. Die volgende skoot bevestig egter dat dit nie ’n geredigeerde kunsproduk is nie:

Het was geen cinema. Het was een van die shootings waarvoor een crew na afloop – de regisseur heeft eindelijk ‘cut!’ geroepen – spontaan applaudisseert. Selfs de schminkster kraait: ‘Het is te hopen dat er flim in de camera stak. Dit kunnen die jongens geen tweede keer. Zeker niet vandaag.’

Toch deden we het. Diezelfde dag. Een re-shoot, bijna ogenblikkelijk... (Lanoye, 2006:58)

Hierdie spanning wat tussen werklikheid en representasie beklemtoon word, kompliseer die aanvaarde verband tussen betekende en betekenaar: ’n representasie is nie bloot net ’n aftekening van die werklikheid, tekens wat na iets in die werklikheid verwys nie. Die klem

word eerder op die tekens self geplaas, en die wyse waarop tekens in 'n spel van betekenaars vasgevang word.

4.4 Queer strategieë waarmee heteronormatiewe voorveronderstellings ondermyn word

Die tweede aspek van die romans as queer representasies van vigs, is die wyse waarop dit 'n queer lesing van die heteronormatiewe vigsdiskoers lewer. Die romans bied 'n lesing van die vigsdiskoers teen die grein in, met ander woorde 'n ondermyning, ontwigting en transformasie van die terme van die diskoers wat produkte sowel as instrumente is van die magsverhoudinge onderliggend aan die diskoers.

Die queer lesing wat die romans bied, kan ontleed word aan die hand van die ondermynende strategieë wat Halperin (1995:48) voorstel en wat in hoofstuk 2 geïdentifiseer is, naamlik kreatiewe toeëiening en hersignifikasie; toeëiening en teatralisasie; onthulling en demistifikasie. Soos queer teorie in die eerste plek daarop gerig is om 'n onderdrukkende diskoers in terme van struktuur en werking te analiseer, is hierdie strategieë almal werksaam op die vlak van betekenisstelsels, met ander woorde die wyse waarop 'n heteronormatiewe diskoers betekenis genereer.

Kreatiewe toeëiening geskied as betekenis geapproprieer en gehersignifieer word. Dit behels eerstens dat die verband tussen betekende en betekenaar as arbitêr uitgewys word, en gevolglik verbreek of ontwig word, sodat die betekenaars aan nuwe betekenis toegeken kan word, of nuwe betekenaars geskep kan word vir bestaande betekendes ten einde die ongeldigheid van die oorspronklike betekenispaar uit te wys. Die strategie van onthulling en demistifikasie het ten doel om betekenis wat as natuurlik en onbevraagtekenbaar voorgehou word, aan die lig te bring as blote konstruksies, gebaseer op arbitêre verbande tussen betekende en betekenaar. Toeëiening en teatralisasie dui daarop dat betekenaars geteatraliseer word, dat aangetoon word op welke wyse die spel van betekenaars slegs 'n herhaalde uitvoering van tekens is. Sodoende word betekenaars se fiktiewe en kunsmatige verband met betekendes beklemtoon, en betekenis word oneindig uitgestel.

Ten einde te ondersoek hoe hierdie queer strategieë die wyse ondermyn waarop die heteronormatiewe vigsdiskoers betekenis vorm, gaan die aspekte van die vigsdiskoers wat in hoofstuk 3 geïdentifiseer is, van nader beskou word: eerstens heteronormatiewe

betekenisraamwerke waarbinne vigs beskou word; tweedens die heteronormatiewe aanname dat vigs 'n stabiele referent besit; die wyse waarop die non-heteronormatiewe liggaam gestigmatiseer word en die heteronormatiewe fantasie dat non-heteronormatiewiteit op die liggaam ingeskryf sal word; en laastens die implikasies wat hierdie aspekte het op die heteronormatiewe gelykstelling “homoseksualiteit = vigs = dood”. Hierdie vier aspekte van die heteronormatiewe vigsdiskoers sal bespreek word aan die hand van die queer strategieë wat die romans gebruik om die diskoers te ondermyn, te ontwig en te transformeer.

4.4.1 Betekenisraamwerke vir vigs

Soos reeds aangetoon is, is een van die kenmerke van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers dat vigs binne 'n aantal verklarende en betekenisgewende raamwerke of narratiewe geplaas word wat uit ander diskoerse afkomstig is. Hierdie gebruik van narratiewe maak aanspraak daarop dat dit 'n universele waarheid voorstel, en skep verder sekere verwagtinge wat die kennis beïnvloed wat omtrent die “nuwe” verskynsel tot stand kom. Sodoende word die betekenis wat binne die oorspronklike diskoers aan die raamwerk toegeken is, oorgedra op die “nuwe” term, naamlik vigs.

Van die mees algemene negatiewe raamwerke of narratiewe wat in die vigsdiskoers voorkom, is dié van plaag, sonde en vergelding of boetedoening, en monsters of demone. Die narratief van die plaag is 'n Middeleeuse beskouing waar die plaag straf is op morele verval, en in terme hiervan word vigs gelees as die plaag wat die straf is op die postmoderne samelewing se verdorwenheid. In 'n Bybelse narratief van sonde en vergelding word vigs enersyds beskou as Goddelike wraak op individuele oortredings, en andersyds as 'n geleentheid vir die individu om deur lyding boete te doen vir sy misdrywe. 'n Sekere godsdienstige/patologiese raamwerk konstrueer spesifiek gay mans as demone of monsters wat onskuldige slagoffers teister, met vigs as't ware as hul wapen.

Een wyse waarop hierdie raamwerke ondermyn kan word, is om die terme daarvan af te wys deur nie die verskynsel van vigs as sodanig te noem nie. Sodoende word ook die negatiewe raamwerke van die vigsdiskoers verswyg, en 'n ruimte word geskep waarin op die deurleefde ervaring van die siekte en die menslike aspek daarvan gefokus kan word. Jones (1993:239) lees gevolglik die verswyging van die woord vigs, sowel as van enige raamwerke vanuit die heteronormatiewe vigsdiskoers, as bemagtigend: “Not naming AIDS represents a process of empowerment for... gay authors. By refusing to succumb to AIDS they are able to define death *and* life.” Letterkunde (sowel as enige ander vorm van kulturele representasie) het

daarom die vermoë om nuwe ruimtes volgens selfgekoose definisies skep. Vigs word nie geïgnoreer nie, maar weerstand word gebied teen die kultureel-gelaaide definisies van vigs.

Dit is presies wat Venter in *Ek stamel* gedoen het, soos reeds na verwys is aan die hand van onderhoude met Wasserman (1996) en Burger (1996). Deur nêrens in die roman die woord “vigs” te gebruik nie, word verhoed dat kultureel-gedetermineerde, heteronormatiewe raamwerke by die lesers geaktiveer word. Dit maak dit moontlik om die fokus te plaas op Konstant se siekte en lyding, eerder as enige van die narratiewe wat deur die benaming “vigs” opgeroep sou word.

Behalwe vir die vermyding van die woord “vigs”, of die onderspeling van dié benaming, kan negatiewe heteronormatiewe narratiewe ook ondermyn word deur dit op die voorgrond te plaas in ’n poging om aandag te vestig op die kulturele aannames wat daarmee gepaardgaan. Die raamwerke word dus onthul en gedemistifiseer, en daarmee ontmagtig. ’n Ander strategie is om vigs en die verskynsels van vigs binne nuwe, selfgekoose raamwerke te plaas. Sodoende word vigs gehersignifiseer in terme van ander, meer positiewe waardes.

4.4.1.1 Onthulling en demistifikasie van bestaande raamwerke

In *Ek stamel* word die woord “pes” die eerste keer terloops genoem wanneer ’n karakter haarself raaksny in die restaurant se kombuis: “Pasop vir die kos! Vir die stomende pot bruinrys! Vir die koekmengsel! Vir die casserole wat gaap! Hier’s pes in die stad en wie weet wat’s in Liz se bloed?” (Venter, 2005:92). In hierdie konteks is daar geen aanduiding dat hier na vigs verwys word nie, behalwe as die verbintenis met die feit dat die MIV-virus in bloed voorkom, beskou word as ’n aanduiding dat die “pes” hier eintlik op “vigs” dui. In hierdie scenario word die woord “pes” egter nie gebruik in die konteks van seksueel-oordraagbare siekte nie, en die verwysing kan gelees word as ’n manier om die woord “pes” los te maak van ’n narratief van straf op “seksuele misdrywe”.¹⁵ Hiermee word die arbitrêre toewysing van “pes” as betekenaar vir vigs – en vigs as betekenaar vir straf op seksuele oortredinge – op die voorgrond geplaas. Terselfdertyd word die narratief van pes as vergelding ondermyn, deur aan te toon hoe ’n “onskuldige” persoon geïnfekteer kan word sonder om aandadig te wees aan enige “wanpraktyk”.

Die tweede keer wat daar in *Ek stamel* na “pes” verwys word, word dit baie duidelik in die konteks van seksueel-oordraagbaarheid geplaas wanneer Konstant vir Jude uitvra oor haar

¹⁵ Ek aanvaar dat “pes” as sinoniem vir “plaag” gebruik word (vgl. HAT (2005:862) en (2005:867)), al is die gebruik van “pes” ietwat meer subtiel as wat “plaag” sou wees.

uitstappie na Centennial Park. Sy erken sy het seks met iemand daar gehad, die ironies-benoemde “First Time”, en Konstant merk op:

Ek ken die plek, maar nog nooit binne geloop nie. Ou boompies lyk te yl om sulke gedoentes te verberg.

Miskien is jy te bang.

Ek is te bang vir die pes wat daar rondloop, is jy dan nie?

Dis nie waar nie, Konstant, jy loop ook draaie.

Die pes sluip rond, jy weet nie waar, en met wie, en wanneer nie.

First Time is oukei. Ek het dit klaar is daar nog koffie?

Wag, ek gaan haal die pot.

Kannie, dit kan tog nie, natuurlik kan dit, dis die natuurlike gevolg...

Ek staan op, loop vanaf die tuintjie deur die oop skuifdeure na die stoof waar die espresso-potjie nog halfvol warm koffie staan.

Asseblief laat ek reg gehoor het: daardie sin van Jude was ambivalent, ek het hom verkeerd gehoor, asseblief.

Jude bly sit, maar sy het omgedraai en kyk my aan terwyl ek met die pot in my hand nader.

Het ek jou nog nie gesê nie?

Maar Jude, dis mos ver-skrik-lik, ek sit die warm koffie op die grond neer en hurk met my gesmoorde woorde in Jude se skoot. Jude, dit kan tog nie, dit mag nie, jy mag dit nie hê nie, jy is dan nog nie eers oor die merk wat die skilpadjie gemaak het nie. (Venter, 2005:121-122)

Aan die een kant is dit duidelik dat vigs vir Konstant die “natuurlike gevolg” is van sekere aksies, in die konteks waarskynlik ongebonde seksuele aktiwiteit, of terloopse seksuele verhoudings met vreemdelinge. Dit is egter opvallend dat “pes” hier gepersonifieer word as iets wat “rondloop” en rond “sluip”. Eerder as ’n onpersoonlike Goddelike straf op sosiale verval of individuele oortredings, verkry “pes” hier die gedaante van iets soos ’n moordenaar. Die idee dat die pes ’n toevallige en arbitrêre gewelddenaar is wat enigeen kan inwag of geweld aandoen, word bevestig deur Konstant se beskrywing: “jy weet nie waar, en met wie, en wanneer nie”. Alhoewel hierdie ’n rasionale beskouing van vigs is, is dit duidelik ’n weerspreking van die heteronormatiewe beskouing dat vigs net sekere mense of groepe teiken as straf op hul lewenswyse, en dat hulle dit dus “verdien”. Dit is ook ’n subtiele herskrywing van die narratief wat gay mans voorstel as “monsters” of “demone” wat “onskuldige slagoffers” infekteer: in Konstant se metafoor is die gewelddenaar die siekte self, en die draers daarvan nie.

Konstant se denkbeeldige brief aan sy ouers later in die roman stel vigs gelyk aan kanker, 'n gelykstelling wat eerstens die narratief van vigs as straf op oortreding weier en tweedens die bestaande raamwerk waarbinne kanker beskou word op ironiese wyse vir vigs toeëien. Konstant verwys in hierdie brief na Tannie Trynie, 'n kennis van sy ouers wat glo kanker het, en beweer dan: “Dis maar dienelfde¹⁶ ding wat ek ook het.” (Venter, 2005:200). Hierdie stelling is dubbelsinnig: enersyds verwys dit na Konstant se latere stelling dat vigs as dieselfde as kanker gesien behoort te word; en andersyds verwys dit na 'n siekte wat “te erg is vir woorde”¹⁷ (2005:180):

En nou ja, hier staan dit geskrywe: TannieTrynie lê baie ernstig in die hospitaal met... en ons ver wag die ergste en ons bid almal vir haar, net 'n wonderwerk kan haar nou nog red.

Net 'n klein notatjie hierby, vriende, u sal opmerk dat Konstant se ma nie hier die woord k a n k e r gebruik nie omdat dit te erg is vir woorde, en meer as dit hoef ek seker nie te sê nie.

Ironies word kanker, die siekte wat “te erg is vir woorde”, by die naam genoem en word dit dan gebruik om te verwys na vigs, waaraan selfs 'n groter stigma kleef – tot so 'n mate dat daar slegs na verwys kan word met die reeds “verswygde” betekenaar van 'n ander siekte. Deur die betekenaar “dit wat te erg is vir woorde” vir vigs toe te eien, word ook die suggestie dat die ervaring van kanker nie in woorde beskryf moet of kan word nie geapproprieer, en die uiteindelijke implikasie is dat vigs net soos kanker buite die vermoë van taal lê om dit te beskryf.

Die verwysing na hierdie gebruik om sekere siekteterme te vermy omdat dit “te erg is vir woorde” word ook gebruik as 'n subtile pleidooi om ander metafore en raamwerke vir vigs te vermy: as dit “te erg is vir woorde” behoort woorde soos “pes” ook nie daaraan toegeken te word nie. Soos Konstant dit stel:

Naskrif: party mense praat hier van die pes, maar dis nou nie hoe dit gesien moet word nie. Dis geen skande nie, dis maar net 'n siekte. Onthou, kanker kan ook aansteek, al is dit nou eers by die volgende geslag. (Venter, 2005:202)

In hierdie stelling is die veronderstelde assosiasies van “pes” en “skande” met “vigs” duidelik. Konstant gebruik hier die raamwerk van kanker om die raamwerk van pes teë te

¹⁶ “Dienelfde” soos Venter dit self in *Ek stamel* gebruik.

¹⁷ Vergelyk vigs as “Lletre ferit” en “The word that hurts” in *In the city of shy hunters*, soos in 4.4.1.2 bespreek word.

werk: in teenstelling met die assosiasie van straf en brandmerking wat deur pes opgeroep word, reken Konstant eerder dat vigs maar net soos kanker 'n (aansteeklike) terminale siekte is wat enigteen ongeag van "skuld" kan oorkom. Hierdie is dus 'n poging om vigs te hersignifiseer, deur die betekenis wat die gelykstelling met die plaag daaraan heg af te wys. In die plek daarvan word 'n ander betekenisraamwerk gestel: dit is net soos kanker, wat met gebede en sprake van wonderwerke (soos vir Tannie Trynie) gepaardgaan, eerder as met skande en skuld.

Op dieselfde wyse as wat die raamwerk van plaag in *Ek stamel* beklemtoon word ten einde daarteen weerstand te bied, word die heteronormatiewe raamwerk van sonde en vergelding – spesifiek die Judaïes-Christelike tradisie van 'n "sondebok", 'n bok wat die sondes van 'n groep simbolies opneem en geoffer word om God se oordeel af te weer – in *Shy hunters* op die voorgrond geplaas. Hierdie narratief bevat duidelike elemente van sonde en skuld, maar in teenstelling met die narratief van pes wat gesien word as straf op die samelewing as geheel, en die meer algemene narratief van Goddelike wraak op individuele oortredings, suggereer die metafoor van "sondebok" dat sekere groepe of individue deur die samelewing uitgekies word om die straf vir kollektiewe sonde te dra.¹⁸

Rose verwys na hierdie siening as hy verduidelik waarom vigs as 'n gay en Haïtiaanse siekte beskou word – dit is 'n aanduiding van "scapegoat propaganda" deur "the White Paranoid Patriarchy" (Spanbauer, 2001:94):

When I delivered the Negroni, I read what it said on Rose's T-shirt.

CURE AIDS: FUCK THE CENTERS FOR DISEASE CONTROL.¹⁹

Just like that – I didn't mean to – I laughed out loud.

Rose's chin tucked, moving only his black eyes straight into my eyes at an angle just above his rhinestone reading glasses.

Ex-cuse me? Rose said.

I was just laughing at what your T-shirt says, I said.

¹⁸ Vgl. Jones (1993:225): "AIDS has particular meanings within the United States because American culture needs to punish groups of persons who 'choose' to engage in culturally proscribed behaviors. AIDS acquires meaning because it still largely affects people who are socially marginalized, and thus it evokes questions of stereotyping, scapegoating, retribution for 'unnatural' lives, and the pathology of proscribed sex."

¹⁹ Hierdie is natuurlik kommentaar op die politiese aard van vroeë vigsnavorsing, soos in Hoofstuk 3 bespreek is. Die stelling bevat twee aantygings rakende die vigsdiskoers: in die eerste plek druk dit die agterdog jeens die amptelike, geïnstitusioneerde reaksie op vigs uit, en verwoord die vermoede dat die wyse waarop die regeringsentrums vir siektebeheer die vigs krisis hanteer het die toestand vererger het (sien 3.2). In die tweede plek stel dit op ironiese wyse voor dat vigs genees kan word deur weg te doen met die "centers for disease control", waarmee vigs as simboliese toestand op die voorgrond geplaas word: die suggestie is dat vigs slegs 'n produk van die geïnstitusioneerde reaksie daarop is (sien 3.4.1).

Do you know what AIDS is? Rose said.

No, I said.

Maybe you know it as GRIDS, Rose said. The gay cancer – gay-related, you know. Gay and Haitian, that is. At least that's the White Paranoid Patriarchy's fucking scapegoat propaganda.

Gay cancer, I said. Yes, I've heard of it.

Then why are you laughing? AIDS is a *terrible* disease, Rose said. And not something at all to laugh about. Do you think just because it's black people and queers who are dying it's something to laugh about?

Met hierdie stellings word nie ontken dat in die vroeë tagtigerjare wat die roman afspeel, die meeste gevalle van vigs voorgekom het of raakgesien is onder Afro-Amerikaners en gay mans nie. Dit is eerder die benaming van vigs as "GRIDS" en "gay-related" wat hier uitgewys word as deel van 'n "sondebok-propaganda" deur die (heteronormatiewe) patriargale stelsel. Die metafoor van 'n sondebok suggereer dat gay mans deur die samelewing uitgekies is om vir die samelewing se kollektiewe skuld gestraf te word. Volgens die sondebok-narratief is hierdie straf vigs, wat in praktyk meebring dat gay mans gestraf word deur stigmatisering op grond van vooropgestelde idees omtrent vigs (sien 3.2.2). Deur die verband te trek tussen "scapegoat propaganda" en die feit dat vigs beskou word as "gay-related", onthul Rose eerstens die heteronormatiewe raamwerk wat aan die wortel lê van die aannames omtrent gay mans en vigs, en demistifiseer dit tweedens as bloot propaganda.

Later in die roman, as dit blyk dat Rose MIV-positief is, word die narratief van vigs as Goddelike straf opgeroep, net om ondermyn te word:

You know who gave it to you? I said.

Yes, Rose said, I know.

Who? I said.

The horrific whisper: God, Rose said.

God? I said.

You've got to liberate yourself from your concept of God, Rose said.

Rose's face in his hands, the candlelight on Rose's shaved head.

The God who gave me this disease is the God of Taken as Given, Rose said: Ronald Reagan, and Nancy, Margaret Thatcher, George Bush, the Pentagon, the CIA, the FBI, Oliver North, Bernhard Goetz, Ed Koch, and Cardinal O'Henry, the whole fucking hierarchical gaggle of White Paranoid Patriarchs.

AIDS is the shadow of Christianity, Rose said. (Spanbauer, 2001:295)

Hier word die raamwerk van Goddelike straf ontwig deur die terme daarvan te destabiliseer: Rose sê dat God hom vigs gegee het, maar dui aan dat die konsep van God onstabiel is en onderwerp kan word aan hersignifikasie. Die betekenaar “God” word toegeken aan ’n nuwe betekende en in hierdie nuwe betekenispaar verwys God na heteronormatiewe magsinstellings,²⁰ die “White Paranoid Patriarchs”. Hierdie onthulling van die heteronormatiewe raamwerk as berustend op ’n onstabiele konsep (’n arbitrêre verbintenis tussen betekende en betekenaar) vind ook neerslag in die wyse waarop vigs beskou word: vir Rose dui “AIDS” nie soseer op die siektetoestand as op die sosiale betekenis wat daaraan gekoppel is en die gevolglike stigma wat daarmee geassosieer is nie.

Die Christelike raamwerke waarbinne vigs heteronormatief geplaas word, word verder gedestabiliseer met die stelling “AIDS is the shadow of Christianity”. Die analogie van ’n “skaduwee” suggereer ’n onlosmaakbaarheid wat inherent is aan hierdie twee skynbaar opponerende terme, vigs en (patriargale) Christendom. Deur voor te stel dat vigs as simboliese toestand nie sonder Christendom tot stand kon kom nie, word ’n dekonstruksie van hierdie binêre paar uitgelok waardeur die hele raamwerk in duie stort.

Die onthulling en mistifikasie van raamwerke soos wat dit hier bespreek is, bevat noodwendig ’n komponent van hersignifikasie. In *Ek stamel* word die raamwerk van die pes onthul, en vigs word gehersignifiseer nie as straf of skande nie, maar as ’n arbitrêre geweldenaar, met dieselfde eienskappe as kanker. Net so dien Rose se sieninge omtrent vigs in *Shy hunters* nie net as ’n demistifikasie van die sondebok-raamwerk en narratief van Goddelike vergelding nie, maar ook gehersignifiseer as ’n simboliese toestand wat deur heteronormatiewe magsinstellings tot stand gebring is.

4.4.1.2 Hersignifikasie om nuwe raamwerke te skep

In sommige gevalle vind hersignifikasie egter meer eksplisiet plaas as ’n strategie waarmee heteronormatiewe betekenisraamwerke van vigs ondermyn word deur nuwe narratiewe en metafore tot stand te bring wat die bestaande voorveronderstellings teësprek en herskryf in meer positiewe terme.

²⁰ Sien byvoorbeeld Douglas Crimp (1989) vir ’n bespreking van die Reagan-administrasie se bydrae tot ’n homofobiese vigsdiskoers, asook die rol wat die Rooms-Katolieke Kerk daarin gespeel het; asook Treichler (1989) vir die aandeel wat verskeie politici gehad het; en Watney (2000) vir die bydrae wat besluite gelewer het wat tydens Thatcher se bewind geneem is.

In *Shy hunters* word vigs in teenstelling met narratiewe wat dit as verdienende straf op afwyking sien, in die konteks van verwonding geplaas as “the word that hurts”. Die opstapeling van verwysings na en aanhalings van “lletre ferit” sorg vir ’n unieke raamwerk waarbinne die benaming van vigs sowel as gaywees gelees word as verwonding, en boonop verwonding wat letsels laat.

Die beskrywing “lletre ferit” verskyn die eerste keer in Fiona se verduideliking van die oorsprong van haar litteken:

Tell me about your scar, I said.

... *Lletre ferit*, Fiona said. Two words put together, formed by Fiona’s red lips.

What? I said.

It’s Spanish, Fiona said – Catalan, that is, not Castilian.

Catalan? I said.

Go to Barcelona, Fiona said. Stop anybody on the street and ask them about the bastard son of King Ferdinand.

Believe me, Fiona said, They’ll tell you.

What’s it mean? I said.

Lletre ferit, Fiona said, Means *the word that hurts*.

Fiona’s index pressed on the scar.

You have touched me, Fiona said, Where I hurt. (Spanbauer, 2001:191)

“Lletre ferit” as betekenaar verwys dus in die eerste plek na ’n litteken.²¹ Later in die roman word vigs as betekende ook aan hierdie betekenaar toegewys: “AIDS? I said. The word that hurts.” (Spanbauer, 2001:295) en “Your friend has AIDS, the nurse said. *Lletre ferit*: AIDS.” (2001:390).

Hiermee word ’n nuwe raamwerk vir vigs geskep wat verband hou met die een waarin vigs “te erg is vir woorde”, soos dit in *Ek stamel* aangedui word. Net soos die gelykstelling met kanker in *Ek stamel* suggereer, word vigs, of meer spesifiek ’n vigsdiagnose, binne hierdie raamwerk beskou as iets wat verwond, wat pynlik is vir die pasiënt sowel as sy/haar geliefdes, en wat boonop ’n letsel laat.

²¹ Die vae verwysing na “the bastard son of King Ferdinand” kan ook gelees word as ’n baie subtiële verwysing na non-heteronormatiewiteit, aangesien “bastard” hier verwys na ’n kind wat buite-egtelik gebore is, en die huwelik deur sommige kritici as ’n patriargale, heteroseksistiese instelling beskou word (sien byvoorbeeld Foucault, 1998).

'n Ander metafoor wat in *Shy hunters* gebruik word om die verskrikking van vigs aan te dui is die van 'n "monster".²² Die verwysing na die monster kom die eerste keer voor in 'n beskrywing wat as 'n onheilspellende vooruitwysing dien:

That evening was probably the last twilight I ever walked when the monster and its heavy footfalls was still a secret deep inside Manhattan's heart. All around me, behind the million windows, in their apartments, young men stood in front of mirrors and looked into their eyes, trying to understand the strange new sense of everything falling away.

Bad diet, too much coffee, too many drugs last weekend.

Slow down, that's all.

My God, this rash. What's this in my throat?

It's only a cold, the flu. This bump, this purple bump. I've never had a bump on my body like this.

At the gym, the young men stood on the scales and moved the weight across the scale, and then stared at the seven pounds that used to be on their arms and chests and butts and legs.

Behind the million windows, sleepless, the heavy fall of the monster's footsteps shaking the glass of water on the nightstand, shaking the nightstand, shaking the whole building. (Spanbauer, 2001:154-155)

Hierna word die frase "the monster's heavy footfall" 'n metafoor vir vigs, byvoorbeeld as Harry beweer dat hy bloot moeg is, en Will reken: "But Harry was more than tired. The monster's heavy footdall, a ripple in Fiona's Southern Comfort, my Crown Royal, what was left of Harry's Heineken." (Spanbauer, 2001:180). As Fiona dan later bevestig dat Harry sowel as haar broers vigs het, beskryf Will weereens "Outside, the monster's footfall, shaking doors, rattling windows, big cracks in the brick walls." (2001:303)

Net soos die personifikasie van "die pes" in *Ek stamel* as iets wat dreigend rondsluip en enigiemand kan aanval, suggereer die hersignifikasie van vigs as 'n "monster" 'n weiering om vigs te sien as iets wat deur 'n skuldige "verdien" word. Hierdie hersignifikasie sluit aan by die bestaande heteronormatiewe raamwerk wat gay mans konstrueer as demone of monsters wat "onskuldige slagoffers" teister. Die terme word egter verander deur gay mans nie as die monsters te sien nie, maar as onskuldige slagoffers van die monster. Hiermee

²² In 'n gesprek beweer Rose: "what we are really doing, what we are grounded upon... [i]s a monster, the excess of the male principle" (2001:275). Uit die konteks is dit duidelik dat hierdie "manlike beginsel" dui op rasionaliteit en 'n oordrewe beklemtoning van rede, denke, mensgemaakte wette en vooruitgang. As hierdie "monster", die oormaat van die manlike beginsel, verbind word met "vigs" as monster, sluit dit aan by Rose se beskuldiging van heteronormatiewe magsinstellings – of dan, patriargie, die samelewing wat 'n gevolg is van dominansie deur die (patriargale) manlike beginsel – vir die vigs krisis.

word nie net 'n nuwe raamwerk tot stand gebring nie, maar die onregverdigde vooroordeel van die oorspronklike raamwerk word ook beklemtoon.

Die verskrikking van vigs, en vigspasiënte as onverdiende slagoffers, word ook uitgedruk in 'n beskrywing van 'n hospitaal as Will vir Rose gaan besoek. In hierdie beskrywing word vigspasiënte vergelyk met konsentrasiekampslagoffers van die Tweede Wêreldoorlog (Spanbauer, 2001:323):

On the way to Room 335, you had to pass all the other rooms on Rose's floor, in each room a young man, skeleton poking through, lying on his bed, the bed slowly swallowing him up. Room after room after room, hundreds of young men with green tubes up their noses, IVs in their wrists, wandering through the hallways looking like Auschwitz, an IV bag on a skinny pole trailing behind them. Sometimes there were screams. And the smell. More than the ordinary urine ammonia medicine smell. Another smell.

Net soos die metafoor van vigs as monster – en meer subtiel, die beskrywing van vigs as “the word that hurts” – dien hierdie vergelyking van 'n hospitaal vol vigspasiënte met Auschwitz²³ om die heteronormatiewe narratiewe waarvolgens vigs 'n welverdiende straf op sonde of afwyking is, teë te werk. Die metafoor van Auschwitz plaas vigs binne 'n raamwerk waarin dit 'n onverdiende verskrikking is wat nie ongemerk durf verbygaan nie, en as daar enigsins skuld by betrokke is, behoort dit by 'n magsinstelling te lê, soos wat Rose se beskouing van heteronormatiewe magsinstellings ook eksplisiet beweer.

Terwyl die metafore vir vigs in *Shy hunters* fokus op die onverdiende pyn en gruwel van vigs in teenstelling met die heteronormatiewe narratiewe van straf en vergelding, verwys *Ek stamel* na twee alternatiewe, positiewe raamwerke vir vigs, naamlik dié van 'n geskenk en 'n aanduiding van bloedverwantskap.

Tydens sy hipnose verbeel Konstant hom dat Jude vir hom sê:

Konstant, jy's sommer laf, let's get to the point, honey, ek het jou onlosmaakbaar aan my verbind. Jy weet mos hoe dit werk, of moet ek nou weer verduidelik: ek het vir jou 'n present gegee, man, 'n sel toegedraai in 'n vetterige proteïenlagie, om met hom te maak wat jy wil. Maar soos jy self weet, wou jy hom so graag hê dat jy hom aan jou eie T-sel vasgeheg het. Begryp jy nou dat ek jou nooit sal los nie? (Venter, 2005:224)

²³ Sien onder andere Crimp (1989) en Patton (1990) vir die vervolging van homoseksuele persone onder Nazi-bewind.

Hierdie beskouing van die virus as 'n teken van Jude dat sy Konstant “nooit sal los nie”, word geëggo in Konstant se denkbeeldige gesprek met sy pa, waarin Raster sê:

Kyk, lat, dit vervul my met afsku om dit te sê, maar jy behoort teen dié tyd te weet daar is bloedbande tussen die twee van julle gesmee, niks kan julle meer skei nie, wat wil jy verduiwels meer aan sekuriteit hê? (Venter, 2005:224)

Alhoewel hierdie twee sienings in die roman as ironies aangebied word, het hierdie raamwerke tog die potensiaal om as positief gesignifiseer te word, soos Dean (2009) aandui in sy bespreking van sogenaamde “bug-chasing” in 'n *barebacking* subkultuur waar die MI-virus vrywillig oorgedra word in narratiewe van geskenke en bloedverwantskap. As alternatiewe narratiewe wat in 'n ander konteks potensieel positief kan wees, dra hierdie raamwerke by tot 'n weerstand teen en ondermyning van negatiewe heteronormatiewe raamwerke vir vigs.

4.4.2 Die gebrek aan 'n stabiele referent vir vigs

In aansluiting by die wyse waarop heteronormatiewe raamwerke vir vigs gedemistifiseer en gehersignifiseer word, word sekere kernaannames van die heteronormatiewe vigsdiskoers ook ondermyn deur aan te toon dat dit onsamehangend of ongeldig is. Een van hierdie aannames is dat vigs 'n stabiele betekende het, alhoewel vigs as sodanig eintlik “onsigbaar” is en die aanwesigheid daarvan slegs afgelei kan word van die sigbare opportunistiese infeksies wat as simptome van vigs beskou word. Die aanname dat vigs 'n kernreferent het, is die gevolg van 'n heteronormatiewe behoefte aan iets waarneembaars met waarneembare grense: die behoefte aan 'n sigbare teken vir die afwyking van heteronormatiewe waardes lei tot die aanname dat die teken 'n referent het wat dui op 'n vasstelbare, beperkbare “identiteit”. Hierdie aanname het implikasies vir die wyse waarop vigs as kulturele verskynsel beskou word en vind neerslag in die wyse waarop sekere afwykende identiteite met vigs gekonsolideer word in terme van betekenis.

Die aanname dat vigs 'n stabiele referent het, berus op en ondersteun sekere ideologiese aannames, byvoorbeeld die lineêre narratief van “seksuele misdrywe = vigs” en “homoseksualiteit = vigs/vigs = homoseksualiteit”. Die queer representasies van vigs in die betrokke romans ondermyn hierdie aannames deur byvoorbeeld die woord “vigs” te verswyg. Hierdie verswyging werk in op die veronderstelling van 'n betekende/betekenaar-paar deur te suggereer dat die verswyging van 'n betekende die aanwesigheid van 'n betekenaar in twyfel trek. Sodoende word die proses bevraagteken waardeur 'n verbeelde

betekenaar vir 'n betekende opgerig word. 'n Ander strategie van ondermyning is om betekendes wat volgens algemene aanvaarding na vigs verwys, los te maak van die konteks van "vigs" en nuwe betekenaars daaraan toe te ken, of om betekenis tot so 'n mate uit te stel dat die proses van betekenisvorming gedestabiliseer word.

Hierdie ondermynende strategieë werk op 'n ironiese wyse van binne die vigsdiskoers, aangesien hulle ondermynende potensiaal in 'n groot mate afhanklik is van die verwagtinge wat deur die vigsdiskoers geskep word in terme van betekende en betekenaar sowel as die gelykstelling "homoseksualiteit = vigs/vigs = homoseksualiteit". Die verswyging van die woord "vigs" en die gebruik van tekens wat na vigs verwys in stede van 'n eksplisiete benoeming daarvan, kan immers slegs effektief wees as vigs in elk geval binne die konteks verwag word. Jones (1993:229) verwoord hierdie skynbare paradoks soos volg: "Only where the name is expected can its absence be made significant." Die strategieë moet eers die verwagtinge van die vigsdiskoers oprig ten einde dit te kan ondermyn.

Die ondermynende strategieë roep die vigsdiskoers op deur terme te gebruik wat algemeen as tekens van vigs beskou word. Aan die hand van die vigsdiskoers kan hierdie "language of indirection" dus maklik deur 'n leser gedekodeer word (Jones, 1993:228):

"The test", "immune systems", guilt about past anonymous sex, and the "plague" make up the semiotics of this language of indirection, which, because the characters are gay men living in the present and because the signs placed into the text are found in everyday discourses of AIDS, is easily decoded. The name *AIDS* evokes certain images that circumscribe the ability to transcend the limits they impose.

Net soos die naam "vigs" sekere beelde en terme oproep, is daar heelwat tekens wat binne 'n konteks van homoseksualiteit vigs oproep. Benewens die terme wat hier bo genoem is, verwys Jones (1993:228) ook na die simptome van 'n verskeidenheid van opportunistiese infeksies wat algemeen by vigs voorkom: Karposi's sarcoma se kenmerkende pers merke op die vel, *Pneumocystis carinii* longontsteking en ander simptome soos gewigsverlies, diarree, nagsweet, die cytomegalovirus en dementia.

Ek stamel en *Shy hunters* maak veral gebruik gemaak van verwysings na Karposi's sarcoma, diarree en gewigsverlies (die sogenaamde "wasting syndrome", of cachexia), om binne die konteks na vigs te verwys. As simptome van vigs is Karposi's Sarcoma en "wasting syndrome", meer as enige van die ander opportunistiese infeksies, sigbaar aan die liggaam. Cindy Paton (1990:128) beskryf hierdie twee simptome as verteenwoordigend van 'n vigsdiagnose:

The AIDS diagnosis, represented between the poles of somatic marking (karposi's sarcoma) and disappearance (wasting syndrome), is the ultimate state takeover of homosexuals' inability to speak and to retain the protective camouflage of silence. Our bodies will give us away.

Hierdie stelling van Paton sluit aan by Lee Edelman se idee van homografiese deur te stel dat 'n vigsdiagnose 'n verlies aan "beskermende kamouflering van stilte" meebring. Dit is egter nie die diagnose op sigself nie, maar die wyse waarop die diagnose gerepresenteer word deur die simptome wat daaraan gekoppel word. As tekens van vigs word Karposi's sarcoma en "wasting syndrome" simbolies van non-heteronormatiewe mense se stigmatisering. Dit is gepas aangesien Karposi's sarcoma gekenmerk word deur opvallende pers merke aan die vel, 'n baie sigbare teken aan die oppervlak; en omdat "wasting syndrome" metafores dui op die verdwyning van die non-heteronormatiewe persoon: die vervulling van 'n homofobiese fantasie.

Dit is gepas dat die vrees omtrent die onverklaarbare blou kolle wat Konstant op sy bene ontdek (Venter, 2005:156-157) aanvanklik die tema van sy siekte domineer. Voordat hy die cytomegalovirus opdoen (2005:231), is "die irrasionele bangheid vir my blou kolle" (2005:205) vir Konstant die fokus van sy siektetoestand, en hy dra selfs 'n langbroek om dit van sy kollegas weg te steek.

In 'n verbeelde brief aan sy ouers brei Konstant hierop uit:

Wat gaan ek vir Pa en Ma sê? Hoe sê jy vir sulke mense jy't agt blou kolle op jou bene en dis maar die begin...?

Ons seun het hom 'n bloutjie geloop, ja, so is die ou lewe maar.

Ag, sies tog, Mirjam, ag hemeltjie tog, Raster, ons harte gaan uit na julle toe, hoor. As ons met enigiets kan help, laat net weet.

Jy gaan hulle moet bel, Jude, jy gaan moet. Sê sommer vir hulle ek het bloukol. Sê vir hulle in jou heuningstem hulle moet uitkyk oor hulle mielielande, want daar sit ou bloukraanfokkenvoël. Hulle sal dit verstaan: blou tot my laaste selle toe. Pa sal dit begryp. Dis maar soos bloutong, Pa weet mos hoe lyk skaap as hy bloutong kry, dis maar al, Pa.

Maar my magtag, gee onmiddellik vir hom blouvitrioel, dit sal hom gou perdfrys maak. 'n Goeie lepel dous en hy's môre weer doodreg. (Venter, 2005:168)

Die idioom "om 'n bloutjie te loop" word hier letterlik sowel as figuurlik gebruik. Die ketting van assosiasies – bloukraanvoël, bloutong, blouvitrioel – wat almal met die plaas te doen het ("bloutong" is 'n skaapsiekte; "blouvitrioel" is 'n kiemdoder wat gebruik word vir die bestryding

van plantsiektes (HAT, 2005:106)) gaan tweeledig te werk. Aan die een kant plaas dit Karposi's sarcoma binne 'n bekende en vertroude raamwerk vir sy ouers aan wie hierdie denkbeeldige gesprek gerig is, wat ook 'n vorm van demistifikasie en hersignifikasie is – vigs is nie 'n vreemde pes wat slegs homoseksueles tref nie, dis 'n siekte soos enige ander: “Dis maar soos bloutong, Pa weet mos hoe lyk skaap as hy bloutong kry, dis maar al, Pa”. Net so is die verwysing na 'n bekende kuur soos blouvitrioel 'n poging om die verskrikking van ongeneeslikheid uit vigs te haal.

Die verbeelde reaksie op Konstant se siekte – “Ag, sies tog, Mirjam, ag hemeltjie tog, Raster, ons harte gaan uit na julle toe, hoor. As ons met enigiets kan help, laat net weet” – herinner aan die verwysings na gebede en hoop op wonderwerke waarmee Tannie Trynie se kankerdiagnose oorgedra is. Dit druk Konstant se hoop uit dat die verswyging van vigs as betekenaar dit genoegsaam sal destigmatiseer om dit vir sy ouers “aanvaarbaar” te maak. Hierdie destigmatisering kan egter net plaasvind as die betekenaar van vigs, Karposi's sarcoma, aan ander betekendes toegeken word, naamlik bloukraanvoël en bloutong.

Die ketting van assosiasies (bloukraanvoël, bloutong en blouvitrioel, en later ook “Bloubaard” en “Bloubeen” (Venter, 2005:168;169)) is gevolglik ook 'n manier waarop betekenis uitgestel word. Op die oog af blyk dit dat die blou kolle as betekenaar ook kan verwys na 'n bloukraanvoël, bloutong, blouvitrioel en Bloubaard. Hiermee word die angel van betekenis uit die blou kolle (naamlik dat dit 'n teken van vigs is) gehaal – dit kan na verskeie ander dinge ook verwys aangesien betekenaar van betekende losgemaak is. By nadere beskouing het hierdie ketting van assosiasies egter geen betekende nie: die enigste verband tussen blou kolle en bloukraanvoël, bloutong, blouvitrioel of Bloubaard is slegs die oppervlakkige ooreenkoms tussen die woorde, of die betekenaars – blou kolle as betekenaar kan nie logies verwys na enige van hierdie terme as betekende nie. Hierdie assosiasies ondermyn dus op twee vlakke die aanname van 'n stabiele referent: eerstens plaas dit die arbitrêre verbintenis tussen betekende en betekenaar op die voorgrond; en tweedens wys dit uit dat enige poging om 'n referent vas te stel, ontaard in 'n oneindige spel van betekenaars wat boonop slegs op grond van vorm ooreenkomste toon.

In teenstelling met *Ek stamel*, bevat *Shy hunters* 'n aantal karakters wat aan vigs ly, en noodwendig meer en 'n groter verskeidenheid verwysings na vigs. Die romans stem egter ooreen daarin dat beide eerder verwys na die tekens of simptome van vigs as om die siekte

self te benoem.²⁴ Die eerste keer wat 'n siek karakter in die narratief van *Shy hunters* verskyn, word sy toestand dan ook eksplisiet in terme van die oppervlak beskryf, asof dit 'n rol is wat hy speel. Selfs die moontlikheid dat dit 'n aanduiding van 'n onderliggende siektetoestand is, word geweier met die bewering dat hy "in werklikheid" eerder iemand gesond en aantreklik is.²⁵

It was like Ruby was an actor playing a role, street and drugs makeup put on him so he looked tired and gray, but really he was Paul Newman or Matt Dillon or somebody healthy and handsome like that. (Spanbauer, 2001:62)

Selfs die tekens wat by nabetragting die eerste aanduidings van vigs was, word aanvanklik beskou as simptome van iets anders. Hierdie verhulling kan gelees word as die karakters se desperate pogings om die werklikheid van vigs te ontken, sowel as 'n wyse waarop die roman spanning deur middel van voorafskaduwing bou. Deur egter te fokus op die tekens van vigs eerder as op die onderliggende oorsaak, word betekenis uitgestel en uiteindelik bevraagteken.

'n Voorbeeld hiervan is dat verwysings na diarree aanvanklik verhuul word as maaggreep of voedselvergiftiging. As Fiona vertel dat haar broers, Gus en Hunter – of die "Hyannisport Homos" of die "YUFAs" (Young Urban Faggot Attorneys) soos hulle bekend staan – siek is, skryf sy dit toe aan "intestinal flu" (Spanbauer, 2001:300). In Harry se geval is die aanduiding sy gelaatskleur: "Harry's pink freckled skin looked as green as his shirt" (2001:222). Dit word toegeskryf aan "a touch of the stomach flu" of "something I ate" (2001:222). Aangesien die YUFAs en Harry gay is, word die vermoede dadelik gevestig dat hierdie eerder 'n simptoom van vigs is, maar aangesien die teks dit op hierdie stadium eksplisiet toeskryf aan ander oorsake, word die verband tussen algemeen aanvaarde tekens van vigs en vigs bevraagteken, en word ook die aanname "homoseksualiteit = vigs" op die voorgrond geplaas.

²⁴ Vir die karakters in *Ek stamel* en *Shy hunters* is die gebruik om indirek na vigs te verwys en die betekenis van die simptome uit te stel of te onderbeklemtoon waarskynlik 'n vorm van emosionele ontkenning, 'n weiering om die verskriklike gegewens te aanvaar. Tekstueel dra hierdie uitstel- en verplasingstegnieke egter by tot die wyse waarop 'n heteronormatiewe vigsdiskoers ondermyn word.

²⁵ Dit blyk later dat Ruby wel aan vigs ly. Hy sterf egter nie aan vigsverwante oorsake nie, maar word vermoor, vermoedelik deur Sergeant Richard (Dick) White, of "Sergeant White Supremacy" soos die ander karakters na hom verwys. Ten spyte van sy gewelddadige homofobie blyk dit dat White Ruby soms betaal het vir seks (2001:361) – iets wat in terme van sy bynaam ("Dick" is eerstens verwysend na die fallus en tweedens 'n neerhalende skeldnaam, en "White Supremacy" spreek vanself) en die moord op Ruby as simbolies gelees kan word.

Die gebrek aan 'n stabiele referent van vigs vind ook neerslag daarin dat 'n algemeen aanvaarde simptoom soos Karposi's sarcoma losgemaak word van die betekenispaar wat vigs as betekende het. Verwysings na Karposi's sarcoma kom gereeld voor in *Shy hunters*, waar dit meestal vergelyk word met "bessies", byvoorbeeld "purple berries on Ruby's beautiful forearms" (Spanbauer, 2001:64, 65) en "The purple bumps on Crystal's wrist were big black raspberries in the blue blowtorch night" (2001:422). In die magies-realisties en simboliek-belaaide wêreld van *Shy hunters* is hierdie vergelyking beduidend, en kan die metafoor van bessies dui op 'n hersignifikasie van vigs deur dit te beskryf in terme van 'n vrug wat assosiasies het van onsterflikheid en vrugbaarheid (Cooper. 2009:72) – deur die teken te vervang, word die betekenis in positiewe terme herskryf. Alhoewel hierdie metafoor op die oog af ironies is, dra die wyse waarop dit gebruik word eerder by om die verskrikking uit Karposi's sarkoma te haal en dit as iets magies en byna mooi voor te stel: die merke word op die karakters se liggame ingeskryf as tekens van onsterflikheid en vrugbaarheid, en nie as tekens van vigs nie.

Ook verwysings na "wasting syndrome" kom in *Shy hunters* voor. Will besef byvoorbeeld dat Ruby werklik siek is wanneer hy hom na 'n lang tyd weer raakloop:

I caught Ruby in my arms.

Ruby bones.

... His chin sharp against my upper arm.

Ruby's ribs, I could feel every rib. His clavicle. Ruby's shoulder bones hard in the palms of my hands. His breath against my neck. Puke smell stronger than horse piss.

Ruby put his hands onto my chest, the bones in his hands. (Spanbauer, 2001:359)

Die oormatige herhaling van die woord "bones" skep die indruk dat dit as't ware die essensie van Ruby beskryf, eerder as om bloot te dien as 'n teken van iets onderliggend soos vigs. Dieselfde tegniek word gebruik as True Shot se vriend Fred – eintlik Charlie 2Moons – beskryf word as "a skeleton with an oracle inside him"; "a skeleton possessed by More Menthol cigarettes"; "nothing but a bag of bones" (Spanbauer, 2001:442). Eerder as 'n verwysing na vigs, word die beskrywings gebruik om by te dra tot die indruk van magiese transendensie wat Fred hier weergee. Die assosiasies met 'n orakel, met "besetenheid" en met mistisisme bring dus mee dat die simptoom van "wasting syndrome" losgemaak word van vigs as betekende en gehersignifiseer word in meer positiewe terme.

Afgesien van die wyses waarop verwysings na Karposi's sarcoma en "wasting syndrome" gebruik word om vigs te hersignifiseer, kan beskrywings van hierdie simptome in *Shy hunters*

as vooruitskaduwing gelees word. Omdat Fiona se broers, Harry, Ruby, Crystal en Fred almal gay is, is dit moontlik om hierdie tekens in terme van vigs te lees. Die klem wat egter geplaas word op die herhaalde beskrywing van die tekens, eerder as eksplisiete verwysings na “vigs”, kompliseer die lineêre narratief van “homoseksualiteit = MIV = vigs = dood”. Hierdie herhaalde fokus op die tekens van vigs, eerder as op vigs self, het die funksie om betekenis uit te stel. Ruby se siekte en sy vriende se besorgdheid oor hom word uitgebeeld lank voordat Will die moontlikheid lug dat Ruby dalk aan vigs ly. So ook word Harry se moegheid en ongesonde gelaatskleur genoem (Spanbauer, 2001:180) omtrent 120 bladsye voordat Fiona voorstel dat hy moontlik ook aan vigs kan ly (2001:303), en dit word eers ’n verder 90 bladsye later bevestig (2001:390).

In teenstelling met *Ek stamel* en *Shy hunters*, word vigs nooit in *Huwelijk* genoem nie, en is selfs die tekens wat gelees word as aanduidend van vigs, vaag. Die enigste aanduiding dat iets soos vigs aanwesig is, is die feit dat Maarten aan een of ander ongenoemde terminale siekte ly waarvoor hy chroniese medikasie moet neem (Lanoye, 2006:9,11,36,45). Hy beskryf homself ook as “doodziek” (2006:15) of “op sterven na dood” (2006:30) en daar word voortdurend verwys na sy “toestand” (2006:24) of sy “bedenkelijke conditie” (2006:113).

Die naaste wat egter aan ’n beskrywing van ’n vigssimptoom gekom word, is as Maarten kla oor chroniese moegheid (Lanoye, 2006:35). Ook Gaëtan se siektetoestand word vaag beskryf in terme van simptome, behalwe dat daar verwys word na nagsweet (2006:34) en braking (2006:68). Die beskrywing van hom op sy doodsbed toon slegs aan hoe maer hy is:

Hij kon niets meer ophouden. Hij had doorligwonden, hing dag en nacht aan een infuus, zat nog vol andere buisjes en draadjes, verbonden aan monitoren... Holle wangen, mageren bene en armen, akelig breekbare polse. Een geraamte met een doodskop, nog wat vel en nog wat haar. (Lanoye, 2006:321)

Hierdie tekens kan op enige terminale siekte dui, maar is nie spesifiek genoeg dat daar afgelei kan word watter siekte presies hier ter sprake is nie. Dit is opvallend dat die resensies oor *Huwelijk* in die meeste gevalle egter steeds ’n aanname maak oor die aard van die siekte, en dit boonop aantoon as vigs. Dit ondersteun die idee dat daar aangeneem word dat simptome soos hierdie dien as tekens wat verwys na ’n stabiele referent, en die feit dat die referent juis aan vigs gekoppel word, is grootliks te wyte aan Maarten en Gaëtan se homoseksualiteit wat die raamwerk skep waarbinne die teks as vigsroman gelees word. Waar die terme “homoseksualiteit” en “siekte” gegee word, word die aanname dus gemaak dat die simptome van die ongespesifiseerde siekte eintlik tekens is wat op vigs dui. In terme

hiervan kan die roman se uitbeelding van gay mans wat aan ernstige siektes ly geles word as weerstand teen die heteronormatiewe gelykstelling van homoseksualiteit met vigs: die roman weier om enige uitsluitel te gee oor presies waaraan Maarten ly en Gaëtan gely het, en deur slegs simptome te beskryf wat op sowel vigs as meeste ander terminale siektes kan dui, word die gelykstelling ondermyn.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat al drie romans in 'n mindere of meerdere mate weerstand bied teen die betekenaar “vigs”, en daarmee die heteronormatiewe behoefte aan 'n stabiele referent ondermyn. In *Ek stamel* het dit die effek om die tekens van vigs binne 'n vertroude raamwerk te plaas en om die betekenis van vigs uit te stel. In *Shy hunters* word die verband tussen tekens en referent gekompliseer, met die gevolg dat die tekens gehersignifiseer kan word. Net soos in *Huwelik* word gebrek aan 'n vasgestelde verbintenis tussen betekende en betekenaar gebruik om die gelykstelling “homoseksualiteit = vigs” op die voorgrond te plaas. Die benaming “vigs” word in sowel *Ek stamel* as *Huwelik* verswyg, met die effek dat die aanname dat die betekenaar aanwesig is, gedestabiliseer word.

4.4.3 Stigmatisering en die liggaam

Die beklemtoning van die tekens wat op vigs dui het ook die funksie om die homofobiese behoefte aan homografese op die voorgrond te plaas. Homografese dui op die heteronormatiewe en homofobiese fantasie dat homoseksualiteit 'n vasgestelde, stabiele toestand is wat sigbaar is of behoort te wees aan die gay liggaam. Aan die een kant hou dit in dat die “geheime” afwyking op hierdie wyse openbaar gemaak sal word, en terselfdertyd skep dit ook 'n illusie dat afwykings beperkbaar is tot die non-heteronormatiewe liggaam. Soos reeds bespreek, sluit die tekens van Karposi's sarcoma en “wasting syndrome” hierby aan as deel van die idee dat vigs 'n aanduiding is van innerlike verdorwenheid, wat (ironies genoeg) slegs deur die uiterlike simptome daarvan sigbaar gemaak word.

Die drie romans bevat talle verwysings na littekens: letsels oor die algemeen, letsels waaraan spesifieke konnotasies geheg word, letsels wat op 'n betekenisvolle wyse 'n versteekte identiteit aan die lig bring; en ook letsels wat oorblyfsels is van beserings wat non-heteronormatiewe karakters aan die hand van patriargale figure gely het. Laasgenoemde kan geles word as 'n proses van homografese, waar die non-heteronormatiewe figure sigbaar deur die patriargie gemerk word as buitelanders. Deur hierdie proses letterlik uit te beeld, word 'n parallel getrek met die simboliese proses waardeur vigs heteronormatief beskou word as 'n vorm van homografese. Die groter konteks van verwysings na littekens en die wyse waarop littekens betekenisvol gemaak word, het ten

doel om die prosesse van homografese te bevestig en die werking daarvan aan die lig te bring.

4.4.3.1 Littekens in die romans

Anders as wat die woord suggereer, is 'n litteken nie 'n teken wat na 'n referent verwys nie: 'n litteken verwys nie na 'n wond nie, dit is die wond, of ten minste, dit is wat die wond geword het. 'n Fokus op letsels, sigbare merke op die liggaam, kan dus gelees word as 'n beklemtoning van oppervlak, spesifiek die veloppervlak, bo die onderliggende "oorsaak" van die letsel, die wond. Deur simboliese waarde aan die littekens te heg, word die proses waardeur 'n onsigbare referent merkbaar gemaak word deur middel van 'n sigbare teken beklemtoon – die versugting na 'n verbintenis tussen teken en referent lei daartoe dat die oppervlak van die liggaam gemerk word om as 'n teken te dien van 'n sekere identiteit.

In sowel *Shy hunters* as *Huwelijk* speel littekens 'n belangrike rol in die storielyn deur geheime identiteit aan die lig te bring: in *Shy hunters* is Will se beskrywing van Charlie 2Moons se letsel vir True Shot die teken dat die Fred wat hy geken het, eintlik Charlie was; en op dieselfde wyse is die ooreenkoms tussen Tamara en Philip se letsels in *Huwelijk* 'n aanduiding dat hulle meer as net landgenote is. Die verskeidenheid verwysings na littekens wat bo en behalwe hierdie twee voorbeelde voorkom, is egter 'n aanduiding dat die verwysings na letsels in hierdie romans nie primêr bedoel is as tekens van 'n versteekte identiteit nie – dit is eerder 'n wyse waarop die beskouing van letsels as tekens van identiteit op die voorgrond geplaas word.

Huwelijk is veral deurtrek met verwysings na littekens. Tamara se littekens is natuurlik die opvallendste. Maarten beskryf hulle in detail:

Haar voorhoofd draagt drie littekentjies, alle drie lichtjes gezwollen en even groot, een centimeter lang maar. Drie streepjes, drie swarte zonnestraaltjies, vertrekkend uit een onzichtbaar punt, presies tussen haar wenkbrouwen. Een ongelukje of een etnisch ritueel? (Lanoye, 2006:25)

Maarten is gefassineer deur hierdie littekens, soos blyk uit die herhaaldelike verwysings daarna, asook die feit dat die enigste behoefte wat hy het om aan Tamara te raak, is om oor die littekens te streel. Dat Tamara se littekens besondere betekenis dra, word duidelik as dit blyk dat Philip, wat hom aanvanklik as Tamara se broer voordoen, dieselfde littekens het.

Maarten beskryf dit dan ook in byna dieselfde woorde waarmee hy na Tamara s'n verwys het:

De drie littekentjies boven zijn neusbrug echter bleven mat – drie korte brede zonnestraaltjies vertrekkend uit een onzichtbaar punt tussen de wenkbrauwen... Ze waren lichtjes gezwollen. Ruw uitziend maar wellicht nog zachter dan de rest van zijn gezicht. (Lanoye, 2006:298)

Wanneer Maarten langs Philip op die bank sit, reik hy asof outomaties sy hand uit na die littekens op Philip se voorkop. Philip laat hom begaan, en Maarten verwonder hom oor “[d]e wormpjes van donker vlees – want dat waren ze, half in zijn vel verzonken” (Lanoye, 2006:298). Op sy vraag aan Philip of die gelyksoortige littekens wat hy en Tamara het “a *sign of your people*” is, of “iets met geloof? *Some kind of God?*” lag Philip. Hy antwoord: “Alleen Tamara. Alleen ik. *Nobody else but her and me*” (2006:299). Die betekenis van Philip se antwoord dring eers later tot Maarten deur, naamlik dat Philip en Tamara nie broer en suster is soos wat hulle voorgegee het nie, maar minnaars. Die littekens hier is dus 'n teken van hulle liefde en verbintenis, asook hulle verraad – hulle het Vandessel sowel as Maarten onder valse voorwendsels gebruik om burgers van die land te word.

Dit is egter nie net mense nie, maar ook kamers, geboue, stede en die landskap wat littekens het in *Huwelijk*. Wanneer Maarten en Vandessel in 'n kafee ontmoet om Vandessel se aanbod (dat Maarten teen vergoeding met Tamara moet trou) te bespreek, reken Maarten dat die kafee dramaturgies gesien nie die regte ligging is vir die toneel wat tussen hulle afspeel nie. Hy reken dat 'n abattoir, 'n ou gasfabriek of 'n verlate skeepswerf beter sou gewerk het, en maak dan die opmerking: “Gebouwen en steden dragen littekens, net als iedereen” (Lanoye, 2006:12). Hy herhaal hierdie stelling as hy die badkamer van die kafee besoek: “Ook kamers hebben littekens. Zelfs kelders” (2006:17). Selfs die landskap het letsels in Maarten se beskrywing van die omgewing as hy en Tamara met die bus ry om sy vader te besoek: die landskap is “slecht aangekleefd met dwarse littekens van pek” (2006:110).

In hierdie verwysings is littekens 'n teken van deurleefdheid, selfs van egtheid. Wanneer Maarten sê dat geboue en stede littekens het, volg hy dit op met “En om de littekens is het te doen. Als je niet tegen littekens kunt, moet je maar commercials draaien voor margarine of mobiele jongerentelefoons” (Lanoye, 2006:12). Die suggestie is duidelik dat littekens hier bydra tot 'n dieper betekenis, iets wat meer veelseggend is as die veronderstelde oppervlakkigheid en kunsmatigheid van iets soos margarien- of selfoon-advertensies.

Hierdie idee vind eksplisiet uitdrukking in Gaëtan se woorde as Maarten ontsteld is oor die skade aan hulle nuwe houtvloer ná 'n partytjie. Verwysend na die vloer, sê Gaëtan dat dit uiteindelik perfek is.

“Perfect?” herhaalde ik. “Perfect? Noem je dit perfect?” Ik wees naar de kras waarin hij gisteren zelf wijn had gemorst. Een paarsbruine ader grijsde me tegemoet.

“Natuurlijk, schat,” zuchtte Gaëtan. Met zelfs een voldane grimas op zijn versopen smoelwerk. “Zie je het niet?” En toen leerde hij het mij. Het inzicht dat ik al zo lang had moeten hebben, in mijn eigen vak. “Alles moet littekens hebben of het heeft niet geleefd.”

“Kamers en huizen ook, zeker?” riep ik.

“Kamers en huizen ook,” zuchtte Gaëtan, zijn schouders ophalend.

“En wij dan!” riep ik. “Wij ook, zeker!”

Hij zuchtte: “Wij nog het meest van al, misschien?” (Lanoye, 2006:157)

Maarten en Gaëtan doen dan ook littekens hier op, as hulle terstond daar op die vloer seks het. Maarten “hield er een paar lelijke wondjes aan over” van die glasstukkies en houtsplinters, maar reken tog: “Maar op de een of andere manier voelde dat aan als, nou ja, het alsnog consumeren van een of andere vorm van, ochot, een huwelijk, zeg maar.” (Lanoye, 2006:157)

Die verwysing na littekens aan kamers, geboue, stede en die landskap as aanduiding van 'n dieper betekenis sluit aan by die spanning tussen oppervlak en betekenis in *Huwelijk*. Maarten is deurgaans baie bewus van die plekke waar gebeure afspeel, en betreur dit telkens dat die ligging – die oppervlak – nie gepas is vir die betekenis wat aan die gebeure toegeken word nie. Hiermee word die gaping tussen betekenaar en betekende beklemtoon: betekenis is onafhanklik van die sigbare tekens.

Ook in *Shy hunters* word die litteken op Fiona se lip (’n gevolg van ’n gesplete verhemelte (Spanbauer, 2001:192)) herhaaldelik beskryf, sodat die frase “the scar on Fiona’s lip a life all its own” of bloot “her scar a life all its own” deel word van die immer-herhalende frases reg deur die roman. Will vergelyk haar litteken met “the map of the Known Universe” wat in sy suster Bobbie se kamer gehang het (Spanbauer, 2001:191). “The map of the Known Universe” kan gesien word as ’n simbool van oppervlakkige orde om die dieperliggende chaos en verwonding weg te steek, net soos Fiona se letsel ’n teken op die oppervlak is waaraan ’n dieper betekenis toegeken word.

Wanneer Will Fiona vra om hom van haar litteken te vertel, antwoord sy: “*Lletre ferit*” wat beteken “the word that hurts” (Spanbauer, 2001:191). Die herhaaldelike verwysings na Fiona

se letsel tesame met die herhaling van “*Lletre ferit*” en “the word that hurts” bring ’n assosiasie van letsels met gay-wees en vigs tot stand. In ’n dialoog met Rose word die volgende woorde gebruik:

You can’t hide from me, Rose said.

...Then: Gay, Rose said. You can say it.

My lips were rubber bands around the word. The word that hurts.

Gay, I said. (Spanbauer, 2001:312)

Aan die een kant merk Fiona se letsel haar dus per assosiasie as queer, en terselfdertyd word die benaming “gay” en “vigs” gesien as woorde wat kan verwond, met die potensiaal om ’n litteken te laat, soos reeds bespreek is.

4.4.3.2 Homografese in die romans

In *Shy hunters* en *Huwelijk* skep die verwysings na littekens oor die algemeen ’n konteks waarin gelet word op letsels en die betekenis wat daaraan toegedig word. Fiona se letsel word beskryf as “the word that hurts”, Charlie 2Moons se litteken is die enigste leidraad dat True Shot hom wel ontmoet het as Fred, en in *Huwelijk* is die ooreenkoms tussen Tamara en Philip se littekens die eerste aanduiding van ’n spesifieke verwantskap tussen hulle. In hierdie konteks word die verband tussen letsels en hul oorsprong, sowel as hulle betekenis, reeds op die voorgrond geplaas.²⁶

Gevolglik is dit opvallend in al drie romans dat die protagonis se geliefde letsels het wat deur sy/haar eie vader of sy minnaar se vader toegedien is. Hierdie merke kan gelees word as homografese: merke wat toegedien word om ’n onsigbare “afwyking” of “sonde” (in die vader se oë) sigbaar te maak. As die vaders in hierdie romans beskou word as simbolies van die patriargie en heteronormatiewiteit, dan word hierdie letsels merke wat toegedien word om karakters as queer te merk. Volgens die wette van heteronormatiewiteit is enigiets wat afwyk daarvan noodwendig ’n uitdaging, ’n rebellie en ’n vorm van weerstand – met ander woorde: dit is queer soos gedefinieer deur die heteronormatiewe sentrum as dit wat afwykend is, sowel as queer in die self-refleksiewe definisie daarvan dat dit weerstand bied teen heteronormatiewiteit en dit ondermyn.

²⁶ Alhoewel die uitermatige klem op Konstant se blou kolle, die sigbaarheid en moontlike implikasies daarvan in *Ek stamel* gelees kan word as ’n wyse waarop die fokus gerig word op tekens aan die veloppervlak en die betekenis wat daaraan gekoppel word, word daar eerder van eksplisiete omskrywing en plasing gebruik gemaak om die belang van Jude se letsel aan te dui.

Die vaderfigure in hierdie romans – Jude se pa in *Ek stamel*; Will en Charlie se pa in *Shy hunters*; en Maarten se pa in *Huwelijk* – verwond die queer karakters eerstens as 'n straf vir hulle queerheid. Terselfdertyd bewerk hulle ook homografiese deur non-heteronormatieweit op die queer liggaam in te skryf en dit sodoende sigbaar te maak. Eerder as tekens wat verwys na 'n referent, wys die littekens in hierdie romans die heteronormatiewe versugting na die verbintenis tussen betekenaar en betekende uit: die vaders bemerk 'n onsigbare afwyking of sonde ('n betekenaar), en bring dit dan aan die lig deur 'n merk aan te bring ('n betekende) wat die afwykende as sodanig sal brandmerk.

Die mees voor die hand liggende voorbeeld van verwonding van die non-heteronormatiewe kom in *Ek stamel* voor. Konstant verwys na 'n geval in sy jeug, toe hy en 'n maat van 'n naburige plaas “opgeskote seuns” was. Hulle het gereeld oor en weer gekuier, en “daar was vir ons in daardie dae niks lekkerder as om agter die kraalmuur te sit en ballas bak nie” (Venter, 2005:179). Konstant se pa kom een middag op hulle af, en soos wat Konstant dit asof uit die oogpunt van sy vriend vertel, is Raster

ook nie links nie, hy gryp 'n stuk lost plestiekpyp wat toevallig daar rondlê en gee [Konstant] 'n afgedankste loesing soos ek nog nie tevore gesien het nie. Die bloed het letterlik geloop, maar Konnie het nie een druppel gehuil nie... Konstant het sy trane gesluk, en weet julle wat hom sy krag gegee het? Sy woede. So 'n suiwer wit woede, liewe vriende, het ek nog nooit gesien nie.

Die teks maak nie melding van enige littekens wat deur hierdie loesing agtergelaat is nie, ten spyte van die beskrywing dat die “bloed... letterlik geloop [het].” Konstant se non-heteronormatiewe merke is eerder die vigsverwante Karposi's sarcoma wat hy later opdoen. 'n Lesing van sy “blou kolle” as non-heteronormatiewe merke word moontlik gemaak deur 'n beskrywing wat aanvanklik na Jude se littekens verwys, te herhaal. Dit suggereer dat waar Raster magteloos was om 'n letterlike indruk van patriargale woede op Konstant te maak, sy non-heteronormatieweit tog aan die lig gekom het deur merke wat dui op vigs, soos Konstant se woorde met verwysing na sy blou kolle suggereer: “dié keer [is daar] geen salf aan te smeer nie, dis te laat, verstaan julle?” (Venter, 2005:168).

Alhoewel Jude se verwonding minder voor die hand liggend die gevolg van haar non-heteronormatieweit is, is haar litteken tog simbolies van haar stigmatisering deur die patriargie. Sy voldoen nie aan die heteronormatiewe vereiste dat die identiteitskategorieë van geslag en gender moet ooreenstem nie, en is daarom “queer”. Jude het agter haar oor 'n letsel wat sy oorgehou het waar haar pa haar met 'n gebraaide skilpad gegooi het. Soos

Konstant dit vertel, het dit tydens 'n piekniek in Bainskloof langs die Bergrivier gebeur (Venter, 2005:76-77). Jude was ontsteld oor die skilpadjies wat haar pa in die sand onder die kole gaargemaak het, en toe haar pa “net nie meer die grensende kind daar eenkant onder die water kon vat nie. Want Judietjie het meer as net gehuil, sy’t heeltemal histeries geword” (2005:78), het haar pa een van die skilpadjies onder die sand uitgegrawe en Jude met die kokende ding gegooi.

Konstant beskryf hierdie episode as “'n donker kol in Jude se geheue. Sy’s gebrandmerk” (Venter, 2005:77). Hy wonder ook of haar “periodieke somberheid” hieraan toegeskryf sou kon word (2005:77). Sy is ook baie selfbewus daaroor:

Die merk van die skilpadjieprojektiel is agter Jude se oor. Daarom dra Jude lang hare. Ek moes die merk self met my vinger bevoel, want Jude het verwag ek sou grootpraterij vermoed. Vroeër was die merk oor die hele kant van Judietjie se gesig, maar die ma het glo gereeld self aangesmeer en wonderbaarlik het dit weggegroeï. Net die laaste oorblyfsel van die merk het langs die oor bly sit. (Venter, 2005:78)

Jude is inderdaad “gebrandmerk”. Sy wou nie deel hê aan die wreedheid teenoor die skilpadjies nie, en deur te “grens” en “histeries” te raak daaroor, het sy verder die patriargale gesag uitgedaag. As gevolg hiervan word sy letterlik “gebrandmerk” as “anders”, as 'n skande, as minderwaardig. Indien Jude se karakter gelees sou word as manlik, is dit ironies dat sy juis lang hare – by 'n man 'n teken van “andersheid” of genderinversie – dra om die brandmerk deur die patriargie weg te steek.

Die merke van “andersheid” en van vigs kom ook ter sprake as Konstant uitvind dat Jude MIV-positief is (of in die woorde van die roman: “reeds die pes het”): “Jude, dit kan tog nie, dit mag nie, jy mag dit nie hê nie, jy is dan nog nie eers oor die merk wat die skilpadjie gemaak het nie” (Venter, 2005:122). Dit is opvallend dat Konstant nie verwys na die skilpad-episode as geheel nie, maar na die *merk* wat die skilpadjie gemaak het. Hierdie uiting kan op meer as een wyse gelees word: as “die merk wat die skilpadjie gemaak het” letterlik gelees word as verwysende na die letsel agter Jude se oor, dan suggereer dit die merke wat vigs op Jude se liggaam sal maak, die merke van andersheid en stigma: net soos die patriargie haar as queer gemerk het, sal vigs haar ook volgens die patriargie beskouing as queer merk. As dit egter figuurlik gelees word as die sielkundige wond wat die patriargie

Jude toegedien het, suggereer dit dat ook vigs verband hou met psigologiese verwonding deur die patriargie.²⁷

Jude se verwonding en Konstant se opdoening van Karposi's sarcoma word as parallelle gebeurtenisse voorgehou. Die verwysing na Jude se merk wat grootliks verdwyn het omdat haar ma "salf aangesmeer het", word ironies herhaal as Konstant later in 'n verbeelde gesprek met sy ouers oor sy blou kolle sê: "doodreg, behalwe dat daar dié keer geen salf aan te smeer is nie, dis te laat, verstaan julle?" (Venter, 2005:168). Die onderskeidelike letterlike en figuurlike gebruik van "salf aansmeer" in hierdie twee situasies, rig dit op as spieëlbeelde van mekaar: waar Jude se brandmerking as "anders" nog kon weggroei en weggesteek word, is daar niks te doen aan die blou kolle wat Konstant se merk van "andersheid" is nie. Jude se gedrag veroorsaak dat sy gebrandmerk word, en Konstant se seksuele gedrag lei tot die blou kolle wat as 'n sigbare teken dien van sy "andersheid." Die blou kolle van Karposi's sarcoma is die uiterste vorm van homografese: die onsigbare non-heteronormatiewe identiteit word op die queer liggaam ingeskryf.

In *Shy hunters* is dit Charlie 2Moons wat deur die patriargie gestraf word, nie net vir sy eie non-heteronormatiewiteit nie, maar ook as sondebok vir die vader se eie sondes. Hy het 'n kenmerkende letsel waarna Will verwys as hy vir True Shot vra of hy Charlie al iewers gesien het.

Then: Charlie's got a scar, I said. A big scar. Goes from his forehead through his left eye and down his cheek.

True Shot shut off the van and took off his mirrors, pushed his face right into mine. My God, the color of those eyes, the way they moved.

You never told me that! True Shot said.

My eyes started blinking blinking.

Not yet, I said.

My father, I said, After Bobbie died, I said, Took his bullwhip to Charlie. (Spanbauer, 2001:207)

Will trek nie hier 'n eksplisiete verband om aan te dui dat Charlie se litteken 'n gevolg is van sy pa se sweep nie. Eerder as om te sê "Charlie's got a scar *because* my father took his bullwhip to him", bied Will die oorsaak – "My father... Took his bullwhip to Charlie" – en die gevolg – Charlie se litteken – as twee afsonderlike dinge aan. Alhoewel Will se bedoeling

²⁷ Soos Rose beweer dat "[t]he whole fucking hierarchical gaggle of White Paranoid Patriarchs" vir hom vigs gegee het (Spanbauer, 2001:295).

duidelik is dat Charlie sy litteken van Will se pa gekry het, blyk dit later dat die subtiële gaping tussen oorsaak en gevolg gevul is met betekenis. Die oorsaak van Charlie se litteken is baie meer kompleks as wat oënskynlik die geval is, en die volledige gebeurtenis word eers veel later in die roman weergegee. Bobbie het selfmoord gepleeg nadat sy 'n aborsie gehad het, en die kind was blykbaar haar pa s'n. Haar pa maak egter vir Charlie die sondebok vir sy eie skuld – nie net die feit dat hy sy dogter seksueel mishandel het nie, maar ook die feit dat Charlie sy buite-egtelike seun by 'n inheemse Noord-Amerikaanse vrou is. Bydraend hiertoe is Will se leuen, sy ma se verraad teenoor Bobbie, en Will se verraad teenoor Charlie as hy Charlie voorhou as die skuldige:

Your husband has been fucking your daughter for five years now, I said, And you know it. You buried Bobbie in the black dress, bitch. You've always known and you've never had the strength to stand up to Father, not really, not even when it came to saving your daughter's life. You betrayed Bobbie as you have betrayed me as you have betrayed yourself. So don't give me any of this Oh-my-only-son-tell-me-the-truth shit, I said. And, oh yeah, here's something else too. The truth you wanted to hear so badly.

Yes, Charlie fucked her. And I fucked her too, I said.

But it's not the truth.

Charlie's the father, I said. (Spanbauer, 2001:418)

Sodoende is Charlie se letsel die merk van die vader se sonde en die moeder se swye – 'n stereotipiese merk van patriargale skuld. Ironies is hierdie litteken die enigste aanduiding dat True Shot se vriend Fred eintlik Charlie 2Moons is, aangesien vigs Fred se oorspronklike identiteit heeltemal verbloem:

A long time ago, True Shot said, The night we went to the meat-packing district, you told me Charlie had a scar across his face. That freaked me out. Fred had that same scar. But he was old, I told myself, He had no teeth. How could this possibly be Charlie? And then I knew, True Shot said. Fred had AIDS. You get old fast with AIDS. You lose your hair, your teeth. (Spanbauer, 2001:443)

Die litteken wat deur sy pa gelaat is, brandmerk Charlie as 'n sondebok vir patriargale skuld, maar is slegs betekenisvol vir sy onmiddellike geliefdes. Hierteenoor merk die tekens van vigs hom as non-heteronormatief binne die breër samelewing. Alhoewel die tekens van vigs aan sy liggaam dreig om hom onherkenbaar te maak, is die oorspronklike merk van patriargie steeds 'n aanduiding van wie hy was – en op 'n versoenende wyse is dit hierdie merk wat Will uiteindelik toelaat om met Charlie herenig te word wanneer True Shot Charlie se as aan Will oorhandig.

In *Huwelijk* toon die verhaal van hoe Gaëtan aan sy litteken gekom het sekere ooreenkomste met dié van Charlie in *Shy hunters*, siende dat die besering deur sy geliefde se pa toegedien is uit reaksie op Gaëtan se aandeel in sy kind se “verdorwenheid”, net soos Charlie aanvanklik oënskynlik gestraf is vir sy vermeende aandeel in Bobbie se swangerskap en dood. Op hierdie wyse word Gaëtan as’t ware die sondebok gemaak vir Maarten se non-heteronormatiewiteit.

Gaëtan het Maarten se pa besoek met die oog daarop om versoening tussen Maarten en sy pa te bewerkstellig en hereniging tussen vader en seun mee te bring. Gaëtan keer van dié ontmoeting terug met ’n bebloede neus. Dit is nie seker wat presies tydens die woordewisseling tussen Gaëtan en Maarten se pa gesê is nie, aangesien Maarten nie by was nie en Gaëtan se weergawe blykbaar nie betroubaar is nie (Lanoye, 2006:134). Slegs die woorde wat uiteindelik die vuishou teweeggebring het, is seker:

De aanloop wilde nog weleens verschillen, maar het laatste stukje dialoog voor de doodsklap kwam steeds op hetzelfde neer. Mijn verwekker staat voorhoofd aan voorhoofd met Gaëtan en hij tiert: “Een zoon van mij wordt niet gepijpt door mannen!”

Waarop Gaëtan: “Je hebt gelijk, meneer. Hij pijpt ze zelf.” (Lanoye, 2006:134)

Hieruit kan afgelei word dat Maarten se pa (of sy “verwekker”, soos hy self na hom verwys) Gaëtan te lyf gegaan het uit woede oor sy seun se homoseksualiteit.²⁸ Gaëtan het daar gestaan as “sigbare teken” van Maarten se homoseksualiteit, en dit is dan ook hy en nie Maarten nie wat gestraf word vir die “sonde teen die vader”. Gaëtan hou ’n litteken op die brug van sy neus oor van hierdie geveg, en Maarten heg besondere waarde aan hierdie letsel. Voordat Gaëtan veras word, doen Maarten twee dinge: hy raak aan Gaëtan se geslagsdele, en hy soen hom op die “bijna onzichtbare streepje” op die brug van sy neus: “De kou die lippen kunnen voelen veroorzaakt so veel meer pijn dan wat blote handen kunnen verdragen” (Lanoye, 2006:135). Ook as Maarten uiteindelik vir Tamara soen op aandrang van die pastoor wat hulle trou, verwys hy weer na hierdie litteken as hy sê dat hy haar soen met dieselfde mond waarmee hy Gaëtan die laaste keer gesoen het “op de ijskoude neusbrug, met het kleine dwarse litteken” (2006:190).

Die feit dat Maarten Gaëtan op hierdie wyse aanraak tydens sy laaste afskeid van hom, en dat hy weer hierna verwys voordat hy sy huwelik met Tamara “voltrek”, is ’n aanduiding van

²⁸ Spesifiek: woede oor die implikasie dat sy seun ’n passiewe, “vroulike” seksualiteit aanneem as die “gepenetreerde”, ’n rol wat tradisioneel deur die patriargie beskou word as minderwaardig. Vir ’n man om die “ontvanger” van homoseksuele seks te wees is in heteronormatiewe terme meer veragtelik as om die “gewer” te wees (vgl. Sinfield, 1997:204,207).

die betekenis wat hy aan hierdie letsel heg. Maarten raak aan Gaëtan se geslagsdele as simbolies van die intimiteit wat hulle gedeel het, en soen die litteken as 'n simbool van versoening: dis 'n teken van 'n besering wat Gaëtan om Maarten se ontwil opgedoen het. Behalwe vir die pyn van verlies en afskeid, is die fisiese pyn wat hierdie soen hom kos 'n suggestie dat Maarten in Gaëtan se verwonding gedeel het, en gevolglik is die soen met Tamara verraad van sy en Gaëtan se liefde – nie net verraad van hul verhouding nie, maar aangesien Maarten hom nou in die skyn van 'n heteroseksuele huwelik bevind, ook verraad van wat hy en Gaëtan gelyk het aan die hand van die patriargie.

Na aanleiding hiervan is dit duidelik dat die verwysings na littekens in die romans verskeie funksies het. Algemene verwysings na letsels plaas die belangrikheid van tekens op die voorgrond, veral die aanname dat elke teken verwys na 'n referent. In *Huweljk* word Maarten se fassinatie met Tamara se littekens gefrustreer deurdat hy telkens wonder wat dit beteken, maar sy hom nooit sê nie. Selfs as Philip aan hom verduidelik dat hy en Tamara die enigstes is wat hierdie spesifieke littekens het, word die betekenis daarvan uitgestel – “En de dag daarna pas dringt de betekenis van Philips woorden tot me door” (Lanoye, 2006:299) – en nooit eksplisiet gestel nie. So word betekenis uitgestel, en die verbintenis tussen teken en referent vervaag. In *Shy hunters* word die enkelduidige verbintenis tussen betekenaar en betekende ook ondermyn, aangesien die betekenis wat Fiona aan haar letsel koppel (“*Lletre ferit*”) ook oorgedra word op gay-wees en op vigs.

Verder skep die groter konteks van verwysings na letsels en die wyse waarop betekenis daaraan toegeken word, 'n raamwerk waarbinne die proses van homografiese aan die lig gebring kan word: deur uit te wys hoe betekenis aan letsels gekoppel word, word voorgestel dat sommige letsels aangebring word juis om betekenis oor te dra. Die proses van verwonding en letselvorming word letterlik uitgebeeld – die kokende skilpadjie waarmee Jude gegooi word, die sweeplag waarmee Charlie gewond word, die vuishou wat Gaëtan beseer – en skep die raamwerk waarbinne die simboliese werking van homografiese beskou kan word. Queer karakters word op 'n manier deur vaders, wat as simbole kan dien vir heteronormatiewe patriargie, gemerk as straf hulle “andersheid”. Die straf laat 'n sigbare merk agter: die versugting na 'n sigbare teken vir 'n onsigbare referent lei daartoe dat die oppervlak van die queer liggaam gemerk word as afwykend. Hierdie proses van homografiese word ook implisiet met vigs in verband gebring: in *Ek stamel* word die non-heteronormatiewe merk en vigs met mekaar in verband gebring, en in *Shy hunters* is die non-heteronormatiewe merk 'n aanduiding van 'n identiteit wat deur die tekens van vigs verbloem word.

4.4.4 Die gelykstelling van homoseksualiteit, vigs en dood

Uit bogenoemde besprekings kan daar reeds gesien word dat al drie die betrokke romans die heteronormatiewe gelykstelling “homoseksualiteit = siekte = vigs = dood” ontwig deur óf sommige van die terme te verswyg, óf die kousale verband tussen die terme te verbreek. In *Ek stamel* word die terme “siekte” en “dood” gegee, maar “vigs” word slegs geïmpliseer en “homoseksualiteit” word geheel en al verswyg. Hierteenoor verbreek *Shy hunters* die kousale verband tussen hierdie terme deur die wyse waarop sommige sentrale karakters aan hul einde kom: Ruby (wat ook ’n dwelmgebruiker is, en dus nie noodwendig die MI-virus deur homoseksuele gedrag opgedoen het nie) word vermoor, en Rose pleeg selfmoord as ’n aksie van “performance art.” In teenstelling hiermee gee *Huwelijk* duidelik die terme “homoseksualiteit”, “siekte” en “dood” as gegewens, maar maak dit onmoontlik om “vigs” onomwonde aan enige van hierdie te koppel. Bowendien pleeg Maarten ook selfmoord, oënskynlik as gevolg van die drama omtrent die ontdekking van Tamara en Philip se verhouding en die aanval op Vandessel, eerder as gevolg van sy verslegtende gesondheid.

Deur sommige van die terme van die gelykstelling “homoseksualiteit = siekte = vigs = dood” duidelik te maak en ander te verswyg of weg te laat, word die leser gekonfronteer met die gelykstelling as geheel. In ’n proses van gestalt voltooi die leser die gelykstelling na aanleiding van die terme wat gegee word, soos duidelik is in resensies van *Ek stamel* se behepthed met Konstant se seksualiteit (en Jude se biologiese geslag as verwant hieraan) en resensente se terloopse aanname dat Gaëtan in *Het derde huwelijk* aan vigsverwante oorsake gesterf het. By nadere betragting word hierdie gelykstelling egter opgeroep net sodat dit ondermyn kan word, en die proses van ondermyning beklemtoon die wyse waarop ’n heteronormatiewe vigsdiskoers betekenis genereer – homoseksuele gedrag word beskou as ’n betekenaar van ’n sekere identiteit, en hierdie identiteit word beskou as ’n betekenaar van siekte. In ’n wederkerende oordrag van betekenis word vigs gesien as ’n teken van ’n vaste non-heteronormatiewe identiteit wat noodwendig lei die dood. Die wyse waarop die gelykstelling “homoseksualiteit = siekte = vigs = dood” deur die romans opgerig en ondermyn word, bring die kunsmatigheid en onstabiliteit van heteronormatiewe signifikasie aan die lig.

4.5 Samevatting

Die drie gekose romans is voorbeelde van hoe literêre representasies van vigs, oftewel literêre werke wat gelees word as representasies van vigs, strategieë uit queer teorie kan gebruik om die voorveronderstellings van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers aan die lig te bring as onstabiel, onsamehangend en kunsmatig. Op hierdie wyses bied die romans weerstand teen 'n heteronormatiewe vigsdiskoers deur die voorveronderstellings daarvan te ontwig en te ondermyn.

Al drie romans lewer queer representasies van homoseksualiteit en vigs deur karakters voor te stel wat heteronormatiewe identiteitskategorieë in terme van geslag, gender en seksualiteit kompliseer. Die romans fokus ook op taal en die performatiewe funksie van taal ten einde 'n heteronormatiewe proses van betekenisvorming op die voorgrond te plaas en te ontwig.

Die romans bied verder ook 'n queer lesing van die heteronormatiewe vigsdiskoers deur sekere queer strategieë op die diskoers toe te pas. Hierdie strategieë is kreatiewe toeëiening en hersignifikasie; toeëiening en teatralisasie asook onthulling of demistifikasie. Die romans bring 'n raamwerk tot stand wat die gaping tussen teken en betekenaar beklemtoon, sowel as die oneindige uitstel van betekenis, en die onmoontlikheid om 'n vaste verband tussen betekende en betekenaar te bepaal. In die lig hiervan word heteronormatiewe raamwerke vir vigs geaktiveer en gedemistifiseer om die ongeldigheid daarvan uit te wys; of bestaande raamwerke word ondermyn deur hersignifikasie, deur die terme van die raamwerk te verander of om te keer (byvoorbeeld deur die narratief van gay mans as monsters om te keer sodat die onskuldige slagoffers van vigs as 'n monster voorgestel word). Hersignifikasie vind ook plaas deur nuwe raamwerke vir die verstaan van vigs te skep, waar die stigma wat daaraan gekoppel is, afgebreek word deur nuwe, meer positiewe metafore te skep.

Deur die klem te plaas op die simptome van vigsverwante infeksies – tekens wat volgens die heteronormatiewe vigsdiskoers dui op die betekenaar van vigs – word die heteronormatiewe aanname dat vigs 'n stabiele referent het uitgewys as fiksie. Die fokus op tekens en die erkenning dat die verband tussen betekende en betekenaar in hierdie geval onstabiel is, maak die simptome los uit die ketting van betekenaars “homoseksualiteit = vigs = dood” en maak hersignifikasie moontlik, byvoorbeeld dat die blou kolle van Karposi's sarcoma maar soos “bloutong” is, of dat dit “bessies” is, 'n positiewe metafoer. Die fokus op die tekens van simptome van vigsverwante infeksies plaas ook die proses van homografiese op die

voorggrond. Homografese word ook beklemtoon deur die tematiek van letsels wat non-heteronormatiewe karakters as sodanig “merk”.

Verder word ook die gelykstelling van gedrag en identiteit ondermyn deur bestaande identiteitskategorieë te weier, te kompliseer, of in die geval van *Huwelijk*, gedrag te beskryf wat nie pas by die toegeëinde identiteitskategorie nie. Uiteindelik werk dit alles mee om die homofobiese gelykstelling “homoseksualiteit = vigs = dood” te ontwig en as vals uit te wys.

HOOFSTUK 5

5.1 Samevatting

Die verband wat in die Westerse kultuur tussen homoseksualiteit en dood gesien word, is veral sigbaar in heteronormatiewe beskouings van vigs wat 'n sekere kousale verband tussen homoseksualiteit en siekte veronderstel. Die gevolglike heteronormatiewe vigsdiskoers is sowel 'n instrument van instandhouding as 'n resultaat van kulturele aannames omtrent homoseksualiteit en vigs. Hierdie aannames word weerspieël in kulturele representasies van homoseksualiteit en vigs, soos byvoorbeeld in literêre werke.

As kulturele produkte tree literêre werke noodwendig op een of ander wyse in gesprek met sekere diskoerse, hetsy deur die wyse waarop dit ontvang word of deur doelbewuste pogings om diskoerse te bevestig of weerstand daarteen te bied. Sodoende kan sommige literêre werke beskou word as vergestaltungen van 'n queer lesing van 'n heteronormatiewe diskoers wat die terme van die diskoers ondersoek, denaturaliseer en destabiliseer. Deur die kunsmatigheid en onderliggende teenstrydighede daarvan aan die lig te bring, verset hierdie literêre tekste hul teen die aannames van 'n heteronormatiewe diskoers, en word die diskoers ondermyn.

In hierdie verhandeling is drie romans bespreek wat temas van non-heteronormatiewe seksualiteit en vigs aanraak en wat terselfdertyd queer lesings van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers bied. Ten einde hierdie bespreking te doen, is queer teorie as terrein ondersoek om dit tot so 'n mate te begrens dat dit as effektiewe teoretiese instrument kon dien om die ondermynende werking van literêre werke te beskou. Na aanleiding van die bespreking van queer teorie is 'n heteronormatiewe vigsdiskoers ondersoek, met die fokus op voorveronderstellings omtrent homoseksualiteit, vigs en dood. Uiteindelik is die romans bespreek ter illustrasie van hoe strategieë uit queer teorie op 'n heteronormatiewe vigsdiskoers toegepas kan word, soos die romans dit uitbeeld.

5.2 Gevolgtrekkings

5.2.1 Queer teorie en 'n heteronormatiewe vigsdiskoers

Alhoewel daar meer aspekte aan seksualiteit is as die diskursiewe, het ek in hierdie verhandeling spesifiek die aannames omtrent vigs en homoseksualiteit ondersoek wat in 'n heteronormatiewe diskoers voorkom. Met die oog hierop het ek die terrein van queer teorie begrens deur spesifiek te fokus op 'n queer benadering tot diskoerse en tekenstelsels, alhoewel queer teorie as terrein meer omvattend is en heelwat ander benaderings en beskouings ook insluit. Verder is die romans wat ek vir hierdie studie gekies het geensins beperkbaar tot instrumente van queer lesings nie, en kan hul representasies van karakters en gebeure nie geïnterpreteer word as slegs van toepassing op homoseksualiteit, of vigs, of dood nie.

Queer teorie gaan van die standpunt uit dat seksualiteit nie bloot 'n vasgestelde, essensialistiese gegewe is nie, maar 'n sosiale konstruk. Soos alle menslike aktiwiteite kan dit dus as 'n produk van 'n tekenstelsel beskou word, dit wil sê as 'n sosiale teks of diskoers. Alhoewel queer teorie nie sonder meer die biologiese aspekte van seksualiteit ontken nie, fokus dit eerder op die wyse waarop die uitdrukking van seksualiteit sosiaal gekonstrueer is, sowel as op die sosiale en kulturele betekenis wat aan sekere uitdrukkings van seksualiteit gekoppel word (sien 2.3.1). Queer teorie wys immers dikwels die gaping tussen diskursiewe konstruksies en deurleefde ervarings van seksualiteit uit, en is juis daarop gerig om diskursiewe aansprake op kennis te beveg. Volgens hierdie beskouing is die heteronormatiewe identiteitskategorieë van geslag, gender en seksualiteit wat 'n normatiewe verhouding tussen hierdie kategorieë veronderstel, produkte van 'n diskoers wat deur magsverhoudinge geproduseer en in stand gehou word. In hierdie konteks is heteronormatieweiteit nie losmaakbaar van diskursiwiteit nie: dit manifesteer as produk en instrument van instandhouding van diskoerse (sien 2.3.2.1).

Queer teorie fokus dus op die inherente onstabiliteit van heteronormatieweiteit as diskursiewe verskynsel. Eerder as om die sosiale uitdrukking van seksualiteit te beveg of 'n ontologiese non-heteronormatiewe seksualiteit te bepleit (dit wil sê enige vorm van seksualiteit wat tradisioneel as nie-normatief beskou is, op grond van aspekte rakende geslag, ouderdom, ras, seksuele praktyke ens.), is queer teorie gerig op die diskoerse wat betrekking het op

seksualiteit,¹ dit wil sê die wyse waarop seksuele kwessies neerslag vind in 'n verskeidenheid van diskoerse, byvoorbeeld in die diskoerse rondom vigs. Soos aangetoon, is queer teorie se doel om diskoerse te analiseer in terme van hul struktuur en werking, eerder as om die sosiale instellings waardeur diskoerse gebruik word of waaruit hulle voorkom te beveg.

'n Queer bestudering en ontleding van 'n gegewe diskoers fokus op die positiewe of negatiewe waardes wat aan terme toegeken word, die wyse waarop 'n hiërargie tussen kategorieë tot stand gebring word en die betekenisraamwerke wat gebruik word om hierdie waarde-besluite te ondersteun. Eerder as om bloot 'n alternatiewe standpunt in teenstelling met die diskoers se aannames op te rig, poog queer teorie om 'n strukturele posisie van weerstand in te neem teen heteronormatiewe voorskrifte en hiërargieë. As deel van hierdie weerstand, poog queer teorie deurgaans om self-refleksief bewus te bly dat dit self steeds deel van 'n diskoers vorm (sien 2.3.1) en gevolglik sigself te weerhou daarvan om alternatiewe te bepleit, aangesien dit self-ondermynend sal wees (sien 2.4.1 en 2.4.2). Die klem is op ontwrigting, ondermyning en destabilisering, eerder as op teenstelling. Die problematiek van so 'n benadering, sowel as die sukses en effektiwiteit daarvan, is al ondersoek, en verdere studie daarin is moontlik.

In terme van seksualiteit, is queer teorie se poging tot ontwrigting en destabilisering veral gemik op die dekonstruksie van heteronormatiewe aannames omtrent identiteit en seksualiteit. Queer teorie beweer dat sosiale kategorieë gegrond is op signifikasie, maar dat die onmoontlikheid van 'n eenduidige verhouding tussen betekenaar en betekende, sowel as die oneindige spel van betekenaars en uitstel van betekenis wat die gevolg is hiervan, meebring dat signifikasie uiteindelik onstabiel is. Die onstabieliteit van signifikasie maak dit moontlik om heteronormatiewe kategorieë en aannames te destabiliseer en te ondermyn. Eerder as natuurlike, bestendige, onbetwisbare gegewens, berus hierdie identiteitskategorieë, en die gevolglike aansprake op kennis, op die performatiewe herhaling van tekens.

Na aanleiding hiervan kan sekere queer strategieë geïdentifiseer word wat almal in die eerste plek gerig is op betekenisstelsels: kreatiewe toeëiening en hersignifikasie; toeëiening en teatralisasie; en onthulling en demistifikasie. Hierdie strategieë is afhanklik van die erkenning van die arbitrêre aard van die verband tussen betekende en betekenaar; die

¹ Queer teorie het aanvanklik ontwikkel uit besprekings omtrent seksualiteit, en die oorgrote meerderheid van queer teorieë het betrekking op aspekte van seksualiteit, maar dit is nie uitsluitlik die geval nie, veral nie in onlangse ontwikkelinge in queer teorie nie (vgl. bv. Ahmed, 2006).

gebrek aan 'n stabiele referent; die siening dat betekenis onderworpe is aan *différance*, oneindig uitgestel en uiteindelik bloot 'n spel van betekenaars is.

Die belang van queer teorie soos dit hier omskryf is, is eerstens dat dit die moontlikheid skep om die vigs-epidemie, sowel as kulturele en sosiale reaksie daarop, as diskoers te lees. Die kulturele verskynsel van vigs kan dus beskou word as 'n sosiale en talige konstruksie wat sy eie subjekte genereer en kennis produseer. Tweedens bied hierdie omskrywing van queer teorie 'n raamwerk waarin die romans se uitbeelding van homoseksualiteit en vigs as queer lesings van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers beskou kan word.

'n Ondersoek van die kennis wat deur 'n heteronormatiewe vigsdiskoers geproduseer word en wat die diskoers in stand hou, maak dit moontlik om raamwerke te identifiseer wat afkomstig is uit ander diskoerse – soos 'n godsdienstige of kriminele diskoers – wat betekenis oordra op vigs en homoseksualiteit. Hierdie raamwerke sluit aan by en is gebaseer op gelykstellings soos “gedrag = identiteit”, “homoseksualiteit = siekte”, “homoseksualiteit = vigs”, asook “homoseksualiteit = dood”. By hierdie gelykstellings vind daar wederkerende oordrag van betekenis plaas: die betekenis wat aan homoseksualiteit gekoppel word, word oorgedra op siekte, dood en vigs, en omgekeerd word die betekenis wat met siekte, dood en vigs geassosieer word, op homoseksualiteit oorgedra. Aangesien heteronormatiewiteit berus op die aanname dat daar 'n enkelduidige verband tussen betekenaar en betekende is, dit wil sê dat elke teken noodwendig 'n referent het, en omgekeerd, is die resultaat hiervan dat 'n heteronormatiewe vigsdiskoers aanvaar dat homoseksualiteit as teken dien van siekte, vigs en dood as referent, en dat siekte, vigs en dood as tekens dien van homoseksualiteit.

5.2.2 Die romans as queer representasies van homoseksualiteit en vigs

In hierdie verhandeling is daar van die standpunt uitgegaan dat sommige literêre werke as kulturele representasies van homoseksualiteit en vigs heteronormatiewiteit konfronteer en uiteindelik destabiliseer. Drie romans is gekies ter illustrasie van hoe literêre werke queer lesings van 'n heteronormatiewe diskoers lewer: *Ek stamel ek sterwe* (1996) van Eben Venter, *In the city of shy hunters* (2001) van Tom Spanbauer en *Het derde huwelik* (2006) van Tom Lanoye.

As queer representasies van vigs, beeld die romans vigs en vigslyers uit op 'n wyse wat onversoenbaar is met dit wat as normatief beskou word. Karakters soos Jude en Konstant in *Ek stamel*, Will, Fiona en Rose in *Shy hunters* en Maarten en Gaëtan in *Huweljk* kompliseer

heteronormatiewe identiteitskategorieë deur identiteit as sosiale konstruksie en performatiewe uiting te beklemtoon. Jude kompliseer 'n samesmelting van geslag en gender, Konstant ontwig 'n samesmelting van seksualiteit en gender, en beide ondermyn 'n gelykstelling van gedrag en identiteit. Will se siening van homself ondermyn identiteitskategorieë ten opsigte van gender en seksualiteit, Fiona beklemtoon dat identiteit performatief is en geen stabiele referent het nie, en Rose se performatiewe identiteitsuitinge kompliseer gelykstellings van geslag met gender, en gender met seksualiteit. Alhoewel Maarten en Gaëtan skynbaar stabiele gay identiteite het, ontwig veral Maarten aannames rakende identiteit met sy gedrag.

Hierdie karakters se optrede, voorkoms en hul eie definisies van hul identiteit bied dus weerstand teen gemaklike kategorisering, en wys die onmoontlikheid van 'n stabiele identiteitskategorie en normatiewe samesmelting van geslag, gender en seksualiteit uit. Die queerheid van hierdie karakters maak identiteit betwisbaar, ontwig heteronormatiewe aannames omtrent identiteit en bevraagteken die heteronormatiewe proses van betekenisvorming, wat implikasies het vir die terme van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers, veral die aannames omtrent identiteit en gedrag waarop die gelykstelling "homoseksualiteit = vigs" gebaseer is.

Die romans demonstreer ook die spanning tussen betekenaar en betekende, en die onmoontlikheid om 'n eenduidige verband tussen die twee terme vas te stel. Gapings tussen teken en referent word beklemtoon wat die arbitêre verband tussen betekenaar en betekende bevestig. Sodoende word 'n heteronormatiewe aandrang op en afhanklikheid van veronderstelde stabiele signifikasie ondermyn. Die romans se beklemtoning van die werking van taal en die performatiewe funksie daarvan bevestig dat betekenis onderworpe is aan *différance* en oneindig uitgestel is: vaste, stabiele, essensiële betekenis is dus onmoontlik. Hierdie destabilisering van betekenisvorming dra by tot die ontwigting van heteronormatiewe identiteitskategorieë en aannames wat daarop gebaseer is, wat weereens ondermynend inwerk op gelykstellings soos "homoseksualiteit = vigs" deur die proses waarmee soortgelyke gelykstellings opgerig word, as onsamehangend en ongeldig uit te wys.

Verder ondermyn, destabiliseer en transformeer die romans die terme van 'n heteronormatiewe vigsdiskoers deur die kunsmatigheid en inherente onsamehangendheid van die terme aan die lig te bring, en ook deur strategieë wat deur queer teorie geïdentifiseer word, toe te pas op die diskoers: kreatiewe toeëiening en hersignifikasie, toeëiening en teatralisasie, en onthulling en demistifikasie. Heteronormatiewe raamwerke vir vigs word

geaktiveer, en in die lig van 'n beklemtoning van die gaping tussen betekenaar en betekende, sowel as die oneindige uitstel van betekenis en die gebrek aan 'n stabiele referent, word hierdie raamwerke op die voorgrond geplaas. Sodoende word die raamwerke se werking onthul en gedemistifiseer en uitgewys as gebaseer op ongeldige aannames, en word dit uiteindelik ontmagtig. Die destabilisering van heteronormatiewe raamwerke maak ook hersignifikasie moontlik, waar vigs en verwante aspekte daarvan gehersignifieer word: te danke aan die arbitrêre verband tussen betekende en betekenaar, kan tekens wat met vigs geassosieer word aan nuwe, positiewe referente toegeken word; en ander betekenaars kan gekoppel word aan betekendes wat veronderstel word vir sekere tekens wat met vigs geassosieer word, ten einde dit in 'n meer positiewe verband te sien.

Die romans verset hul ook teen 'n heteronormatiewe aanname dat vigs 'n stabiele referent het. Deur weerstand teen hierdie aanname te bied, word die heteronormatiewe behoefte aan iets waarneembaars met waarneembare grense afgewys, en die implisiete versugting na 'n beperkbare, vaste, eenduidige identiteit word ook gefrustreer. 'n Queer fokus op tekens as los van betekendes en 'n weiering om 'n stabiele referent te aanvaar, ontwig verder ook heteronormatiewe gelykstellings soos "homoseksualiteit = vigs = dood". Die verswyging van die betekende "vigs" sluit hierby aan, deur aan die een kant die leser te konfronteer met die heteronormatiewe signifikasie-proses waardeur aanvaar word dat "vigs" die verswygde betekende is, en aan die ander kant deur die fokus weg van vigs en die gepaardgaande sosiale vooroordeel te rig, en eerder op die menslike lydingsaspekte daarvan te konsentreer.

Uiteindelik dra al die bogenoemde strategieë by tot 'n algehele verset teen 'n heteronormatiewe gelykstelling van homoseksualiteit, vigs en dood. Hierdie gelykstelling word eksplisiet afgewys deur sommige terme daarvan te beklemtoon en ander weg te laat, waardeur die leser gekonfronteer word met die wyse waarop die gelykstelling as geheel opgerig is. Implisiet word die basis van die gelykstelling, die proses waardeur dit gevorm is, ondermyn.

Op 'n basiese vlak word 'n heteronormatiewe gelykstelling van homoseksualiteit en dood op die voorgrond geplaas en gedestabiliseer deur die wyse waarop die karakters wat sterf en die omstandighede omtrent hul dood uitgebeeld word. Soos reeds aangetoon, kan Konstant nie gemaklik as homoseksueel gekategoriseer word nie. In *Shy hunters* is vigs nie die direkte oorsaak van die dood van twee vername queer karakters nie: Ruby word vermoor, en Rose pleeg selfmoord. Omgekeerd, in *Huweljk*, is Gaëtan en Maarten albei gay, maar vigs word nie onomwonde aangedui as die oorsaak van hul dood nie.

Op 'n meer subtiële vlak ontwig die romans die interpretasie-raamwerk waarvan die gelykstelling “homoseksualiteit = dood” ’n gevolg sowel as bevestiging is. Die queer karakters sterf wel, maar die wyse waarop hul dood en sterwensproses uitgebeeld word, en die betekenis wat daaraan geheg word in die groter geheel van die teks, wys heteronormatiewe betekenisraamwerke waarin dood die noodwendige gevolg van homoseksualiteit, of selfs die straf op homoseksualiteit is, af. Die romans stel sigself oop vir meerdere interpretasies, en bied self weerstand teen ’n enkelduidige, vasgestelde interpretasie. Ek gee dus nie voor om uitsluitel te hê oor die betekenis van die wyses waarop die dood in hierdie romans benader word nie.

In *Ek stamel* word ’n intieme, intens-individuele blik op Konstant se aanvaarding van sy siekte en dood gebied. Vir hom is ’n ondersoek na sy lewe en verhouding met geliefdes deel van ’n proses van voorbereiding op sy dood. In die lig hiervan is sy seksualiteit onbelangrik, behalwe dat dit moontlik bydra tot sy innerlike en interpersoonlike konflik. Die onderbeklemtoning van sy seksualiteit sluit aan by die wyse waarop die roman die fokus rig op menslike wroeging en lyding ten opsigte van die dood, ongeag en losstaande van opvattings omtrent seksualiteit. Die beskrywing van Konstant se sterwe bevat ook iets van taal en subjektiwiteit: hoe die subjek tot stand kom in taal, en hoe die sterwensproses ’n ontrafeling van subjektiwiteit is, soos Venter dit mimeties voorstel deur middel van sinskonstruksie wat al hoe gebrekkiger word totdat die bewussynstroom se inhoud feitlik niksseggend word. Deur Konstant op hierdie wyse op te rig as subjek eerder as objek van beskrywing, verkry die dood en die voorbereiding op die dood ’n universele intimiteit wat in kontras staan met die veronderstellings onderliggend aan die gelykstelling “homoseksualiteit = dood”.

In teenstelling met die eng fokus op ’n enkele individu se sterwe, bied *Shy hunters* ’n wyer blik, waar die dood se impak op ’n hele samelewingsgroep beskryf word. Homoseksualiteit as identiteitskategorie figureer dan ook veel sterker as in *Ek stamel*, aangesien ’n betoog gelewer word vir die wyse waarop sosiale stigmatisering en vervolging van non-heteronormatiewe persone vigsverwante sterftes weerspieël: die verband tussen sosiale onderdrukking en die kulturele reaksies op die vigspepidemie word uitgewys. In die geval van Ruby se dood word die verband tussen Sergeant White en sy kollegas se optrede, die botsing met die gereg in die sogenaamde Dog Shit Park War, en algehele vervolging duidelik gemaak in die bewering dat Sergeant White Ruby vermoor het. Afgesien hiervan word die dood in *Shy hunters* geritualiseer, selfs gemistifiseer. Will en True Shot daal letterlik af na die benederyk om Ruby se liggaam te gaan haal, en sy begrafnisritueel in die park verkry mistiese proporsies. Hierdie ritualisering is ook te sien in Rose se “performance art”

selfmoord wat hy self as sakrament beskryf. Die dood word in sprokiesagtige of mistiese terme beskryf en sodoende in 'n singewende betekenisraamwerk geplaas. Dit kan enersyds gelees word as 'n ontwykingstegniek, 'n desperate poging om sin te maak uit sinnelose dood, en andersyds as 'n transendensie of diep geestelike praktyk van versoening en aanvaarding.

Maarten se benadering tot die dood in *Huwelijk* is tweeledig: hy moes Gaëtan se siekte en sterfte sowel as sy eie hanteer. Gaëtan het homself verset teen sy siekte en dood, en na aanleiding van Maarten se beskrywing, kom dit voor asof Gaëtan nooit werklik vrede met sy siekte en naderende sterfte gemaak het nie. Maarten se siening van Gaëtan se dood is deel van sy persepsie van Gaëtan se invloed op sy lewe as geheel en die feit dat daardie invloed nooit werklik verminder het ná Gaëtan se dood nie, soos blyk uit Maarten se wrewelige siening van die huis wat hy steeds met Gaëtan assosieer. In teenstelling hiermee is Maarten gelate oor sy eie dood. Hy is deurentyd bewus van sy naderende dood, en beskou dit selfs as onvermydelik, maar voorbereiding op of aanvaarding van sy dood word nie beskryf nie. Tog is daar die gevoel dat Maarten sy dood deur selfmoord beskou as 'n kroonmoment van sy lewe: hy verwys deurentyd na die "kortfilm" van sy lewe wat óf deur iemand gemaak sou word, óf wat hy sou sien afspeel teen die tyd van sy dood. Hy beskryf dan ook die proses waar hy die see instap in kinematografiese terme, asof dit werklik 'n kortfilm is. Alhoewel hy opmerk dat die regisseur en die beligting beter kon gewees het, kom dit voor asof hy hierdie filmiese weergawe van sy dood tog as 'n genoegsame afsluiting van sy lewe beskou. Sy laaste gedagtes is aan Tamara se kind wat binnekort gebore sou word, en die indruk word gelaat dat dit vir hom gerusstellend is dat die lewe sonder hom sal voortgaan. Maarten se gelatenheid oor sy dood kan gelees word as 'n vorm van ontkenning, maar dui myns insiens eerder op 'n aanvaarding van die proses van afsterwe wat nodig is in enige lewensiklus.

Die romans se uitbeelding van die dood wys dus op verskillende wyses die interpretasie-raamwerk waarbinne 'n gelykstelling van "homoseksualiteit = vigs = dood" gesetel is, af. Hierdie gelykstelling is die resultaat van 'n magdom aannames omtrent identiteit as vasstelbaar en essensialisties; stigma as gevolg van sosiaal-onaanvaarbare gedrag of die afwyking van heteronormatiewe en patriargale norme; die medikalisering en patologisering van homoseksualiteit op grond van aannames omtrent identiteit en gedrag en die wyse waarop narratiewe uit godsdienstige en wetlike diskoerse geappropriëer is om vigs binne 'n verklarende betekenisraamwerk te plaas. Onderliggend aan hierdie aannames is die basisbeginsel van 'n proses van heteronormatiewe betekenisvorming, naamlik die versugting na 'n stabiele referent, die aanvaarding van 'n enkelvoudige, stabiele verband tussen betekende en betekenaar, die aanname dat elke teken na 'n referent verwys, en dat elke referent 'n ooreenstemmende teken het. Hierdie kluster van aannames maak ongeldige

samesmeltings en kettings van betekenaars moontlik as gevolg van die aanvaarding dat een term binne 'n gelykstelling noodwendig as 'n teken kan dien vir die ander term as referent, en deur 'n proses van wederkerende oordrag van betekenis word aanvaar dat die "referent" terselfdertyd ook as teken kan dien vir die ander term.

In die lig hiervan is dit duidelik dat die drie romans se verset teen 'n heteronormatiewe vigsdiskoers verder strek as bloot 'n vervanging van negatiewe terme met positiewe terme. Die weerstand wat hierdie romans bied teen heteronormatiewe veronderstellings omtrent vigs is nie bloot geleë in die feit dat hulle die menslike lyding van vigs uitbeeld, of aantoon dat nie net gay mans vatbaar is vir 'n siekte wat tradisioneel met homoseksualiteit geassosieer word, of selfs dat alle gay mans nie noodwendig met MIV geïnfekteer sal word nie. In stede van so 'n prysenswaardige maar uiteindelik oppervlakkige konfrontasie van heteronormatiewe vooroordeel, lewer hierdie romans deurdringende kritiek op 'n heteronormatiewe tekenstelsel en betekenisraamwerk as geheel. Nie net heteronormatiewe signifikasie word verwerp nie, maar die proses van betekenisvorming, die wyse waarop 'n heteronormatiewe diskoers betekenis toeken en tot stand bring, word uitgewys as inherent onstabiel, onsamehangend en kunsmatig, en sodoende gedestabiliseer, ontwig, gedenaturaliseer en ondermyn.

5.3 Slot

In hierdie verhandeling is aangetoon hoe die omvattende veld van queer teorie begrens kan word om as 'n effektiewe instrument te dien waarmee die ondermynende werking van literêre werke beskou kan word. Terwyl queer teorie oor die algemeen aangewend word om kulturele tekste soos literêre werke ondermynend te lees, het ek die dekonstruktiewe basis van queer teorie uitgelig ten einde 'n teoretiese beskouing te omskryf wat die integriteit van literêre werke se ondermynende pogings behou. Met queer teorie as uitgangspunt is 'n heteronormatiewe vigsdiskoers ontleed en voorveronderstellings omtrent homoseksualiteit, vigs en dood is geïdentifiseer.

Die gekose romans se representasies van homoseksualiteit en vigs is ondersoek aan die hand van queer teoretiese beginsels, en daar is aangetoon hoe die romans queer representasies van vigs en homoseksualiteit bied. Daar is ondersoek ingestel na die wyse waarop die romans in gesprek tree met 'n heteronormatiewe vigsdiskoers, en dit is ontleed in terme van queer strategieë wat geïdentifiseer is.

Die doel van hierdie studie was primêr om aan te toon dat literêre werke met homoseksualiteit en vigs as temas 'n homofobiese, heteronormatiewe diskoers kan ondermyn. In aansluiting hierby was die sekondêre doel om queer teorie te begrens en te omskryf sodat dit kan dien nie as 'n ondermynende instrument nie, maar 'n instrument wat kan aantoon hoe 'n teks ondermynend te werk gaan. Dit was nie die doel om 'n omvattende studie van queer teorie, 'n heteronormatiewe vigsdiskoers, of die temas van vigs en homoseksualiteit in literêre werke te wees nie, maar eerder om aan te dui hoe hierdie aspekte by mekaar kan aansluit.

In verdere studie is dit dus moontlik om enige van hierdie onderwerpe in meer diepte en omvangrykheid te ondersoek. Soos reeds aangetoon, kan vergelykende studies van die verskillende literêre tradisies of tydvakke waarin hierdie romans verskyn het, interessant wees. 'n Suiwer teoretiese studie oor die waarde van queer teorie vir die letterkunde kan ook in aansluiting by hierdie verhandeling gedoen word, asook 'n studie van die wisselwerking tussen kulturele produkte soos literêre werke en dominante diskoerse.

Bronnelys

Aaron, M. 1999. 'Til death us do part: cinema's queer couples who kill. (*In* Aaron, M. *ed.* The body's perilous desires: dangerous desires and contemporary culture. Edinburgh: Edinburgh University Press. p.67-84.)

Adam, B.D. 2009. Emergence of a poz culture: accounting for "barebacking" among gay men. (*In* Hammack, P.L. & Cohler, B.J. *eds.* The story of sexual identity: narrative perspectives on the gay and lesbian life course. Oxford: Oxford University Press. p.207-222.)

Ahmed, S. 2006. Queer phenomenology: orientations, objects, others. London: Duke University Press.

Aldrich, R. 2006. Gay and lesbian history. (*In* Aldrich, R. *ed.* Gay life and culture: a world history. London: Thames & Hudson. p.7-27.)

Altman, D. 1986. AIDS and the New Puritanism. London: Pluto Press.

Aucamp, H. 1990. Wisselstroom: homoërotiek in die Afrikaanse verhaalkuns. Kaapstad: Human & Rousseau.

Baldick, C. 2008. The Oxford dictionary of literary terms. (Oxford reference online). <http://www.oxfordreference.com/views/ENTRY.html?subview=Main&entry=t56.e948> Date of access: 18 April 2012.

Benshoff, H.M. & Griffin, S. 2006. Queer images: a history of gay and lesbian film in America. Lanham, Md.: Rowman & Littlefield Publishers.

Bergman, D. 2001. In the city of shy hunters (book review). *Review of contemporary fiction*, 21(3):210-211. Fall.

Bertens, H. 2001. Literary theory: the basics. London: Routledge.

Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. & Hiemstra, L.W. 1998. Tweektalige woodeboek/ Bilingual dictionary. Kaapstad: Pharos.

Buchanan, I. 2010. A dictionary of critical theory. (Oxford reference online).
<http://www.oxfordreference.com/views/ENTRY.html?subview=Main&entry=t306.e15> Date of access: 9 April 2012.

Burger, K. 1996. Skryf van doodsroman was terapeuties. *Beeld*: 10, 13 Des.

Burston, P. & Richardson, C. 1995. A queer romance: lesbians, gay men, and popular culture. London: Routledge.

Butler, J. 2006[1990]. Gender trouble: feminism and the subversion of identity. New York: Routledge.

Butler, J. 2011[1993]. Bodies that matter: on the discursive limits of "sex". New York: Routledge.

Burger, W. 1997. "Ek stamel ek sterwe": roman se sterkste eienskap die taalgebruik. *Beeld*: 2, 17 Feb.

Clum, J.M. 1993. "And once I had it all": AIDS narratives and memories of an American dream. (In Murphy, T. F. & Poirier, S. eds. Writing AIDS: gay literature, language, and analysis. New York: Columbia University Press. p.200-224.)

Cole, C.L. 2003[1996]. Containing AIDS: Magic Johnson and Post(Reagan) America. (In Seidman, S. ed. Queer theory/Sociology. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. p.280-310.)

Cooper, J.C. 2009. An illustrated encyclopaedia of traditional symbols. London: Thames & Hudson.

Cornwell, J. 2005. A very British rebel. *The Australian*, 8: May, 14.

Cossman, B. 2012. Identity. (In Cane, P. & Conaghan, J. eds. The new Oxford companion to law. (Oxford reference online). <http://www.oxfordreference.com/views/ENTRY.html?subview=Main&entry=t287.e1082> Date of access: 3 Januarie 2012.

Crimp, D. 1989. AIDS: Cultural analysis/cultural activism. (In Crimp, D. ed. AIDS: cultural analysis, cultural activism. Cambridge, Mass.: MIT Press. p. 31-70.)

- Culler, J. 2007. *The literary in theory*. Stanford, Calif.: Stanford University Press.
- Cunningham, M. 2010. *By nightfall*. New York: Farrar, Straus and Giroux.
- Dean, T. 2009. *Unlimited intimacy: reflections on the subculture of barebacking*. Chicago: University of Chicago Press.
- Dollimore, J. 2001. *Death, desire and loss in Western culture*. New York: Routledge.
- Eagan, T. 2001. "In the city of shy hunters" by Tom Spanbauer. <http://www.ink19.com/issues/july2001/streaks/inCityOfShyHunters.html> Date of access: 14 Augustus 2011.
- Eagleton, T. 2003. *After Theory*. London: Penguin books.
- Eco, U. 2007. *On ugliness*. London: Harvill Secker.
- Edelman, L. 1993. The mirror and the tank: "AIDS" subjectivity, and the rhetoric of activism. (*In* Murphy, T. F. & Poirier, S. eds. *Writing AIDS: gay literature, language, and analysis*. New York: Columbia University Press. p. 9-38.)
- Edelman, L. 2004. *No future: queer theory and the death drive*. Durham: Duke University Press.
- Engel, S. 2002. Making a minority: understanding the formation of the gay and lesbian movement in the United States. (*In* Richardson, D. & Seidman, S. eds. *Handbook of lesbian and gay studies*. London: Sage Publications. p.377-402.)
- Epprecht, M. 2008. *Heterosexual Africa?: the history of an idea from the age of exploration to the age of AIDS*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Epstein, S. 1996. *Impure science: Aids, activism, and the politics of knowledge*. Berkeley: University of California Press.
- Epstein, S. 2003[1996]. A queer encounter: sociology and the study of sexuality. (*In* Seidman, S. ed. *Queer theory/Sociology*. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. p.145-167.)
- Etty, E. 2006. *Het leven is belabberd*. <http://vorige.nrc.nl/kunst/article1721309.ece> Datum van gebruik: 23 Augustus 2011.

- Foucault, M. 1972. The archaeology of knowledge. London: Tavistock Publications
- Foucault, M. 1998[1978]. The will to knowledge: the history of sexuality volume 1. London: Penguin Books.
- Furtado, K. 2001. Shit happens. *Lambda book report*. 9(11):28-29.
- Gamson, J. 2003[1996]. Must identity movements self-destruct?: a queer dilemma. (In Seidman, S. ed. Queer theory/Sociology. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. p.395-420.)
- Giffney, N. 2009. Introduction: the 'q' word. (In Giffney, N. & O'Rourke, M. eds. The Ashgate research companion of queer theory. Surrey: Ashgate Publishing. p.1-13.)
- Giffney, N. & O'Rourke, M. eds. The Ashgate research companion of queer theory. Surrey: Ashgate Publishing.
- Greeff, R., Malan, L. & De Lange, J. 1996. Venter se sterwensroman gunsteling. *Rapport*: 16, 29 Des.
- Hall, D.E. 2009. Reading sexualities: hermeneutic theory and the future of queer studies. New York: Routledge.
- Halperin, D. 1995. Saint Foucault: towards a gay hagiography. New York: Oxford University Press.
- Halperin, D.M. 2007. What do gay men want?: an essay on sex, risk, and subjectivity. Michigan: University of Michigan Press.
- Hambidge, J. 1996. Die 'naderende dood' leef op papier. *Beeld*: 2, 10 Des.
- Hanson, E. 1999. Introduction: out takes. (In Hanson, E. ed. Out takes: essays on queer theory and film. London: Duke University Press. p.1-19.)
- Hart, K.T. 2006. Twee zachte knoopjes. <http://www.groene.nl/2006/42/twee-zachte-knoopjes> Datum van gebruik: 21 Oktober 2011.
- HAT: handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. 5e uitg. Kaapstad: Pearson Education.

- Hekma, G. 2006. The gay world: 1980 to the present. (*In* Aldrich, R. ed. *Gay life and culture: a world history*. London: Thames & Hudson. p.232-363.)
- Hennessey, R. 1995. Queer visibility in commodity culture. (*In* Nicholson, L. & Seidman, S. eds. *Social postmodernism: beyond identity politics*. Cambridge: Cambridge University Press. p.142-183.)
- Herman, D. 1997. Scripts, sequences, and stories: elements of a postclassical narratology. *PMLA*, 122(5):1046-1052, Oct.
- Herek, G.M., Widaman, K.F. & Capitanio, J.P. 2005. When sex equals AIDS: symbolic stigma and heterosexual adults' inaccurate beliefs about sexual transmission of AIDS. *Social Problems*, 52(1):15-37, Feb.
- Heyns, M. 2006. Deeply moving novel successfully translated. *Sunday Independent*: 18, 31 Des.
- Hollinghurst, A. 2004. *The line of beauty*. London: Picador.
- Jagose, A. 2005. Queer theory. (*In* Horowitz, M.C. ed. *New dictionary of the history of ideas*. Vol. 5. Detroit: Thomson Gale. p.1980-1985.)
- Jonas, M. 2002. *In the city of shy hunters*: review. <http://gaybookreviews.info/review/2879/803> Date of access: 14 Augustus 2011.
- Jones, J.W. 1993. Refusing the name: the absence of AIDS in recent American gay male fiction. (*In* Murphy, T. F. & Poirier, S. eds. *Writing AIDS: gay literature, language, and analysis*. New York: Columbia University Press. p.225-243.)
- Kurth, P. 2001. *In the city of shy hunters* by Tom Spanbauer. http://www.powells.com/review/2001_08_17 Date of access: 14 Augustus 2011.
- Lanoye, T. 2006. *Het derde huwelijk*. Amsterdam: Prometheus.
- Loughery, J. 1998. *The other side of silence: men's lives and gay identities – a twentieth-century history*. New York: Henry Holt and Company.

- McCarl Nielson, J., Walden, G. & Kunkel, C.A. 2000. Gendered Heteronormativity: Empirical Illustrations in Everyday Life. *The Sociological Quarterly*, 41(2):283-296, Spring.
- Murphy, T.F. 1993. Testimony. (In Murphy, T. F. & Poirier, S. eds. Writing AIDS: gay literature, language, and analysis. New York: Columbia University Press. p.306-320.)
- Namaste, K. 2003[1996]. The politics of inside/out: queer theory, poststructuralism, and a sociological approach to sexuality. (In Seidman, S. ed. Queer theory/Sociology. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. p.194-212.)
- O'Rourke, M. 2005. Queer Theory's Loss and the Work of Mourning Jacques Derrida. *Rhizomes*, 10. Spring.
- O'Rourke, M. 2011. The afterlives of queer theory. *Continent*, 1(2):102-116.
- OED: Oxford English Dictionary. 2011. <http://www.oed.com.nwulib.nwu.ac.za> Date of access: 12 Junie 2011.
- Patai, D. & Corral, W.H. 2005. eds. Theory's empire: an anthology of dissent. New York: Columbia University Press.
- Patton, C. 1990. Inventing AIDS. New York: Routledge.
- Pharos: Afrikaans-Engelse/English-Afrikaans woordeboek/dictionary. 2005. Kaapstad: NB Uitgewers.
- Poirier, S. 1993. On writing AIDS: introduction. (In Murphy, T. F. & Poirier, S. eds. Writing AIDS: gay literature, language, and analysis. New York: Columbia University Press. p.1-8.)
- Probyn, E. 1997. Michel Foucault and the uses of sexuality. (In Medhurst, A. & Munt, S.R. eds. Lesbian and gay studies: a critical anthology. London: Cassell. p.133-146.)
- Reiheld, A. 2010. Patient complains of...: how medicalization mediates power and justice. *International Journal of Feminist Approaches to Bioethics*. 3(1):72-98. Spring.
- Richardson, N. 2009. The queer cinema of Derek Jarman: critical and cultural readings. London: IB Tauris.

- Robinson, P. 2008. The changing world of gay men. New York: Palgrave Macmillan.
- Roof, J. 1997. Postmodernism. (*In* Medhurst, A. & Munt, S.R. eds. Lesbian and gay studies. London: Cassell. p.176-185.)
- Roos, H. 2006. Die Afrikaanse prosa: 1997 tot 2002. (*In* Van Coller, H.P. red. Perspektief & profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Dl.3. Pretoria: Van Schaik. p.43-104.)
- Rubin G. 2007[1984]. Thinking sex: notes for a radical theory of the politics of sexuality. (*In* Parker, R., Barale & Aggleton, P. eds. Culture, society and sexuality: a reader. 2nd ed. New York: Routledge. p.150-187.)
- Ruel, E. & Campbell, R.T. 2006. Homophobia and HIV/AIDS: attitude change in the face of an epidemic. *Social forces*, 84(4):2167-2178. June.
- Scott, W. 2001. New gay and lesbian books. *Booklist*, 97(19-20):1814.
- Sedgwick, E. Kosofsky. 2008[1990]. Epistemology of the closet. Berkeley: University of California Press.
- Seidman, S. 1996. Deconstructing queer theory or the under-theorization of the social and the ethical. (*In* Nicholson, L. & Seidman, S. eds. Social postmodernism: beyond identity politics. Cambridge: Cambridge University Press. p.116-141.)
- Seidman, S. 2003[1996]. Introduction. (*In* Seidman, S. ed. Queer theory/Sociology. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. p.1-29.)
- Shepard, B. 2009. History, narrative, and sexual identity: gay liberation and postwar movements for sexual freedom in the United States. (*In* Hammack, P. L. & Cohler, B.J. eds. The story of sexual identity: narrative perspectives on the gay and lesbian life course. Oxford: Oxford University Press. p.23-48.)
- Siegel, L. 2005[1998]. Queer theory, literature, and the sexualisation of everything: the gay science. (*In* Patai, D. & Corral, W.H. eds. Theory's empire: an anthology of dissent. New York: Columbia University Press. p. 424-441.)
- Sinfield, A. 1997. Identity and subculture. (*In* Medhurst, A. & Munt, S.R. eds. Lesbian and gay studies. London: Cassell. p.201-214.)

- Solomon, H. 2009. Life lube: discursive spheres of sexuality, science, and AIDS. (*In* Lewin, E. & Leap, W.L. eds. *Out in public: reinventing lesbian/gay anthropology in a globalizing world*. Malden, Mass.: Wiley-Blackwell. p.256-272.)
- Sontag, S. 1991[1989]. *Illness as metaphor and AIDS and its metaphors*. London: Penguin books.
- Spanbauer, T. 2001. *In the city of shy hunters: a novel*. New York: Grove Press.
- Steenberg, D.H. 1992. Mite. (*In* Cloete, T.T. red. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. p.312-314.)
- Stein, A. & Plummer, K. 2003[1996]. "I can't even think straight": "queer" theory and the missing sexual revolution in sociology. (*In* Seidman, S. ed. *Queer theory/Sociology*. Cambridge, Mass.: Blackwell Publishers. p.129-144.)
- Thomas, C. 2009. On being post-normal: heterosexuality after queer theory. (*In* Giffney, N. & O'Rourke, M. eds. *The Ashgate research companion of queer theory*. Surrey: Ashgate Publishing. p.17-32.)
- Toerien, B.J. 1997. Roman van die jaar: Venter se *Stamel/sterwe*? *Beeld*: 3, 5 Mrt.
- Treichler, P.A. 1989. AIDS, homophobia, and biomedical discourse: an epidemic of signification. (*In* Crimp, D. ed. *AIDS: cultural analysis, cultural activism*. Cambridge, Mass.: MIT Press. p.31-70.)
- Valocchi, S. 2005. Not yet queer enough: the lessons of queer theory for the sociology of gender and sexuality. *Gender and society*, 19(6):750-770, Dec.
- Van Coller, H. 2005. Klassieke Afrikaanse prosa wys krag van taal: 'Hoogtepunte' nou weer beskikbaar. *Volksblad*: 6, 3 Okt.
- Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. 1998. *Alkant olifant: 'n inleiding tot die literatuurwetenskap*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Merwe, C.N. 2007. "Die roerendste verhaal wat ek in 'n baie lang tyd gelees het": Eben Venter se *Ek stamel ek sterwe* is nou ook in Engels. <http://www.litnet.co.za/>

cgibin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=11971&cause_id=1270 Datum van gebruik: 23 Augustus 2011.

Van der Voorde, M. 2007. Een geslaagd huwelijk tussen auteur en verhaal. <http://www.recensieweb.nl/recensie/2297/Een+geslaagd+huwelijk+tussen+auteur+en+verhaal.html>. Datum van gebruik: 15 Augustus 2011.

Vankersschaever, S. 2010. "Literatuur is rock-'n-roll": Tom Lanoye en Tom van Dyck over 'Het derde huwelijk': een 'audiofilm'. *De Standaard*, Sat. 13 Maart.

Venter, E. 2005. Ek stamel ek sterwe. Kaapstad: Tafelberg.

Venter, E. 2006. My beautiful death. Cape Town: Tafelberg.

Vervoort, J. 2006. Tom Lanoye opent literair najaar. <http://www.nieuwsblad.be/article/detail.aspx?articleid=GD911DVU1> Datum van gebruik: 23 Augustus 2011.

Warner, M. 1993. Introduction. (In Warner, M. ed. *Fear of a queer planet: queer politics and social theory*. Minneapolis: University of Minnesota Press. p.vii-xxxi.)

Warner, M. 2000. Zones of privacy. (In Butler, J., Guillory, J. & Thomas, K. eds. *What's left of theory? New work on the politics of literary theory*. New York: Routledge. p.75-113.)

Wasserman, H. 1996. Venter het 'Sarie Marais' in sy kop en die FAK in die laai. *Die Burger*: 4, 30 Nov.

Wasserman, H. 1997. Pynlik eerlike roman pak 'n uiters aktuele tema. *Die Burger*: 5, 12 Jan.

Watney, S. 1988. The spectacle of AIDS. (In Crimp, D. ed. *AIDS: cultural analysis/cultural activism*. Cambridge, Mass.: MIT Press. p.71-86.)

Watney, S. 2000. *Imagine hope: AIDS and gay identity*. London: Routledge.

White, E. 2012. *Jack Holmes & his friend*. London: Bloomsbury.

Wolfreys, J. 2004. *Critical keywords in literary and cultural theory*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.

Woods, G. 1998. A history of gay literature: the male tradition. New Haven: Yale University Press.

Wybenga, P. 2007. Memorabel karakter tussen filmische clichés. <http://www.recensieweb.nl/recensie/2056/Memorabel+karakter+tussen+filmische+clich%E9s.html> Datum van gebruik: 15 Augustus 2011.

Yingling, T. 1991. AIDS in America: postmodern governance, identity, and experience. (*In* Fuss, D. ed. Inside/out: lesbian theories, gay theories. New York: Routledge. p.291-310.)

Young, B. 2007. Shy hunter: Tom Spanbauer talks with Bo Young on the ambivalence of virtues & vice. *White Crane: gay wisdom & culture*. 64.

Zaleski, J. 2001. In the city of shy hunters (book review). *Publishers weekly*, 248(23):55.